

‘N EVALUERING VAN DIE VOLKSBOUKUNS VAN DIE SWELLENDAM-OMGEWING

Eureka Barnard



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van
Magister in Lettere en Wysbegeerte (Afrikaanse Kultuurgeskiedenis) aan die
Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr M Burden

April 2003

WAGTERS, T.J.J.

Die Oorspronkele Titel van die Werk is: *Die Oorspronkele Titel van die Werk*

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening: _____

Handtekening: _____
Handtekening: _____

Handtekening:.

Datum:

Datum: _____

Handtekening: _____

Handtekening: _____

Handtekening: _____

Handtekening: _____

Handtekening: _____

Handtekening: _____

Handtekening: _____

- die Swaatsendommers en die beide van die Swaatsendommers (1998) vir hul ondersteuning
- die tradisionele en personeel van die Oudheid Museum (1998) vir hul beskikbaarstelling van materiaal
- my vriende en familie vir hul belangstelling en ondersteuning
- 'n spesiale woord van dank aan Al Nieman, Anton Marx, Beverly Viljoen, Roshé Snyman, vir besondere bydraes
- Mafida Bredius, my studeerlede vir haar volharding, geduld, wyses en raad vir my vriendskap. My waardering is onafmetlik groot.

en vir my tere, vir sy jurnale

BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag dankie sê aan die volgende persone sonder wie hierdie studie nie moontlik sou wees nie:

Adam en Freda Barnard

Dr M Burden

Dr GB Thompson (oorlede)

Simon Streicher

Audrey en Alf (oorlede) Bouwer

Molly de Villiers (oorlede)

LZ Albertyn

Siegbert Aichelle en Frie Verbrugge

Francis en Mie-Jef Van den Eynde - Delanghe

Louise Louw, Rhodè Snyman en Joanna Marx

Lolla en Rina Odendaal

Jan du Toit, Christa Greeff en Lex van Heerden

Marlize Claassens, Hanna Terblanche, Beverley Thomas en dr WA Nieman

Ilzebet Oosthuizen

Edwina Köhler

Adriaan en Louise Mocke

Hennie van der Merwe en professor Pieter Grobbelaar

- die Swellendammers en die lede van die Swellendan Trust vir hul vriendelikheid en ondersteuning
- die trusteeeraad en personeel van die Drostdy Museum vir hulle hulp en die beskikbaarstelling van studiemateriaal
- my vriende en familie vir hulle belangstelling en aanmoediging
- 'n spesiale woord van dank aan At Nieman, Joanna Marx, Beverley Thomas en veral Rhodè Snyman, vir besondere bydraes
- Matilda Burden, my studieleier vir haar volharding, geduld, volgehoue aanmoediging en vriendskap. My waardering is onbeskryflik groot.

en vir my Here, vir Sy genade

OPSOMMING

Swellendam is geleë in die oostelike deel van die Overberg en word begrens deur die distrikte van Bredasdorp in die suide, Caledon en Robertson in die weste, Montagu en Ladismith in die noorde, en Riversdal en Heidelberg in die ooste. Voor kolonisasie het daar in dié streek hoofsaaklik twee Khoikhoi stamme gewoon, die Chainouquas en die Hessequas. As gevolg van die gunstige klimaat en die terrein het die binnelandse uitbreiding van die Europese setlaars ná 1700 die vinnigste oor die Hottentots-Hollandberge in die rigting van die Breederivier plaasgevind. Op 12 November 1743 is 'n sub-drostdy vir die *Colonie in de verre afgeleegene districten* gestig en 'n landdros en heemrade is aangestel. Op 26 Oktober 1747 besluit die Politieke Raad om hierdie distrik Swellendam te noem. Die drostdy en 'n aantal ander geboue is teen 1747 voltooi.

Die pioniers het die bouwyse waaraan hulle gewoon was, wat hulle deur tradisie geken het of waaraan hulle blootgestel was, ook in die Swellendam-omgewing toegepas. Die bouplanne wat gebruik is, is óf deur die voorgeslagte aangewend, óf het algemeen in die gebied voorgekom. Vir byna twee eeue is die verlengde vleuelplan in die vorm van 'n I, T, U, L ensovoorts, aan die Kaap gevolg. In die studiegebied kom veral die T-plan die meeste voor met 'n beduidende hoeveelheid langhuise (I-plan) waar mens en dier onder een dak gehuisves is.

Kapstyl, klei en kliphuise is die drie woningtipes waarvan oorblyfsels in die Swellendamstreek aangetref is. Die kapstylstruktuur is in die studiegebied gebruik as tydelike woning en ook as skuur. Kleihuise was die eerste meer permanente strukture wat in die Swellendam-omgewing opgerig is. Dié wonings is waarskynlik opgerig sonder die hulp van messelaars, skrynwerkers, timmermans en grofsmede. In hierdie streek is daar hoofsaaklik op die veeposte met klip gebou en is daar in vergelyking met kleihuise min oorblyfsels van wonings wat met klip gebou is.

'n Paar kombinasiepatrone is in die uitleg van buitegeboue gevind. Voorbeelde hiervan is die stalle-en-waenhuis-kombinasies en die stalle-waenhuis-kraal, stalle-waenhuis-hoendernes-opeeninge, en die slawekwartier-melkery-waenhuis-kombinasies.

SUMMARY

Swellendam is situated in the eastern part of the Overberg and is bounded by the districts of Bredasdorp in the south, Caledon and Robertson in the west, Montagu and Ladismith in the north, and Riversdale and Heidelberg in the east. Before colonisation mainly two Khoikhoi tribes, the Chainouquas and the Hessequas, lived there. Because of the favourable climate and terrain, the expansion into the interior of the European settlers after 1700 happened most rapidly across the Hottentots Holland mountains in the direction of the Breede River. On 12 November 1743 a sub-drostdy for the *Colonie in de verre afgeleegene districten* was founded and a landdrost and heemraad members were appointed. On 26 October 1747 the Political Council decided to name this district Swellendam. The drostdy and a number of other buildings were completed by 1747.

The pioneers applied in the Swellendam area the methods of building to which they were accustomed, which they knew by tradition or to which they had been exposed. The plans which were employed had either been used by previous generations or appeared widely in the area. For almost two centuries the elongated wing plan in the form of an I, T, U, L, etcetera was followed at the Cape. In the area studied the T-plan, especially, is most common, with a considerable number of longhouses (I-plan) in which man and beast were lodged under one roof.

Kapstyl (roof-truss), clay and stone houses are the three types of homes of which remnants have been found in the Swellendam area. The kapstyl structure was used as a temporary home and also as barn in the area under study. Clay houses were the first more permanent structures erected in the Swellendam area. These homes were probably built without the assistance of masons, joiners, carpenters and blacksmiths. In this area stone buildings were primarily erected at livestock stations and, compared to clay houses, there are few remnants of stone-built homes.

A few combination patterns have been found in the lay-out of outbuildings. Examples of these are the stables-and-waggon shed combinations and the stables-waggon shed-kraal, as well as the stables-waggon shed-hen's nest openings and the slave quarters-milking shed-waggon shed combinations.

BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag dankie sê aan die volgende persone sonder wie hierdie studie nie moontlik sou wees nie:

Adam en Freda Barnard

Dr M Burden

Dr GB Thompson (oorlede)

Simon Streicher

Audrey en Alf (oorlede) Bouwer

Molly de Villiers (oorlede)

LZ Albertyn

Siegbert Aichelle en Frie Verbrugge

Francis en Mie-Jef Van den Eynde - Delanghe

Louise Louw, Rhodè Snyman en Joanna Marx

Lolla en Rina Odendaal

Jan du Toit, Christa Greeff en Lex van Heerden

Marlize Claassens, Beverley Thomas en Hanna Terblanche

Edwina Köhler en Ilsabet Oosthuizen

Adriaan en Louise Mocke

Hennie van der Merwe

- die Swellendammers en die lede van die Swellendan Trust vir hul vriendelikheid en ondersteuning
- die trusteeeraad en personeel van die Drostdy Museum vir hulle hulp en die beskikbaarstelling van studiemateriaal
- my vriende en familie vir hulle belangstelling en aanmoediging
- 'n spesiale woord van dank aan Joanna Marx, Beverley Thomas en veral Rhodè Snyman, vir besondere bydraes
- Matilda Burden, my studieleier vir haar volharding, geduld, volgehoue aanmoediging en vriendskap. My waardering is onbeskryflik groot.

en vir my Here, vir Sy genade

ERKENNING

Dokter Adam Barnard se finansiële bydrae tot hierdie navorsing word met groot waardering erken.



Hierdie werk word opgedra aan:

“Swellendam-omgewing se grootste historikus”

Simon Jacobus Streicher, vir sy volgehoue ondersteuning, vriendskap en geloof

INHOUD

	Bladsy
Inleiding	1
1. Algemene agtergrond	5
1.1 Volksboukuns	5
1.2 Tipes volksboukuns	6
1.3 Swellendam en omgewing	8
1.3.1 Inleiding	8
1.3.2 Ligging	8
1.3.3 Klimaat	9
1.4 Historiese agtergrond	9
1.4.1 Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC)	9
1.4.2 Die Kaap as verversingstasie	10
1.4.3 Die stig van buiteposte aan die Kaap	11
1.4.4 Die inboorlinge as bron van vee	12
1.4.5 Khoikhoi stamme van die Overberg	15
1.4.6 Uitbreiding van die grense	16
1.4.7 Veeboerdery	18
1.4.8 Plaasverkryging	22
1.4.9 Afbakening van plase	26
1.4.10 Swellendam	28
2. Invloede op die bouwerk	38
2.1 Inleiding	38
2.2 Lewensomstandighede	40
2.3 Ekonomie	44
2.4 Paaie en rivieroorgange	48
2.5 Beskikbare boumateriaal	49
2.5.1 Geologie en topografie	50
2.5.2 Grondtipes	51

2.5.3 Plantegroei, hout- en watervoorsiening	52
2.5.3.1 Plantegroei	52
2.5.3.2 Houtvoorsiening	61
2.5.3.3 Watervoorsiening	64
2.6 Beskikbare gereedskap	65
2.7 Arbeid betrokke	67
2.7.1 Boer self	67
2.7.2 Ambagsmanne	67
2.7.3 Ander arbeid betrokke by bou-aktiwiteite	74
3. Woningtipes	77
3.1 Europese agtergrond	77
3.2 Koloniale agtergrond	81
3.3 Die ontwikkeling van die boukuns aan die Kaap	84
3.3.1 Sewentiende-eeuse Kaapse wonings	85
3.3.2 Agtiende-eeuse ontwikkeling van die Kaapse woning	87
3.3.3 Negentiende-eeuse ontwikkeling van die Kaapse woning	92
3.3.4 Huisvesting op die buiteposte	95
3.3.5 Tydelike huisvesting	98
3.3.5.1 Wa en Tent	98
3.3.5.2 Skerms	100
3.3.5.3 Hut (matjieshuis en pondok)	101
3.3.6 Wonings van Swellendam en omgewing	105
3.3.7 Pionierswonings	111
3.3.7.1 Kapstyl-, klei- en kliphuise	111
3.3.7.2 Hartbeeshuise	111
3.3.7.3 Sooihuise	115
3.3.8 Pionierswonings van die Transvaal	116
4. Kapstylhuise	119
4.1 Agtergrond	119
4.2 Swellendam en omgewing	123
4.3 Fondamente	126

4.4 Buitemure	127
4.5 Gewels	128
4.6 Dakkonstruksie	131
4.6.1 Dakmateriaal	135
4.6.2 Dakbedekking	137
4.6.3 Dakdek	137
4.6.4 Nokafwerking	138
4.7 Binnemure en afskortings	139
4.8 Vloere	140
4.9 Openinge	140
4.9.1 Deuropeninge	140
4.9.2 Vensters	141
4.9.2.1 Primitiewe vensters	141
4.9.2.2 Luike	142
4.10 Kookskerms	142
5. Kleistrukture	143
5.1 Agtergrond	143
5.2 Swellendam en omgewing	148
5.3 Fondamente	151
5.4 Mure	153
5.4.1 Kleimure	153
5.4.2 Steenmure	156
5.4.2.1 Rousteen	158
5.4.2.2 Baksteen	159
5.5 Pleister (messelmengsel)	160
5.6 Afwit en verf	162
5.7 Dakke	164
5.7.1 Skilddakke	165
5.7.2 Wolfsdakke	165
5.7.3 Dakkonstruksie	166
5.7.4 Dakbedekking	168
5.8 Gewels	172

5.9 Plafonne	175
5.9.1 Plafonloos	176
5.9.2 Sparretjieplafonne	176
5.9.3 Rietplafonne	177
5.9.4 Houtplafonne	178
5.9.5 Materiaalplafonne	179
5.10 Vloere	179
5.10.1 Grondvloere	180
5.10.2 Misvloere	181
5.10.3 Pitvloere	182
5.10.4 Houtvloere	184
5.11 Openinge	185
5.11.1 Deuropeninge	187
5.11.2 Vensters	189
5.11.2.1 Primitiewe vensters	189
5.11.2.2 Vensterkosyne	190
5.11.2.3 Glasvensters	191
5.11.2.4 Vensterbanke	193
5.11.2.5 Luike	194
5.11.2.6 Dakvensters	194
5.12 Muurkaste	195
5.13 Toebehore	196
5.14 Vuurherde	201
5.15 Bakoonde	203
5.16 Kaggels	204
6. Klipstrukture	205
6.1 Agtergrond	205
6.2 Swellendam en omgewing	206
6.3 Fondamente	207
6.4 Mure	209
6.4.1. Muurkonstruksie	210
6.4.1.1 Klipvorm (a-b)	212

6.4.1.2	Gelaagde klipwerk (e-h)	212
6.4.1.3	Buitehoeke (i-j)	213
6.4.1.4	Voegstryking (messelwerk) (k-m)	214
6.4.1.5	Pleister (beraping) (n-o)	215
6.5	Dakke	216
6.5.1	Skilddakke	217
6.5.2	Wolfsdakke	218
6.5.3	Dakmateriaal, dakbedekking en dakkonstruksie	219
6.6	Gewels	219
6.7	Plafonne	220
6.8	Vloere	221
6.9	Openinge	221
6.10	Muurkaste	222
6.11	Stoepe en trappe	222
6.12	Ander klipmuurstrukture	223
6.12.1	Kraalmure	223
6.12.2	Veepos, stalle-en-waenhuis	226
6.12.3	Graanskuur (silo)	227
7.	Ander strukture	229
7.1	Algemene inleiding	229
7.2	Ligging en werfuitleg	229
7.3	Kombinasiestrukture	233
7.4	Skure	234
7.5	Meulens	234
7.6	Trapvloere	236
7.7	Hoederneste	237
7.8	Heinings en krale	239
7.9	Wolwehok	243
8.	Evaluering	245

Bronnelys

249

Bylae A

i

Bylae B

xiii

LYS VAN DIE ISTRANIESE

PLAAS

1. Stadsreël onder toeke van die Koning (1755-1756)
2. Lingsveld
3. Kopsvier
4. Slagveld
5. Inhoudse inhoudse van die (Koning) (1755-1756)
6. Die gebruik van 'n kullang van ploude (1755)
7. Een te doen op hante by Lening (1755-1756)
8. Inse van die hante en hante die (Koning) (1755-1756)
9. Eerste grondplan van die (Koning) (1755-1756)
10. Koning
11. Oorspronklike
12. Oorspronklike van die (Koning) (1755-1756)
13. Oorspronklike van die (Koning) (1755-1756)
14. Oorspronklike van die (Koning) (1755-1756)
15. Oorspronklike van die (Koning) (1755-1756)
16. Oorspronklike van die (Koning) (1755-1756)
17. Oorspronklike van die (Koning) (1755-1756)
18. Oorspronklike van die (Koning) (1755-1756)

LYS VAN ILLUSTRASIES

Figure		Bladsy
1	Benaderde woonplekke van die Khoikhoi voor kontak met die Europeërs	16
2	Kliprivier	35
3	Westfield	36
4	Inheemse houtbosse van die Overberg en Suid-Kaap, deur die VOC ontgin (1726-1795)	62
5	Die gebruik van 'n kuilsaag om planke te saag	66
6	Laat 16de-eeuse hutte by Carrickfergus, Co. Antrim	78
7	Ierse wonings binne en buite die fortmure, Mount Norris, Co. Armagh, c1600	79
8	Tipiese grondplanne van die wonings aan die Kaap	80
9	Koesanie	86
10	Bruintjiesrivier	89
11	Grondplan van die Zeekoegat-langhuis, Riversdal	91
12	Noordaansig van die Klaaskaffersheuwel-langhuis, met die woninggedeelte oos en die stalle gedeelte wes	93
13	Vooraansig van die Bo-Kleinrooivlakte-langhuis	94
14	Agteraansig van die Bo-Kleinrooivlakte-langhuis	94
15	Buiteposte in die Overberg en Suidwes-Kaap	95
16	<i>Fort De Riet Valleij aan de Buffeljagtsrivier</i>	96
17	'n Veeboer op trek rondom 1803	99
18	Die oprig van Khoikhoi hutte	103

19	Detail van 'n Vlaamse skuur wat vlechtwerk toon	107
20	Hutte van die Khoikhoi op Genadendal	108
21	Genadendal c1845 na aanleiding van GF Angas	109
22	Ierse wonings c1600 met lae muurtjie en geboë kappe	113
23	Hartbeest-hutte na aanleiding van Backhouse c1839	115
24	'n Illustrasie van 'n driebeukige struktuur met 'n gebintstelsel	120
25	Die eerste illustrasie, gedateer 1656 van 'n Kaapse kapstylhuis gebou in 1654 op Dasseneiland	122
26	Kapstylhuise op Noetsie	124
27	Kapstylhuise op Noetsie	124
28	Kapstylhuise op Puntjie en in die voorgrond, 'n huis om in te kook in aanbou	125
29	Drie kapstyl-vissershuisies van Nymindagab, Wes-Jutland	126
30	Vermaaklikheid-kapstylhuis direk op die grond gebou	127
31	Konstruksie van kapstylskuurtjies in die Heidelberg-omgewing	128
32	Entgewel-afwerking van kapstylskuur naby Albertinia	129
33	Kapstylhuis op Vermaaklikheid	129
34	Duinerug-vooraansig met geronde kant en 6 ruit-venstertjie	130
35	Duinerug, entgewel met skoorsteenskag	130
36	Kapstylhuis Vermaaklikheid, hegting van kappare met olienhout-pen	131
37	Noetsie kapstylhuis, toon sykant afwerking	133
38	Kapstylhuis in die Vermaaklikheid-omgewing	134
39	Kapstylskuur in die Albertinia-omgewing	135
40	Kapstylskuur met stutte in die Albertinia-omgewing	135

41	Kappe en dakkonstruksie van Vermaaklikheid-kapstylhuis	136
42	Vermaaklikheid-kapstylhuis se nok aan die binnekant van die dak	139
43	Woning in Swellendam wat hoë stoep aandui	152
44	Woning op Tarentaalsrivier met geen skeiding tussen die muur en die grond sigbaar nie	153
45	Waenhuismuur Warmwaterberg wat opgekleide muur toon, Barrydale-omgewing	155
46	Detail van vensters en deur in woning op Koesanie sonder lateie, Swellendam	156
47	Bruintjiesrivier muurbou met groot stene	158
48	Melkhoutboom (Grootvadersbosch c1790) met kenmerkende wolwente	166
49	Illustrasie van hoe perskepitte afwisselend gelê word	183
50	Voorhuis (Swellendam) se waenhuysvloer met rivierspoelklippies in kleimengsel ingelê (keivloer)	184
51	Vensterkonstruksie Melkhoutbos	186
52	Suurbraak-huisie sonder vensteropeninge	190
53	Bontebokskloof (Suurbraak) se swaairaamvensters	192
54	Doornkraal (Riversdal) se skuifraamvensters	193
55	Rhenosterfontein (Swellendam) afgebreek c1938	195
56	Deurskarnierhaak (duimpie) soos voorkom op die deure van Zanddrift	197
57	Deurskarnier (tongskarnier) soos voorkom op die deure van Zanddrift	198
58	Vensterskarnierhaak (duimpie) soos voorkom op die vensters van Zanddrift	198
59	Vensterraam hoekskarnier soos voorkom op die vensters van Zanddrift	199

60	Luiskarnier (tongskarnier) soos voorkom op die luike van Zanddrift	199
61	Luikknip soos voorkom op die luike van Zanddrift	200
62	Woning op Melkhoutrivier met die grootste klippe aan die onderkant van die muur	208
63	Albertinia-huisie met klipmuur en rousteengewel	209
64	Brunskill se sketse van klipmure	211
65	Koffieklip mure van die Klaaskaffersheuwel-langhuis in die Rûens	212
66	Kraalmuur van stapelklippe, Vermaaklikheid	213
67	Kraaiheuwel-woning met groot hoekklippe	214
68	Kraalmuur, Vermaaklikheid	215
69	Kruithuis-klipmuur in Malgas	215
70	Klipmuur van Barry en Neefs Winkel in Malgas	216
71	Kappe in die klip-balkvulling van die buitegebou van die Barry en Neefs Winkel, Malgas	217
72	Wolfshuis (<i>wolfstelletjie</i>) op die plaas Rhenosterfontein	218
73	Wolfneusgewelkonstruksie in die buitegebou van die Barry en Neefs Winkel, Malgas	219
74	Oorblyfsels van die gewel op die veepos Perdefontein, Barrydale	220
75	Plafon van die buitegebou van die Barry en Neefs Winkel, Malgas	220
76	Vensteropening op Perdefontein, Barrydale	222
77	Muurkassie in die muur van die voorhuis (suidelike kant) Perdefontein, Barrydale	222
78	Hoë klipstoep voor die ou woning op die plaas Vryheid, Rûens c1920	223
79	Muurbou van Koesanie-klipkraal	224

80	Muurbou van Tarentaalsrivier-klipkraal	225
81	Perdefontein-kraalmuur	226
82	Perdefontein stalle-en-waenhuis	226
83	Graanskuur op die plaas Bo-Kleinrooivlakte	227
84	Deuropeninge van die Bo-Kleinrooivlakte-skuur	228
85	<i>Gezigt van de Buitenplaats Rotterdam</i>	232
86	Bontebokskloof woning en skuur	234
87	Bo-Kleinrooivlakte: hoederneste in langhuismuur	237
88	Bo-Kleinrooivlakte: detail van hoederneste	238
89	Hoederneste in die Vermaaklikheid-omgewing	239
90	Oorblyfsels van die plaas Bruintjiesrivier se aalwynkraal	240
91	Oorblyfsels van die plaas Koesanie se garingboom werf-omheining	240
92	Wolfshuis op die plaas Brakfontein in die Rûens	244

INLEIDING

Probleemformulering

Teen ongeveer die middel van die 18de eeu het die nedersetting aan die Kaap só uitgebrei dat 'n nuwe distrik, ondergeskik aan dié van Stellenbosch, geproklameer moes word. Op 12 November 1743 is 'n sub-drostyd vir die *Colonie in de verre afgeleegene districten* afgekondig en 'n landdros en heemrade is aangestel (Alheit 1948:20). So het die landdrosdistrik van Swellendam tot stand gekom.

Indien die materiële erfenis van hierdie streek ondersoek word, ontstaan die vraag onmiddellik: waarin het die vroegste bewoners gewoon? Aangesien die boukuns die sigbaarste en opvallendste van materiële kultuurprodukte is, is daar 'n verwagting dat vroeë voorbeelde van boukuns aangetref sal word. By nadere ondersoek het dit geblyk dat daar relatief min voorbeelde bestaan. Die volgende vrae het gevolglik rondom dié onderwerp ontwikkel:

- Watter omgewingsfaktore het die eienskappe van dié boukuns beïnvloed?
- Is daar sekere tradisies oorgedra?
- Was daar eenvormigheid?
- Was daar 'n wisselwerking tussen die volksboukuns van die inheemse volkere en die pionierboere?
- Waarom is daar so min voorbeelde van volksboukuns te vind?

'n Behoefte aan diepgaande gelokaliseerde navorsing oor hierdie baie ou streek met sy ryk geskiedenis het ontstaan, om daarmee 'n databank van kultuurhistoriese inligting op te bou wat onder meer vir die toerismebedryf en daardeur tot die voordeel van die streek aangewend kan word. Die volksboukuns van die area is een van die belangrike beginpunte in so 'n ondersoek.

Doel van ondersoek

Die hoofdoel van die studie was om die volksboukuns van die Swellendam-omgewing te evalueer ten opsigte van boumateriaal, konstruksiemetodes en grondplanne.

Die volgende spesifieke doelwitte het hieruit voortgevloei:

- Om vas te stel watter voorbeelde (tipes) volksboukuns in die omgewing voorgekom het
- Om die volksboukuns in konteks te plaas met die historiese ontwikkeling en geografie van die streek
- Om vas te stel watter boumateriaal in die omgewing beskikbaar was en hoe dit gebruik is
- Om aan die hand van voorbeelde vas te stel of die finale produk tiperende kenmerke vertoon wat as die volksboukuns van die Swellendam-omgewing geklassifiseer kan word.

Terreinafbakening

Hierdie studie handel oor die volksboukuns van die Swellendam-landdrostdistrik, soos dit op die landdrostdistriktekaart van April 1989 aangedui word. Die distrik is egter nie in isolasie ondersoek nie en daar is kennis geneem van bouwerke in die aangrensende distrikte van Caledon, Robertson, Montagu, Ladismith, Riversdal, Heidelberg en Bredasdorp.

Tydperkgewys strek die ondersoek ongeveer van die eerste helfte van die 18de tot die begin van die 20ste eeu. Daar word ook verwys na Khoi-wonings wat waarskynlik vroeër voorgekom het, maar waaraan dit problematies is om 'n datum te koppel.

Volksboukuns soos gedefinieer in hoofstuk een vorm die basis van die ondersoek, hoewel sommige strukture wat ingesluit is neig na 'n plattelandse tipe boukuns. Die oorgang tussen hierdie vlakke van boukuns is baie subtiel en kan dikwels nie duidelik aangetoon word nie.

Begripsomskrywing

Die belangrikste begrip wat in hierdie studie na vore kom, is die term *volksboukuns*. Die definisie en uiteensetting van hierdie begrip is omvattend en word volledig in hoofstuk 1 omskryf.

As gevolg van die tegniese aard van die studie kom daar baie vak tegniese terme voor. Ter verduideliking daarvan is 'n beskrywende woordelys opgestel. Die meeste Suid-Afrikaanse

bronne wat gebruik is, is in Engels gepubliseer, soos ook die resultate van die meeste internasionale volksboukundige navorsing. Om hierdie rede is die kernwoorde wat in die teks gebruik is, in die woordelys ook in Engels aangedui. Die verklarende woordelys is ingesluit as bylae A.

Navorsingmetodiek en evaluering van bronne

Ter plaatse ondersoek na volksboukundige strukture in die Swellendam-omgewing is in verskillende stadiums uitgevoer. Ter aanvang van die studie is 'n voorlopige opname van bestaande strukture gemaak. Dit is later opgevolg met ondersoek waartydens die strukture volledig opgeteken, gefotografeer en beskryf is.

'n Uitgebreide literatuurstudie was vanselfsprekend onontbeerlik. Die enigste tydgenootlike bronne oor die vroegste bouwerke is reisbeskrywings van vroeë reisigers wat deur dié landstreek getrek het. Baie waardevolle inligting het na vore gekom uit die werke van onder meer Mentzel, Barrow, Lichtenstein, Backhouse en Burchell. Vir die agtergrond van Europese invloede was die werke van Gailey oor Ierland, Brunskill oor Brittanje en Meiron-Jones oor Frankryk baie waardevol. Die doyen van volksboukundige navorsing in Suid-Afrika is sekerlik James Walton, wie se baanbrekerswerke onontbeerlik was vir hierdie studie. Labuschagne se proefskrif oor die blanke volksboukuns in die voormalige Transvaal dien ook as ondersteunende bron. Die verhandeling van JJ Raath wat handel oor die oorsprong en manifestasie van houtraamstrukture van die blanke in pionier-Transvaal tot 1900, is voltooi nadat die navorsing vir hierdie studie voltooi is, maar dien vermeld te word as 'n belangrike bron oor volksboukuns in Suid-Afrika.

Wat argivale materiaal betref is baie bruikbare stof gevind in die dokumente-versamelings van die Drostdy Museum op Swellendam en die Worcester Museum (vroeër Kleinplasië Museum) onderskeidelik. In die geval van die Drostdy Museum het die versameling tot stand gekom deurdat voormalige kurators en ander museumkundiges die waarde van die volksboukuns van die omgewing besef het, en voorlopige aantekeninge daarvoor begin maak het. Die inligting was hoofsaaklik gebaseer op gesprekke met ouer inwoners van die streek en hulle eie waarnemings. Die Worcester Museum moes navorsing doen voordat sekere geboue in hulle opelug-afdeling gerekonstrueer is, en die neerslag daarvan is in hulle dokumente-versameling vervat.

Besoek is gebring aan opelugmuseums in Suid-Afrika en Europa. Plaaslik is die belangrikste twee toepaslike opelugmuseums wat besoek is die Willem Prinsloo Museum in Pretoria en die Kleinplasia Landbou- en Opelugmuseum te Worcester. In Europa is die opelugmuseums by Skansen in Swede, Arnhem in Nederland, Bokrijk in België en die Ulster Folk and Transport Museum in Ierland onder meer besoek.

Die enkele informante wat vir die ondersoek gebruik is, was inwoners en werklik kenners van die streek en kon baie waardevolle inligting verstrek oor die boukuns en veral die konstruksiemetodes.

Aanbieding van stof

Illustrasiemateriaal is 'n uiters belangrike hulpmiddel om 'n baie visuele onderwerp soos boukuns uit te beeld en teoretiese beskrywings prakties toe te lig. Daarom is besluit om die illustrasiemateriaal in die teks te plaas, so na as moontlik aan die verwysings daarna.

Die drie hoofstukke wat oor die spesifieke bouwerke handel is hoofstukke 4 tot 6. Aangesien die kapstylhuis die oudste struktuur is, is dit eerste behandel in hoofstuk 4. Baie aspekte van klei- en klipstrukture stem ooreen en word daarom breedvoerig behandel by kleistrukture (hoofstuk 5) en nie herhaal in hoofstuk 6 wat oor klipstrukture handel nie.

Baie van die plekname in die streek veroorsaak probleme en verwarring as dit by spelling kom. Name word verskillend gespел in verskillende bronne en het ook mettertyd vernuwing ondergaan wat spelwyse betref. Vir die doeleindes van die studie is 'n naam oorgeneem op die wyse wat dit in die betrokke bron gespел is, en waar daar deur die skrywer self na spesifieke name verwys word, is die mees moderne spelling gebruik. 'n Voorbeeld is die plaasnaam Grootvadersbos (moderne spelling), wat in bronne onder meer as *Groot Vaders Bosch* en *Grootvadersbosch* aangegee word.

HOOFSTUK 1

ALGEMENE AGTERGROND

1.1 Volksboukuns

In volksboukuns word tradisionele planne gevolg in teenstelling met dié boukuns wat afhanklik is van die opgeleide argitek. Tradisionele bouers was nie opgelei as argitekte of boumeesters nie en moes van beperkte en maklik beskikbare boumateriaal gebruik maak (Roberts 1972:284; Barnard 1986:196). Volksboukuns is uiters funksioneel en het veral in die pionierstyd, in die baanbrekers se mees basiese behoeftes voorsien deur op 'n eenvoudige en funksionele manier van die beskikbare boumateriaal gebruik te maak.

Volksboukuns het sy ontstaan te danke aan die beskikbare boumateriaal uit die onmiddellike omgewing. Bouplanne is òf deur die voorgeslagte gebruik, òf het algemeen in die gebied voorgekom. Omdat die beskikbare boumateriaal ook die ontwerpe en stylkeuses beïnvloed het, spreek die eenvoud van die volksboukuns soveel meer tot die aanskouer. Die bouwerke in die studiegebied, wat later volledig beskryf en ontleed word, is getuienis hiervan.

Kultuurgeskiedenis bestudeer eerstens die mens en dan die produkte van sy kultuur, wat in drie hoofstrominge verdeel word: die patrisiër, platteland en pionier (volks). Die patrisiërkultuur verteenwoordig die meer gegoede en ontwikkelde deel van die bevolking. Die pionier(volks)kultuur verteenwoordig die mense met die minste geleentheid tot skoling. Tussenin staan die middel- of plattelandse kultuurgroep. In die Oud-Kaapse geskiedenis het die patrisiërs byvoorbeeld hoofsaaklik in en om Kaapstad gewoon, die plattelandse kultuurgroep in die reeds gevestigde, maar toe nog minder ontwikkelde dele, met die half nomadiese pioniers ver verwyderd op die voorposte. Hierdie kultuurgroepe was egter nie noodwendig streekgebonde nie. 'n Hoogs ontwikkelde en gegoede mens kon homself in 'n afgeleë streek vestig en daar 'n patrisiërwoning oprig. Verskeie faktore onderskei die patrisiër- en pionierboukuns van mekaar:

Patrisiërboustyl	Pionier(volks)boustyl
voldoende geld	gebrek aan geld
gehuurde messelaars	doen alles self
koop boubenodigdhede	vind boubenodigdhede in omgewing
veilige omstandighede	onsekere omstandighede
permanente woonplek	tydelike woonplek

Die plattelandse boukuns toon elemente van patrisiër- én pionierboukuns alhoewel dit nader aan pionierboukuns staan (MS US klasaantekeninge 1984:2). Hierdie studie fokus hoofsaaklik op laasgenoemde afdeling van die boukuns, hoewel sommige van die voorbeelde ook elemente van die plattelandse boukuns vertoon.

Die veranderinge in 'n nasie se sosiale en ekonomiese toestande word in die geskiedenis van sy argitektuur aangeteken. Dit weerspieël die kulturele en intellektuele vooruitgang van sy mense omdat dit in 'n noue verband tot hulle lewens staan. Die plaaslike boukuns weerspieël net so duidelik soos hulle dialek en taalgebruik die eie karakter van die mense wat daar woon.

1.2 Tipes volksboukuns

Roberts beweer dat daar teen die vroeë sewentigerjare van die 20ste eeu in Brittanje nog geen bevredigende klassifikasiesetel van volksboukuns ontwikkel het nie. Hy ondersteun die beginsel dat bouwerke volgens hulle funksie in algemene kategorieë ingedeel kan word. Geboue met verskillende funksies kan egter dieselfde konstruksiemetodes hê, soos byvoorbeeld wonings en skure (1972:284).

Brunskill, in sy *Illustrated Handbook of Vernacular Architecture*, onderskei drie kategorieë in die Britse volksboukuns (1987:20). Hy onderskei tussen woningboukunde, landbou-boukunde en boukuns van toepassing op volksbedrywe. Hy beklemtoon dat volksboukuns nie professioneel ontwerp moet wees nie. Brunskill omskryf woningboukunde as bouwerke wat vir die funksies van eet, sit, slaap en berging van besittings opgerig is. Aanvullende geboue tot die woning, soos die bakhuis, seepkombuis,

buitekombuis, ensovoorts, word hierby ingesluit. Brunskill onderskei ook tussen dorpswoningbou, waar die woning ook 'n werkplek kan wees, en plaaswoningbou, wat met boerderyaktiwiteite verband hou. Die tweede kategorie bestaan uit bouwerke wat by landboubedrywigheede aansluit en bestaan uit alle bouwerke buiten die woning en sy bykomende strukture. Skure, stalle, waenhuise, krale, varkhokke, hoenderhokke, ensovoorts, val in hierdie kategorie. Geïsoleerde veldskure op buiteplase, en hulpstrukture naby 'n dorp, soos die skutkraal en dipgang, val ook in hierdie kategorie. Die boukuns van toepassing op volksbedrywe bestaan uit geboue wat opgerig is om volksbedrywe in die platteland te huisves, soos onder meer watermeule, kalkoonde en smidswinkels. Hierdie bouwerke is opgerig op 'n huishoudelike eerder as 'n kommersiële grondslag (Brunskill 1987:20).

Alan Gailey, skrywer van *Rural Houses of the North of Ireland* – die eerste volledige studie van volksboukuns in Ierland – skep volksboukundige kategorieë gegrond op 'n indeling van grondplanne. In hierdie indeling gee hy veral aandag aan die plasing van die hoofingang, wat in die Ierse volkswoning altyd direkte toegang tot die leefruimte of die kombuis verleen. Die posisie van die hoofingang hang nou saam met die plasing van die vuurherd (Gailey 1984:140).

Brunskill, anders as Gailey, gee aandag aan woningtipes volgens grootte en nie grondplanne nie (1987:20-24). Dit is vir hom noodsaaklik om te weet wat die grootte van die woning is voordat dit verder ontleed kan word. Hy stel vier woningtipes voor: die enorm groot huis, groot huis, klein huis en die kot- of landhuisie. Hierdie indeling is gebaseer op die inwoners se finansiële en sosiale status en is nie in alle gevalle maklik onderskeibaar nie. Die enorm groot huis is bewoon deur mense met nasionale status en sluit kastele en paleise in. Mense van provinsiale belang het in groot huise gewoon en mense van plaaslike belang, soos meulenaars of smede, in klein huise. Die kot- of landhuisie is bewoon deur arbeiders wat van die gemeenskap afhanklik was (Brunskill 1987:24). Dié indeling kan nie in alle gevalle in die studiegebied toegepas word nie veral omdat finansiële en sosiale status nie maklik onderskeibaar is nie.

Die kunshistorikus, GM van der Waal, het in 'n artikel in *Restorica* (Desember 1981) bekendgemaak dat hy in samewerking met verskillende navorsingsinstansies enkele

riglyne vir die identifisering en lysing van Suid-Afrikaanse geboutipes, style, boutegnieke, boumateriaal, streekseienskappe, ensovoorts, opgestel het (Van der Waal 1981:35-36). Hierdie program het egter nooit veel belangstelling gekry nie, wat dalk 'n aanduiding is van hoe min navorsing oor die volksboukuns of die beboude omgewing in Suid-Afrika gedoen word. Die enigste ander Suid-Afrikaanse dokumentasieprogram vir die optekening van die beboude omgewing, is die datavorm van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, voorganger van die Suid-Afrikaanse Erfenis Hulpbronagentskap. Hierdie vorm deel egter nie bouwerke in tipes in nie. Die dokumentasieprogramme van die onderskeie argitektuurdepartemente by universiteite, teknikons en ander, is nie ondersoek nie.

1.3 Swellendam en omgewing

1.3.1 Inleiding

Certain aspects of man's relationships to the natural environment, of vital concern to the geographer, cannot be properly comprehended without a knowledge of the cultural inheritance of the social group. Conversely, certain aspects of the history of the social group are better understood when viewed in relationship to the physical endowment of its environment (Forbes 1965:3). Om die redes deur Forbes genoem, is dit belangrik om kennis te neem van die historiese en geografiese agtergrond van die studiegebied om die volksboukuns wat daar voorgekom het, binne 'n bepaalde konteks te kan interpreteer.

1.3.2 Ligging

Swellendam is geleë in die oostelike deel van die Overberg en word begrens deur die distrikte van Bredasdorp in die suide, Caledon en Robertson in die weste, Montagu en Ladismith in die noorde, en Riversdal en Heidelberg in die ooste (De Wet 1953:12). De Wet deel die streek verder van suid na noord in vier dele:

- Die smal duineveld-gebied, wat ongeveer 16 tot 32 kilometer breed en 'n voortsetting van die Bredasdorp “Duineveldstreek” is;
- Die Rûens wat noord van die Duineveld lê, en teenswoordig 'n graanproduserende streek is;
- Die Langeberge wat die distrik oos-wes min of meer in twee sny, en
- Die Karoo-agtige gebied noord van die Langeberg (1953:12).

Swellendam is die hoofdorp van die studiegebied en het ontwikkel aan die voet van die Langeberge op die oewers van die Koringlandsrivier. Die natuurlike landvorm met plat hellings het 'n ideale basis vir ontwikkeling geskep. Hierdie studie gaan in hoofsaak oor die volksboukuns van die Swellendam-landdrosdistrik, soos dit op die landdrosdistriktekaart van April 1989 aangedui word. Hierdie distrik is egter nie in isolasie ondersoek nie en daar is kennis geneem van die bouwerke in die aangrensende distrikte wat die landdrosdistrikte van Caledon, Robertson, Montagu, Ladismith, Riversdal, Heidelberg en Bredasdorp insluit.

1.3.3 Klimaat

Swellendam het 'n koue steppe-klimaat met winterreën en die gebied word as semi-arië beskryf (De Wet 1953:25). Omdat Swellendam op die kusvlakte geleë is, word die klimaat deur die see beïnvloed, wat ook somerreënval meebring. Alhoewel die streek dus deur die jaar reën kry, voorkom die gebied se topografie 'n geografies eweredige reënverspreiding.

Die jaarlikse reënval toon 'n geleidelike styging van die kus tot die berge. Die duineveld langs die kus kry ongeveer vyftig persent minder reën per jaar as die Langeberge. Die dele wat deur die geplooides Langeberge ingesluit word, toon egter groot variasie. Die bergspitse het 'n hoër reënval as die valleie. Die dele wat verder as die dorp van die berge verwyder lê, kry natuurlik minder reën as die dorp self. Die Klein Karoo, in die reënskadu van die Langeberge, is die droogste deel van die Swellendam-distrik en kan vir die grootste gedeelte as 'n semi-woestyn bestempel word. De Wet som die klimaat van die distrik van Swellendam op as 'n oorgangsgebied, met warm somers, koel winters, en die reën min of meer egalig deur die jaar versprei (1953:25-29).

1. 4 Historiese Agtergrond

1.4.1 Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC)

Die omstandighede waaronder die VOC in Oosterse goedere handel gedryf het, het meegebring dat skeepsverversing 'n deurslaggewende rol in sy aktiwiteite sou speel. Die afstand tussen die Oosterse kooppunt en die afsetpunte op die Nederlandse kus, is deur 'n roete van ongeveer 20 000 kilometer en 'n tydsgaping van agt of nege maande geskei. 17de- en 18de-eeuse skeepvaart - die enigste kommersiële en administratiewe skakel tussen hierdie punte - was baie kwesbaar aangelê (Sleigh 1993:1).

Die eerste skof van die heenreis was uit Nederland na die Kaap, waar 'n skeepsdiensstasie in 1652 aangelê is. Die skof het ongeveer vyf maande geduur. Die skeepsbemanning is aan die Kaap verfris, terwyl herstelwerk aan die skip gedoen is. Die tweede skof, van die Kaap na Batavia, het ongeveer vier maande geduur. Daarna is die skip vir omtrent 'n jaar lank in Oos-Indië gebruik voordat dit vir die tuisreis voorberei is. Na 'n afwesigheid van ongeveer twee en 'n half jaar was die skip weer tuis (Sleigh 1993:1).

Van 1602 tot 1795 het die VOC 4 722 skepe op heenreise uitgestuur, terwyl 3 359 uit Batavia op die terugreis vertrek het. Die seereise het 'n hoë tol aan geld en menselewens geëis (Sleigh 1993:1).

Aan die Kaap was die plase van die grensboere te verafgeleë om 'n positiewe bydrae tot die VOC se aktiwiteite te maak. Die trekboere het 'n administratiewe en strategiese las vir die VOC geword en die landvervoerstelsel wat deur die VOC ingestel is, is in 1791 afgeskaf. Met dié verlies aan 'n behoefte aan trekosse, was slagvee dus in groter getalle as voorheen aan die Kaap beskikbaar. 'n Britse regering het in 1795 die gesag aan die Kaap oorgeneem (Sleigh 1993:93).

1.4.2 Die Kaap as verversingstasie

Die eerste jare van die Kaapse verversingstasie was moeilik en armoedig omdat tuin- en akkerbou tyd geneem het om te vestig, en omdat die inboorlinge onwillig was om te veel vee te verruil. Die nedersetters kon dus nie die verwagte verversings aan die skepe voorsien nie. Van Riebeeck het kort na die stigting van die verversingstasie uitgevind dat die Tafelvallei as voedingsbron te arm was om die verlangde sukses te behaal. Van Riebeeck het gevolglik in 1657 grond van die Khoikhoi langs die Liesbeeck aan die oostelike hang van Tafelberg vir die VOC beset. Dié nuwe ekonomiese uitbreiding is gemilitariseer deur buiteposte, en afgebaken deur heinings van doringtakke en pale op plekke waar die rivier nie self as grens gedien het nie. Die Kompanjie het binne hierdie *begrepen cirkel* beheer gekry oor 'n amper windstil strook vrugbare berggrond met 'n hoë reënval, goeie weiding in die vleie van die rivier, en 'n groot bos inheemse timmerhout teen die berghang. Op die walle van die Liesbeeck het vryburgers plasies gekry, waarop produkte vir skeepverversing vir die VOC moes kweek. Hulle teenwoordigheid het gehelp

om die VOC se boerdery op die buiteposte agter die grens te beskerm. Die Khoikhoi het die besetting tot 1660 betwis, maar was militêr te swak, leierloos en onderling te verdeeld om die koloniste effektief te beveg. Van Riebeeck het op die besette poste binne die *begrepen cirkel* ook graanlande, 'n graanskuur en 'n groente- en vrugtetuin aangelê. Hier het met verloop van tyd die groot buiteposte *'t Nieuwland, De Schuer* en *Rustenburg* ontwikkel (Sleigh 1993:7). Hieruit ontwikkel die patroon waarmee die binneland deur die koloniste beset sou word.

Die Kaapse verversingspos se vleis- en ander produkverskaffing aan die Kompanjie se skepe, het gelei tot buitengewone druk op die voedingsbronne van die Wes-Kaapse Khoikhoi. Hulle veestapel, die natuurlike water en veld was onder groot druk met uiteindelik noodlottige gevolge vir die inboorlinge se sosiale stelsel (Sleigh 1993:63). Volgens Sleigh was die ontstamming van die Wes-Kaapse Khoikhoi as gevolg van die onteining van hulle voedingsbronne reeds amper voltooi 50 jaar na die stigting van die verversingspos. Die Kompanjie se groeiende veestapel is op sy buiteposte aangehou en die grond rondom die buiteposte is as weiveld en graanlande deur die Kompanjie beset (1993:63). Die invloed van die vryburger-boere se verkryging van eiendom op die natuurlike weiding en watervoorraad is nie in hierdie studie ondersoek nie.

1.4.3 Die stig van buiteposte aan die Kaap

Omdat die geografiese en ekonomiese beperkings van die Tafelvallei die optimale funksionering van 'n verversingspos beperk het, is buiteposte op strategiese plekke buite Tafelvallei aangelê (Sleigh 1993:voorwoord). Hierdie buiteposte het as landbou-, vee-, sein-, militêre, skeepdiens-, houtkappers-, vissers- en ontspanningsposte gedien. Buiteposte was ook die instrument waardeur Europese imperialisme die binneland om Tafelbaai betree het. Die uitbreiding van die VOC se ekonomiese aktiwiteite en gesag na die binneland val saam met die verdwyning van die Kaapse inboorlinge se pastorale, stamgebonde kultuur uit dieselfde gebied. In die geheel gesien, was daar 'n ekonomiese stryd om beperkte natuurlike hulpbronne tussen 'n sterk koloniale indringer en 'n hulpelose primitiewe besitter. Benewens die buiteposte se funksie as die VOC se hulpdiensstasies, was hulle dus voorposte van die Westerse kultuurindringing in die Suid-Afrikaanse binneland, en elke pos het in sy omgewing 'n sosiale, militêre en ekonomiese orde help vestig (Sleigh 1993:voorwoord).

Die verspreiding van Europese vryburgers buite die Kaap was een van die elemente wat sosiale en ekonomiese verandering onder die inboorlinge veroorsaak het. Ander oorsake was droogtes, tussenstamse mededinging en die volgehoue veeruiltogte van die VOC (Sleigh 1993:voorwoord).

Die buiteposte was die rendezvous en verblyfpunte van die VOC-ruilers in die afgeleë gebiede en het tot hulle sukses bygedra. Die druk van ruiltogte op die Khoikhoi se veestapel is verhoog deur gepaardgaande druk op hulle weiveld deur intrekkende veeboere wat leenplase en weiregte in die inboorlinge se voedingsgebied gekry het. Ds Francois Valentijn, 'n ooggetuie van die verbrokkeling van die Khoikhoi se sosiale en ekonomiese stelsel aan die einde van die 17de eeu, het hulle verval, wat op die verlies van hulle vee gevolg het, deels aan die uitbreiding van die buitepostestelsel toegeskryf. Dit was vir hom 'n oorsaak daarvan dat die eens vreedsame veeherders in die berge, wat 'n uitskot voedingsgebied was, as *bosjesmans*, *jagters* en *rovers* 'n bestaan moes probeer maak. Die ruiltogte het in die 18de eeu voortgeduur (Sleigh 1993:67).

1.4.4 Die inboorlinge as bron van vee

Die Kaapse skeepsdiensstasie was sedert sy stigting in 1652 afhanklik van die Khoikhoi se teenwoordigheid en hulle bereidwilligheid om slag- en trekvee te ruil vir goedkoop ruilmiddele (Sleigh 1993:29).

Volgens Sleigh het die maatskaplike stelsel van die stamgebonde Khoikhoi op veebesit berus (1993:63). Die gebied wat deur 'n stam bewoon is, het as sy voedingsbron vir weiding, water, brandhout, jagveld en veldkos gedien. Die omvang van 'n stam se voedingsgebied was in verhouding tot die grootte van sy veetrop, terwyl die veetrop weer in verhouding tot die stam se mannekrag en die invloed van sy leiers gestaan het. Vir die individuele inboorling was sy vee 'n kosbron van vleis, melk en botter, maar ook 'n leerbron vir sy klere, karsse, sandale, musse, sakke en riempies. Artikels vir daaglikse gebruik is uit die horings en bene gemaak. Vee het as ruilmiddel kommersiële waarde – waardeur die finansiële krag en sosiale status van die besitter bepaal is – gehad (Sleigh 1993:63).

As verversingstasie moes die Kaap groot hoeveelhede vee voorsien en die toename in skeepsverkeer om die Kaap het druk op die Skiereilandse Khoikhoi as bron van slagvee laat toeneem. Om in al die addisionele behoeftes te voorsien, is afgevaardigdes in 1684 op 'n spesiale ruitog gestuur om 250 skape as bykomende voeding te bekom (Sleigh 1993:7). Wanneer die Kompanjie se eie vee te maer of andersins onvoldoende was, is 'n ruilgeselskap na die naasgeleë Khoikhoi gestuur. Die Kompanjie se druk op die inboorlinge se veestapel en hulle voedingsgebied het toegeneem in verhouding met die Here Sewentien en die Raad van Indië se eise om verversings vir hulle skepe. Die Kaapse verversingstasie het nie net vee vir vleis en suiwel benodig nie, maar ook as pakkdiere, trek- en aanteelvee (Sleigh 1993:8). Die buiteposte het vanaf 1700 tot die einde van die VOC-tydperk nie as produseerders nie, maar as vars vleis ontvangers 'n rol in skeepsverversings gespeel (Sleigh 1993:11).

Behalwe vir die skepe, het die VOC ook vee benodig vir die Kaapse hospitaal en die garnisoen, as werksbeeste in boerdery en vervoer, en ook vir veeteelt. Die Wes-Kaapse inboorlinge, wat die Skiereiland tot aan die Hottentots-Hollandberg bewoon het, was nie gretig om hulle vee in groot getalle af te staan nie. Hulle het gevrees dat die Nederlanders met groot troppe vee hulle grond en weiding sou beset. Die vee het ook die Khoikhoi se bestaan bepaal, omdat hulle afhanklik was van die opbrengs en produkte daarvan (Sleigh 1993:63-64).

In die tweede helfte van die 17de eeu is dikwels na die Khoikhoi buite die skiereilandgebied tot sover as die Gouritsrivier in die ooste en die Bergrivier in die weste as die *Omliggende Hottentotten* verwys. In die Suid-Oos-Kaap was die Hessequa en die Chainouqua die belangrikste stamme, terwyl die Cochoquas in die Suidwes-Kaap die sterkste invloed op Khoikhoi-Euro-verhoudinge uitgeoefen het (Bredekamp 1982:33).

Toe die Wes-Kaapse stamme se bronne uitgedien geraak het, het die Kompanjie sy ruitogte begin toespits op 'n kaptein Claas se Chainouqua oos van die Hottentots-Hollandberg, en die Hessequa, wat nog verder oos gewoon het. Teen 1680 was hierdie Overbergse stamme, wat nog redelik ryk aan vee was, die prooi van Ubiqua-struikrowers. Die strooptogte deur armer stamme op meer welvarende stamme kon volgens Sleigh die gevolg gewees het van die vryburgers se benutting van die jagterstamme se voedselbronne

(1993:65). As gevolg van kompetisie tussen die Wes-Kaapse stamme en die vryburgers om seekoëie as voedselbron, het die stamme verder verarm. Hulle het meer van hulle vee as voedselbron afhanklik geraak en in 1699 teken luitenant Olof Bergh op sy besoek aan die Overbergse stamme hulle onwilligheid om hulle laaste vee te ruil, aan (Sleigh 1993:65-66).

Dit is interessant dat die uitgestrekte Swellendam-distrik, waar die boere nie swaar op osse vir landbouproduksie gesteun het nie, in die laaste 20 jaar van die 18de eeu die Kompanjie se bron van trekvee geword het. Kort daarna sou die VOC se groeiende behoefte óór die landsgrense heen na die Xhosa-veebesitters reik (Sleigh 1993:37).

Swellendam se landdros het ruildae gereël waartydens Khoikhoi van die omgewing hulle jong osse by die drostdy vir krale en ander nietighede kon verruil. 'n Ander ruilmethode is deur die poshouer van *Riet Valleij* aan die Buffeljagsrivier beoefen. Hy is deur Swellendam se landdros op ruiltogte na die Suid-Kaapse Khoikhoi afgevaardig, en het honderde jong trekosse, wat later na die vervoerpos *De Schuer* oorgeplaas is, op dié togte vir die VOC bekom (Sleigh 1993:49).

Die veebron is deur oorbenuiting en berowing tot in sy wortels verarm en verwoes. Die VOC se handelsmetode was, in die naam van doeltreffende skeepsverversing, op totale bron- en middelebeheer gemik (Sleigh 1993:79).

Die gevolge van die veebron se oorbenuiting is moontlik vroeg reeds geabsorbeer deur die Khoikhoi as arbeiders op plase in te neem. 'n Beknopte opsomming van die Khoikhoi-arbeiderskorps op blanke plase van 1720-1803, is deur Giliomee en Elphick aangeteken. Hulle noem dat blanke boere in die Kaapkolonie dwarsdeur die 18de eeu 'n ernstige arbeidstekort ondervind het (1990:27). Plase was groot, werkers min en baie boere, veral dié met skape en beeste, kon nie genoeg slawe bekostig nie. Khoikhoi was om verskeie redes begeerlike plaaswerkers, maar veral as gevolg van hulle lang ondervinding in die mak maak van diere. Alhoewel hulle hulle osse tradisioneel nie ingespan het nie, het hulle dit wel as pak- en rydiere gebruik. Hulle was veral vaardig met die afrigting en hantering van trekdiere, wat voor ploë en waens gespan is, terwyl hulle kundigheid met die hantering van skaap- en beestroppe belangrik was vir die blanke veeboere (Giliomee & Elphick 1990:28).

Die Khoikhoi het ook geweet hoe om diere af te slag, die velle te bewerk, vet uit te braai en hoe om velsakke, -skoene, swepe en rieme te maak. Met hierdie kundigheid kon die blanke veeboere die neweprodukte van sowel jag as boerdery beter benut. Met min bykomende onderrig kon ook botter en seep gemaak word – albei belangrike inkomstebronne vir die trekboere (Giliomee & Elphick 1990:28).


1.4.5 Khoikhoi stamme van die Overberg

Hoofsaaklik twee Khoikhoi stamme het in die Overberg gewoon (sien figuur 1). Volgens Le Roux was dit nie maklik om 'n duidelike grenslyn tussen die weivelde van die Chainouquas en die Hessequas vas te stel nie (1945:116). Groot afdelings van die Hessequas het by tye in 'n westelike rigting beweeg om aan die ruilhandel by die Kaap deel te neem. By sulke geleenthede moes hulle noodwendig oor die grondgebied van ander stamme trek (Le Roux 1945:116). Die Chainouqua se weivelde het langs die suidkusgebied gestrek, van die Breederivier, al met die Riviersonderend langs, oor die Hottentots-Hollandberge tot byna aan die Eersterivier (Bredenkamp 1982:38). Die Hessequas het van die huidige Swellendam-omgewing tot in die Gouritsrivier-omgewing gewoon (Bredenkamp 1982:33). Volgens Le Roux kan die Breederivier as die skeiding tussen die Hessequas en die Chainouquas beskou word, maar dat die Hessequas dikwels die grens oorskry het (1945:116).

Die Hessequas het by tye selfs so ver oos as Mosselbaai vertoef, in die gebied waar 'n ander stam, die Gouriquas, gewoon het. Betrekkinge tussen die verskillende stamme was gewoonlik vriendskaplik en die grenslyne is dus net 'n vae aanduiding van afsonderlike gebiede (Le Roux 1945:118-119).

Oloff Bergh skryf in 1699 aan WA van der Stel dat hy vroeër (ongeveer 1686) op die buiteposte aan die Riviersonderend, Soetendalsvallei en Tijgerhoek (dit is tussen die huidige Caledon en Swellendam, wes van die huidige dorp Riviersonderend), die veeryke Hessequa in 85 verskillende krale aangetref het (Sleigh 1993:79). In 1699 vind Bergh egter in sy soeke na vee, dat die Hessequa en die Chainouqua so verminder en verarm het, dat by hulle weinig vee te ruil was (Sleigh 1993:79).

By Sleigh is daar geen twyfel nie dat die militêre poste, byvoorbeeld dié van die eerste en derde grens, 'n baie groot rol gespeel het in die militêre onderwerping van die Khoikhoi, die besetting van hulle voedingsgebiede en hulle ontstamming. Ook die latere veeruilposte, soos *Riet Valleij aan de Buffeljagtsrivier*, het daartoe bygedra om die gebruik van drank en tabak onder Khoikhoi te versprei, hulle beeste te onttrek en so hulle sosiale stelsel te ondergrawe. In die proses het die Khoikhoi ekonomies afhanklik van Europeërs geword, en moes hulle in diens tree, heel dikwels op die laagste trap van die Westerse sosiale leer. In gevalle waar buiteposte beskermend teenoor die Khoikhoi gestaan het, soos by 't *Ziekenhuijs*, was die behoud van 'n veebron duidelik die grootste oorweging (Sleigh 1993:741).



1.4.6 Uitbreiding van die grense

Die VOC het vrye landbou aangemoedig omdat 'n bestendige verversingsbron daardeur binne sy beheer en onder sy gesag sou bly. Mettertyd sou hy ook van die moeite en onkoste van sy eie boerderyposte bevry word. Van 1652 tot 1795 het die Kompanjie sy grens gedurig na die binneland, weg van die Kasteel, uitgebrei. Teen die begin van die 18de eeu was die grens aan die Hottentots-Holland-Drakenstein bergreeks, van Riebeeck-Kasteel in

die noorde tot die Lourensrivier in die suide. Binne hierdie gebied is die inboorlinge se veeboerdery aan verskillende soorte druk onderwerp. Ds Francois Valentijn, wat die stamlewe van die Kaapse inboorlinge in die laaste jare van hulle bestaan persoonlik nagevors het, het die tragiese verbrokkeling beskryf wat op die verlies van hulle weiding gevolg het: *dus sijn ze menschen, die hun in vrede, vergenoegd en onder hoofden en kralen verdeelt, gerustelijk met den veeteelt had erneerden, meest alle bosjemans, jagers en rovers geworden, en overal tuuchen en in geberghtens verstrooijt* (Sleigh 1993:43).

As gevolg van die gunstige klimaat en terrein het die binnelandse uitbreiding van die setlaars volgens PJ van der Merwe die vinnigste oor die Hottentots-Hollandberge in die rigting van die Breederivier plaasgevind. Hierdie stellings word telkens bevestig deur reisbeskrywings en regeringsverslae wat beweer dat die roete oor die Hottentots-Hollandberge na die Oosgrens die gewildste roete na hierdie gebied was (Bredenkamp 1988:2).

Die tempo en rigting van vestiging is grotendeels bepaal deur die aard van die terrein, die beskikbaarheid van permanente bopgrondse water en die gehalte van die weiding. Die vernaamste gebiede wat voor 1720 bereik is, sluit die grond noord van die Bergrivier (Piketberg) en oos van die Hottentots-Hollandberge in. Gedurende die twintigerjare van die 18de eeu het die trekboere hulle in die Olifantsriviervallei, die boonste gedeelte van die Breederiviervallei en die aangrensende valleie en komme gevestig, en ooswaarts na die gebied suid van die Langeberg deurgedring. Teen die dertigerjare het hulle in die Klein Karoo inbeweeg, wat in 1745 saam met die vinnig ontwikkelende vestigingsgebied suid van die Langeberg die distrik Swellendam geword het. In die noorde het die trekbeweging in die sewentigerjare die gebiede noord en oos van die Sneeuberge bereik. In die suide het die koloniste van Swellendam intussen ooswaarts beweeg in die Klein Karoo en die Langkloof. In die gebiede waar daar met vee geboer is, was die bevolkingsdigtheid oral uitsonderlik laag. Die uiters verspreide vestiging is gedeeltelik deur dorre en bergagtige topografie en die grondtoekenningstelsel veroorsaak. Ingevolge die grondtoekenningstelsel was 'n grondeienaar op ten minste 2 420 hektaar geregtig. Selfs die vrugbaarder en meer waterryke streke was yl bewoon (Giliomee & Elphick 1990:87). Dit verklaar grotendeels hoekom so min huise uit hierdie periode in die studiegebied gevind kon word.

'n Statistiese opsomming wat Guelke van die aantal suidkusbewoners in die 18de eeu gemaak het, ondersteun die bewering dat die land swak bewoon was. Daar was 142 leningsplase oor 'n oppervlakte van sowat 11 500 km. As 'n mens aanneem dat daar gemiddeld sewe persone in 'n huisgesin was en die getal verdubbel word om slawe en Khoikhoi-restante in te sluit, sou die gemiddelde bevolkingsdigtheid van die streek ongeveer een persoon per 5 vierkante kilometer gewees het. In die dorre streke sou die bevolkingsdigtheidsyfers, volgens Guelke, nog laer gewees het: miskien een persoon per 15 vierkante kilometer (Giliomee & Elphick 1990:87).

In 1745 is net die westelike grens van die Swellendam-distrik vasgestel. Dit het dié distrik van die Stellenbosch-distrik geskei deur middel van 'n reguit lyn wat van die Soetendalsvallei aan die suidkus, na Tijgerhoek en daarvandaan ooswaarts na die Breederivier en Kogmanskloof en dan weer noordwaarts tot aan die Hexrivier, gestrek het. Die Land van Waveren, Vier en Twintig Riviere, die Warm- en die Koue-Bokkeveld en die Onder-Bokkeveld noord van die Doringrivier, was deel van die Stellenbosch-beheerde gebied. Die res van die setlaarbewoonde gebied is onder Swellendamse toesig geplaas. Die noordelike en oostelike grens is eers in 1780, ná die stigting van die Graaff-Reinet-distrik, bepaal. In die suide het die see 'n natuurlike grens gevorm (Bredenkamp 1988:7-8).

Die pioniers het steeds dieper die binneland ingetrek en gevolglik is die distriksgrense van tyd tot tyd gewysig. Geleidelike uitbreiding en administratiewe oorwegings het tot die stigting van nuwe distrikte gelei, waaronder Graaff-Reinet in 1786, George in 1811 en Riversdal en Mosselbaai in 1848. Met die stigting van dié nuwe distrikte is die uitgestrektheid van die Swellendam-distrik geleidelik verklein. Gaandeweg – dikwels as gevolg van gemeente-afskeidings – het daar ook nuwe dorpe rondom Swellendam verskyn. So het Bredasdorp, Napier en Riversdal in 1838 tot stand gekom, Montagu in 1854 en Heidelberg in 1855. Vir baie jare is Swellendam egter as 'n grensdistrik beskou en is die dorp as 'n laaste buitepos van die beskawing op pad na die binneland gesien (Bredenkamp 1988:8).

1.4.7 Veeboerdery

Die eerste blanke ekspedisies onder leiding van Pieter Cruythoff het in Mei 1667 by 'n vol Breederivier gekom. Hieronymus Cruse het net 'n paar maande later in dieselfde jaar oor

die Hottentots-Hollandberge getrek om die veeruilmoontlikhede aan die *anderkant van die berg* te ondersoek. Met hierdie ekspedisies het die eerste blankes in die gebied wat vandag as die Swellendam-distrik bekendstaan, gekom (Alheit 1948:17).

In 1689 is daar weer deur hierdie streek onder leiding van Izak Sckrijver getrek. Die oewer van die Duivenhoksrivier, waar Heidelberg later aangelê is, is onder meer deur die blankes ontdek en hulle het verder deurgedring tot anderkant die Outeniquaberge, die gebied van die latere George (Alheit 1948:17).

Die woorde *over't bergh* en *overbergsch* verwys beskrywend na 'n gebied wat oor die berge geleë was. Dit het gedui op die gebied anderkant die Hottentots-Hollandberge, op die produkte van die gebied en ook op die inwoners. Oorspronklik het die Overberg geen oosgrens gehad nie en was alles ten ooste van die Hottentots-Hollandberge eenvoudig bekend as *over't bergh*. Die gedeelte van die Stellenbosch-distrik oos van die bergreeks tot so ver as wat die setlaars die gebied binnegedring het, was dus die Overberg, tot byna by die teenswoordige Mosselbaai (Prins 1979:1,6).

Sedert die begin van die Nederlandse vestiging aan die Kaap het die setlaars aantreklike moontlikhede in die grensstreke gevind. Daar was goeie jag-, handels- en weigeleenthede. 'n Verskeidenheid inwoners het alleen of in groepe vir korter of langer tye hierdie moontlikhede benut. In die 18de eeu, namate die setlaars toegeneem het, was daar ook 'n toename in die aantal mense wat aan die grens bedrywig was. Al hoe meer leningsplase is op al hoe groter afstande van Kaapstad gehuur (Giliomee & Elphick 1990:86)

Van der Merwe beweer dat 'n stelsel van algemene weiding aanvanklik in veeboerdery toegepas is (1938:63). Namate veeboerdery egter losgemaak is van akkerbou, het 'n stelsel van partikuliere weiregte posgevat (Van der Merwe 1938:65). Vanaf omstreeks 1703 is weilisensies geregistreer (Kruger 1973:87). Aan die begin is dit sporadies toegeken as aanvulling tot die eiendomsgrond en gemeenskaplike weiveld (Van der Merwe 1938:69). Die eerste lisensies is uitgereik vir drie maande; later vir ses maande en selfs tot 'n jaar (Kruger 1973:87). 'n Weilisensie het 'n boer nie aan 'n spesifieke plek gebind nie en hulle het van een tydelike veepos na 'n volgende getrek. Veeboere sonder eiendomsplase het mettertyd ook weiregte begin uitneem, wat daartoe gelei het dat veeposte meer gereeld

bewoon is. Weilisensies kon ook hernieu word, en ekstensiewe veeboerdery het sy beslag gekry (Van der Merwe 1938:74).

Reg aan die begin van die 18de eeu het geen vryburger hom nog in die Overberg gevestig of daar weiregte verkry nie. Die eerste weiregte is vroeg in dié eeu daar toegeken (Prins 1979:25). Die boere het stukke grond uitgekies waar hulle hul vee wou laat wei en het dan om 'n weilisensie, geldig vir 'n tydperk van een jaar, aansoek gedoen. Hierdie leningsplase is letterlik slegs van die Regering "geleen", want die Kompanjie het die reg voorbehou om die hernuwing van die lisensie te weier. Hierdie gebruik het dwarsdeur die 18de eeu van krag gebly, maar dit het gaandeweg so ontwikkel dat die meeste van die plase later die permanente besit van die lisensiehouer geword het (Prins 1979:25-26). Teen 1717 is die voorste veeposte uitgeneem in die Verlore Vallei en aan die Kruisrivier in die noorde aan die Potteberg, naby die mond van die Breederivier in die ooste, in die vallei van die Breederivier by Brandvlei en aan die Olifantsberg naby die Hexrivier (Kruger 1973:87).

Die ontwikkeling van die veeboerdery het die behoefte aan ruimer en nuwe weivelde laat toeneem met die gevolg dat die voorste trekboere teen 1717 reeds by die Breederiviermond was. In 1723 het Jan Harmse die plaas Jan Harmans Gat (later Nooitgedacht) aangelê. 'n Jaar later het die vee van Roelof Olofsz op sy leenplaas by Grootvadersbosch gewei waar 'n skool later opgerig is. Daar was ook 'n sieketrooster wat godsdienstige leiding aan die wyd verspreide boere in die omgewing gegee het. In 1725 is weiregte aan die Buffeljagsrivier toegestaan aan Cornelis van Roije, wat twintig jaar later een van Swellendam se eerste heemrade geword het. In 1727 was daar reeds erkende veeposte in die streek waar Riversdal meer as honderd jaar later aangelê sou word. Teen 1745 het die voorste bakens van die trekboer al anderkant Mosselbaai gestaan (Alheit 1948:17).

As deel van die bevolking aan die Kaap het die selfstandige veeboere in 1716 sowat 25 getel (een tiende van die 260 landbou-produsente), 225 in 1746, en 600 in 1770. In 1770 het hulle twee derdes van alle landbou-produsente uitgemaak. Daar was dus 'n vinnige toename in die aantal veeboere, terwyl die aantal akkerbouers weer baie stadig gegroei het (Giliomee & Elphick 1990:86-87).

Die vinnige toename in veeboerdery is aangemoedig deur lae graanpryse, hoë produksiekoste en herhaalde misoeste. Die Vryburgers het mettertyd 'n teensin in akkerbou gekry en die soeke na beter weivelde het die weg na die latere Swellendam-distrik *overt bergh*, gebaan. Baie van die pioniers anderkant die grense was voormalige akkerbouers of seuns van gevestigde boere wat 'n selfstandige boerdery wou opbou. Die pionier het vinnig die identiteit van jagter, veeruiler en -boer aangeneem (Van der Merwe 1938:50).

Walton bevestig dat die boere gedurende die eerste helfte van die 18de eeu in die distrikte van Stellenbosch en Drakenstein toenemend ongelukkig geraak het oor die owerheid se ysterhand op die landbou (1987:8). Tussen 1710 en 1730 is baie leningsplase in die huidige distrikte van Malmesbury, Piketberg, Worcester, Tulbagh en Ceres in die weste en in die distrikte van Caledon, Bredasdorp, Swellendam en Riversdal in die ooste toegestaan (Walton 1987:8). Hierdie plase is aanvanklik deur seuns van boere of betroubare arbeiders of slawe beset. Hulle moes toesien dat die vee opgepas word, maar later het baie boere hulle permanent op hul leenplase gevestig. Gedurende die volgende 25 jaar het die veeboere die nedersetting tot by die huidige distrikte van Calvinia en Sutherland in die noordweste, en tot by Mosselbaai en George in die ooste uitgebrei (Walton 1987:9).

Nog 'n belangrike faktor wat die uitbreiding van setlaarvestiging in die binneland bevorder het, was die beskikbaarheid van grond en die lae kapitaalbehoefte van veeboerdery. Aan die rand van die gebied wat deur die setlaars bewoon is, kon grond teen 'n jaarlikse huur bekom word. Elders, in die ouer setlaarvestigingsstreke, kon grond verkry word deur die aankoop van die opstal (soos die woonhuis of ander onroerende verbetering op 'n leningsplaas genoem is) teen 'n prys wat gewoonlik aansienlik laer was as die koste van 'n eiendomsplaas in die akkerbougebied in die Suidwes-Kaap. Die gemiddelde waarde van 'n opstal in veeboerderygebiede was f300 tot 500 (*f* = alle bedrae is in Kaapse gulden), vergeleke met f6 000 tot 10 000 vir 'n eiendomsplaas in die akkerbougebied. In sommige streke kon 'n opstal trouens vir so min soos f100 gekoop word, terwyl 'n goeie akkerbouplaas tot soveel as f20 000 kon kos. Bowendien was dit vir die veeboere ook nie nodig om baie slawe of duur gereedskap aan te koop nie. Hul aansienlikste belegging was hulle vee, en die waarde van 'n begin bestaande uit 'n perd, 20 stuks gehoringde vee en 50 stuks skape, 'n wa en 'n bietjie gereedskap, sou sowat f1 000 gekos het (Giliomee & Elphick 1990:88).

Gedurende die eerste helfte van die 18de eeu het die veeboere en die suidwaarts-trekkende swart volke mekaar by die Visrivier ontmoet en daar was geen noemenswaardige ooswaartse uitbreiding vir die volgende 70 jaar nie. In 1780 is die Visrivier amptelik as die oosgrens van die Kolonie aangedui (Bredenkamp 1988:2).

1.4.8 Plaasverkryging

Die 18de eeu het die begin van die *Eerste Groot Trek* ingelei (Alheit 1948:17). Volgens Prins is die een leningsplaas na die ander toe in die westelike Overberg uitgereik, maar dié plase is in die meeste gevalle nie permanent bewoon nie. Die plase is by uitstek as veeweiding gebruik en die Overberg het ontwikkel tot een van die streke wat die meeste slagdiere aan die Kaap en Stellenbosch voorsien het (Prins 1979:28).

Met groei in die bevolkingsdigtheid het bepaalde plase in 'n gebied op natuurlike wyse ontstaan. Die vorm en grootte van hierdie plase is uitsluitlik bepaal deur die bodemgesteldheid en ligging van ander leningsplase (Van der Merwe 1938:95).

Die leningsplaasstelsel het verspreide vestiging aangemoedig omdat die Kompanjie nie 'n beleid van stelselmatige grondverdeling gevolg het nie (Van der Merwe 1938:127). Aangesien die beste grond eerste uitgesoek is, het beginners gewoonlik al verder oor die grense getrek waar meer en beter grond nog beskikbaar was. Op hierdie wyse het die leningsplaasstelsel dus die pionier se trek na die binneland bevorder (Van der Merwe 1938:128).

Voordat daar groot damme en boorgate was, was 'n permanente waterbron noodsaaklik vir die veeboer. Elke boer moes ten minste een standhoudende waterbron in 'n fontein, stroom of diep kuil hê. Die hoeveelheid water het bepaal hoeveel vee in droogtetye kon oorleef. Die behoefte aan 'n meer permanente woonplek het daartoe gelei dat boere hulle veeposte begin bebou en bewerk het. Die land was in hierdie tyd yl bevolk en wonings was ver van mekaar geleë, veral in dié gedeeltes waar water skaars was. In hulle soeke na 'n geskikte plek vir die oprigting van 'n opstal, moes die eerste vestigers eers leer hoe die beskikbare watervolume in droogtetye verander. Kruger noem volop wild, saam met standhoudende water en goeie weiding, as noodsaaklikhede vir die stigting van 'n nuwe veepos (1973:87).

'n Boer het gewoonlik self die plek uitgesoek waar hy sy opstal wou hê. So het die gebruik ontstaan om eers die plek vir die opstal aan te wys, 'n baken op te rig en dan om 'n lisensie by die Goewerneur aansoek te doen (Van der Merwe 1938:74). Gaandeweg is lokaliteit en 'n pleknaam ook op weilisensies aangedui (Van der Merwe 1938:70-73).

Die uitreiking van 'n weidingspermit het beteken dat 'n bepaalde stuk grond eksklusief deur die permithouer gebruik kon word, en reëls is neergelê om die geografiese perke te omskryf. Geen weidingspermit sou aan 'n nuwe aansoeker uitgereik word as sy weiding binne 'n halfuur te voet van die middel van 'n bestaande weiveld was nie. Opstalle moes dus op 'n minimumafstand van een uur se stap vanaf mekaar geleë wees (Van der Merwe 1938:83). In die praktyk het dit beteken dat elke permithouer eksklusiewe beheer oor 'n minstens 2 420 hektaar gehad het. In teorie was die stukkie grond sirkelvormig en in die Swellendam-distrik het dit in 'n paar gevalle in die praktyk ook gegeld. Dit het egter min vir die trekboere beteken omdat hulle *de facto* beheer gehad het oor al die grond wat hulle kon gebruik, dikwels twee tot vier keer die teoretiese grootte. Ná 1723 is 'n klein tarief gehef vir 'n weidingspermit of leningsplase, soos hierdie entiteit bekend gestaan het. In dieselfde jaar het toestemming om graan op leningsplase te verbou 'n standaardkonsessie geword. Toestemming vir graanverbouing is voorheen net in uitsonderlike gevalle toegestaan (Giliomee & Elphick 1990:79).

Guelke wys historici soos PJ van der Merwe daarop dat 'n onderskeid getref moet word tussen hoofplase (wat permanent bewoon is) en leningsplase (wat onbewoon of tydelik is en net gebruik is om hoofplase aan te vul) in die ontleding van leningsplase-rekords. In 1731 is hoofleningsplase byvoorbeeld gemiddeld 20 jaar deur dieselfde families bewoon. Die meeste trekboere was volgens Guelke dus nie nomade wat gedurig op soek na wild en weiding was nie (Giliomee & Elphick 1990:96).

In die westelike Overberg, net soos langs die Breederivierloop van Swellendam na Malgas, was daar spesifieke vestigingspatrone met 'n konsentrasie van plase langs die rivierlope en hoofpaaie. Teen 1780 was daar steeds aanduidings dat baie plase in die gebied nie permanent deur die eienaars bewoon is nie. 'n Goeie voorbeeld van so 'n plaas, waarvan daar 'n baie deeglike beskrywing bewaar gebly het, is Bokkerivier. François Renier Duminy en sy eggenote Johanna Margaretha Duminy was die eienaars van dié plaas, geleë

tussen Tijgerhoek en Soetmelksvallei. Duminy was in diens van die VOC en later van die Bataafse Regering en het nie voltyds op die plaas geboer nie. Duminy was ook die eienaar van Kykoedie, wat sy gesin gereeld vanaf Bokkerivier besoek het (Prins 1979:29-31).

Barrow definieer erkentlikheidsplase (*gratitude lands*) as plase wat oorspronklik as leengrond toegestaan is, maar later uit erkenning vir goeie diens aan die regering, op versoek van die houters verander is in 'n soort erfpag, onderhewig aan 'n vasgestelde huur wat 24 riksdalders (1 riksdalder = 2,5 gulde) (HAT 1984:904) per jaar beloop het. Hierdie plase was dikwels nader aan die Kaap en in die algemeen in 'n beter bewerkingstoestand as die leenplase. Barrow het 18 van hierdie plase in 1798 in die Swellendam-distrik aangeteken (1968:381-382).

Volgens Van Reenen het groot vervoeruitgawes weens die afgeleë ligging van plase naby die berge van Swellendam tot by die Vetrivier, plaasverkryging hier belemmer. Hy meen dié grond was uitstekend vir die verbouing van graan en peulplante en het beskikbare water uit fonteintjies en kleiner riviere gehad. Hy beskryf die beste plase as dié by Potteberg, Souterivier, Slangervier, Vetrivier en selfs dié by die mond van die Breederivier, maar noem terselfdertyd dat 'n tekort aan vervoer en industrie groot belemmerende faktore was. Van Reenen is verder van mening dat, sou skeepsvaart na hierdie gebied uitbrei, baie meer plase geneem sou word. Omdat vervoer so duur was, was dit die ondergang van menige boer in dié geweste (Blommaert & Wiid 1937:49). Van Reenen beskryf die plaas Krombeksrivier van Pieter du Pré, 'n ouderling van Swellendam, as geleë op die westelike oewer van die Krombeksrivier en hy beweer dat dit een van die mooiste en modernste plase in die streek was. Verskeie reisigers het hiermee saamgestem. Die Krombeksrivier, wat sy oorsprong in die naburige berge het, vloei net in die winter. Du Pré het dan die water in 'n groot geboude dam of put afgekeer, en soveel daarvan bewaar dat hy genoeg water in die somermaande vir 'n groot aantal perde en vee gehad het. In die winter het hy van verskeie weidingsplase, wat hy tussen die mondings van die Duivenhoks- en die Kafferkuilsrivier besit het, gebruik gemaak (Blommaert & Wiid 1937:49).

Dirk Gysbert van Reenen, een van die bekendste Overbergse boere, het 'n hele aantal plase in die binneland besit of gebruik. Rhenosterfontein, 'n veeplaas geleë aan die Breederivier, was sy vernaamste plaas. Sy ander plase, geleë in die Swellendam-distrik was

Poespasvallei, Kleinefontein, Vondeling en Kadys Vallei (Blommaert & Wiid 1937:3). Rhenosterfontein was ten ooste van die benedeloop van die Breederivier, een uur van die mond geleë. In die reisverhaal van Janssens word melding gemaak van *de uitgestrekte paarde en koestallen* op die plaas en die *menigte teelmerries en veulens, drie zeer fraaije Springhengsten van een extra sterken bouw en schoon figuur*. Die plaas word ook beskryf as *een van der schoonsten onder alle den overberge plaatsen* (Blommaert & Wiid 1937:45).

Op 6 Augustus 1813 het goewerneur Cradock 'n proklamasie uitgevaardig waarmee die eeu-oue leningsplaasstelsel afgeskaf is. Daar is bepaal dat kroongrond voortaan op 'n ewigdurende erfpagstelsel uitgegee sou word. Boere moes toe deur middel van 'n rekwes aansoek doen om 'n plaas, waarna 'n regeringskommissie die grond geïnspekteer het (Van der Merwe 1937:126).

Die landmetersberoep het saam met die nuwe stelsel ontwikkel. Landmeters het sedert 1785 hulle verskyning gemaak, maar min grond is voor 1813 werklik uitgemeet en geregistreer. Die ou landmeters was ook die siviele ingenieurs en dorpsbeplanners van hulle tyd. Die beroep kan as tipies Afrikaans beskou word, aangesien dit grootliks verskil van dié in Europa (Pienaar 1968:392).

In teorie het die nuwe erfpagstelsel beter kontrole by die uitgee van kroongrond voorsien, maar in die praktyk het dit egter nie gewerk nie. Gebrekkige administrasie het die regering gekniehalter in die tydige oorweging van aansoeke, wat eers gedoen kon word nadat die rapporte van die kommissie en landmeter ontvang is (Van der Merwe 1937:127). Die Swellendam-distrik het ook nie hierdie vertraging in die registrasie van erfpagplase vrygespring nie en dit is opmerklik hoe baie plase rondom 1837 geregistreer is.

Omdat die streek so droog en water in die algemeen skaars was, het die regering volgens Moodie, groter plase aan die inwoners gegee. Min plase was kleiner as 4 000 hektaar. Vir Moodie was dit beter om in hierdie streek met vee te boer as om koring te verbou omdat die afstande na markte en hawens te groot was. Naby die kus sou 'n plaas van 4 000 hektaar 200 tot 400 gehoringde vee, 'n paar skape en perde, en in sommige gevalle selfs meer kon onderhou (Moodie 1835:126-128).

1.4.9 Afbakening van plase

Uit 'n regsogpunt was dit in die VOC-tydperk aan die Kaap nie die grond self nie, maar soos vermeld, die opstal (die geboue en verbeterings) wat verkoop is, 'n opvatting wat voortgespruit het uit die aanname dat daar voor die verkoop ten minste 'n mate van persoonlike bewoning plaasgevind het. Die Britse setlaars was verantwoordelik vir 'n verreikende omwenteling in die sosiale en ekonomiese struktuur van die Kaapkolonie. Die Britte het 'n tot nog toe vreemde opvatting – dat grond 'n handelsartikel is wat verkry of verkoop kan word sonder dat dit noodsaaklikerwys eers bewoon en bewerk is - gevestig (Giliomee & Elphick 1990:493).

'n Veeboer sou gewoonlik 'n stuk grond naby standhoudende water kies en van die oudste opstalle word dus naby 'n rivier gevind. Die middelpunt of plek waar die opstal aangelê sou word, is eerste uitgesoek. In die geval van 'n leenplaas het hierdie middelpunt bekend gestaan as 'n *ordonnantie* (Botha 1970:67). 'n Landsmeting is vanaf dié punt gedoen en na die opstel van 'n plaasbeskrywing, is kennis aan die kommissie wat die grense van die plaas moes kom afry, gegee. Die kommissie, wat uit gemiddeld drie lede bestaan het, het gewoonlik kennis gegee voordat hulle gekom het, sodat daar geleentheid was om aan die mense in die omgewing kennis te gee. Dit was vir oud en jonk 'n sosiale en jaggeleentheid. Sodra die ligging van die middelpunt aangedui is, is 'n kruishout of baken daar opgerig. Met behulp van 'n kompas is die arms van die kruis so geplaas dat hulle die vier windrigtings aangedui het. Die grense is dan vasgestel deur een uur lank met 'n perd in elke rigting te stap. Die regulasie het bepaal dat daar in een minuut 100 treë gery moes word. Die lengte van die vier lyne (die afstand van die middelpunt na die buitelyn van die sirkel) was egter selde eenders. Die rede hiervoor was dat die jonger mans aangesê is om die "lyn aan te ry", terwyl die kommissielede saam met die ouer boere die veld in is agter wild aan. Die gevolg was dat daar dikwels geswig is voor die versoeking om resies te jaag. Die plaasgrootte was eintlik vasgestel op 3 750 morge, maar min plase was kleiner as 4 000 morge – sommige selfs 9 000 morge (Spoelstra 1924:2).

Sodra 'n plaas deur die kommissie toegeken is, moes die toekenning drie tot ses maande ter insae lê, sodat daar protes aangeteken kon word. Sodra die bakens aangebring is, kon die plaas bewoon word. Party plase het egter vir drie tot vier jaar of langer verlate bly lê en

bakens het dan dikwels uitgereën, wat tot 'n stryery onder bure gelei het. Bakenkommisies is aangestel om twiste te besleg. Dit was die taak van die kommissie om ten minste een oorspronklike baken te kry wat deur die eienaar beëdig moes word. Daarna is die plaas van vooraf afgesny, presies 6 000 treë in elke windrigting. Kullery het dikwels so aan die lig gekom en dan kon nog 'n klein regeringsplase tussen die twee rusiemakers se plase uitgesny word. Dit was dus voordeliger om 'n bakenkweisie onderling te skik (Spoelstra 1924:4-5).

Dit het dikwels gebeur dat twee verskillende kommissies 'n plaas van verskillende kante afgebaken het. Bakens is dan op verskillende plekke aangebring en die plaas kon met buurplase oorvleuel. In so 'n geval is daar van 'n "oorgelapte" plaas gepraat. Die plaas is dan net na die een of ander kant geskuif (Spoelstra 1924:7).

Giliomee en Elphick som hierdie situasie op en beweer dat onder die oorspronklike VOC-stelsel van leningsplase grond sorgloos deur die betrokke landdros en heemrade aan die eerste aansoeker toegeken is. Lukraak opgerigte bakens en onakkuraat getekende grenslyne het onder bure die para-wettige geldigheid van gebruik verkry. Rekognisiegeld is deur die VOC op leningsplase geëis, maar die heemrade wat die aanslag bepaal het, was nie geneë om druk op hulle bure uit te oefen nie en hulle het toegelaat dat agterstallige betalings ophoop. Die gevolge wat dit op die koloniale inkomste gehad het, het goewerneur Cradock die nuwe erfpagstelsel in 1813 laat instel. Dit is ywerig deur Afrikaner-grondeienaars, wat geen rede vir verandering gesien het nie, teengestaan (Giliomee & Elphick 1990:516-517).

Die boere is egter teen Cradock se grondhervormings beskerm deur die regering se onvermoë om dit uit te voer. Charles D'Escury, die Inspekteur van Lande en Woude tydens die Somerset-bewind, was ongekwalfiseer en oorlaai met werk en het Kaapstad nooit verlaat nie. Die werklike beskikking oor onbesette gebied was steeds in die hande van landdroste en heemrade, en hulle het nog dieselfde speelruimte by die toekenning van grond en aanslaan van grondbelastings gehad. Aangesien geen verdere eiendomsreg volgens die ou leenplaasstelsel toegeken mog word nie, en omdat die koloniale administrasie te onbekwaam was om sy eie erfpagstelsel behoorlik uit te voer, het 'n nuwe stelsel van voorlopige besetting (rekwesplase), die oorheersende vorm van grondbesit in die oostelike distrikte geword. Sodra 'n boer 'n rekwas vir 'n stuk grond ingedien het, het hy

dit beset asof dit reeds sy eiendom was. Teen 1824 was daar in die Graaff-Reinet-distrik reeds 1 000 rekwesplase, maar geen enkele erfpagplaas nie (Giliomee & Elphick 1990:517).

In 1837 is 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens elke burger die reg gekry het om twee plase uit te soek, een vir saai en een vir weiding. Elke seun wat kon bewys dat hy ouer as sestien jaar was, kon ook grond kry. Die bewys was 'n dokument wat op registrasie deur die betaling van 'n halfkroon by die landdros verkry is. Dié dokument is 'n *uittreksel* genoem, waarskynlik omdat dit 'n uittreksel uit die burgerlys was. Met die uittreksel in die hand kon die jong boer vir homself grond proklameer deur 'n *uittreksel daarop te sit* (Spoelstra 1924:1-2).

In 1870 het die regering die uitgee van uittreksels gestaak. Grond wat toe nog nie aan private burgers toegeken was nie, het regeringsgrond gebly, wat later verkoop sou word (Spoelstra 1924:6). Party burgers het egter uittreksels gehad wat ná 1870 uitgereik is. Hulle is hiervoor vergoed deur 'n erf op die nuutaangelegde dorp (Spoelstra 1924:7). Hierdie erwe, genoem *Burgherrecht*-erwe, het ook gedien as betaling vir dienste in die grensoorloë gelewer (Pienaar 1968:392).

1.4.10 Swellendam

Die trek na die binneland het sekere eise aan die Kaapse bewindhebbers gestel. Daar moes voorsiening gemaak word vir die trekkers se burgerlike en kerklike behoeftes en derhalwe is daar in 1734 'n buitepos met 'n korporaal en nuwe manskappe opgerig ter beskerming van die boere. Met sy oprigting is dié buitepos *Fort De Rietvalleij aan de Buffeljagds Rivier* genoem; die plaas was later bekend as *Oupos* (Alheit 1948:18) en vandag as *De Rietvalleij*. Alheit teken aan dat hierdie buitepos ook gedien het as 'n rusplek vir die Kompanjie se manskappe wat na die streek gekom het om vee van die Khoikhoi te ruil. Terselfdertyd is die veeboere se ruiltransaksies met die Khoikhoi gemonitor (1948:18).

Die buitepos is in Hessequa-gebied aangelê. Reeds in 1676 en 1677 het sersant L Visser by die Buffeljagsrivier met die Hessequa ruilhandel gedryf, en Khoikhoi uit die omgewing het sedertdien gereeld hulle vee aan amptelike en onwettige veeruilers afgestaan. Met die stigting van die buitepos *Riet Valleij* is 'n VOC-ruilsentrum in die voormalige Hessequa-

gebied geplaas wat daarna ook die basis was van ontdekkings- en ruitogte verder oos. Die buitepos het op dié wyse verdere ontdekking en indringing van die binneland aangemoedig (Sleigh 1993: 576).

Nog 'n belangrike ontwikkeling was die stigting van 'n VOC-administrasie of drostdy, enkele kilometers wes van die buitepos, waarmee die VOC sy burokratiese greep verstewig het op die Europeërs wat in die omgewing gewoon of daar verbygeskuif het. Op sy reis na Mosselbaai in 1734 het goewerneur J de la Fontaine gesien hoeveel burgers reeds in die omgewing gewoon het.

In Januarie 1743 besoek 'n kommissaris, baron Gustav Willem van Imhoff, die Kaap onderweg na Nederlands-Oos-Indië, waar hy die hoogste pos van goewerneur-generaal sou aanvaar. Terwyl sy skip aan die Kaap vertoef het, het hy 'n inspeksiereis na die buitelandse distrikte onderneem en sy waarneming van toestande in die streek het hom so verontrus dat hy drie aanbevelings gemaak het, wat soos bevele deur die Politieke Raad (die regerende liggaam aan die Kaap) uitgevoer moes word:

- Twee predikante moes in die binneland geplaas word. Dit het gelei tot die stigting van die gemeente Tulbagh (Land van Waveren) in 1743 en die gemeente Swartland in 1745.
- 'n Sieketrooster moes op die verste uithoek geplaas word. In 1744 het Abraham Schietekat met sy werk as sieketrooster op Grootvadersbosch begin (Alheit 1984:19; Mentzel 1944:82).
- 'n Nuwe distrik, ondergeskik aan dié van Stellenbosch, moes geproklameer word. Op 12 November 1743 is 'n sub-drostdy vir die *Colonie in de verre afgeleegene districten* ingestel en 'n landdros en heemrade is aangestel (Alheit 1948:20).

In 1745 is die amptenaar se status tot landdros verhoog. Die nuwe landdros is in Februarie 1747 op die plaas *Appelsvalleij aan die Buffeljagtsrivier* wes van die buitepos gesetel, en in Oktober van dieselfde jaar is die naam Swellendam amptelik aan die distrik gegee. Die landdros moes onder meer die handels- en sosiale betrekkinge tussen die Khoikhoi en Europeërs, insluitend dié van die buitepos, reguleer (Sleigh 1993:576).

Kommissaris van Imhoff het verder bevind dat die halfjaarlikse milisie (krygsmag bestaande uit gedeeltelik opgeleide burgers, wat dus nie tot die beroepsmagte behoort nie) (HAT 1984: 700) oefeninge te Stellenbosch vir verder-wonende burgers heelwat ongerief veroorsaak het. Hy het aanbeveel dat 'n derde landsmilisie uit die twee ruiterafdelings van die Stellenbosse landsmilisie gevorm word, bestaande uit dienspligtige burgers oos van die Hottentots-Hollandberge (Bredenkamp 1988:2).

Die aanbevelings word op 12 November 1743 geïmplimiteer en 'n plaas aan die Kliprivier word as oefenplek aangedui. Terselfdertyd word vier heemrade, Cornelis van Rooije, Jan Loots, Andries Holshausen en Jacobus Bota de Oude, aangestel om onder toesig van die Stellenbosch-afdeling te sorg vir die bestuur van die gebied wat volgens die bekende skryster, ME Rothmann, vroeër ook bekend gestaan het as *de verafgeleegene Contreijen*. Op 2 Januarie 1744 word Johannes Theophilus Rhenius aangestel as die eerste adjunk-landdroos van die gebied (Bredenkamp 1988:4). Na Swellendam se stigting in 1743, het dié distrik in 1748 reeds 551 vryburgers en in 1795, 2 247 gehad (Giliomee & Elphick 1990:306).

Die eerste maatreëls vir die beheer van die distrik was egter nie suksesvol nie, en die nuwe drostdy is twee jaar later van die toesig van die landdroos van Stellenbosch onthef. Rhenius sou voortaan as gevolmagtigde landdroos optree, bygestaan deur ses heemrade.

Aanvanklik was daar geen sentrale dorp of plek van byeenkoms nie. Amptelike vergaderings is op een van die heemrade se plase gehou. Eers in Oktober 1746 het Rhenius en die heemrade 'n geskikte plek vir die oprigting van 'n drostdy gevind nadat 'n keuse tussen Grootvadersbosch, Buffeljagsrivier en die stroom wat later die Koorndlandsrivier genoem is, gemaak is. Verlof is hierna verkry om met die bou van die drostdy te begin. Die drostdy is aan die voet van die Langeberge langs die oewer van die Koorndlandsrivier opgerig. Die Koorndlandsrivier is een van die talle bergstrome wat uiteindelik in die Breederivier vloei. Sketse uit die vroeë geskiedenis van die distrik toon die Drostdy, die gevangenis en die tuine as enigste bakens. Die grond langs die oewers van die Koorndlandsrivier was besonder vrugbaar en in 1777 het die koringlande en tuine van die drostdy tot op die rivierwal gestrek (Bredenkamp 1988:10).

Die Politieke Raad het op 26 Oktober 1747 besluit om hierdie distrik Swellendam te noem. Die naam is 'n samevoeging van die vanne van die destydse goewerneur, Hendrik Swellengrebel, en sy vrou, Helena ten Damme. Die drostdy en 'n aantal ander geboue is teen 1747 voltooi. Die latere dorp Swellendam het rondom dié geboue ontwikkel. In 1750 is daar begin met die werklike aanlê van die dorp en die uitmeting van die eerste erwe vir gebruik deur persone buite die kompanjiesdiens (Alheit 1948:20; Bredekamp 1988:4). Volgens Pearse was Swellendam in 1760 steeds 'n klein plekkie. Daar was nie 'n kerk nie, maar die dorp het 'n skool gekry en die onderwyser het godsdiens gehou (1956:75). Om die toegang van die Kaap na Swellendam te vergemaklik, is 'n pont in 1757 oor die Breederivier geplaas (Smit 1974:16).

Swellendam as dorp het aanvanklik stadig gegroei. GM Theal beweer dat Swellendam in 1769 niks meer as 'n klein gehuggie was nie. Hierdie stelling word onderstreep deur die dagboekaantekeninge en sketse van dr Hendrik Swellengrebel, seun van goeweneur Swellengrebel, en Johannes Schumacher, 'n tekenaar wat die dorp in 1776 besoek het. Hoewel klein en relatief onbelangrik in vergelyking met die groter Wes-Kaapse dorpe soos Stellenbosch en Kaapstad, sou Swellendam, saam met die grensgebied Graaff-Reinet, een van die brandpunte van historiese verwickelinge in die laaste jare van die 18de eeu word (Bredekamp 1988:11).

Die grense van die Swellendam-distrik het van die Breederivier tot aan die Boesmansrivier, en vanaf die Groot Swartberg (latere Ladismith) tot teen die see gestrek. Die distrik het 'n baie wye area beslaan en was betreklik dun bevolk vir sy groot omvang (Alheit 1948:21).

Gedurige verstoë, versoekskrifte en petisies van die Swellendam-burgers waarin gepleit is vir 'n predikant en 'n kerk, het telkemale op dowe ore geval. Ontevredenheid onder burgers hieroor én die Kompanjie se ongeërgheid jeens beskerming teen Xhosa- en Boesmanstroperbendes, het in 1795 tot 'n uitbarsting gelei. Op 18 Junie 1795 het kommandant PJ Delport en 60 burgers die drostdy beset. Landdros Faure en die heemrade is uit hulle poste ontslaan en 'n vrye republiek is uitgeroep met heemraad Hermanus Steyn as president en die drostdy as setel (Kruger 1973:127-128).

Swellendam en Graaff-Reinet het hulself steeds as kolonies gesien, egter nie van die VOC nie, maar regstreeks van die soewerein, die vrye Republiek van Nederland (Kruger 1973:128).

Die nuutbevryde Swellendam het egter skaars tot stand gekom toe Brittanje om strategiese redes besluit het om die Kaap in besit te neem. Ongeveer vier maande later is die Kaap in die Slag van Muizenberg deur Brittanje verower. Die verdediging aan die Kaap was swak georganiseer met geen vertroue in die leërleiding nie. Met die formele oorgawe van die Kaap aan Brittanje op 16 September 1795, het die gesag van die VOC aan die Kaap tot 'n einde gekom (Bredenkamp 1988:12).

Die Swellendammers het die Britte se vredesvoorwaardes aanvaar en op 4 November 1795 is die Britse getrouheidseed onderteken en die drostdy aan landdros AA Faure teruggegee. Hermanus Steyn het teruggekeer na sy plaas, Jan Harmans Gat. Op 5 Mei 1797 word graaf Macartney goewerneur aan die Kaap. Toe kommandant PJ Delport van Swellendam weier om die eed van getrouheid af te lê, is hy gearresteer en sonder verhoor verban. Met hierdie stap het Macartney onsuksesvol gehoop dat hy vrees sou inboesem deur van Delport 'n pasifiserende voorbeeld te maak. Dit het eerder daartoe gelei dat die onrus en ontevredenheid in die oostelike distrikte opnuut opgevlam het (Bredenkamp 1988:12-13).

Gedurende dié stormagtige jare het die dorp nie veel uitgebrei nie en teen 1798 was Swellendam 'n klein nedersetting met 20 yl verspreide huisies in die vallei. Bredenkamp het Swellendam as 'n drostdy en nywerhede wat daar rondom ontwikkel het, gesien (1988:13). ME Rothmann, en haar dogter, A Rothmann beskou die afwesigheid van 'n kerk gedurende die eerste 55 jaar van die dorp se bestaan as hoofrede vir die stadige uitbreiding. Die inwoners moes 'n moeisame reis na Kaapstad, Stellenbosch, Tulbagh of Paarl onderneem vir huweliks- en doopseremonies. Ouers het dikwels eers 'n doopplegtigheid bygewoon wanneer hulle twee of drie kinders gehad het, wat almal gelyk gedoop is (Bredenkamp 1988:13).

Op 3 Mei 1798 reik Macartney 'n opdrag uit waardeur Swellendam sy eie kerkgebou en gemeente kry. Alhoewel dié opdrag op aandrang van die bewoners van die streek kon wees, is die aanleidende oorsake vir die opdrag onbekend. WA Alheit meen dat die

owerhede daarmee die burgers se goedgesindheid wou verseker en van die predikant se invloed gebruik wou maak om stabiliteit en vrede in Swellendam te verseker. Daar is toe ook vir die eerste keer van ampsweë aan die onderwys in Swellendam aandag gegee (Bredenkamp 1988:13; Pearse 1956:130). Volgens Dreyer, wat die *Geskiedenis van die gemeente Swellendam* geskryf het, is die gemeente in 1798 gevorm en die kerk in 1802 voltooi. Dié kerk is gebou op inisiatief van 'n vroeëre Swellendamse predikant, Von Manger (Van Reenen 1803:37). In teenstelling hiermee beweer Lichtenstein, wat Swellendam in Desember 1803 besoek het, dat hierdie kerk 'n kleiner kerk, wat met die stigting van die dorp gebou is en aan die einde van die 18de eeu ineengestort het, vervang het (1928:200). Die tweede kerk is volgens hom van 1800 tot 1801 opgerig (Lichtenstein 1928:200).

Die Britse besetting van die Kaap was net tydelik en die Kaap is in 1802 aan die Bataafse Republiek afgestaan. Die oostelike distrikte, veral Graaff-Reinet, was as gevolg van die grensgeskille met swart volke in 'n toestand van wanorde. Swellendamse kommando's was, sonder veel sukses, gedurig in die veld om hulle verder-wonende grensgenote te help. Kort na hulle aankoms aan die Kaap het die nuwe goewerneur, Jan Willem Janssens, en kommissaris JA de Mist elk 'n uitgebreide reis deur die Kolonie onderneem om hulself op die hoogte te bring van die algemene toestande (Bredenkamp 1988:13).

Die Duitse geneesheer, dr H Lichtenstein, en die jonkvrou, Augusta Uitenhage de Mist, het Swellendam besoek as deel van kommissaris De Mist se geselskap. Volgens mej De Mist was Swellendam een van die belangrikste plekke waardeur hulle gereis het. In 1803 beskryf sy én dr Lichtenstein die voetgangersbruggie oor die Koorlandsrivier en die boomryke straat wat daarvandaan na die drostdy lei. Om die drostdy te bereik, moes waens en perde die stroom deurkruis en wanneer dit in vloed was, moes daar soms 'n volle dag gewag word voordat dit gewaag kon word om die stroom oor te steek. Sy beskryf die dorp as 'n enkele ry huise langs die straat wat na die kerk gelei het, terwyl die inwoners as ambagsmanne en handelaars beskryf word (Bredenkamp 1988:14).

Die inwoners van die distrik was teen 1829 feitlik almal by landbou betrokke. In die vervaardigingsbedryf was nege-en-negentig mense, veral in wamakery en die boubedryf, en drie in die handel. In hierdie tyd het die openbare geboue bestaan uit: die drostdy vir

gebruik deur die siviele kommissaris as woonhuis en kantore; die poskantoor; die magistraat se hofsaal en kantore van die vrederegtter; die tronk en die tronkbewaarder se huis; die kerk, pastorie en die voorleser (persoon, anders as die prediker, wat Skrifgedeeltes by 'n diens in die kerk lees) se huis. In die dorp was daar tussen 50 en 60 privaat huise (Stopforth 1974:88-89).

Selfs die finansiële verlies veroorsaak deur die vrystelling van die slawe kon volgens Stopforth nie verhoed dat Swellendam sedert 1830 baie welvarend geword het nie (1974:85). 'n Eeu van blanke vestiging het bygedra tot sekuriteit in die distrik. Boere wie se voorgeslagte hulle in die streek kom vestig het, eers op soek na weiding en later om te plant en te oes, was nou in besit van wingerde en koringlande wat vergelyk kon word met dié naby die Kaap (1974:85). Met die vestiging van die merino het wolboerdery al belangriker geword. Die verbeterde passe het gelei tot beter vervoerstelsels en die oopstelling van die Breederivier as waterweg na die see, het onbepaalde vooruitgang op die gebied van die landbou moontlik gemaak (Stopforth 1974:85).

Die vooruitgang in boerderyaktiwiteite het die dorp positief beïnvloed en heelwat meer huise is gebou. Hierdie ruim huise met hulle fynafgewerkte gewels toon dat vindingryke boumeesters vir baie van die bouwerk verantwoordelik was. Hulle is bygestaan deur bedrewe Maleise vakmanne uit die Kaap, wat later aangevul is deur vrygestelde slawe. Voorbeelde van geboue wat in hierdie tyd opgerig is en wat Stopforth opgeteken het en vandag nog bestaan, (1974:86-88) is:

- Auld House, c1826 (Voortrekstraat 4): Die huis het voorheen aan Wilhelm Paulsen behoort. Dit is in 1826 deur Joseph Barry gekoop en op 25 Augustus 1834 is dit beskadig in die groot brand, wat Swellendam se geboueskat en rekordhouding groot skade berokken het. Barry het dit in 1835 herstel en terseldertyd 'n ry nuwe kamers aangebou.
- Die Barry Godown, c1830 (bestaan nie meer nie): Die sakeperseel van Barry en Neefs is teen 1830 gebou. Dit het links van die NG Kerk gestaan. Die woord *godown* is afgelei van die Maleise *godong* wat winkel beteken.

- Die Oefeningshuis, c1838 (Voortrekstraat 36): Die Oefeningshuis is in 1838 voltooi in opdrag van 'n komitee direkteure met die doel om die heidene te onderig, tot die Christendom te bekeer en om hulle godsdiens te beoefen.
- Hope Lodge, 1839 (Voortrekstraat 218): Die gebou is deur W Hopley, wat van 1821 tot 1868 landmeter op Swellendam was, gebou.
- Kliprivier, c1830 (plaaswoning): Marthinus Steyn het in 1833 eienaar geword van dié huis (sien figuur 2).



Figuur 2: Kliprivier (MS DM Tomlinson 1942:gp)

- Rothman se JVDS-Huis, 1834 (Voortrekstraat 268): Die huis is deur Johannes Christoffel Rothman gebou. Langs die huis was 'n klein buitegebou wat Rothman vir sy wamakery gebruik het. Daar word beweer dat JVDS vir *Jaar Van De Slaven* staan en dit word bevestig deur die woorde *Vry Gekoght* wat op een van die gewels voorkom.
- The Cottage, c1830 (Voortrekstraat 5): In 1832 is die grond waarop die huis staan aan Otto Willem Falck gegee. Die huis is waarskynlik gedurende die 1830's gebou.
- The Old Residency, c1839 (Van Oudtshoornweg 12) : Die eiendom is in 1839 aan Thomas Barry gegee wat dadelik 'n huis gebou het wat as dorpshuis kon dien. Hy het op Port Beaufort gewerk.
- Westfield, 1832 (plaaswoning): Die opstal is deur Benjamin Moodie gebou op 5 350 morg grond wat sir Lowry Cole in Oktober 1831 aan hom geskenk het (sien figuur 3). Die plaas was oos van Port Beaufort en hy het dit Westfield genoem.



Figuur 3: Westfield (MS DM Tomlinson 1942:gp)

Teen 1841 het die vervaardigingsbedryf, veral wamakery, belangriker geword, veral as gevolg van die groot aanvraag na waens wat deur groter boerderybedrywighede en aanvraag vanaf anderkant die Oranjerivier geskep is. Die openbare geboue was nog dieselfde as in 1828, behalwe dat die Oefeningshuis en Leeskamer bygekom het. Die dorp het in daardie stadium ongeveer 90 privaat huise gehad (Stopforth 1974:89).

Teen die middel van die 19de eeu was Swellendam 'n florerende kommersiële sentrum op die roete na die nuutgestigte distrikte van die Britse Koloniale Regering in die Oos-Kaap. In later jare is die hawe Port Beaufort in die mond van die Breederivier, sowat 80 km van Swellendam, geopen. Boere het gehoop dat hulle produkte makliker per see na die Kaap verskep sou kon word en dat dit heelwat ekonomiese voordele vir die distrik sou inhou. Hierdie vergesigte het egter nooit gerealiseer nie, hoewel dit tog 'n mate van verligting in die moeisame reise na die Kaap gebring het. Die aanvraag na waens het met hierdie stap afgeneem, alhoewel handelsware steeds per wa vanaf Port Beaufort na Swellendam, en later Riversdal, vervoer moes word (Bredenkamp 1988:15).

Reisigers soos Andrew Steedman, Charles Bunbury, John Fawcett en James Backhouse, wat gedurende hierdie jare die dorp besoek het, skryf almal van die dorp se skoon en mooi voorkoms. Hulle maak melding van die goedgeboude huise wat op groot erwe gestaan het, omring deur netjiese tuine, boorde en lane (Stopforth 1974:92).

Walton sê al die dorpsgeboue – of dit nou huise, skole, kerke, herberge of openbare geboue was – het dieselfde patroon vertoon of dieselfde konstruksiemetode gehad. Almal was reghoekige geboue met gewels, mure van klei of klip en grasdakke (Nienaber 1986:78).

De Wet is van mening dat die distrik na 1827 van 'n toonaangewende Overbergse distrik, tot een met slegs tradisie gekwyn het. Hierdie toestande het tot aan die begin van die twintigste eeu voortgeduur (1953:83-84). Waarskynlik omdat buurdorpe soos Caledon, Bredasdorp, Heidelberg en Riversdal bygekom het.

Die dorpsbestuur is in 1862 aangestel en munisipale status is in 1904 verkry.

HOOFSTUK 2

INVLOEDE OP BOUWERKE

2.1 Inleiding

Giliomee en Elphick analiseer verskeie bronne se verwysings na die materiële kultuur van blankes, slawe en Khoikhoi en bevind dat daar volop verwysings is *na oppervlakkige kwessies van materiële kultuur*. Hul bronne toon 'n opmerklieke samevloeiing van die materiële kultuur van blankes, slawe en Khoikhoi en hulle meen dit dui op 'n aansienlike invloed van die Khoikhoi op ander groepe (1990:234). In sommige meer gevestigde veeboergebiede het blankes kliphuise gebou; maar die tipiese woning was skynbaar 'n kleistruktuur van twee vertrekke met 'n grasdak, gate vir vensters en 'n biesiesmat deur (Giliomee & Elphick 1990:234). Maar was dit so eenvoudig en algemeen soos Giliomee en Elphick beweer? Pretorius bevestig dat hoewel die boumateriaal van plek tot plek gewissel het, daar 'n groot mate van eenvormigheid in die huise van die veeboerpioniers was. Selfs die huise van welgestelde veeboere het slegs twee kamers gehad (1986:33). Die waterbestande biesiesmatte was uit die Khoikhoi-kultuur afkomstig en is ook deur die boere onder bokseile gebruik om hul waens te bedek (Giliomee & Elphick 1990:234-235). Bodemgesteldheid en ekonomiese faktore het boumateriaal en die grootte van meer permanente wonings bepaal en hulle verskil gevolglik van streek tot streek.

Op die plase van veeboere het Khoikhoi-werkers óf in hul eie hutte gewoon met hul gesinne, óf saam met slawe en blankes in laasgenoemde se woonhuise. Baie blankes het nog heelwat eenvoudiger gewoon in mathutte wat reisigers nie van dié van die Khoikhoi kon onderskei nie. Baie hiervan was moontlik tydelike wonings van nuwe intrekkers of die gevolg van 'n tekort aan bouhout, maar daar was verskeie afgeleë streke waar blankes op meer permanente basis van mathuise, tente of waens gebruik gemaak het of eenvoudig onder 'n boom geslaap het omdat hul lewens net so nomadies was soos dié van die Khoikhoi (Giliomee & Elphick 1990:235).

Blankes en slawe het ook ander aspekte van die Khoikhoi-veekultuur aangeneem. Die Khoikhoi het die veld afgebrand om die weiding te verbeter en vroeg in die 18de eeu het

die blankes dieselfde begin doen. Thunberg, 'n Sweedse geneeskundige, botanikus en reisiger wat die Kaap van 1772 tot 1775 besoek het, het opgemerk dat arm koloniste melk in velsakke gehou het, wat soos dié van die Khoikhoi vervaardig is. Die Sweedse wetenskaplike Sparrman wat die Kaap in die 1770's besoek het, het aangeteken hoe blankes stukke wildsvleis (wat later biltong genoem sou word), nes die Khoikhoi, op bome en bossies gedroog het. Oor die algemeen het die blankes nie die Khoikhoi se kleredrag oorgeneem nie; soms het hul kinders skaapvelle gedra, en af en toe het 'n boer soos Willem van Wijk, wat in 'n Khoikhoi-plegtigheid met die dogter van 'n Nama-hoofman getroud is, hom soos 'n Khoikhoi geklee en gedra. Reisigers meld dikwels die wydverspreide gebruik van velskoene wat selfs in Kaapstad aangetref is. Volgens Giliomee en Elphick het die Khoikhoi ook sandale uit huide of diervelle gemaak (1990:235).

Aan die ander kant skets Bredenkamp nóg 'n prentjie oor die pioniersbestaan en beweer dat die pionier se eenvoudige en geïsoleerde bestaan bygedra het tot die ontwikkeling van 'n eiesoortige aard en karakter. Dit is vir hom merkwaardig dat mense wat so min onderlinge kontak gehad het, so 'n ooreenstemmende gees en karakter, selfs in hul daaglikse leefwyse kon openbaar (1988:9). Hulle was volgens hom nie net selfvoorsienend nie, maar ook baie konserwatief. Eienskappe soos vindingrykheid, vryheidsliefde, selfstandigheid, gelykwaardigheid, eiesinnigheid, hardkoppigheid en 'n besondere taaiheid en uithouvermoë het hulle onderskei van die ander Kaapse inwoners. Wat hierdie grensbewoners waarskynlik gevrywaar het van verval en verwildering was hul sterk Calvinistiese inslag en die aanvaarding van die Bybel as absolute lewensrigsnoer (Bredenkamp 1988:8-9).

Volgens Guelke was die trekboere nie selfversorgende boere soos hierbo beweer is nie. As redes word aangevoer dat hulle dwarsdeur die jare van koloniale uitbreiding hul ekonomiese bande met die Kaap behou het, veral waar 'n redelik goeie aanvraag na binnelandse produkte bestaan het. Hulle uitbreidings sou nie moontlik gewees het sonder gewere, kruit, waens en ander nywerheidsware, wat hulle slegs in ruil vir binnelandse produkte kon verkry nie. Afgesien van noodsaaklike goedere en handelsartikels het trekboere voorts 'n sekere hoeveelheid kontant benodig om distrikbelastings en die huur van hul leningsplase te betaal, hoewel dit ook met goedere gedoen kon word. Alhoewel hulle nie volkome selfversorgend was nie, was die trekboere ook nie winsjagters wat hulle

met die oog op kommersiële voordeel aan die grens gevestig het nie (Giliomee & Elphick 1990:89-90).

Die trekboere in die binneland het 'n oorfloed van grond en hulpbronne gehad wat hulle in staat gestel het om ten spyte van hul isolasie in “ruwe gemak” te leef. Hulle het daarin geslaag om 'n beskeie lewenstandaard te bereik sonder om aan die ruilekonomie deel te neem (Giliomee & Elphick 1990:91). Die feit dat die veeboer nie kontant beskikbaar gehad het nie, het hom des te meer van die omgewing afhanklik gemaak vir sy boumateriaal.

Anders as wat met die plase van landbouers die geval was, was dié van die veeboere, met inbegrip van die opstal, slawe, veestapel en gereedskap, geneig om met verloop van tyd in waarde te verminder. Die toestande waardeur 'n klein aantal trekboere as bykans selfonderhoudende veeboere 'n beskeie bestaan kon voer, het reeds voor 1780 begin ineenstort (Giliomee & Elphick 1990:94). Dit bied 'n verklaring vir die eenvoud van die wonings en ander strukture. Die voorkoms van die aantal langhuise in die omgewing van Swellendam, waar mens en dier onder een dak gewoon het, word ook hierdeur verklaar.

2.2 Lewensomstandighede

Die hoë koste van 'n akkerbouplaas het dit vir 'n groot aantal redelik gegoede tot arm mense onmoontlik gemaak om landbouers te word. Waar hierdie mense (wat tot f1 000 besit het) dan besluit het om hul kapitaal in veeboerdery te belê, het hulle die enigste prosedure gevolg wat hulle 'n redelike kans gebied het om 'n bestaan te maak en terselfdertyd hul selfstandigheid te behou. Die aansoeke om leningsplase het voortgeduur, deels omdat daar geen gangbare alternatiewe was nie. Gevestigde landbouers het nie hul eiendomsplase verkoop om in die binneland veeboere te gaan word nie. Die gegoede landbouers het dikwels ter wille van hul vee leningsplase aangehou, maar dit was nie hul belangrikste bates nie (Giliomee & Elphick 1990:90).

In die algemeen word daar na die boere in die buiteland en op die voorposte verwys as veeboere. Mentzel, 'n Duitse reisiger wat die Kaap van 1733 tot 1741 besoek het, beweer dat daar onder hulle welgestelde en arm boere was, maar dat selfs die welgesteldes met hulle groot getalle vee, net so 'n karige bestaan soos die armer boere gemaak het (1944:110-121). Pearse op sy beurt verwys na die veeboere as dié boere wat die minste in

die beskawing vooruitgegaan het. Hulle is geplaas in 'n land waar geen luukshede was nie. Alhoewel hulle baie vee gehad het, het hulle selde melk of botter gebruik en het hulle net sowat drie keer per week vleis geëet (Pearse 1956:125). Hy meld nie wat hulle verder geëet het nie en verras die opmerking. Die vraag ontstaan wat het hulle geëet? Die inwoners van Swellendam en die ander grensdistrikte het in vele opsigte van hul tydgenote in die meer gevestigde Kaapse distrikte verskil. Hulle was hoofsaaklik boere wat yl-verspreid gewoon en die bestaande dorpe min besoek het. 'n Besoek aan die Kaap kon, as gevolg van die swak toestand van die paaie, uit en tuis maklik twee maande duur. Omdat dit 'n duur en moeisame onderneming was, het die meeste Swellendamse inwoners die Kaap net een keer per jaar besoek (Bredenkamp 1988:8).

Mentzel bevestig dat die bevolking tussen Swellendam en Mosselbaai yl-verspreid was en dat die inwoners van dié streek nie reisigers goed kon ontvang nie. Alhoewel hulle baie vee besit het, het sommige net beeste, en ander net skape gehad. Sou die weiding dit toelaat, het sommige gebiede beeste en skape gehad, maar dit was volgens Mentzel eerder die uitsondering as die reël. Die verkoop van botter en skaapvleis vir ekstra inkomste was nog nie goed ontwikkel nie (1944:84).

Gedurende die pionierperiode was daar geen sosiale en ekonomiese klasseverskille tussen die blankes nie. Al wat 'n ryker boer kon onderskei, was sy aantal vee, die welsyn van sy kinders en dalk 'n goeie span osse en perde. Vanweë hierdie sosiale gelykheid het blankes waarskynlik nie graag vir mekaar gewerk nie, aangesien hulle hulself dan sou gelykstel met die slawe en Khoikhoi wat hulle as heidene bestempel het (Van der Merwe 1938:184-186). Van Imhoff skryf in sy instruksies aan goewerneur Hendrik Swellengrebel dat baie boere dit as 'n vernedering beskou het om met hul hande te werk en dat so 'n “swak voorbeeld net die *knechts* slegter gemaak het” (Whiting Spilhaus 1966:99). Dit was van die begin af nooit in die blanke pionier se aard om vir 'n ander te werk nie. Voor 'n seun homself verhuur het as arbeider, het hy eerder die pioniersbestaan aangedurf en 'n veeboerdery in die binneland begin (Van der Merwe 1938:175).

Thompson, 'n reisiger van die Kaap, teken aan die begin van die 19de eeu aan dat dit vir 'n veeboer noodsaaklik was om die volgende besittings te hê:

'n Wa wat aangekoop kon word vir *f* 350

'n Span van 10 osse	<i>f</i>	150
'n Hingsperd en twee merries	<i>f</i>	200
50 koeie en jong vee	<i>f</i>	500
Vyfhonderd skape en bokke	<i>f</i>	<u>1 000</u>
TOTAAL	<i>f</i>	<u>2 200</u>

Volgens Thompson was 'n groot geweer, byl, dissel, hamer, 'n paar wakiste, 'n karring, 'n groot ysterpot (vir seepkook) en een of twee kleiner potjies (vir koskook) ook absoluut essensieel om 'n veeboer omstreeks 1827 in Suid-Afrika te kon vestig (1968:134). Met hierdie eiendom kon die veeboer trou, 'n Khoikhoi-familie huur en die wildernis intrek.

Jag en veeruil is algemeen beoefen om in die pioniertrekboer se voedselbehoefes te voorsien. Selfs welgestelde boere het op jag staatgemaak. Jag en ander aspekte van ekstensiewe veeboerdery het die pioniers in 'n toestand van hoë mobiliteit gehou. So het die trekboer wat dwarsdeur die loop van die pioniergeskiedenis op die voorposte van die beskawing gestaan het, die binneland ingetrek. Die boerderybedryf het 'n tradisie op die platteland geword en uitgebrei namate die bevolking vermeerder het. Gevolglik het 'n steeds groeiende behoefte aan nuwe grond ontstaan, wat 'n toenemende trek die binneland in verseker het (Bredenkamp 1988:8).

Die trekboere het nie die natuurlike hulpbronne verbeter nie, maar dit eerder oorbenut. Daar is volgens Guelke talle verwysings na die afname in hulpbronne gedurende die tweede helfte van die 18de eeu (Giliomee & Elphick 1990:93). In 'n versoekskrif aan die Kaapse owerheid in 1758 het Swellendamse amptenare die agteruitgang van die veld gedeeltelik aan die hulpbehoewende toestand van die distrik se inwoners toegeskryf, en gevra dat die huur op leningsplase verlaag word. Soortgelyke klagtes is in later jare deur distriksamptenare in Swellendam en Stellenbosch ingedien (Junie 1771 en Mei 1776) (Giliomee & Elphick 1990:93). Hierdie amptenare, wat self ook grensboere was, het die omvang van die agteruitgang van hulpbronne ongetwyfeld oordryf ten einde eise vir lae huurgeld of meer grond te steun, maar dat hul bewerings in wese waar was, word deur onafhanklike waarnemers bevestig. In 1776 het Robert Gordon berig dat dele van Swellendam wat voorheen ryk was aan grassoorte, bedek is met bossies wat die beste nie wou vreet nie (Giliomee & Elphick 1990:93-94).

Volgens die *Opgaaf* van 1798 het die bevolkingsgetalle en produkte gelewer van die uitgestrekte Swellendam-distrik soos volg daar uitgesien:

Bevolking:

Mans	1 070
Vroue	639
Seuns	791
Dogters	987
Bediendes en vry persone van kleur	<u>300</u>
TOTAAL	<u>3 967</u>
Manlike slawe	onbekend
Vroulike slawe	onbekend
Slawe kinders	onbekend
TOTAAL	2 196
Khoikhoi	500
Slawe en Khoikhoi	2 696
Bevolking van Swellendam	6 663

Voorraad en produkte:

Perde	9 049
Horingvee	52 376
Skape	154 992
Vate wyn gemaak	220
Muddens koring	16 720
Muddens gars	onbekend
Muddens rog	10 554

(Barrow 1968:369).

Lichtenstein, die Duitse geneesheer en natuurkenner wat die Kaap in 1803 besoek het, beskryf die veeboere van die Swellendam-distrik as meer welvarend as dié in die ander voorposdistrikte, en baseer sy stelling op die aanname dat hulle die Kaap waarskynlik meer gereeld kon besoek (Pearse 1956:122). Lichtenstein het ook waargeneem dat die beter lewensomstandighede aan hierdie streek se mense die voorkoms van 'n meer gepoleerde

lewe gegee het. Daar was 'n soort luuksheid en afronding by die hoër klasse, wat nie deur die laer klasse, wat hul bestaan uit houtkap gemaak het, nagestreef kon word nie. Die meeste van hulle was in fyn linne of katoen geklee en hul huise was netjies en ruim. Volgens Lichtenstein het geen deel van die kolonie oor beter boumateriaal beskik nie (Pearse 1956:122). Hierdie waarnemings van Lichtenstein is ongeveer veertig jaar na die bogenoemde tydperk van agteruitgang gemaak.

Alhoewel die rede nie ondersoek is nie, het Swellendam rondom 1830 die tweede meeste slawe-eienaars aan die Kaap gehad het. Die getalle was:

Stellenbosch: 842 eienaars

Swellendam: 557 eienaars

Worcester: 507 eienaars

(Stopforth 1974:95).

2.3 Ekonomie

Die VOC is ten tye van sy wydste uitbreiding bedien deur diensstasies of *Buizen Comptoirs* (Sleigh 1993:94). Sleigh, 'n historikus en kenner van die buiteposstelsel (gedesentraliseerde diensstasies), het aangeteken dat dié stelsel die blanke vryburgers se leefwyse positief en negatief beïnvloed het (1993:94, 741). Die boere se afkeer van die landbouposte is reeds in 1708 deur kommissaris CJ Simons waargeneem. Die poste het die beste water, weiding, brand- en timmerhout gehad en die vrugbaarste grond beset, en ook die enigste produktemark oorheers, terwyl die burgers in al dié opsigte met swakker geleenthede tevrede moes wees en ten duurste vir arbeid, vee en gereedskap moes betaal. Daarby was hulle verplig om pad te gee as die regering hul grond wou hê. Die buiteposte betrokke by vervoer, landbou, houtkappery en veeruil het jare lank die plaaslike ekonomie versterk en die ontwikkeling van vryhandel in vee, die produksie van groente en ander skeepsverversings en die bedryf van 'n openbare vervoerstelsel belemmer. Aan die positiewe kant kan die buiteposte gesien word as kweekskole waar Europese soldate (die toekomstige vryboere en boereknegte) as posvolk (sien woordelys) geleer het om te ploeg, te oes, hout te kap en met vee te werk. Die buiteposte het in hul eie omgewings nuwe handelsgeleenthede vir burgers geskep soos byvoorbeeld vir graanproduksie in die omgewing van *Mossel Baaij*, en vir timmer- en wamakershout by die buitepos *Plettenbergs Baaij*. Die posstelsel het ook nuwe verbindingsroetes in die Wes-Kaap,

Overberg en Suid-Kaap geskep, wat burgerlike vervoer en kommunikasie aangehelp het (Sleigh 1993:741). Op die plek, of in die nabye omgewing, van verskeie Kaapse buiteposte het latere dorpe ontstaan, omdat dit bekende ontspannings- of handels- en administratiewe sentrums was. Voorbeelde hiervan in die studiegebied is Caledon (*'t Warme Bad*), Riviersonderend (*Tijgerhoek*), George (*Outeniqualand*), Mosselbaai en Plettenbergbaai (Sleigh 1993:742).

Veeboerdery het nie hoë kapitale eise aan die beginner gestel nie. Deur as arbeider op 'n veeplaas te begin, kon 'n voornemende boer vee in die hande kry, of hy kon by 'n vriend of familielid vee verniet of om die helfte van aanteel kry. Die meeste boereseuns het reeds 'n klompie vee besit teen die tyd wat hulle oud genoeg was om selfstandig te boer. Hul ouers het gewoonlik van hul geboorte vir hulle vee laat merk. 'n Huwelik kon 'n boer se veestapel verder versterk, omdat ook die boeredogters vee besit het (Van der Merwe 1938:178-179).

Vir DG van Reenen, eienaar van die plaas Rhenosterfontein in die Swellendam-distrik, was die streek rondom Swellendam se ekonomiese toestand aan die einde van die 18de eeu en die begin van die 19de eeu, nie rooskleurig nie. Die plase in die streek het 'n groot watertekort gehad en Van Reenen het hieruit afgelei dat geen nuwe plase tussen die reeds bestaande plase toegeken kon word nie. Die inwoners het 'n bestaan gemaak deur hout in die woude langs die *Rivier Zonder Eijnd* en *Groot Vaders Bosch* (die landstreek noordoos van Swellendam) te kap, en in die Kaap te verkoop. Hierdie voorreg is later opgeskort en net toegestaan as hout vir eie gebruik gekap is. Vir koringproduksie was die afstand na die Kaap te groot en die vervoerkostes gevolglik te veel. Weens die siektes in die gebied van Swellendam tot by die Koeniekuilsrivier vroeër die Kafferkuilsrivier, het hierdie distrikte nie lewendige vee vir die Kaapse mark gehad nie en kon daar volgens Van Reenen in hierdie streek geen vee vir 'n wins grootgemaak word nie. Van Reenen is ook van mening dat die plase in hierdie distrik in die algemeen nie genoeg profyt kon maak nie (Blommaert & Wiid 1937:272-275). Hierdie siening van Van Reenen staan in sterk kontras met die waarnemings van Lichtenstein in min of meer dieselfde tydperk. Sy waarnemings is waarskynlik beïnvloed deur sy verbintenis met die streek. Van Reenen was 'n bekende boer van die streek.

Alhoewel skepe vroeg reeds aanbeveel is om aan die ooskus aan te doen, het die VOC geglo dat dié handel nie die oprigting van hawens regverdig nie, en die trekboere het afhanklik gebly van die oorlandse roete om in die Kaap te kom. Die hoë vervoerkoste is ook weerspieël in die pryse van alle goedere wat van die buiteland ingevoer is. Die trekboer het onder groot ekonomiese druk verkeer om sodanige goedere tot die minimum te beperk. Ingevoerde goedere wat gewoonlik as noodsaaklik beskou is, het gewere, kruit, koffie, tee, tabak, suiker en (in die vroeë jare) seep ingesluit. Gewere en kruit was heeltemal onontbeerlik, maar die oorfloedige wildtroppe het die trekboere van grondstowwe soos horings en velle voorsien, waarvan plaasvervangers vir 'n hele aantal vervaardigde goedere gemaak kon word. Die Sweedse botanikus Carl Peter Thunberg, wat die grens in die sewentigerjare van die 18de eeu besoek het, het opgemerk dat rieme wat uit velle van diere gemaak is, word oral deur die boere in plaas van koorde en toue gebruik, sowel vir die takelwerk van waens as ander doeleindes. Trekboere in afgeleë gebiede het oor die algemeen 'n armoedige indruk op Europese besoekers gemaak (Giliomee & Elphick 1990:91-92).

'n Nuwe beroep het ontstaan uit die behoefte aan vervoer van goedere na sekere dele van die binneland. Behalwe vir die vervoer van handelsware vanaf een punt na 'n ander, of *transportry* soos dit in die volksmond bekend gestaan het, was die ossewa ook die tuiste van togryers. Togry het vir die Afrikaner vanaf die middel van die 19de eeu 'n spesiale betekenis gehad. Dit was 'n winsgewende onderneming en het veral die jonger geslag se avontuurlus bevredig. In die Swellendam-distrik het togry volgens ME Rothmann daaruit bestaan dat boere plaasprodukte soos amandels, okkerneute, gedroogte vrugte, rosyne, blatjang, asyn, moskonfyt, allerhande soorte drank, sweepstokke en kruie soos boegoe, karmedik, klipsweet, stinkblaar, renosterbossietoppe en vele ander, ingelaai en na die Onderveld (Vrystaat en die voormalige Transvaal) geneem het om daar van die hand te sit. Handelsware soos vee, vet, botter in vaatjies, biltong, soutribbetjie, seep en velle is weer teruggebring en tuis gebruik of verkoop (Bredenkamp 1988:15).

Ekonomiese isolasie het 'n groot mate van selfgenoegsaamheid op alle grensplate meegebring. Sonder die basiese benodighede vir volgehoue ekonomiese groei het die Kaapse binneland vir die grootste deel van die 18de eeu ekonomies gestagneer (Giliomee & Elphick 1990:96-104). Hierdie opsomming van die situasie op die grense word verder

ondersteun deur die eenvoud van die wonings, buitegeboue en krale. Bouwerke het in die pionier se heel eenvoudigste en mees basiese behoeftes voorsien, met die gevolg dat daar nie altyd aandag aan versiering en afronding gegee kon word nie.

Die mees beduidende voorbeeld van die wyse waarop koopmanne die Kaapse binneland ingedring het, word gevind in die handelsryk wat in die omgewing van Swellendam opgebou is deur die firma *Barry & Nephews* (Giliomee & Elphick 1990:274). Die firma se naam in Hollands het aanleiding gegee tot een van die Kaap se eerste reklamerympies: *Al's jy lekker wilt leven, koop by Barry en Neven* (Burrows 1952:255).

Joseph Barry, die senior vennoot, het in 1819 in Suid-Afrika aangekom en gou met kusvaart begin. Hy was verantwoordelik vir die ontsluiting van Port Beaufort by die mond van die Breederivier as 'n distribusiepunt vir die opbrengs (veral graan en wol) van die vlaktes rondom Swellendam. Dit was 'n onderneming vol risiko's en in 1827 het Barry as gevolg van skipbreuk bankrot gespeel. Desondanks kon hy voortgaan om sake te doen en twee jaar later kon hy sy skulde vereffen. In vennootskap met sy twee neefs, en met die hulp van die familie Van Reenen, waarin al drie getrou het, het hy dit reggekry om 'n groot gedeelte van die handel tussen Swellendam en Port Beaufort op te koop. Mettertyd het die Barrys tien winkels tussen Worcester en Mosselbaai besit en die smouse in hierdie geweste 'n onbeduidende faktor gemaak. In 1835 was die groei van die Kaapse handelshuise nog in 'n ontluikende stadium. Die welslae van die Barrys, saam met dié van ander minder prominente koopmanne dwarsdeur die Kaap, toon die geleidelike verdigting van die Kaap se handelsnetwerk gedurende die vroeë 19de eeu (Giliomee & Elphick 1990:274).

Dat Swellendam van 'n klein bestaan uitgebrei het, skryf Moodie omstreeks 1835 ook aan die militêre teenwoordigheid in die dorp toe (1835:87). Swellendam het vroeër bestaan uit enkele verspreide steengeboue wat bewoon is deur die landdros en die ander regeringsamptenare. 'n Regeringsregiment dragonders was vroeër in die dorp gestasioneer en het as mark vir die produkte van boere uit die omgewing gedien (Moodie 1835:87).

Volgens Moodie het baie dorpies in die kolonie, soos Swellendam, hul vooruitgang te danke daaraan dat dit gedien het as hoofkwartiere van soldate en sodra hulle uit 'n dorp onttrek het, het die ekonomie in duie gestort. Die koloniste se keuse om hul inkopies eerder

in die stad te doen as in naburige dorpe waar pryse in die algemeen hoër was, het die ekonomieë in die klein dorpies verder verswak (Moodie 1835:183).

2.4 Paaie en rivieroorgange

In die mens se soeke na geskikte oorgange oor berge, is dit algemene gebruik om die voetpaaie van wilde diere te volg. Die Khoikhoi het ook dié metode gevolg en met hulle veetroppe die wildspaaie wyer oopgetrap. Die Europeër het weer in die Khoikhoi se spore gevolg. Elandskloof, die latere Hottentots-Hollandkloof, net noord van die huidige Sir Lowry's-pas, is 'n sprekende voorbeeld van hierdie gebruik. Die Hottentots-Hollandberge vorm deel van die westelike bergreeks wat vanaf Hangklip (Valsbaai) in die suide, noordwaarts strek as die Drakenstein- en later Olifantsberge, tot waar dit naby die mond van die Olifantsrivier doodloop. In hierdie uitgestrekte bergreeks was daar teen 1806 reeds bekende bergpasse, waaronder Piekenierskloof. Die Franschoekkloof was teen hierdie tyd nog net 'n veepad waar pakperde oor die berge gelei is. Ook Dutoitskloof was 'n pad waarmee die boere van die Wagenmakersvallei en Drakenstein hul vee na hulle uitlêposte in die Breederiviervallei geneem het. Die Hottentots-Hollandkloof daarenteen, was van meet af aan een van die besigste oorgange op die suidelikste roete na die binneland (Smit 1974:2-3).

Reeds sedert die VOC-bewind het die kusgedeelte oos van die Hottentots-Hollandberge as die Overberg bekend gestaan. Toegang tot die Overberg is verkry deur 'n pad oor die berge, deur die Hottentots-Hollandkloof (naby die huidige Sir Lowry's-pas), te maak. Aanvanklik kon net goedtoegeruste geselskappe en reisigers hierdie pas met moeite oorsteek. Reisigers het dit beskryf as een van die onbegaanbaarste passe in die Kolonie (Smit 1974:1-2; Bredenkamp 1988:2). Hierdie bykans onbegaanbare roete het nie die besoekers aan die gebied afgeskrik nie.

In die uitvoering van hul pligte het die VOC se posvolk op buiteposte oor 'n groot gebied beweeg. Daar is opgeteken dat hulle die Wes-Kaap, Overberg en Suid-Kaap te voet, te perd, met donkiewaens en ossewaens deurkruis het. Daar is selfs bote aan buiteposte voorsien om riviere te kon oorsteek (Sleigh 1993:98).

Die Rûens ('n gebied wat volgens De Wet ooswaarts strek vanaf Caledon tot waar dit by George en Knysna doodloop (1953:23), maar vir die doeleindes van hierdie studie beskou word as tot by ongeveer Mosselbaai) is met riviere, waarvan die Breederivier die grootste is, deurkruis. Die Breederivier vloei van sy oorsprong in die gevoude gordel by Ceres tot waar dit oor gruisbedekte vlaktes na die see loop om uiteindelik by Port Beaufort in die St Sebastiaansbaai uit te mond. Tussen Worcester en Swellendam word die rivier omsluit deur tipiese Rûens koppies. Die Breederivier is die enigste rivier in die Wes-Kaap wat vir 'n taamlike lengte bevaarbaar is. Michaelskraal, 64 km (veertig myl) van die mond, blyk die verste bevaarbare punt op die rivier te wees en in 1845 vermeld die *civil commissioner* van Swellendam dat wol en aalwyne by Malgas gelaai is om oorsee verskeep te word (De Wet 1953:24).

'n Magasyn is in Mosselbaai gebou om die graan wat in die Swellendam-distrik bymekaar gemaak is te ontvang om sodoende die lang oorlandse roete na Kaapstad te vermy. Die eerste vrag koring is in Julie 1788 van die hawe na Batavia verskeep (Pearse 1956:83).

Die ambagslui het 'n welvarende en bedrywige bestaan in Swellendam gevoer (Bredenkamp 1988:14). 'n Wa en osse of kar en perde was die vernaamste vervoermiddel van die tyd. Die swak verkeersweë en verafgeleë markte het veroorsaak dat waens nie lank gehou het nie en dat herstelwerk voortdurend nodig was. CJF Banbury verwys na een van die binnelandse boere wat by geleentheid gesê het dat die voltooiing van Sir Lowry's-pas oor die Hottentots-Hollandberge hom die aankoop van minstens een wa per jaar bespaar het (Bredenkamp 1988:15).

2.5 Beskikbare boumateriaal

Geïsoleerde toestande sonder enige beskawingsgeriewe saam met 'n betreklik primitiewe en selfvoorsienende pioniersbestaan op die grense, het onvermydelik 'n invloed op die bouwerke gehad. Hul bouwerke is in vele opsigte ook deur die omgewing beïnvloed. Die invloed van klimaat en beskikbare boumateriaal op die volksboukunde word by uitstek in veeplaasgeboue geïllustreer. Stukke klip was vir die boere wat na die Klein Karoo in die rigting van Barrydale getrek het, geredelik beskikbaar en hulle het kliphuise gebou. Die boere wat na die Overberg (Vermaaklikheid en Puntjie) getrek het, het weer rietkapstylhuise gebou en veral in die Strandveld, sandsteenstrukture opgerig. Die gebruik van

klei in muurbou het soos met die gebruik van klip as boumateriaal, regdeur die streek voorgekom.

2.5.1 Geologie en topografie

De Wet deel die geologie en topografie van die studiegebied in die volgende streke in (1953:12-24):

- Die **Duineveld-gebied** bestaan uit kalksandsteen, en die paar heuwels in die Swellendam-omgewing uit Tafelberg-sandsteenformasies. Die Duineveld word in drie streke verdeel:
 - Direk suid en suid-wes van die Breederivier en noord van Potberg. Dié landskap laat die indruk van 'n bergvlakte, opgekerf deur stroompies, met kolle Rûens tussenin waarop boere gesaai het.
 - Potberg, die bekende landmerk en skeiding tussen die landdrosdistrikte van Swellendam en Bredasdorp. Dié berg is 'n plooirug van die Tafelbergserie omsom deur Bokkeveldgesteentes wat aan die suidelike en westelike flanke van die berg onder die jonger kalkgesteentes van die Bredasdorp Duineveld wegduik.
 - Die streek tussen Potberg en die kus toon die grootste ooreenkoms met die Bredasdorp Duineveld. Die grond hier bestaan hoofsaaklik uit los en saamgepakte sand en kleigrond.

- Die **Rûens-gebied** strek ooswaarts vanaf Caledon tot, soos vroeër genoem, by ongeveer Mosselbaai. Dis 'n breë, gruisbedekte, vrugbare, golwend tot heuwelagtige bossie- en grasbedekte gebied met grondlae van hoofsaaklik Kaap- en Uitenhage-formasies. In die Swellendam-omgewing word die Malmesbury-reeks met die Tafelbergsandsteen-formasies bedek. Tussen Swellendam en Buffeljagsrivier is 'n geïsoleerde kom wat uit Uitenhage-formasies bestaan. In die vleie is daar veral bruin leemgrond wat dikwels op klei- of skalie-onderlae lê.

- Die **Langeberge** wat parallel met die kus loop, is 'n geplooië bergreeks wat uit Tafelbergsandsteenformasies bestaan. Die berge loop eers suid-oos tot by Swellendam

en draai dan reg oos om in die Outeniquaberge oor te gaan. Die Langeberge sny die distrik feitlik in twee.

- Die **Karoo-streek** (Barrydale), wat ook binne die landdrostdistrik van Swellendam val, bestaan veral uit Bokkeveldskalies. Die Tafelbergserie kom volgens De Wet eerder op die plooihoogtes te voorskyn. Warmwaterberg is een van verskeie losstaande berge, ook van Tafelbergsandsteen. Dié gesteentes is donkerbruin, geel, rooi en swart. Die Warmwaterberg lê tussen die Swartberge en die Langeberge en sny die Karoodeel van Swellendam in twee, met die beste reënval in die suide. Die gebied word deur drie groot riviere deurkruis: die Doorn- en die Tradouws- suid van Warmwaterberg en die Brakrivier noord van die Warmwaterberg. Die eerste vestiging in hierdie dele het langs die Doorn- en Tradouwsrivier plaasgevind.

2.5.2 Grondtipes

Volgens De Wet is daar 'n noue samehang tussen klimaat, grondvrugbaarheid en plantegroei. Produktiwiteit en vrugbaarheid is 'n komplekse wisselwerking en verwantskap tussen grond, plante en klimaat (1953:30).

Die grond van die suidwestelike en suidelike kusstreke van die Wes-Kaap is hoofsaaklik grysbruin sandgrond, afkomstig van en beperk tot Tafelbergsandsteen. Die grond in die omgewing van Infanta is besonder suur en uitgeloog. In die Malgas-omgewing, waar saailande algemeen voorkom, bestaan die grond hoofsaaklik uit gruis gemeng met sand, klei en leemgrond. Ondanks die distrik se gunstige klimaat, is die grondopbrengs laag omdat die bogrond of ploeglaag arm aan voedingswaarde is, terwyl die onderliggende laag uit 'n swaar, rou kleilaag bestaan. Die grond naby die berg is weer klipperig en in die omgewing van die voetheuwels suur en meer onvrugbaar. In die bergklowe is daar vrugbare spoelvlaktetjies, geskik vir tuinbou en boorde. Die grond van die Karoo-streek is meestal dun, arm en klipperig, behalwe in die valleie van die Tradouws- en Doornrivier, waar dit volgens De Wet soms ook nutteloos as gevolg van brak en ander soute is (1953:30).

Die noue verwantskap tussen klimaat en grondvrugbaarheid bepaal gesamentlik die verspreiding van plante, diere en mense. Volgens die verspreiding van plante en diere kan

'n streek se waterrykheid bepaal word. Die kwaliteit van die natuurlike plantegroei word hoofsaaklik deur die reënval beïnvloed (1953:32).

2.5.3 Plantegroei, hout- en watervoorsiening

2.5.3.1 Plantegroei

Trekboere het gedurende hul ooswaartse migrasie in 1720 op 'n *well-watered strip of land skirting the foothills* van die Langeberge afgekom (Burrows 1988:124). Dié voetheuwels het aan die trekkers weelderige weiding, baie timmerhout en onbeperkte watervoorrade gebied. Grootvadersbos was teen hierdie tyd een van die mees gesogte plase in die Overberg (Burrows 1988:124).

Swellendam en die talryke omliggende klowe in die Langeberge het 'n betreklike hoë jaarlikse reënval, wat 'n weelderige, digte en bosryke plantegroei veroorsaak. Daar is 'n aantal vleie aan die voet van die Langeberge, wat net soos die vleie in die Duineveld, met palmiet begroei is. Volgens De Wet bied die vleie uitstekende landbougrond en weiveld, selfs van die beste in die distrik. Die vleie in die onmiddellike omgewing van die dorp is dié wat die beste gebruik word (1953:32).

Volgens De Wet het Mentzel groot sterk bome op Grootvadersbos beskryf. Swellengrebel het tydens 'n besoek aan Swellendam ook van die boomrykheid melding gemaak: *de gebergte leggende boschen van yser- boeken- geelhoute en andere bomen waarvan de gebergtes ten westen geheel waren ontbloot, als uijt de vlakke daarby gelegen, de welke uijt zeer vette en vogtige aarde bestaande, met weinig moeyte tot het graan gewas zeer bekwaam kon werden gemaakt* (1953:32). Die hoogste en bes ontwikkelde bome groei in die bergklowe as gevolg van die milde watervoorraad.

In die Klein Karoo, wat as 'n semi-ariëde gebied geklassifiseer is, toon die plantegroei duidelik die gebrek aan voldoende reënval. Die plantsoorte wat hier groei, kan droë toestande verduur en boomgroei is beperk tot langs die rivierbeddings. Op die droë dele, weg van die rivierlope, groei baie aalwyne wat eie aan die streek is (De Wet 1953:34).

Groot dele van die Swellendam-distrik is bergagtig en klipperig met arm grond, waarop daar nie gesaai kan word nie. Die grootste gedeelte van die streek kan as weiveld gebruik

word. Die jaarlikse reënval beperk weer die aantal vee per hektaar. Die natuurlike plantegroei van die distrik het nie groot kommersiële waarde nie. Die aalwyne wat in die Barrydale-distrik en by Malgas aangetref word, is vroeër deur die pioniers en later deur armlankes en bruinmense vir sap getap wat vir die mark gekook en bewerk is (De Wet 1953:40).

Volgens die notule van die landdros en heemrade van 1751 is Swellendam 'n uitgestrekte distrik waar *weijnig fonteijnen die versch water geeven in het selve gevonden worden, maar daar veel goed by gebrek van water, moet onbewoont blijven leggen* (De Wet 1953:43). Die afleiding kan gemaak word dat die *well-watered strip of land skirting the foothills* waarna Burrows verwys, nie die hele gebied insluit nie.

Omdat Swellendam ook in die winterreënvalstreek lê, het dit soos die Kaapse streek 'n bossievegetasie, met immergroen boomagtige plante aan die suidwestelike kusgebied. Die Swellendam-distrik se plantegroei is van 'n beter gehalte as dié van die buurdistrikte as gevolg van sy hoër somer- en winterreënval. Die beter reënval vergoed tot 'n mate vir die armer grond (De Wet 1953:44).

Daar kom heelwat afwykings op bogenoemde beskrywing voor, soos aan die mond van die Breederivier waar die Duineveld se struik en klein bossies baie verskil van die Karoo-tipe plantegroei naby Barrydale. Die plantegroei langs die Breederivier en sy sytakke bestaan uit ruier boomagtige bosse en waar die rivier in die somermaande staande watergate vorm, word veral varkblomme en palmiete aangetref (De Wet 1953:45).

Die plantegroei van die Duineveld verskil weer heeltemal van dié van die Rûens, wat nader aan die berge en verder van die rivier lê. Weens die gebrek aan standhoudende water verskil die plantegroei van die Rûens ook van dié van die bergstreek. Die vroeëre plantegroei was bosryker as vandag. Die mens het na uitgebreide veldbrande elke besaaibare deel vir landbou benut. Skape het die oorspronklike plantegroei verder vernietig deur renosterbossaad, wat aan hul wol geklou het, in die Rûens te versprei. Renosterbosse het die natuurlike gras heeltemal verdruk (De Wet 1953:45).

Vervolgens word die Overberg se plante saam met hul gebruike in en om die huis opgesom (Smith 1966:68-521). Alhoewel dit nie hieronder weerspieël word nie, is dit opvallend dat in die bronne die voorvoegsel *hotnot-* of *hottentots-* dikwels in naamgewing in die Swellendam-omgewing voorkom.

- Bakbos(sie)** *Conyza ivaefolia*: Kom van die Kaap tot Riversdal voor. Die blaaragtige takke is as handbesems gebruik om bakoonde uit te vee. In Griekwaland-Wes is dit die (bak)oondbossie en in Swellendam die bakkersbos genoem. Burchell het in Swellendam die naam *Bakkersbosches* in 1811 aangeteken (1966:68).
- Bamboes** *B. capensis Rupr.* Volgens Thunberg (1772) is bamboes as kante vir lere en gewigdraende drastukke gebruik. Die lang dun stamme het goeie bamboessweepstokke gemaak in die dae toe ossewaens die vervoermiddel was (1966:69). Die wortelstokke van bergbamboes is weer in heinings gebruik (1966:86).
- Barlewiek/wiet** *Hordeum vulgare var. trifurcatum* (kaalgars/*barley-wheat*). 'n Doplose, stekellose garssoort wat as groen weiding beskikbaar was teen die einde van die winter en begin van die lente (1966:70,261).
- Besemriet** Verskeie spesies van *Restionaceae*. Is kort afgesny en eweredig en dun uitgesprei om te droog. Dis vasgemaak aan 'n sterk handvatsel en die punte is met 'n byl gelykgemaak. Van Riebeeck het dit ook as dekgras gebruik. Die erkende spesie wat vir hierdie doeleindes in die Swellendam-gebied voorkom, is *Cannamois virgata* (1966:97-98).
- Beukenboom** (in oorspronklike Nederlands). Beukehout van Kaapse woude is *Rapanea melanophloeos* (Boekenhout). Thunberg het dit in die laat 18de eeu op Grootvadersbos as *Buckuhout* opgeteken. Dit is gebruik as timmerhout. Hy het ook boekenhout in Riviersonderend (Caledon) gevind (1966:99).

- Biesie (oorspronklike Nederlands is *biesje* en in Engels *rush*). Hierdie gras is die eerste keer deur Jan van Riebeeck in Junie 1652 as dekriet en moontlik ook as besemriet gebruik ...*zijn dezen dag bezig geweest met biesen of (te) riet te zaaijen*. Hierdie woord is as algemene noemnaam gebruik vir die meeste van die groter spesies van *Cyperaceae*, een of twee spesies *Juncaceae* sowel as spesies *Bobartia*. *Bobartia juncea*, oor die algemeen beskryf as biesie, sluit in *B. aphylla* asook *B. filiformis* wat van die Kaap tot Caledon tot Bredasdorp voorkom asook *B. indica* wat van die Kaap kuslangs tot by Bredasdorp, Riversdal en George voorkom (1966:100-101).
- Biesiegoed Die mees algemene spesie van *Caperaceae* wat ook bekend staan as biesie, is *Caperaceae textilis*. Kom in die Swellendam-omgewing voor en word steeds gebruik om klein vrugtemandjies en besems te maak. Dit is ook gebruik as 'n swak dekmateriaal (1966:100-101).
- Blourenosterbos Kom in Swellendam-omgewing voor en is as brandstof gebruik (1966:125).
- Boer(e)turksvy *Opuntia ficus-indica*. Word aangetref in tuine, rondom plaaswerwe en as heinings vir veekrale (1966:146).
- Bokdoring *Lycium tetrandrum*. 'n Doringrige plant se takke is sedert die vroegste koloniale tyd gebruik om bokke en wild weg te keer en vir heinings rondom tuine en landerye (1966:154).
- Bossieveld (Kaapse fynbos) Oorspronklik die landstrook wat min of meer strek tussen Swellendam, Robertson en Caledon en in reisverhale so aangeteken is. Die naam is afgelei van die oorvloed suikerbossies *Protea Repens* waarvan bossiestroop gemaak is, wat in die aangrensende distrikte en die Kaap verkoop is (1966:164-166).
- Brandhoutboom *Leucospermum conocarpodendron*. Vroeër baie as vuurmaakhout gebruik (1966:177).

- Breederiviergeelhout *Podocarpus sp.* Kom voor van Bredasdorp tot Robertson. Die spesie is beperk tot die Breederivier en sy takrivier Riviersonderend (1966:178).
- Bulrush* *Typha australis and T. capensis.* Sien papkuil (ook biesie, matjiesgoed)
- Buspasch Volgens Kolbe (1705) is die naam deur die Khoikhoi gebruik vir 'n mengsel van *dacha* en tabak en oorleef die naam in plekname soos Poespasvlei in die Swellendam-distrik (1966:183).
- Dakriet (verskeie spesies *Restionaceae*). Kom in die Suid-Westelike distrikte voor. Die naam is afgelei van die stamme van die riet wat gebruik is om dakke te dek. Dit vir die eerste keer deur Van Riebeeck in 1652 gebruik en is as dakriet sedert die begin van koloniale dae ook deur vryburgers gebruik (1966:196).
- Dekriet *Chondropetalum tectorum* (Kaap tot Bredasdorp). Die inheemse naam is in 1773 deur Thunberg opgeteken. *Restio giganteus*, *Thamnochortus spicigerus* (Suid-Westelike distrikte). *T. insignis* (Riversdal): Al hierdie spesies is deur Van Riebeeck benut vir die dek van dakke. Wanneer goed gedek, kan 'n dak vir langer as 20 jaar hou. Verskeie van bogenoemde spesies word ook gebruik om werf- en stalbesems mee te maak (sien besemriet) (1966:198).
- Doringboom Gebruik as algemene naam wat na alle inheemse spesies *Acacia* verwys. In reisbeskrywings word daar verwys na “mimosa nilotica” of die doringboom van die koloniste (1966:201).
- Duinehout *Peucedanum galbanum.* 'n Struik wat tot 2,74 m (9 vt) hoog word. Die inheemse naam is in 1773 deur Thunberg vir die eerste keer beskryf en noem hy dit *Duynhout*. In die Strandveld beskryf dit die plantegroei van die kalksteen duine. Die hout is vir huislike gebruik aangewend of gebruik

- om die kalkoonde in die Bredasdorp gebied te brand (1966:206).
- Duineriet *Elegia juncea* (Bredasdorp). Sien besemriet (1966:206).
- Fluitjiesriet *Phragmites communis* en *P. mauritanus*. Kom algemeen op rivieroewers voor en is gebruik om pype en musiekinstrumente te maak (1966:215).
- Garingboom *Agave americana*. Sien Kaalgaar. Die spesie is gebring van Sentraal-Amerika in die 19de eeu vir heinings en omheinings (beskutting). Die blare is in droogtetye opgekap as voeding vir vee en veral volstruise (1966:220).
- Gars *Barley*, wat insluit spesies van *Hordeum* wat in Suid-Afrika verbou word (1966:220).
- Gonnabos *Passerina filiformis* (Swellendam). Sien bakkersbos (1966:232).
- Gray poplar *Populus canescens* (Swellendam). Sien populierboom (1966:234).
- Hotnotskooigoed *Helichrysum petiolatum* (Swellendam). Vroeër deur swerwer Khoikhoi as kooigoed gebruik (1966:251).
- Kaalgaar(-bos)(-garing) *Passerina filiformis* (Swellendam). Sien bakkersbossie. Die inheemse naam kom van die vesels van die bas van hierdie plant. Dit is vroeër wydverspreid gebruik om bondels hout of dekriet vas te maak, sowel as om riet wat in die dakkonstruksie gebruik is, vas te maak. Die inheemse naam is 'n verkorting van die ou Nederlandse woord *kabelgaren*, 'n geteerde tou wat gebruik is om riet aan dakke vas te maak. In Bredasdorp kom die *Agave americana* (sien garingboom), voor (1966:261).
- Kaboehout(kaboehout) *Cassine aethiopica* (Riversdal). Hout word gebruik vir handvatsels van implemente soos pikke en byle (1966:263).
- Kammiebos *Cliffortia strobilifera* (Swellendan tot Riversdal). Kom naby riviere, stroompies, vleie en damme voor. Baie effektiewe hand- en werfbesems word van hierdie struik gemaak. Die

- inwoners van die Oos-Kaap gebruik die takke as dekmateriaal (1966:273).
- Kanferhout *Tarchonanthus camphoratus* (Swellendam). Behalwe vir sy ander gebruike is hierdie struik of boom gebruik vir heiningpale, veral omdat dit moeilik is om te kap, duursaam is en nie deur termiete geeët word nie (1966:279).
- Kareehout *Rhus lancea* (Riversdal). Word naby rivieroewers, strome, en periodieke waterweë gevind. Thunberg het in 1744 die inheemse naam opgeteken. Die hout is gebruik vir heiningpale, algemene wa-herstellings, ensovoorts (1966:280).
- Klipels *Canthium mundtianum* (Kaap tot in Riversdal). Harde, swaar en elastiese hout, bruikbaar vir gereedskap, heiningpale, disselbome, ensovoorts. Die inheemse naam dateer van voor 1750 (1966:297).
- Kloofhout *Canthium mundtianum* (Swellendam). Kom voor in houtryke skeure en klowe. Pappe het in 1854 die naam opgeteken, maar dit is reeds voor 1800 gebruik (1966:299).
- Kooigoed Verskeie spesies van *Helichrysum*. Sien Hotnotskooigoed; *Cyperus textilis* (Caledon tot Bredasdorp). Sien matjiesgoed. Kom langs riviere, strome, damme ensovoorts, voor. Die stingels word afgesny en gelaat om winddroog te word, waarna dit as kooigoed vir perde en muile gebruik is (1966:306). Dit is ook gebruik as dekmateriaal in die Swellendam-omgewing.
- Koppiestolbos *Leucadendron uliginosum*. 'n Kenmerkende bos van die strandveldkoppies in die Bredasdorp- tot Riversdal-gebied, daarom die naam "koppies". In die Bredasdorp-distrik is dit amper uitsluitlik as vuurmaakhout en kalkoondaanstekers gebruik (1966:307).
- Kraalalwee (-alwyn) *Aloe ferox* (Bredasdorp tot Klein Karoo). Sien Makalwee. Gebruik om baie effektiewe heinings te maak, vandaar die inheemse naam. Thunberg het in 1773 opgeteken dat die

- plant gebruik is om veekrale te maak as geen ander geskikte bosse beskikbaar was nie. Soms ook gebruik as kreupelhout om mee vuur te maak (1966:310).
- Kraaltolbos** *Leucadendron platyspermum*. Hele plante of takke is gebruik vir kraalheinings (1966:311).
- Melkhoutboom** *Sideroxylon inerme* (Bredasdorp tot Riversdal). Duursame geel hout met 'n fyn grein wat in die Bredasdorp-distrik veral vir wa-werk gebruik is (1966:336).
- Oleenhout(oleunhout)** *Olea africana*. Sien olienhout (1966:354).
- Olienhout** *Olea africana*. Baie sterk hout gebruik vir wa-onderdele, heiningpale, pale en alles waarvoor 'n sterk houtsoort nodig is (1966:356).
- Oond (besem) bossie** *Conyza ivaefolia* (Bredasdorp tot Riversdal). Sien bakbossie. Word meestal in nat dele langs riviere, strome, ensovoorts aangetref. Vroeër baie gebruik in handbesems om as en kole uit bakoonde te vee. Hierdie gebruik het aanleiding gegee tot die bygeloof dat brood net goed sal bak indien die oond met dié bossie uitgevee is (1966:356).
- Paapkuil** *Typha australis* en *Typha capensis*. Is gebruik as dakmateriaal vir skure, stalle vir ploegvee, pluimveehuise, ensovoorts. Ook papkuil genoem en in c1823 deur Hesse opgeteken (1966:361).
- Palmiet** *Prionum palmita* (Kaap tot Riversdal). Kaapse slawe het soms strooihoede van die blare gemaak. Latrobe het dit in c1810 aangeteken. Nie dieselfde plant as paapkuil nie (1966:362).
- Perdekapok** *Lalaria lanata*. Kom in die Strandveld van Bredasdorp tot Suid-oos Kaap voor en is gebruik as perdekooigoed. Thunberg het c1772 die inheemse naam aangeteken (1966:367).
- Populierboom** *Populus canescens*. Kan tot 24,38 m (80 vt) hoog word, is veeldoelige hout afkomstig uit Europa (1966:376).

- Port Jackson *Acacia. Acacia cyanophylla* (Kaap tot Riversdal). c1857 van Australië gebring, gebruik as brandhout, spanhout (spar) en heiningstutpale (1966:376).
- Reed *Phragmites communis*. Sien fluitjiesriet (1966:386).
- Renosterbossie *Elytropappus rhinocerotis*. Kom voor van die Kaap tot Riversdal (vandag ook tot by Port Elizabeth) en word oor die algemeen na verwys as renosterveld. In sommige dele soos Bredasdorp, waar dit geassosieer word met skaap- en koringboerdery, is dit bekend as deel van die Rûensveld. Dit word in hierdie dele veral gebruik as brandhout in oonde. Die bosse het verreikende gevolge gehad vir die toestand van die veld by onder andere Caledon, Swellendam, Heidelberg, Riversdal en Bredasdorp (1966:387).
- Rooibessie(boom)-hout *Olinia capensis*. Bome tot 18,29 m (60 vt) hoog met 'n stam middellyn van tot 914 mm (3 vt). Is vroeër gebruik vir heinings, stutpale en wa-hout (1966:393).
- Rooi-els *Cunonia capensis*, groei naby permanente strome of in vogtige kranse. Dié hout verrot nie in vogtige omstandighede nie en is in die konstruksie van watermeulens gebruik (1966:395).
- Slangbessieboom(-bos) *Lycium tetrandrum* (Bredasdorp). Die plant is stekelrig en kan tot 3,66 m (12 vt) hoog word. Dit maak goeie heinings omdat dit dief- en veebestand is en gesnoei kan word. Takke van groot plante is gekap vir duursame heiningpale (1966:421).
- Spaans(e)riet *Arundo donax*. Ingevoer van Suid-Europa as 'n tuinplant in c1660. Dit het geleidelik na die binneland versprei en het teen 1800 regdeur die kolonie voorgekom. Latrobe skryf rondom 1810 “tot allerlei vlechtwerk, tot hutten, en ligte schuttingen in de tuin en wynbergen” (1966:430).
- Swartysterhout *Olea capensis*. Hardehout, geskik vir onder meer heiningpale (1966:452).

Tapalwee (-alwyn)	<i>Aloe ferox</i> . 'n Tapproses is vroeg reeds ontwikkel en die eerste aalwyne is in 1761 uitgevoer (1966:457).
Vaalanosterbos(sie)	<i>Stoebe cinerea</i> (Riversdal). Anosterbos, deur togryers as kooigoed op die pad gebruik (1966:476).
Wasbessie (bos)	<i>Myrica cordifolia</i> . Vroeë koloniste het 'n goeie gehalte fyn was wat in die huis gebruik kon word, van die vrugte gekry. Die bessies is in kokende water geweek, waarna die was wat bo-op gedryf het deur 'n "muslin" of ander doek in koue water afgegooi is. Die gestolde was is weer gesmelt, in vorms gegooi en in die son gebleik. Hierdie proses is in 1772 deur Thunberg opgeteken, maar is waarskynlik reeds vanaf 1700 toegepas (1966:493).
Wattle (boom)	<i>Acacia decurrens</i> . In 1880 van Australië gebring (1966:498)
Witbeukehout	<i>Rapanea melanophloeos</i> . Voor 1890 gebruik as onder meer meubelhout en pale vir dakwerk. Hout is vatbaar vir boorwurm (1966:512).
Wolwegif	<i>Hyanenanche globosa</i> . Die setlaars het die hiëna met die wolf verwar en het hierdie dier met die plant vergiftig (1966:253,519).
Ysterhout	<i>Olea capensis</i> (Swellendam). Deur Van Riebeeck as balkhout in eerste kasteel gebruik, maar omdat dit moeilik bewerkbaar was, is dit merendeels as brandhout benut (Smith 1966:521).


2.5.3.2 Houtvoorsiening

In 1710 berig Andreas Finger aan goewerneur Joan van Hoorn oor die houtbosse landwaarts in *Cabo de Goede Hoop* en noem hy onder meer die bosse by *Rivier Zonder Eijnd*. Hy beskryf allerhande houtsoorte wat hier aangetref word, en gee ook sy mening oor moontlike gebruike daarvoor. Hy noem onder meer hout geskik vir timmerhout, balke, planke en waens. Hy stel voor dat 'n saagmeule hier opgerig word (Böeseken 1959:157).

Uit die *Rivier Zonder Eijnd*-bos het die VOC se posvolk driemaandeliks 'n vrag bewerkte hout Kaap toe gestuur. Die beste hout was ongeveer 30 jaar na die stigting van die pos reeds opgebruik. Die burgers het ook toegang tot die kap van hout gehad, maar omdat hulle

meer hout as waarop hulle geregtig was en voor die voet hout uitgekapt het, is dié voorreg in 1741 gekanselleer (Sleigh 1993:561).

Die buitepos *Riet Valleij* het in 1734 'n permanent bewoonde pos geword. Die verskaffing van halfverwerkte hout aan die Kaapse administrasie was een van die take wat aan die poshouer (hoof van die buitepos, in die 18de eeu gewoonlik *baas* genoem) van die *Riet Valleij* aan die Buffeljagsrivier opgedra is. Ook aan die suidekant van die Langeberg was die sogenaamde Grootvadersbos (*Groot Vaders Bosch*), wat die poshouer vir die VOC moes ontgin en beskerm. Die bos is al in 1689 deur vaandrig I Schrijver op sy tog na die Inqua opgemerk en gerapporteer. Sekunde JW Cloppenburg het dit in Oktober 1768 as deel van 'n opname van die VOC se houtvoorraad besoek. Die bos was sedert die stigting van die buitepos 34 jaar tevore al in gebruik en geen nuwe aanplantings is intussen in die uitgedunde gedeeltes gemaak nie. Cloppenburg het opgemerk dat baie hout deur slordige werksmetodes gemors is (Sleigh 1993:579,580). Sleigh teken in figuur 4 hieronder die ligging van Grootvadersbos aan as geleë bokant *Zoetemelks Valleij*, maar is die bos in werklikheid geleë oos van Swellendam tussen die teenswoordige Swellendam en Heidelberg.



Volgens die plantkundige CP Thunberg wat in 1774 die buitepos besoek het, het die volgende boomsoorte in die Grootvadersbos gegroei (Sleigh teken ook die aanwending waarvoor die houtsoorte geskik was aan, om die ekonomiese belang van die bos te illustreer (1993:580)): Swartysterhout (vir asse en disselbome), geelhout (vir balke, planke, deure, tafels, kaste, rame en karrings), kamassiehout ('n struik wat dun strokies vir die

afwerking aan meubels lewer), rooipeerhout (vir onderdele en waens), buckuhout - moontlik boekenhout - (vir wawiele), rooi-elshout (vir wawiele en stoele), essenhout (vir gereedskap), stinkhout (vir klerekaste, banke, stoele, tafels en kosbare meubels), olyfhout (vir meule en stoele), katjiepierunghout (vir knuppels), wiessehout (vir planke, wa-rakke en skoenmakersbanke), swartbashout (vir waens en jukke), keurboomhout (vir waens en wiele), amandelhout (vir skoenleeste en skoenhakke), assegaaihout (vir assegaie en disselbome), doringhout (vir jukke, remskoene en houtskool), waboomhout (vir brandhout) en kreupelhout (vir looiersbas, lepels en houtbakke) (Sleigh 1993:580).

Die hout wat driemaandeliks Kaap toe gestuur is, was volgens Thunberg veral vir balke, pale, planke, deurposte en landbougereedskap. Mettertyd het aanhoudende wanbestuur en oorbenutting van die bos soveel skade aangerig, dat 'n nuwe regeringshoutbron teen 1778 gesoek moes word (Sleigh 1993:580).

Die handelonderneming wat Joseph Barry in Port Beaufort gestig het, het ook planke van boere opgekoop. Die handelsware is per publieke verkoping van die hand gesit by sy stoor in Hoopstraat, Swellendam (Stopforth 1974:62). Stopforth bevestig in sy ontleding van bedrywighede in die Swellendam-distrik dat van die inwoners van tyd tot tyd hout gekap het om hul karige inkomste aan te vul (1974:71).

Die omvang van die handel wat by Port Beaufort gedryf is, is deur Stopforth opgeteken met statistiek van in- en uitvoere vir die tydperk Oktober 1837 tot Oktober 1838 (1974:57). Veral die gegewens oor invoere gee 'n aanduiding van 'n toename in bouaktiwiteite wat toegeskryf sou kon word aan die ekonomiese vooruitgang van die streek in die 1830's. Drie skeepvragte bestaande uit wahout, geelhoutplanke en -balke en stinkhout uit Knysna is ingevoer. Dit is ook 'n aanduiding dat die bosse in die Swellendam-omgewing nie kon voorsien in die woning- en waboubehoefte van die streek nie.

Volgens Moodie is geelhout algemeen gebruik om huise te bou, maar was dit reeds in sy tyd (begin 19de eeu) onverkrygbaar in Swellendam en is voorraad uit George verkry (1835:342). Hierdie stelling word deur Stehle ondersteun en hy beweer dat die pioniers vir bouhout, waenhout en meubelhout afhanklik was van die inheemse woude waarvan dié van die Suid-Kaap vanaf ongeveer 1750 tot 1900 die belangrikste bron was (1993:68). Stehle

beweer verder dat die eerste kommersiële denne- en bloekomplantasies vanaf die 1880's aangelê is, maar eers sedert die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) ekonomiese waarde ontwikkel het. Oregonen is vanaf die einde van die 19de eeu tot die eerste dekades van die 20ste eeu as bouhout ingevoer (Stehle 1993:68).

2.5.3.3 Watervoorsiening

Die distrik is ook deurkruis met verskeie groot riviere, *waarin het bergwater versameld*. Die eerste setlaars het hulle langs die riviere en by fonteine gevestig, omdat dit maklik in hul waterbehoefte voorsien het. Maar die riviere het ook hulle nadeel gehad naamlik, *aan welke rivieren weijnig plaatsen zijn en ook niet meer kunnen aangehegt worden, gemerk doorgaans de oevers so hoog, steijl en klippig zijn, dat geen vee met eenige moogelijkheid daar bij kan komen om te drinken, moete dat water dus vrugteloos daar heenen in Zee vlieden* (De Wet 1953:44-45).

De Wet bespreek die watertoestand van die distrik in vier substreke:

- Die **Duineveld** word deur klein bergstroompies deurkruis wat hulle oorsprong in die Potberg het en uitmond in die Breederivier. Die huise in die Duineveld is langs waterstroompies gebou en dié water is hoofsaaklik vir huishoudelike doeleindes gebruik. De Wet beskryf die gebied in die tweede helfte van die 20ste eeu as uiters dun bevolk. Die digste bevolking is by Infanta en Malgas aangetref. Dit is dus 'n voortsetting van dié gebied se bevolkingsdigtheid in die 18de en 19de eeu.
- Die **Rûens** is in 'n heuwelagtige landskap opgesny deur talle klein rivierlopie, wat hoofsaaklik van reën vir hul water afhanklik is. Die weiveld is van goeie standaard. Die meeste plase in hierdie gebied het in die vroeg 20ste eeu hul huishoudelike water deur die opvang van dakwater gekry. Rhenosterfontein naby Witsand, saam met die omliggende plase, het vandag nog sterk fonteine.
- Die **Karoo** se baie lae reënval word goed aangevul deur ryk ondergrondse waterbronne. Genoeg water het in die Tafelbergserie van die Warmwaterberg opgegaan om 'n aantal fonteine aan die soom van die berg te voed. Die bergagtige en

klipperige Barrydale-omgewing is grotendeels net as weiveld vir skape en bokke geskik, en dus baie dun bevolk.

- Daar word sedert 1804 met skape in die **Buffeljagsriviervallei** geboer, toe Faure Spaanse skape op sy plaas Rotterdam gekry het. Die eerste blanke inwoners het klein groentetuintjies op die oewers van die Buffeljagsrivier aangelê en teen 1815 was dié as uiters geskik vir groente- en vrugteverbouing bekend.

2.6 Beskikbare gereedskap

Die eerste buitepos wat oos van die Hottentots-Hollandberg gestig is, sou met verloop van tyd gevolg word deur verskeie ander, tot so ver as Plettenbergbaai. Die klein hoeveelheid timmermansgereedskap en kabelgaring wat aan die eerste buitepos ekspedisie gegee is, dui daarop dat die posvolk, soos by die latere ander buiteposte, hul eie poshuis moes bou (Sleigh 1993:554). Onder hul toerusting was onder meer ook 'n wa, tent, ses byle, twee grawe, twee kapmesse, ses ysterwigge, 'n koevoet en 'n voorhamer. Met dié toerusting kon daar vanaf hul aankoms houtgekap word (Sleigh 1993:554).

Kuilsae is vir die saag van planke gebruik. Dit is altyd deur twee mense, een bo en een onder hanteer, en het uit 'n eenvoudige reghoekige houtraam met die saaglem of web gestrek in die middel, bestaan (sien figuur 5). Die Drostdy Museum se voorbeeld dateer uit die laat 19de eeu en is relatief klein en nou met afmetings van 460 mm x 1520 mm. Die twee kort kante verleng in handvatsels wat volgens die donateur die plek is waarom leerbande gevou is waarin die saers hul gewrigte kon plaas.



Figuur 5: Die gebruik van 'n kuilisaag om planke te saag (VB DM 1983/1/1211:gd)

'n Hugenote setlaar het die volgende toerusting op 'n leenbasis van die Kompanjie ontvang om 130 hektaar (60 morg) grond skoon te maak en te bewerk:

Twee grawe, twee skopgrawe, twee sekels, een mes en een sens, en saam met drie ander enkel mans 'n kwart aandeel in twee vuursteengewere, drie pond lood, twee pond buskruit en 'n paar vuurstene. Vir die bou van sy hut het hy twee handbyle, twee beitels, twee vyle, een skaaf, een saag, een handboor, een troffel en vyf pond (2,27 kg) spykers ontvang (De Bosdari 1971:77).

Weens veral 'n gebrek aan winkels aan die Kaap, het seelui in die 18de eeu voorraad op hul heen- en terugreis aan die Kaap te koop aangebied. So was dit die gebruik dat wanneer die Hollandse, en selfs Engelse offisiere op hul terugreis van Indië by die Kaap aangedoen het hul, onder ander produkte, meestal fyn en growwe ysterwerk soos veral matroosmesse en skare te koop aangebied het (Dominicus 1919:64). Van hierdie ware het waarskynlik ook die binneland bereik.

Op Genadendal is daar in die vroeë 19de eeu 'n skede knipmes gemaak wat algemeen in gebruik was (Burchell 1953:83). Dit is 'n hernutter genoem.

2.7 Arbeid betrokke

2.7.1 Boer self

By die afwesigheid van ambagsmanne en spesialiste het die grensbewoners baie van die ekonomiese voordele en sosiale geriewe wat uit 'n verdeling van arbeid voortspruit, verbeur. Hulle het oor die algemeen sonder geneeshere, grofsmede, skrynwerkers, wamakers, messelaars, onderwysers en so meer reggekom. Om 'n vroeë trekboer te wees, het veel meer selfstandigheid as van enige ander Kaapse setlaar geëis. Dit is waarskynlik dat hul sukses deur 'n basiese kennis van verskeie ambagte verbeter is, en dit is ewe waarskynlik dat hierdie kennis selde heeltemal voldoende was. Wanneer hulle vir sake in Kaapstad gekom het, het trekboere van die dienste van ambagsmanne gebruik gemaak, maar vir alledaagse konstruksie en onderhoud was hulle geheel en al van hulself afhanklik (Giliomee & Elphick 1990:93).

In die verloop van die vestiging van 'n geïsoleerde, maar onafhanklike leefwyse, en die ontwikkeling van die vaardighede en bekwaamhede wat vir oorlewing nodig was, het die spesiale vaardighede van die geskoolde ambagsmanne onder die koloniste verlore geraak. Die plaasagtergrond van die meeste koloniste het hulle swak op ander soorte werk voorberei, maar daar was min ander werk in die landboudistrikte en feitlik niks in die veeboerdistrikte nie. Daar was ook enkele geleenthede vir ambagsmanne in die Kaapstad-omgewing, maar hulle was nie aantreklik genoeg om jong koloniste oor te haal om hulle as vakleerlinge in smidswerk, skrynwerk of ander ambagte te probeer bekwaam nie. Die lae vlak van sakebedrywighede en die vooruitsig van die kompeterende slawearbeid was die vernaamste struikelblokke. 'n Behoeftige aan meer ambagsmanne is bevredig deur slawe of Kompanjie-werknemers uit Europa (Giliomee & Elphick 1990:88).

2.7.2 Ambagsmanne

Volgens Pearse is daar min bekend oor die 18de-eeuse argitekture en ambagsmanne wat verantwoordelik was vir die ontwerp van wonings en meubels aan die Kaap (1956:94). Verskeie skrywers verwys na werkswinkels en vakmanne wat deur boere in die landelike distrikte in diens geneem is. Martin Melck het byvoorbeeld in 1768 op sy plaas Elsenberg 'n aantal vakmanne, waaronder 'n grofsmid en timmerman, in diens gehad. Volgens Pearse was van die vakmanne Europeërs, maar merendeels slawe uit die Ooste (1956:94-95).

Met die eerste oogopslag is dit nie duidelik wat die presiese invloed van ambagsmanne op die boutradisie en strukture in die Swellendam-omgewing was nie. Daar is heelwat aanduidings van hul betrokkenheid. Bewys van hul moontlike bedrywighede is gevind in smidspykers, -skarniere, skrynwerkersdeure, muurkaste, kosyne, vensterrame en hortjiesvensters. Die gebruik van Khoikhoi-boutradisies, soos die gebruik van matjiesgoed vir bindtou en die dek van dakke, asook die gebruik van riempies om dakbalke te heg, dui aan dat hul kennis 'n beduidende invloed kon gehad het.

In 'n goedtoegeruste smidswinkel op die buitepos *Riet Valleij* (op die hoofroete na die oostelike gebied) is herstelwerk gedoen en onderdele vir waens en ploëë gemaak (Sleigh 1993:580). Op dié buitepos se inventaris was onder meer landbou-, smids- en timmermansgereedskap (Sleigh 1993:583). Ook Grootvadersbos het 'n smidswinkel gehad en Moodie bevestig dat daar in die eerste helfte van die 19de eeu ploëë op dié plaas gemaak is (1835:117). Oorblyfsels van smidswinkel vuurherde is op verskeie plase in die omgewing gevind, wat op 'n mate van onafhanklikheid onder die boere dui. Veral Voorhuis (Swellendam) se smidswinkel en houtskooloond, asook die smidswinkel op Stormsvlei (vroeër Avontuur) was alombekend.

Die algemene beskikbaarheid van ambagsmanne is ingekort deur die swak ontwikkelde vervoerstelsel en lae bevolkingsdigtheid. Swellendam, as administratiewe sentrum, toon hierdie feit vir Guelke baie treffend aan (Giliomee & Elphick 1990:92). Die verwagte ontwikkeling van die dorp het nooit plaasgevind nie en teen 1774 was daar geen ambagsmanne beskikbaar om die amptelike geboue te herstel nie. In 1777, meer as 30 jaar na die stigting van die drostdy, het Swellendam uit net vier huise bestaan, waarvan een deur die landdros bewoon is (Giliomee & Elphick 1990:92-93).

Bredenkamp beweer dat elke boereuseun, selfs dié met die vooruitsig van 'n erfplaas, 'n ambag moes aanleer omdat binnelanders vir hul eie gebruiks- en lewensmiddele verantwoordelik was. Ambagte is gewoonlik van vader na seun oorgedra. 'n Ambag was 'n belangrike loopbaan onder die boere en ambagslui is gewoonlik as mense van aansien beskou (1988:15).

Op haar reis in 1802 deur Swellendam, skryf die jonkvrou De Mist dat 'n sekere aantal huise bewoon is deur grofsmede, wamakers en ander ambagsmanne en handelaars (De Mist 1954:41).

Bredenkamp bevestig dat die werksinkels van die wamakers, timmermans en smede in Swellendam se onderstraat geleë was. In dié bedrywige deel van die dorp is daar elke maand ongeveer ses nuwe waens gemaak. Swellendam was dan ook alombekend vir die goeie gehalte waens en karre wat daar gebou is. In later jare was daar selfs van oorkant die Oranjerivier 'n aanvraag na Swellendam se waens (1988:16).

In 1817, dieselfde jaar wat kaptein Benjamin Moodie die plaas Grootvadersbos in die Swellendam-distrik gekoop het, het hy ook 'n groot getal arbeiders en ambagsmanne van Engeland na die Kaap gebring. Van hulle het hulle op sy plaas gevestig, en die res in die Swellendam-distrik. Een van Moodie se messelaars, John Frier is in 1818 as *permanente regmaker* by die Drostdy teen 'n vasgestelde salaris aangestel (Burrows 1988:20).

Volgens Burrows is Swellendam se vroeë dokumente vol name van bouers wat die Overberg versier het (1988:3). In 1825 het daar vier landmeters in Swellendam gewoon wat 'n huisontwerp kon teken. Onder die bouers was daar Crous, Theunissen en Koentz, wat die kerk gebou het (Burrows 1988:63). Volgens Burrows is dit waarskynlik dat huise in Swellendam uit die periode 1820 tot 1840, wat vandag nog bestaan, deur hierdie ambagsmanne opgerig is. Wat die individuele bydrae van elke vakman is, bly spekulasie (1988:64).

Alhoewel Thibault, die eerste opgeleide argitek wat hom aan die Kaap gevestig het, Swellendam in 1809 besoek en opmetingswerk in die distrik gedoen het, is daar geen bewyse dat hy enige gebou in die gebied ontwerp het nie. Sy naam word gekoppel aan die woning op Klip Rivier asook Hope Lodge, die JVDS Huis en die Barry Pakhuis in Hoofstraat (Burrows 1988:64). Volgens Burrows beweer dr Mary Cook, 'n kenner van veral die Kaaps-Hollandse boukuns en 'n outoriteit ten opsigte van Thibault, dat Klip Rivier net as 'n *Thibault moontlikheid* beskou kan word (1988:64). Burrows meen verder wanneer die outeurskap van 'n Kaaps-Hollandse woning betwis word, daar in gedagte gehou moet word dat Thibault in 1815 oorlede is, 'n dekade voordat die Overberg bewus

geword het van geboue (1988:64). Cook beweer dat daar aanduidings is dat Thibault se ontwerpe eers na sy dood opgerig is en dat sy 1809-besoek tog van belang kon wees. Vir Burrows is die gaping tussen 1809 en 1830 steeds te groot en hy reken dat geen Thibault-gebou in Swellendam behoue gebly het nie (1988:64).

HF Schutte, 'n leerling van Thibault, het dikwels lank in Swellendam vertoef en volgens Burrows is hy waarskynlik die enigste buite-argitek wat vir 'n opbloeï in Swellendam se boubedryf verantwoordelik kan wees (1988:64). In Augustus 1814 het hy in Soetmelks Vallei gewerk en hom eers in 1825 in Swellendam gevestig. Teen hierdie tyd was daar reeds twee ander landmeters in die dorp bedrywig: JH Voorman en WM Hopley. In 1811 het Johann Heinrich Voorman die planne geteken vir die veranderinge aan die Drostdy, wat nooit uitgevoer is nie. Hy kon moontlik die *unieke grofsmid se bankskroef-ontwerp* ontwerp het en het in Swellendam gewoon tot sy dood in 1825 (Burrows 1988:65). F Rawstorne het tot 1833 op Swellendam as landmeter gewerk en daarna het WM Hopley op die toneel verskyn (Stopforth 1974:11).

Volgens die Hoge-lys van Duitsers, is Hopley in Dresden gebore. Alhoewel hy dit nie kon bewys nie, het hy in 1817 beweer dat hy 'n Britse burger is. William Musgrave Hopley was die *Overbergsche landmeter* by uitnemendheid. Baie min is oor hom bekend voordat hy in 1817 in Caledon as regeringslandmeter aangestel is. In die vroeë twintigerjare van die 19de eeu het hy na Swellendam getrek. Die hofkalender van 1823 noem hom as een van die drie landmeters in Swellendam (die ander was Voorman en Schutte). Vier jaar later het hy die eienaar van Rotterdam, Faure se ou plaas Buffeljags geword, en het hy hom daar gevestig. Sy amptelike pligte het 'n woning op Swellendam genoodsaak en hy het die plaas weer verkoop en die eienaar geword van Bellevue in die onderdorp van Swellendam. Sir Benjamin D'Urban het die grond tussen Rothmann se JVDS Huis en Klip Rivier aan hom toegestaan (Stopforth 1974:11). Alhoewel nie akkuraat bereken nie, het Hopley die eerste gedetailleerde opmeting van die gebied gemaak (Burrows 1988:65). William Hopley het 40 jaar lank in die Overberg gewerk en hy was met al die invloedryke mense in die streek bevriend. Na alle waarskynlikheid is meer geboue wat vandag steeds bestaan, aan sy ontwerp te danke as wat algemeen aanvaar word (Burrows 1988:66). In 1844, nadat hy weer op die been was na sy bankrotskap, gee Joseph Barry aan Hopley die opdrag om 'n kerk vir Riversdal te ontwerp. Hy het ook 'n aandeel gehad aan die oprigting van die hawe

op die Breederivier. Daar word ook vermoed dat Hopley 'n voorstel gemaak het vir die bekende Barry Pakhuis, wat saam met vele ander geboue in die tweede groot brand van 1865 in die slag gebly het.

In die jare na sy bankrotskap op 21 Maart 1827, was Joseph Barry nie in staat om sy gewone handelsbelange voort te sit nie. Hy het toe vir 'n verskeidenheid sake, waaronder herstelwerk aan die kerk, pastorie, voorleser se huis en die Drostdy, getender. Drie jaar later vra hy die regering om hom f2250 te betaal vir die herstel van die kerk, pastorie en voorleser se huis, *since he was under heavy advances of labour...* (Stopforth 1974:63).

Die netjiese pleisterwerk en verhoudings wat die opbloei in die boubedryf van die 1830's gekenmerk het, verklap die invloede van die Kaapse ambagsmanne en Maleise vakmanne (Stopforth 1974:70). Die laaste afstammeling van 'n Maleise familie van ambagsmanne het hulle in die laat 19de eeu in Swellendam gevestig, waar hulle in netjiese kothuise in Lemmetjiesdorp op die buitehoek van die dorp gewoon het. Die meeste van hulle was Moslems. Almal was geskoolde pleisteraars en messelaars wat uit die Kaap gekom het om in Swellendam se welvaart te deel. Sommige het op hul eie gewerk, terwyl ander 'n goeie bestaan gemaak het as vakleerlinge van Swellendam se meester grofsmede. As gevolg van hul streng godsdienstige kode was hulle 'n geslote gemeenskap, met hul eie sjeik. Toe daar nie meer werk was nie, is hulle terug na die Kaap. Dié familieledede wat buite hul geloof getrou het, het op Swellendam agtergebly (Burrows 1988:66-67).

Om aan die bedrewe Maleise vakmanne en vrygestelde slawe erkenning te gee, het die siviele kommissaris Harry Rivers (1828 tot 1841) teen die einde van 1838 die regering versoek om grond in die dorp af te staan aan verskeie bruin ambagsmanne wat daarom aansoek gedoen het (Stopforth 1974:86). Die regering was die saak goedgesind. Hulle kon die grond bewerk en 'n huis daarop bou. Op voorwaarde dat hulle hulself gedra (daar is nie gespesifiseer hoe nie) en hul kinders skool toe stuur, sou die grond na twee jaar hul eiendom word na die betaling van 10/- (Stopforth 1974:86).

Burrows beskou Faure se huis op Rotterdam as 'n sprekende voorbeeld van die Maleier-slawe se voortreflike arbeid. Veral die fyn gewelomlysting wat reeds in 1794 gebou is, toon die gebruik van slawe-arbeid. So ook word die ronde klipstoep en stalle van Die Glen

aanvaar as die handewerk van Maleiers. Dit is opgeteken dat 'n Maleier, Hadje Hendriks, die gewel gebou het toe die Nederlands Gereformeerde kerk in 1875 vergroot is (Alheit 1948:83). Volgens Burrows kan die gesofistikeerde eienskappe van Swellendam se argitektuur sonder twyfel toegeskryf word aan sy verdwene Overbergse Maleiers. Vandag steeds sigbaar is die Maleier kerkhof op die hoek van Buitekant- en Van Dykstraat.

Op die kerkraadsvergadering van Donderdag 6 Oktober 1823 is besluit om 'n slaaf genaamd Adriaan aan te koop. Sy eienaar, J Siebert, was gewillig om hom aan die kerkraad vir f1000 te verkoop. Op dié wyse wou die kerkraad die groot jaarlikse uitgawes vir die regmaak van die kerk se geboue probeer verminder. Adriaan was onder meer verantwoordelik vir die afwit van die geboue (Alheit 1948:52). In 1827 het Jacob Boltman vyf kamers in die pastorie geskilder en die solders met lynolie aangestryk (Alheit 1948:54). Die eerste groot brand in 1834 het onder meer die voorleser se huis verwoes en ook in dié jaar moes die kerkraad besluit aan wie die tender vir die oprig van 'n galery toegeken word. Die keuse was tussen diaken HS Rothman en heer D Kerr (Stopforth 1974:130). In 1835 is die enigste tender vir die herbou van die voorleser se huis toegestaan aan JC Eksteen (Stopforth 1974:126) en in 1840 is besluit om *een steenen muur voor de kerk te doen bouwen* (Stopforth 1974:136). Die messelaar James Selander het in 1843 die kerk se gewel herstel en in 1857 het Kerr twee deure onder die vensters in die twee sy-gewels aangebring, met doeltreffende trappe van plat klippe voor die deure (Alheit 1948:65-66).

Die kontrak vir die vergroting van die eerste NG Kerk op Swellendam is in 1875 aan Hadje Hendriks (gewel) en D Kerr toegeken. Kerr het sy voorletters (DK) op kunstige wyse uitgewerk in die houtwerk van die boligte bokant die twee sydeure (Alheit 1948:83).

Die ontwerp vir hierdie vergrotings, wat uit die aanbou van 'n nuwe vleuel, galery en konsistorie bestaan het, is deur Jean Henri Battenberg gedoen. Hy het in die 1850's in Swellendam aangekom en hom in die hoofstraat gevestig (Burrows 1988:278).

Lewcock se lys van ambagsmanne, wat saamgestel is uit argiefbronne, gee 'n aanduiding watter ambagsmanne in die Swellendam-omgewing werksaam was (1963:444-445):

- Crous, (JH?) Bouer, landmeter en ontwerper van huise op Swellendam, c1825 (1963:443).
- Frier, John (Robert?) Word as setlaar na die Kaap gebring deur Moodie in 1818. Hy was 'n messelaar en landmeter in Swellendam, 1825 (1963:443).
- Hopley, William Musgrave Gebore c1796 en arriveer aan die Kaap in 1807, oorlede c1864. Was regeringslandmeter op Caledon vanaf 1818 en op Swellendam in 1823 en 1828. Hy ontwerp die Riversdal kerk in 1844 (1963:444).
- Koentz Landmeter, ontwerper en bouer van huise in Swellendam, c.1825.
- Nicol, George Kom in 1818 saam met die Moodie-setlaars in die Kaap aan. Messelaar in die Swellendam-distrik (1963:444).
- Schutte, Hermanus Frederick Oudste seun van Herman. Gebore c1796. Geregistreerde landmeter, 1813-1824. Werk in Swellendam distrik, c1814-1825 (1963:444).
- Theunissen, M Oorlede in 1844. Bouer, landmeter en ontwerper van geboue op Swellendam van voor 1821 tot 1825 (1963:444).
- Voormann, Johann Heinrich Gebore Dresden, Duitsland. Oorlede 1825, regeringslandmeter op Swellendam, c1811-1825 (1963:444).

Burrows het ook 'n alfabetiese naamlys van ambagsmanne in *The Moodies of Melsetter* opgeteken (1954:172-193):

- Cairncross, James In die Swellendam kerkhof is die grafte van Thomas Cairncross gebore 1800 en oorlede in Swellendam 1866, en sy vrou.
- Carr, Thomas Skrynwerker. Het in 1826 stinkhoutstoele, sofa en tafel vir Moodie by Grootvadersbos gemaak.
- Downie, James Werk vir Moodie onder meer by Grootvadersbos.

Frier, Robert	Is in 1818 as <i>permanente regmaker</i> van die Drostdy teen 'n vasgestelde salaris aangestel. Hy was 'n plaaslike messelaar.
Graham, Andrew	Arbeider gestuur na Grootvadersbos.
Hay, John	Ontvang plaas van Moodie en woon later (1824) op dorp.
Hill, John	Tuinier. Het in Januarie 1822 'n huis op Swellendam vir f 82 verkoop.
Kerr, Archibald	Die familie het hulle in Swellendam gevestig waar hulle op verskillende maniere 'n bestaan gemaak het.
Learmont(h), John	Werk in 1819 as skrynwerker op Grootvadersbos.
McGregor, John	Kuiper. Kap in 1821 vir Moodie op Grootvadersbos hout om te verkoop en vir die opstal.
Millar, Robert	'n Meulenaar wat later 'n smid op Heidelberg was.
Ogilvie, Robert	Kleremaker. Gaan na Grootvadersbos as 'n skrynwerker. Sy nageslag het in die gebied gebly.
Taylor, James B	In 1831-2 'n arbeider op Port Beaufort.
Vawser, William	Het gewerk op Grootvadersbos.
Weir, John	Tuinier. Het in 1817 as 'n arbeider op Grootvadersbos gewerk.
Wilson, John	Arbeider. Werk in 1831-1832 vir Moodie in Port Beaufort as skeerder, pleisteraar en koringsaaier. In 1832 bou hy in Port Beaufort onder kontrak vir hom 'n huis.

Burrows is verder van mening dat die landdros van die Swellendam-distrik vroeg reeds ambagsmanne van die Kaap na hierdie gebied gelok het. Vir 'n honderd jaar was Swellendam die hoofsentrum van ambagsaktiwiteite in die plattelandse distrikte. Smede, skrynwerkers en wamakers het hulle in Swellendam gevestig, hoofsaaklik omdat dit op die hoofroete na die oosgrens was (1988:61).

2.7.3 Ander arbeid betrokke by bou-aktiwiteite

Die poshouer is ook as landmeter en arbiter gebruik om geskille tussen boere oor plaasgrense te skik (Sleigh 1993:voorwoord,112). Die posvolk op die verskillende buiteposte het, benewens hulle gewone take soos hout- en rietkap, groenteboerdery, seinwerk, visvang, skeepsversiening of wawervoer, bykomende dienste gelewer aan die

omliggende gemeenskap of aan besoekers, soos oorsese wetenskaplikes (Sleigh 1993:113).

Slawe het grotendeels ongeskoolde arbeid gedoen en net op die grootste boerderye was slawe-ambagsmanne permanent beskikbaar. Boere het eerder slaweskrynwerkers, -smede en -bouers gehuur soos benodig, óf van die Kaap óf van plattelandse dorpe soos Stellenbosch, Tulbagh, Swellendam en Graaff-Reinet. Slawe is dikwels gestuur om op ander plase te gaan werk, hetsy as gehuurde arbeiders in die oestyd of in die diens van ander lede van hul eenaars se gesinne (Giliomee & Elphick 1990:148).

Volgens die reisiger Latrobe, wat Suurbraak in 1816 besoek het, het die sendeling op Suurbraak, Seidenfaden, self sy huis gebou (1969:129). Soos die gebruik op die plase van hierdie streek in die pioniertyd was, is die voorhuis ook benut as ruimte vir godsdienstige byeenkomste en skoolonderrig. Veral in die afwesigheid van 'n kerkgebou en skoolgaangeriewe het die voorhuis die bykomende funksie van 'n soort saal aangeneem.

In die afwesigheid van kerke op die grensgebiede, is dienste dikwels deur die trekboer self waargeneem en soms deur 'n besoekende predikant. Die meer welgestelde trekboere het swak gekwalifiseerde rondtrekkende onderwysers, gewoonlik voormalige werknemers van die Kompanjie, gehuur om hul kinders te onderrig. Die kinders van armer mense het sonder formele onderwys grootgeword (Giliomee & Elphick 1990:93). Die woonhuis op die plaas Uitvlugt se groot voorhuis is sprekend van die gebruik om dié vertrek in te rig vir kerkdienste en ander byeenkomste.

Die min slawe in die Swellendam-distrik word bevestig in reisverslae, wat meld dat daar veel minder slawe op vee- as op saaiplase was. Die Swellendam-distrik, in teenstelling met Stellenbosch en Drakenstein, het geen beduidende saai gebied ingesluit wat gedurende die loop van die 18de eeu deur burgers besit is nie. Dit verklaar die laer persentasie slawe hier as in Drakenstein in 1750 (Giliomee & Elphick 1990:137). Op beide Bokrivier en Kykoedie, die leningsplase van die Duminy's in die 18de eeu, is koring verbou wat deur slawe gesny is (Franken 1938:139). Die Duminy's was welgestelde boere wat waarskynlik slawe kon bekostig.

Die geleidelike ontbinding van die Khoikhoi-gemeenskappe in die binneland het die trekboere van goedkoop arbeid voorsien. Die Khoikhoi was voortreflike veeboere wat intiem met die plaaslike weiveld en waterbronne vertrou was. Die beskikbaarheid van Khoikhoi het dit vir die trekboer onnodig gemaak om baie kapitaal in slawe te belê. Teen die dekades 1760 en 1770 is die geleedere van die Khoikhoi met gevange Boesmanvroue en -kinders aangevul (Giliomee & Elphick 1990:89).

HOOFSTUK 3

WONINGTIPES

3.1 Europese agtergrond

Dit is belangrik om die Europese agtergrond van die ou Kaapse plaashuis, soos die plan, uitleg en argitektoniese detail, te erken. Walton bevestig dat die oorsprong van die Kaapse landelike argitektuur nie net binne die grense van die hedendaagse Noordwestelike Europese lande soos Nederland en Duitsland gesoek moet word nie, maar dat daar ook gekyk moet word na 'n baie groter kultuurgebied wat strek van Vlaandere, deur Nederland, Duitsland en Swede (1989:3). Die Hugenate het volgens ander ook 'n rol gespeel en daar word ook verwys na die wêrelddele wat onder die bewind van die Nederlanders was (Simons 1987:14). Die invloed van die Britse bewind aan die Kaap en daarna moet ook in ag geneem word. Die invloed van die Khoikhoi se kennis van die veld, beskikbare boumateriaal en die toepassing van sekere bouegnieke kan ook nie gering geskat word nie. Dit is dus nie maklik om die tradisies en nalatenskap van al die kulture en groepe op veral die boutradisies van die Kaap presies te bepaal en aan een groep se invloed toe te skryf nie.

Alan Gailey, kenner en skrywer van die eerste volwaardige studie oor die Ierse boukuns, het in sy ondersoek na die oorsprong van die Ierse boutradisies die vroeë en Middeleeuse wonings nagevors (1984:21). Sy navorsing uit verskeie geskrewe rekords lei hom tot die slotsom dat daar in hierdie periode twee huistipes voorgekom het. Tydelike strukture wat meestal ovaal- en sirkelvormig en soms reghoekig was, het algemeen voorgekom. Die konstruksie van hierdie wonings was van paal en lat met 'n muurkonstruksie wat nie swaar dakmateriaal kon dra nie. Die wonings was gedek, skoorsteenloos en is geassosieer met die seisoenale beweging van mens en vee. Die inwoners van hierdie wonings is beskou as nomades sonder permanente wonings en daar is op hierdie lewenstyl en woningbou, wat binne 'n uur opgerig kon word, neergesien. Die illustrasies van dié hutte van die Ierse herder gemeenskappe gee 'n insiggewende blik op die woningbou van die armer klasse in Ierland teen die einde van die 17de eeu. Voorbeelde hiervan is opgeneem in militêre kaarte van Newry, Carrickfergus en Armagh. Die Carrickfergus-konstruksie is half rond en sonder 'n


dakrand en mure (Gailey 1984:21-23) en herinner aan die Khoikhoi hutte aan die Kaap wat waarskynlik in dieselfde periode gebou is (sien figuur 6). Daar is by Gailey geen twyfel dat hierdie hutkonstruksies 'n voortsetting van die vroeë Christen-tradisie van geronde en latgevegte wonings is nie (1984:21).



Figuur 6: Laat 16de-eeuse hutte by Carrickfergus, Co. Antrim (Gailey 1984:23)


In 1798 besoek Lady Anne Barnard, vrou van Andrew Barnard (sekretaris van die goewerneur), Genadendal, die oudste sendingstasie aan die Kaap. Sy het kleihutte, gedek met biesies opgemerk. Sy noem dat sommige van die hutte, soos in regte Khoikhoi-styl, rond was, en sommige vierkantig soos in Ierland (Robinson 1974:162). Gailey se bewering dat daar met die eeuwenteling in die 17de eeu basies twee tipes tydelike strukture in Ierland opgerig is, sommige reghoekig, maar meestal ovaal en sirkelvormig, het met Lady Anne Barnard se waarneming oor die hutte wat sy by Genadendal aangetref het byna twee eeue later, dieper betekenis gekry. Gailey beskryf die reghoekige Ierse wonings as

enkelverdieping rietdak strukture, hoofsaaklik met 'n reghoekige grondplan, gewoonlik met 'n deur min of meer gesentreer en 'n skilddak (1984:24) (sien figuur 7).



Figuur 7: Ierse wonings binne en buite die fortmure, Mount Norris, Co. Armagh, c1600 (Gailey 1984:24)

Ook die dakkonstruksie van die eerste *geboue* aan die Kaap was dieselfde as die oeroue konstruksies soos in Noord- en Wes-Europa algemene gebruik was (Trefois 1969:34-39; Pretorius 1986:29). Die eerste *huise* aan die Kaap, soos afgelei van 'n kaart uit 1665, was langwerpig met staandakke (Pretorius 1986:29). Pretorius beweer voorts dat die bodem weer eens sy invloed laat geld het, want geskikte dakbalke moes van ver af gehaal word. Dit het uiteindelik die plan van die huise bepaal in die opsig dat 'n vertrek selde breër as ongeveer 6 m (20 vt) kon wees om doeltreffend deur 'n staandak oordek te kon word (1986:29). Hierdie konstruksie kon mettertyd tot die kenmerkende grondplan van die Kaaps-Hollandse wonings gelei het, waar vertrekke op so 'n wyse aangebou is dat 'n T-, H- of U-plan gevorm is (sien figuur 8).



Figuur 8: Tipiese grondplanne van die wonings aan die Kaap (Cook 1973:13)

Hierdie grondplantipes was nie beperk tot die Suid-Afrikaanse bodem nie en dit laat die vraag ontstaan of genoemde grondplanne plaaslik ontstaan het as gevolg van 'n boumateriaal beperking en of dit na die Kaap gebring is. In Noordwes-Europa was die ontwikkelingsproses van die eensellige woning na die langhuis, en van die langhuis na die plaaswoningbou (*boerderijbouw*) waaruit die U- en T-plan uitbreidings ontwikkel het (Trefois 1969:41-42), waarskynlik die voorloper van dié patroonbou aan die Kaap. In Nederland het die oorspronklik eensellige plaaswonings vroeër gedomineer en na gelang van behoefte is dié ruimte vergroot deur in die dwarsste hierby aan te bou (Trefois 1969:42). Wat die Engelse tradisie betref, toon die eenvertrek huisies dieselfde ooreenkomste. Om die huisie se ruimte te vergroot, is 'n tweede vertrek hiernaas opgerig en het die tweeventrekwoning tot stand gekom. Hierby is verdere ruimtes toegevoeg met die gevolg dat die huisplanne L- en E-vorme weerspieël het (Trefois 1969:42).

In sy beskrywing van die argitektuur van die Franse platteland beweer Meirion-Jones, professor in argitektuur, dat die sirkel, ovaal en reghoekige struktuur vir eeue saam bestaan het. Die oorgang van die sirkel na die reghoek het geleidelik plaasgevind (1985:11). Reghoekige ruimtes is ook makliker om te gebruik, te verdeel, te verander en uit te brei en die oorgang is moontlik bevorder deur die geleidelike ontwikkeling van kennis om hoeke te bou. Dit wil ook voorkom of die reghoekige vorm ontwikkel het as gevolg van die gebruik van hout en kon die oorgang van rond na reghoekig ook die gevolg gewees het van die ontwikkeling van kennis van timmerwerk (Meirion-Jones 1985:11).

Die eensellige woning het wydverspreid in Frankryk voorgekom, veral in die noordweste waar dit die wonings van die laer klasse was. Hierdie enkel vertrek was binne normaalweg nie breër as 6 m nie en selde baie lank. In die 19de eeu het gesinne met tien of meer kinders hierin gewoon en sommige moes op die hooisolder slaap (Meirion-Jones 1985:11).

3.2 Koloniale agtergrond

Om die ontstaan en kenmerke van die Swellendamse volksboukuns te begryp, is dit ook noodsaaklik om vas te stel hoe die Kaapse boukuns sedert die vestiging van die eerste Europese nedersetters ontwikkel het. Die pioniers sou die bouwyse waaraan hulle gewoond was, wat hulle deur tradisie geken het of waaraan hulle blootgestel was, ook in die Swellendam-omgewing toepas. Dat hulle by klimaatsomstandighede en bodemgesteldhede moes aanpas en selfs sekere stappe in die ontwikkelingsproses as gevolg van die bodemuitdagings hier moes herhaal, is vanselfsprekend. Volgens Pretorius is daar gedurende die pioniersjare aanvanklik van dieselfde basiese boukonstruksie gebruik gemaak in die oprigting van alle soorte geboue (1986:34). Hiermee bevestig Pretorius die reisigers se stellings.

In die tweede helfte van die 17de eeu het Wes-Europeërs wat hulle aan die Kaap kom vestig het, onwillekeurig die volksboustyl van hulle lande van herkoms probeer toepas in die eerste eenvoudige *geboue* wat hulle teen die weerselemente moes beskerm. Die boumetodes, -materiaal en -tegnieke wat aan hulle bekend was en wat gevorm het uit 'n eeu-oue boutradisie, is op die nuwe bodem toegepas. Bodemfaktore het natuurlik baie verskil van dié van hulle lande van herkoms en aanpassings moes gemaak word (Pretorius 1986:28). 'n

Eie tradisie met kenmerkende eienskappe moes aan die Kaap tot stand kom. Die invloede van die inheemse volke op dié van verskeie Europese setlaars moet ook in berekening gebring word.

Pretorius meld dat dit as gevolg van hierdie faktore was dat alternatiewe planne gemaak moes word as dié waaraan die burgers gewoond was. Daar was byvoorbeeld nie voldoende hout aan die Kaap om warm genoeg oonde te kon brand sodat duursame gebakte stene gemaak kon word nie (1986:28, 29). Die sagte kleimure of mure van songedroogte stene en baksteen is jaarliks met kalk afgewit om dit teen reën, wind en verwerking te beskerm (Trefois, Punt & Ploeger 1968:58).

Die gebruik om houtwerk te verf is 'n ou Europese tradisie wat aan die Kaap voortgesit is. Tot aan die begin van die 17de eeu was ongeverfde houtwerk algemeen in Europa, waarna dit mode geword het om veral buitehoutwerk blou, blougroen, of donkergroen te verf, met kontrasterende wit mure (Obholzer ea 1985:55).

Sparmann bevestig dat die meeste huise van buite gepleister en afgewit was en dat die houtwerk, deure en vensters groen was, wat hy toeskryf aan die Hollanders se voorliefde vir dié kleur (klere, bote en huise) (Sparman 1977:47; Dominicus 1919:38). Ook die Nederlander Teenstra, het in 1825 spesiaal melding gemaak van die voorliefde vir groen (1943:179). Toe E Kretzschmar in die 1850's deur die Kaapkolonie gereis het, het hy *roode en groene luiken* gevind (Pretorius 1986:33). Ook die skrywer-navorsers dr WHJ Punt meld dat al die houtwerk vroeër by voorkeur groen was, maar ook dikwels wit, geel of blou geverf is om dit teen vog te beskerm (Trefois, Punt & Ploeger 1968:58).

Twee verskillende boustyle het aan die Kaap ontwikkel. Die eerste amptelike geboue is met platdakke gebou, volgens patroonboeke deur Nederlandse meesters en dus volgens die Hollandse modeboustyl (Labuschagne 1988:74). Op die platteland het die boere eerder staandakke gebou. So ontstaan aan die Kaap twee bouwyses naas mekaar; die platdak wat in die dorp oorheers, en die tradisionele staandak op die plaas. 'n Vervreemding ontstaan mettertyd tussen die stadsboustyl en die behoudende geaardheid van die tradisionele staandakbouwyse op die platteland (Labuschagne 1988:74). Volgens Biermann is dit 'n

weerspieëling van die stryd wat reeds in Nederland afgespeel het: die oorgelewerde staandak word deur die *gemene volk* aangehang terwyl die platdak deur die amptenare en hoë lui verkies word (Labuschagne 1988:75).

Die Kaaps-Hollandse boukuns het algaande hieruit ontwikkel en het sy hoogtepunt in die jare 1755 tot 1825 bereik (Pretorius 1986:29). Volgens Pretorius was die Wes-Europese invloed onder meer merkbaar in die gewels, simmetriese plasing van die voordeur en vensters, die gebruik van 'n bo- en onderdeur en die tipies Nederlandse voorliefde vir groen geverfde houtwerk (1986:75). Die skrywer Simons beweer dat dit as gevolg van die ekonomiese vooruitgang en die gevestigde gemeenskap aan die Kaap was dat die gewelargitektuur rondom die middel van die 18de eeu 'n opbloeit getoon het (1987:13). 'n Deel van hierdie gemeenskap was bouers en ambagsmanne wat opgelei was in die kuns van stukadoorswerk. Daar kon nie met sekerheid vasgestel word wie hierdie persone was nie. Die vaardigheid om kalkpleister vormwerk te doen het ontstaan in die Mediterreense lande. Alhoewel die Portugese dié vaardighede na die Oos-Indiese lande geneem het lank voordat Jan van Riebeeck na die Kaap gekom het, was daar teen 1749 volgens Simons verskeie groepe Oosterlinge aan die Kaap wat oor die vaardighede beskik het (Simons 1987:13). Die vaardighede wat hulle toegepas het lewer bewys daarvan dat hulle hulle vaardighede van die Ooste af met hulle saamgebring het, en dat hulle die proses aangeleer, toegepas en aan die Kaap verder ontwikkel het

Trefois meld dat militêre tegnisiërs aanvanklik 'n besondere rol in die konseptualisering en die verwerking van wiskundige berekenings ten opsigte van die eerste bouwerke aan die Kaap gespeel het (1969:41). Die opvolg van hierdie stelling kan tot nuwe insigte lei oor die ontstaan van die Kaapse landelike boukuns.

Die 18de-eeuse Kaaps-Hollandse wonings waarna verwys word as die boukuns in die *platteland* is plaashuise wat deur die patrisiër (hoër inkomste groepe) opgerig is. Die huise van die mindergegoede burgers en later dié van die blanke veeboerpionier wat geleidelik al hoe dieper die binneland ingetrek het, hoewel dit op dieselfde plan en boukonstruksie berus het, was veel eenvoudiger. Die eenvoudigste huisies het in sommige gevalle slegs uit een of twee vertrekke bestaan met 'n buitekombuis, en is nie simpatiek beskryf deur reisigers na die

binneland nie. Mettertyd is daar 'n vuurherd aan die een kantmuur gebou of 'n kombuis aan die agterkant, sodat die woning L- of T-vormig geword het (Pretorius 1986:29). Dominicus bevestig dat die minder gegoede inwoners se huise in die 18de eeu deurgaans kleiner was en uit 'n *galerij*, met 'n kamer aan elke kant en die kombuis agter, bestaan het (1919:39) – die kenmerkende T-plan wat in die studiegebied die mees algemene grondplan sou word.

Afhangend van die beskikbare boumateriaal het volksboukuns van streek tot streek, en selfs binne streke, verskil. Volgens Pretorius is dit gebou tot in die tweede helfte van die 19de eeu toe dit deur die invoer van oorsese fabrieksmateriaal tot 'n einde gekom het (1986:30).

Nienaber, kenner van die Vrystaatse pioniersboukuns, ondersteun Pretorius se bewering deur te meld dat al die vroeë huise deur die nedersetters self met plaaslike materiaal gebou is. Maar omstreeks 1860 is reisende bouers en skrynwerkers in diens geneem en timmerhout, byvoorbeeld geelhout, is na die Vrystaat ingevoer. Die huise vertoon dieselfde oorspronklike plan, maar was 'n bietjie groter met die gebruik van skuiframe (1986:54). Trefois meld ook dat alhoewel daar nie met sekerheid gesê kan word wie vir die boukuns aan die Kaap verantwoordelik gehou sou kon word nie, rondtrekkende messelaars en timmermanne in en om die Kaap hulle dienste beskikbaar gestel het (1969:41). Alhoewel Trefois nie 'n datum aan sy bewering koppel nie, en met inagneming van veral die ekonomiese toestande wat oor die algemeen in die omgewing van Swellendam gegeld het, is dit moontlik dat volksboukuns - soos ook in ander wêrelddele - nog tot in die 20ste eeu opgerig is.

3.3 Die ontwikkeling van die boukuns aan die Kaap

Soos genoem, het die vroegste Kaapse wonings uit slegs een, twee of drie vertrekke bestaan en wonings is moontlik later uitgebrei deur 'n vertrek ook in die lengte aan te bou, op dieselfde wyse as wat by die Europese langhuis ['n woning wat bestaan uit 'n enkele ry vertrekke' (Labuschagne 1988:111), en 'n tweede tipe: 'n woning waar mens en dier onder een dak gehuisves is (Meirion-Jones 1985:1), aangetref word. Frans en Cook beweer dat daar na agter uitgebrei is waar uitbreiding in die lengte nie moontlik was nie (Labuschagne 1988:111).

3.3.1 Sewentiende-eeuse Kaapse wonings

Volgens Walton is die kennis wat bestaan oor die 17de-eeuse argitektuur en die uitleg van die plan afgelei van geïllustreerde planne, veral daardie planne wat die transportaktes van plase soos opgeteken deur Johannes Mulder in die laaste 20 jaar van die 17de eeu, vergesel. Mulder, eerste landdros en landmeter van Stellenbosch, het op elk van sy planne 'n klein tekening van die woning of geboue wat hy ten tye van sy opname op die plaas aangetref het, gemaak (1989:11).

Die geboue wat so deur Mulder geskets is, is met een of twee uitsonderings almal eenvoudig reghoekig met rietdakke en 'n ingang aan die een sykant. Aan die teenoorgestelde kant het 'n prominente skoorsteenskag voorgekom (Walton 1989:11).

Op 'n plan van die Kaap wat dateer uit 1660, word die meeste burgers se huise aangedui met 'n sy-ingang (Walton 1989:11-12). Hierdie verskynsel is vir Walton nie vreemd nie omdat baie huise in dorpe in Nederland en Duitsland opgeteken is wat met die sykant na die straat gebou is, en daarom die ingang aan die straatkant het. In die landelike gebiede het die groot skuurhuise prominente deuropeninge aan die sykante. Walton sê verder dat alhoewel die geboue wat deur Mulder voorgestel is sekere basiese eienskappe in gemeen het, daar nog steeds 'n groot verskil in die detail is (Walton 1989:12).

Die eenvoudigste geboue wat deur Mulder geteken is, is dié op die vergunnings aan Gerrit van der Riet en Barend van den Brink op 21 Desember 1689. Elk dui 'n reghoekige gebou met 'n staandak aan, 'n ingang aan die een kort kant, 'n lang skoorsteen aan die ander kort kant en 'n vensteropening in die een lang kant (Walton 1989:12). Op die plaas Koesanie (Swellendam) het 'n huis gestaan wat waarskynlik een van die min middel tot laat 18de-eeuse pionierhuise was. Hierdie huis toon baie ooreenkomste met bogenoemde tekeninge gemaak deur Mulder. Dit is 'n reghoekige gebou met 'n staandak, 'n ingang aan die een kant (oostekant) met 'n klein venstertjie sowel as 'n soldervenster regs bo die deur, aan die noordekant 'n venster, en aan die suidekant 'n deur en 'n venster (sien figuur 9).



Figuur 9: Koesanie (VB MS gd)

Ander variasies soos deur Walton opgeteken, is wonings met die ingange aan die een sykant, met twee, drie of vier vensters langs die een lang kant en met of sonder 'n skoorsteen in die ander entgewel. Die diagram op die akte van Spier dui nie net 'n huis aan nie, maar ook 'n reghoekige kraal en 'n groot reghoekige *tuyn* omring deur 'n groot muur. Ook word twee reghoekige veekrane op die plaas Vredenburg by Vlottenburg (vandag Laer Vredenburg), toegestaan in 1691, aangedui (1989:12-13).

Alhoewel die meeste plaasgeboue wat deur Mulder geteken is 'n ingang aan die een kort kant (ent) gehad het, was daar ook wonings met die ingang in die middel van die een lang kant. Die huis van Dirk Coetsee van Coetsenburg het in 1693 'n sentrale deuropening gehad met 'n venster aan elke kant. Nog 'n voorbeeld uit 1691 is die huis van Stellengift (vandag Simonsvlei), met 'n ingang in die middel en 'n venster aan elke kant, maar in elke entgewel was 'n skoorsteen. Hier naby is 'n lang reghoekige gebou, met 'n ingang in die een sy wat duidelik aandui dat dit die skuur is. Hierdie twee geboue was geleë in 'n lang reghoekige werf verbind met 'n muur en teenaan die werf was 'n lang kraal met 'n klein kraaltjie teenaan (Walton 1989:14).

Walton som bogenoemde op en beweer dat al die reghoekige geboue wat 'n ingang in die symuur het, nie 'n simmetriese fasade soos Coetsenburg en Stellengift het nie. Sommige, soos voorgestel op die 1660-plan van Kaapstad, het die ingang aan die einde van die lang kant, waar om die laaste kamer te kan bereik, deur al die vertrekke beweeg moes word (1989:15). Of die eenvoudige reghoekige woning 'n asimmetriese of simmetriese plan gehad het, het van sy oorsprong afgehang. As die woning as 'n enkelvertrek begin het waarby vertrekke gevoeg is, dan het dit 'n asimmetriese plan, maar as dit 'n reghoekige gebou was wat verdeel was in drie vertrekke, dan het dit 'n simmetriese plan met die ingang wat na die voorhuis lei, met 'n kamer aan die een kant en 'n kombuis aan die ander kant (Walton 1989:15). Voorbeelde van albei tipes soos beskryf deur Walton kom in die studiegebied voor. Volgens Walton was dit die simmetriese drievertrekwoning wat die basiese eenheid gevorm het waaruit die T-plan plaaswonings ontwikkel het (1989:15).

3.3.2 Agtiende-eeuse ontwikkeling van die Kaapse woning

Aan die Kaap is die grondplan volgens Labuschagne beïnvloed deur die hoë grassdak en die feit dat die beperkte laterale krag van die mure nie 'n groter dakspan kon dra nie, (1988:111). Biermann, sowel as Fransen en Cook bevestig dat 'n groter dakspan as gevolg van die swaarder las groter uitwaartse drukking op die mure veroorsaak en die muur dus sou uitskop (Labuschagne 1988:111). Die grondplan is gevolglik hierdeur beperk deurdat vloeroppervlaktes van nie breër as 6 m tot 9 m oorspan kon word nie. Hierdie beperkende faktore het waarskynlik gelei tot die bou van vertrekke in 'n ry (Labuschagne 1988:111-112), wat saam met ekonomiese beperkings 'n bydrae kon gelewer het tot die voorkeur om die kenmerkende langhuis te bou. Sou die Europese tradisies soos vroeër gemeld in ag geneem word, kon die grondplanne aan die Kaap afgelei wees uit die Europese voorgangers. 'n Tekort aan timmermansvaardighede en dus die kennis van dakkonstruksies kon ook 'n beperkende faktor op grondplanontwikkeling gewees het.

Gedurende die eerste helfte van die 18de eeu was die mees opvallende ontwikkeling van die Kaapse opstal die groter getal doelmatige geboue wat opgerig is, soos byvoorbeeld slawekwartiere, wynkelders en stalle, en die vervanging van die driekamer reghoekige woning met die T-plan woning (Walton 1989:17). 'n Gevestigde gemeenskap en ekonomiese vooruitgang begin geleidelik sy invloed deur boukuns bevestig.

Uit die plasing van vertrekke in een ry ontwikkel die tipiese Kaapse grondplanne op 'n sogenaamde *alfabetletter*-patroon (Labuschagne 1988:112). Vir byna twee eeue is die verlengde vleuelplan in die vorm van 'n I, T, U, L, ensovoorts, aan die Kaap gevolg (Labuschagne 1988:112). Dit het later moontlik geword om wyer dakspanne op te rig, maar die bekende tradisie het steeds voortgeleef. Soos gemeld, is dit juis hierdie tradisie wat sy oorsprong nie aan die Kaap het nie, maar in Europa. Uit hierdie tradisie wat in die Kaap voortgesit is, is vertrekke aan die oorspronklike gedeelte in dieselfde standaard breedte aangebou. In die studiegebied kom die T-plan die meeste voor.

Van die eerste dekade van die 18de eeu het die boere begin om hulle reghoekige drievtrekwonings te vergroot met die toevoeging van 'n sentrale vleuel aan die agterkant om sodoende bogenoemde T-plan te vorm. Idasvallei naby Stellenbosch was in 1713 'n drievtrekwoning, maar teen 1774 is dit óf vergroot óf vervang met 'n T-plan huis, want die huis het toe bestaan uit 'n voorhuis, 'n vertrek aan die linkerkant, 'n kamer aan die regterkant, 'n agterkamer en 'n kombuis (Walton 1989:20).

Soos in die distrikte rondom Kaapstad en Stellenbosch is die vroegste ontwikkeling van die reghoekige buite-kamerwoning dus 'n uitbreiding van die woning deur die verplasing van die kombuis na 'n *uitsteeksel* na agter om sodoende die T-plan te vorm. Nog 'n eienskap is die skoorsteen entgewels. Bruintjiesrivier (Swellendam), die woonhuis van Hermanus Steyn in die middel 18de eeu, is vir Walton 'n uitstekende voorbeeld van so 'n uitbreiding (Walton 1961:51) (sien figuur 10).



Figuur 10: Bruintjiesrivier (MS DM Tomlinson 1942:gp)

Op die plaas Uitvlugt (Swellendam) was die eerste woning 'n drievtrekwoning met 'n voorhuis, 'n kamer aan die een kant en die kombuis aan die ander kant. Die tweede woning, wat vandag steeds bewoon word, is as langhuis gebou waar die langhuis later 'n T-plan gekry het en die woonhuis deur die toevoeging van 'n kombuis, na agter uitgebrei het. Van die diktes van die mure kan afgelei word dat albei in die 18de eeu opgerig is (Muurdiktes: 18de eeu - 500 tot 550 mm en 600 tot 700 mm; 19de eeu - 400 tot 460 mm). Met inagneming van die plaas se familiegeskiedenis het dit aan die lig gekom dat die wonings waarskynlik in die middel 19de eeu opgerig is.

Walton beweer dat gedurende die tweede helfte van die 18de eeu en moontlik selfs vroeër, daar 'n groot getal langhuise in die Kaap was en dat daar genoeg bewyse is om te glo dat die langhuis in baie gevalle met die H-plan woning vervang is. Die ou langhuis het dan die woning van 'n seun, plaasbestuurder, besoekers of familie geword. Hierdie is genoem die *jonkershuis* wat nie noodwendig impliseer dat die woning spesiaal vir die oudste seun opgerig is nie (1989:44).

Walton beweer verder dat daar tydens die tweede helfte van die 18de eeu naas die wonings soos bo bespreek, ook 'n ander woningpatroon tot stand gekom het (1989:43). In hierdie struktuur is die onderskeie komponente van 'n plaaswerf soos byvoorbeeld die stalle, nie losstaande geboue nie, maar het die woning, stalle, waenhuis, duiwehok en soms wynkelder alles onder een lang dak gepas (Walton 1989:43). Walton vergelyk hierdie geboue met die

langhuise van die kusdele van Nederland, Duitsland, Denemarke en Noord-Brittanje (1989:43).


Meirion-Jones, kenner van die volksboukuns van Frankryk, teken aan dat die langhuis veral in Bretagne in sy verskillende vorme voorkom, asook in die noorde van Frankryk tot sover as die Belgiese grens en selfs tot by die voetheuwels van die Pireneë (1985:14). Die Franse voorbeeld van 'n langhuis is minder gevorderd as die Britse voorbeelde en word gedefinieer as 'n reglynige of onder-reglynige ganglose woning waarin mens en dier onder een dak aan teenoorgestelde kante gehuisves word. Toegang is verkry deur een algemene sydeur. In die tweede helfte van die 19de eeu was die skeiding tussen die familie aan die een kant en die stal wat die diere huisves aan die ander kant, 'n funksionele skeiding. Hierdie skeiding het eers later 'n meer permanente vorm aangeneem. Bokant die grondvloerakkommodasie was 'n solder wat soms gebruik is om hooi of graan te berg. Die hele woning was geskik vir gemengde boerdery (Meirion-Jones 1985:14). Volgens Meirion-Jones is daar goeie redes om te glo dat hierdie woningtipe oor die hele Bretagne 'n standaard woning was, veral vir families met vee. Dit moet ingedagte gehou word dat plase in Frankryk gewoonlik baie klein was en dat dit ongewoon was vir families om meer as 'n paar koeie te besit (1985:14).

Volgens Walton was die eerste Kaapse langhuise lang, reghoekige geboue sonder dekoratiewe gewels, maar soos meer geld beskikbaar geraak het, is dekoratiewe gewels aangebring (1989:43). So het al die voorbeelde van langhuise, ook in die studiegebied, eenvoudige gewels. Walton teken die volgende voorbeelde aan: Hazendal (1781), Breede Rivier (1791), Zeekoegat (1795) en Rustenburg (1812) (1989:43-44). Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Kaapse langhuis selde as een groot geheel opgerig is. Vertrekke is aangebou soos deur behoefte bepaal en is eers later as geheel onder een dak geplaas (1989:15).

'n Voorbeeld van Walton se beskrywing is die middel 18de-eeuse woning Zanddrift op Drew naby Bonnievale, wat op Swellendam herbou is om deel uit te maak van die Drostyd Museumkompleks. Dit is 'n voorbeeld van 'n drievtrekwoning wat na agter uitgebrei het om die bekende T-plan te vorm. In die nuwe vleuel is 'n kombuis en stalle aangebring en is dit nie die verwagte langhuis verlenging van die oorspronklike drievtrekwoning na die

sykante toe nie, maar 'n verlenging in 'n T-plan na agter (MS DM Cochrane gd:gp). Volgens die Drotsdy Museum se rekords is die plaas *Jan Harmans Schat*, later Jan Harmansgat, later Nooitgedacht en vandag Jan Harmsgat, in 1731 toegestaan aan Jacobus Botha d'Oude vir weiding. Hy het weiregte op die nabygeleë *Sanddrift geleë aan die Breede Rivier* in 1757 verkry. Die oorspronklike gedeelte van die huis dateer uit c1757. In 1769 gee hy die regte aan sy dogter Elsje, wat die drievtrekwoning verander in 'n T-plan woning (MS DM Cochrane gd:gj).

Soos reeds genoem, is Zeekoegat (1745) in 1972 deur Walton opgeteken as 'n langhuis geleë 4 km noord van Riversdal, naby die fort waar die *Groote Wagen Weg* van Swellendam na die ooste met die Vetrivier gekruis het (1989:66) (sien figuur 11). Zeekoegat is in 1746 as leningsplaas toegestaan aan Michael Müller (Walton 1989:66). Die plaas het 'n gewilde uitspanplek vir baie 18de-eeuse reisigers geword. Frederick Beutler het hier gebly in 1752 en 24 jaar later het Hendrik Swellengrebel aangeteken dat hy op 10 Desember verby die plaas van die weduwee Mulder (Müller) gegaan het. Die woning is vir Walton ongewoon in die sin dat dit reghoekig gebou is tot die helling van die grond (1989:66). Volgens hom kon die woning aanvanklik bestaan het uit 'n slaapkamer en 'n gekombineerde leefruimte en kombuis. Die kombuis en spens is later van die leefruimte afgeskort met 'n dun muurtjie. Die dakgewel is volgens Walton in 1795 bygevoeg en dit is waarskynlik in hierdie stadium dat die bouwerk vergroot is met twee buitekamers wat van die stoep bereik is en as berguimtes gebruik is (1989:66). Om die ruimtes in die bouwerk verder te benut was dit nodig om die onderste gedeelte 'n dubbelverdieping te gee waar die onderste gedeelte gedien het as perdestalle en 'n ruimte waar gereedskap geberg kon word (Walton 1989:66).



Figuur 11: Grondplan van die Zeekoegat-langhuis, Riversdal (Walton 1989:66)

3.3.3 Negentiende-eeuse ontwikkeling van die Kaapse woning

Teen 1850 het die sogenaamde *diepplan* met meer as een vertrek in 'n ry, die tradisionele vleuel-tipe aan die Kaap begin verdring en is daar volgens Labuschagne van die langhuis wegbeweeg (1988:112-113).

Gedurende die laaste dekade van die 18de eeu en die eerste kwart van die 19de eeu het die uitleg van die Kaapse opstal volgens Walton in *definitiewe patrone*, in teenstelling met die ongeordendheid van vroeër, ontwikkel. Walton klassifiseer hierdie patrone soos volg: *lineêre* (Klein Welgemoed), *parallele* (Boschendal), *oopgespreide* (Babylonstoren) en die *ingeslote werf-uitleg* (Hartebeeskraal, Greyton).

Soos genoem, kom die T-plan die meeste in die studiegebied voor. Daar is ook 'n plan wat net in die omgewing van Swellendam aangeteken is. Die Barry en Neefs se winkel op Malgas is 'n konstruksie wat bestaan uit drie parallele vleuels. Direk agter die drievtrekwoning is 'n tweede drievtrekgedeelte binne 1,5 m van die eerste gedeelte gebou. Die tweede gedeelte word verbind aan die eerste gedeelte met 'n toegemaakte gang. Die derde vleuel is agter en links van die tweede en aan die tweede vleuel verbind by die agterste linkerhoek. Die hele struktuur het oorspronklik 'n rietdak met spits entgewels gehad. Die eerste twee vleuels dateer moontlik uit die middel 19de eeu (1850). Die derde vleuel is ouer en was moontlik die oorspronklike *Malegaas Craal* woning wat in 1832 op die terrein opgeteken is (so ook die plaaswonings op Nooitgedacht en Melkhoutbos, Swellendam).

Daar is in die 19de eeu met die langhuis tradisie in die streek voortgegaan. Die plaas Vryheid (Rûens) se eerste woning, waarskynlik gebou in die vroeë 19de eeu, was 'n langhuis met 'n kort T-plan waar die kombuis in die langhuisgedeelte moes inpas.

In die Swellendam landdrostdistrik kom daar 'n huisplan voor wat nie aan die langhuis-beskrywing van Walton voldoen nie, maar eerder 'n variasie is wat hier meer dikwels gebou is as wat aanvanklik gedink is. Soos vroeër genoem, beweer Walton dat die Kaapse langhuis selde as een groot geheel opgerig is en dat vertrekke na gelang van die behoefte aangebou is en eers later as geheel onder een dak geplaas is (1989:15).

In Swellendam en omgewing is voorbeelde van geboue waar mens en dier van meet af onder een dak gehuisves is. 'n Rede hiervoor was moontlik dat die gebied yl bevolk was, kommoditeite soos water skaars was, rykdom nie die norm was nie en spesialisasie (aparte geboue vir byvoorbeeld waens, stalle en slawelosies) gevolglik nie kon plaasvind nie. Sommige van die langhuisvoorbeelde wat hier voorkom, het dalk om dieselfde redes kleiner afmetings aangeneem. Die langhuiskonstruksie is ook veel goedkoper om op te rig as om vir elke boerdery behoefte 'n afsonderlike struktuur te bou. 'n Mens sou dus hieruit kon aflei dat daar in die buitelandse baie meer langhuisstrukture (meerdoelige strukture) was.

Die eerste bouwerk wat op die plaas Klaaskaffersheuwel (Swellendam) in die vroeë 19de eeu opgerig is, was aanvanklik 'n tweevertrekswoning met 'n kombuis en kamer. Later is 'n stalgedeelte direk hier langs aan opgerig met die staandak wat die hele struktuur oordek (sien figuur 12). Walton se bewering dat die langhuis nie van die staanspoor af gebou is nie, maar dat daar later vertrekke aangebou is, word dus deur hierdie voorbeeld bevestig. 'n Vroeë 19de-eeuse woning op die plaas Kraaiheuwel (Bredasdorp) is op dieselfde beginsel gebou met die verskil dat die stalgedeelte aan die kombuis grens.



Figuur 12: Noordaansig van die Klaaskaffersheuwel-langhuis, met die woninggedeelte oos en die stalgedeelte wes (VB EB 1992)

'n Unieke langhuis is aan die Barrydale-kant van die Langeberge, steeds in die landdrosdistrik van Swellendam, opgeteken. Die 19de-eeuse langhuis op die plaas Bo-Kleinrooivlakte (Barrydale) bestaan uit 'n woongedeelte, stalle, waenhuis en in die een langmuur (noordwestelike kant) 'n ry driehoekige hoedernessies. Die woning is uit die staanspoor as 'n langhuis gebou (sien figuur 13 en 14).



***Figuur13:** Vooraansig van die Bo-Kleinrooivlakte-langhuis (VB EB 1992)*




***Figuur 14:** Agteraansig van die Bo-Kleinrooivlakte-langhuis (VB EB 1992)*

In die middel van die 19de eeu neem die reisiger Backhouse waar dat die meeste plaashuise op die Kaapse platteland afgewit is met daarnaas 'n klompie populierbome of sambreedenne aangeplant (1844:139).

3.3.4 Huisvesting op die buiteposte


Posvolk (Sleigh 1993:voorwoord) het gratis inwoning op die buiteposte geniet. Die poshouer, dikwels 'n getroude man met 'n gesin, het op die boerderyposte soos *Groene Cloof*, apart van die posvolk in die poshuis gewoon. Die illustrasie wat RJ Gordon van die poshuis *Groene Cloof* geteken het, toon 'n groot en aantreklike woonhuis. Die laaste poshuis op die pos *De Clapmuts* (indien die argitekspan wel uitgevoer is) was 'n herehuis wat in 1787 deur die argitek LM Thibault ontwerp is. Ander poshuise waarvan illustrasies bestaan, was blykbaar net eenvoudige lang rietdakgeboue met een of twee deure en twee of drie vensters in die voorste muur. Die posvolk, meestal ongetroud, het in gevalle waar 'n poshouer die poshuis bewoon het, in die sogenaamde *volkshuis*, *volkslosie* of *volkskagie* gewoon. By poste met 'n klein besetting het die poshouer en posvolk saam in een gebou gewoon. By die groot vervoerpos *De Schuer* het die poshouer die poshuis bewoon, die twee onderbase het elk 'n eie kamer gehad, en die posvolk het in 'n volkslosie gewoon. Die grootte en boustyl van VOC-poshuise het deur die jare aansienlik verbeter (Sleigh 1993:98).



Alhoewel die studie nie interieurs ondersoek nie, is dit van belang om te weet hoe die VOC meubels aan sy soldate in kasernes buite Java voorsien het. Tot in 1792 het die VOC nog geen banke, tafels, kaste, kapstokke of ander meubels vir gebruik deur sy soldate geplaas

nie. Daarom is daar selde meubels op die inventarisse van die Kaapse buiteposte. Die posvolk moes hulle eie meubels maak. Die gewone *katil* van Kaapse soldate was volgens OF Mentzel 'n houtraam waaroor 'n robbevel gespan is. Die *katils* is deur vertrekkende manskappe aan nuweling verkoop (Sleigh 1993:98).

Voor elke poshuis het 'n vlag aan 'n vlagpaal gehang. Volgens bestaande illustrasies van die buiteposte *Muijsenburg* en *Riet Valleij aan de Buffeljagtsrivier* (sien figuur 16), was dit die rooi-wit-blou vlag van die State-Generaal (Sleigh 1993:98).



Vanaf Desember 1734 teken korporaal J Grommet van *Riet Valleij* as 'n poshouer in eie reg. Die kronologiese verloop van die pos se ontwikkeling sou volgens Sleigh waarskynlik soos volg wees: teen Junie 1734 was die huise en krale klaar gebou en teen die einde van die jaar is die volle oordrag van die personeel en vee aan poshouer Grommet gemaak (1993:575).

Weens die beskrywende boukundige instruksie aan die eerste houer van die buitepos *Plettenbergs Baaij*, word dit kortliks as teenstelling tot volksboukuns gemeld om sodoende die omstandighede waarin amptelike geboue in die Kolonie in die 18de eeu opgerig is, aan te toon.

JF Meeding, wat in 1776 as VOC-soldaat in die Kaap aangekom het, was houtkapper en eerste poshouer op die buitepos *Outeniqualand*, asook substituut-landdros van Swellendam. Op 9 Februarie 1787 onderteken hy sy *Instructie* om die poshouer op die buitepos *Plettenbergs Baaij* te word. Die kommissie onderteken ook 'n kontrak vir die bou van 'n houtskuur met die burger Jan Jarling (of Jerling) en verwag van die nuut aangestelde poshouer om toe te sien dat die geboue reg opgerig word (Sleigh 1992:623).

Die binnemate van die gebou moes 61 m lank wees (die gebou was waarskynlik so lank om meer hout te kon berg), 6,71 m breed en 3,96 m hoog (200 vt x 22 vt x 13 vt). Die skuur moes naby die Kompanjie se baksteen staan, en moes twee groot deure van 3,2 m (10,5 vt) hoog en 1,83 m (6 vt) wyd, met voor- en agtergewels hê (Sleigh 1992:623). Jarling moes self die hout daarvoor op 'n plek van sy keuse kap en voorberei. Omdat die regering verwag het dat die gebou teen Desember 1787 klaar moes wees, moes al die balke, kosyne, deure, luike, rame en lateie van egte geelhout wees wat tussen 1 Mei en 31 Augustus gekap is, en geen stuk hout wat buite dié tyd gekap was, of wat nie totaal droog en geskik was nie, kon in dié bouwerk gebruik word nie. Hy moes ook toesien dat alle hout wat gelewer word met die VOC-merkyster gebrand word (Sleigh 1992:623). Die jaartal waarin die hout gekap is, moes op alle balke en planke geskryf word, en op artilleriehout en wahout ook die jaar waarin dit ingelewer is (Sleigh 1992:624). So 'n VOC-merk is op een van die dakbalke in die woning op die hedendaagse plaas, Weegskaal (Mopama), langs die Breederivier gevind.

In sy beskrywing van die algemene lewe op die buiteposte, beskryf Mentzel (1944:110-121) onder meer 'n algemeen-gebruikte manier van koringoes, wat lig werp op die vroeëre gebruik van rogkoring as dekmateriaal vir dakke. Wanneer 'n boer strooi vir die dek van sy dakke benodig het, het hy dié deel in die land gesoek waar die langste strooi gestaan het. Hier moes die snyers 'n bietjie laer buk en die strooi naby die grond afsny sodat die stingels (halms) baie langer was. Hierdie gerwe is eenkant gehou totdat al die koring geoes is. Op die trapvloer is uit 'n paar steierhoute twee lang tafels gemaak. Die slawe het die gerwe geneem, elke keer net soveel stingels soos wat hulle in een hand kon hou, en die koring op die tafel uit die are geslaan. Die strooi is dan eenkant netjies gebind en in bondels geplaas. Die bondels was nie dikker as wat deur twee hande gehou kon word nie. Op hierdie manier is die strooi nie op die trapvloer verkrummel nie, terwyl die koringkorrels terselfdertyd

skoon uitgehaal is. Die strooibande waarmee die gerwe vasgebind is, asook die kort, krom stingels wat op die vloer uitgegooi is, is op die vloer gelaat om later deur die perde uitgetrap te word.

3.3.5 Tydelike huisvesting

Die lewensomstandighede en lewenswyse van gevestigde pioniers en dié van trekboere, was baie eenders (Pretorius 1988:203). Beskrywings van die trekboerlewe in die vroeë 19de eeu kan gebruik word vir 'n beeld van hoe die eerste pioniers in die binneland oorleef het. Volgens Pretorius het beide trekboer en pionier soms vir jare geen vaste tuiste gehad nie en is tydelike wonings gebou en later wanneer vestiging moontlik was, is 'n meer permanente woning opgerig (1988:203).

3.3.5.1 Wa en Tent

Alhoewel die eerste setlaars nie sommer die onmiddellike omgewing van die Kaap wou verlaat nie, het die tweede geslag, gedryf deur hulle soeke na avontuur en nuwe weivelde, oor die bergreekse getrek na die weivelde daaragter. Soos vroeër vermeld, het die veeboere in die ooste oor die Hottentots-Hollandberge en langs die kus getrek in die rigting van Swellendam. Hierdie *trekboeren* was die eerste pioniers wat 'n primitiewe lewe van avontuur sonder wette, buiten vir 'n jaarlikse belasting vir weigrond van 6 000 akker moes betaal, gevoer het. Die veeboere het 'n nomadiese bestaan gevoer (Malan 1981:23) (sien figuur 17). Walton vergelyk die Kaapse veeboerlewe met 'n lewe algemeen in ander wêrelddele, waar herders van somer- na winterweiding trek om die beste weiding vir hulle vee te bekom (1952:49). In sy aantekeninge oor die lewensomstandighede van die veeboer meld Thompson dat die armer boere in waens en riethutte sonder meubels geleef het. Die gevestigde veeboere het in goeie huise, met goeie meubels, tuine en wingerde gewoon. Veral dié wat naby 'n drostdy gewoon het, was ook goed opgevoed met 'n goeie algemene kennis (1968:138-139).



Figuur 17 'n Veeboer op trek rondom 1803 (Hattersley 1973: kleurplaat 1)

Malan beweer dat slegs die sterkste waens en besgeleerde osse dit buite die nedersetting kon waag en dat geen wa die reis van die Kaap na Swellendam kon deurmaak sonder dat ernstige herstelwerk gedoen moes word nie (1981:23).

In die veeboere se soeke na beter weiding het hulle verder die binneland ingetrek met hulle tentwaens of geboude primitiewe skuilings as huise (Walton 1952:49). Waens wat op reis gebruik is, het 'n seildoek oor die bak gehad, wat 'n tent genoem is (1981:28). Van der Waal-Braaksma en Ferreira beweer tereg dat streke wat oorspronklik deur nomadiese gemeenskappe bewoon is en gekenmerk was deur 'n heen en weer trek van somer- na winterveld tussen tydelike nedersettings, nie maklik hulle ervarings kon dokumenteer nie (1986:6). Bronne soos reisbeskrywings en dagboeke sou moontlik hierdie leemtes kon aanvul.

Bredenkamp meld dat waens die enigste huisvesting van die Trekkers was (Bredenkamp 1988:22). In sommige gevalle was die totale stoflike besit van 'n veeboer soveel as wat op 'n trekwa gelaai kon word (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:6). Thompson bevestig hierdie stelling met sy aantekening dat die ossewa so belangrik vir die boer en sy gesin is dat dit as 'n *travelling house* beskou kan word (1968:305).

Die wa was vir die eerste pioniers hulle woning, maar was te klein om aan elke lid van die gesin slaapplek te bied. Waar dit enigsins moontlik was, is tente opgeslaan of tydelike skuilings gebou wanneer daar vir lank oorgestaan is. Reisigers en jagters wat voor die jare van die Groot Trek (1836 – 1838) die binneland van die Kaapkolonie besoek het, het aangeteken dat die veeboere almal tente gehad het wat hulle gebruik het wanneer daar in die soeke na beter weivelde met die vee getrek moes word. Soos afgelei kan word van skilderye deur Charles Bell gemaak in die eerste helfte van die 19de eeu, was die tente wat deur die veeboere en trekboere gebruik is langwerpig en nie hoekvormig soos die militêre tente nie. Die tente is of direk langs die wa of tussen twee waens opgeslaan (Pretorius 1988:203).

Generaal Janssens het op Genadendal gesien hoe Khoikhoi-vroue matte vir vloerbedekking en om die *kuijven* (kappe) *van wagens te overdekken* vleg (Malan 1981:28). Hierdie matte is ongetwyfeld goed deur die pionier gebruik. Giliomee en Elphick bevestig ook dat dit die Khoikhoi-vroue was wat die grasmatte gevleg het wat die trekboere gebruik het vir die bou van skuilings (tradisionele hutte) en om hulle waens mee te dek (1990:28).

Die Khoikhoi op Suurbraak het matte gemaak wat veeldoelig aangewend is. Backhouse beskryf die plant waarmee die matte gemaak is as 'n tipe papyrus (waarskynlik *Caperaceae Textilis* - matjiesgoed) wat veral in vleie en aan die kante van strome gevind is. Die stamme is parallel aanmekaar vasgemaak deur verskeie lyne koord wat gemaak is deur die bas van die Acacia te kou en te draai. Hierdie matte is deur Backhouse gekoop vir sy reisgeselskap om hulle beddens op neer te sit (1844:110). Daar kan dus beweer word dat die gebruik van Acacia-bas om byvoorbeeld daklatte aan dakkappe te heg, 'n Khoikhoi-oorsprong sonder twyfel kan hê.

3.3.5.2 Skerms

Wanneer die veeboer en sy gesin 'n geskikte plek gevind het om hulle te vestig, is heel eerste 'n skerm opgerig en daarna 'n tydelike huisie. Louis Trichardt verduidelik in sy dagboek hoe 'n skerm gebou is en met inagneming van die verspreiding van die Kaapse boutradisies na die binneland, is dit onwaarskynlik dat dit nie 'n algemene bouproses was nie. Op Dinsdag, 13 Desember 1836 het hy aangeteken: *...heeft Carolus zij scherm af getekend en die gate laate graven en dekgoed laate snijden, en teen Donderdag heb Pieta de scherm gemaakt; is*

Carolus zijn geplijsterd en Vrydag heeft Pieta de vellen over de scherm getrokken. Eers op 13 Maart van die volgende jaar heb Carolus gegaan om houijsd te kappen voor de hartbees huisen wij gewoonlijk maak bij die geleentheid. Daarna beskryf hy hoe die hartbeeshuise opgerig is (Pretorius 1986:34).

Die skerm was 'n lae halvesirkelvormige struktuur, gemaak van enige materiaal wat in die omgewing beskikbaar was, soos pale, latte, takke, bosse of struik (Pretorius 1988:204; Van Niekerk 1975:12-13). Die skerm het beskutting teen wind en weer en roofdiere gebied. Eers is die grootte van die skerm op die grond afgeteken, waarna die gate vir die pale gegrawe en dekgoed uit die omgewing gesny is. Die skerm kon dig gemaak word deur dit te pleister of velle daaroor te trek. Sommige skerm was groot genoeg om 'n katel te huisves. Volgens Pretorius is dit nie duidelik of skerm altyd bo toe was en of dit slegs as skuiling gedien het nie, maar was daar gewoonlik 'n soort dak bo-oor gewees. Die skerm wat deur jagters gemaak is, was gewoonlik oop aan die kant waar vuur gemaak is. Die skerm is ook so opgerig dat dit vir kookdoeleindes gebruik kon word tot 'n buitekombuis opgerig is (Pretorius 1988:204).

3.3.5.3 Hut (matjieshuis en pondok)

Die woordeboekbeskrywing vir hut is 'n armoedige, primitiewe woninkie gemaak van takke, gras, klei, klippe, ensovoorts, bestaande uit 'n enkele vertrek. Dit word ook beskryf as 'n eenvoudige woning van hegte konstruksie, as tydelike verblyf van arbeiders, reisigers, soldate, ensovoorts (HAT 1984:423). Hut kan ook beskryf word as *pondok*. Die HAT beskryf 'n pondok soos volg: *Klein, nederige woninkie; hut, krot* (1984:423).

Met inagneming van Gailey se waarneming oor hutkonstruksies soos opgeteken in Ierland, kan die pionier se matjieshuis, soos opgerig in die eerste jare van koloniale vestiging, beskou word as 'n moontlike voortsetting van die Khoikhoi-matjieswoning. 'n Voormalige museumwetenskaplike werksaam by die Worcester Museum teken in 'n ongepubliseerde museum navorsingstuk aan hoe die Khoikhoi-hut gelyk het (MS WM Du Plessis 1981:1-3).

Khoikhoi-nedersettings was gewoonlik naby water geleë, en die grootte van die hut het gewissel na gelang van die grootte van die familiegroep. Vir die konstruksie van die hut is 'n

raamwerk van latte gemaak. Hooflatte, onderlatte en deklatte is benodig. Buigbare hout wat hiervoor geskik is, is keurboom (*Virgilia oroboides*), doringboom (*Acacia Karoo*), wildewingerd (*Cliffortia odorata*), taaibos (*Rhus species*), smalblaarboom (*Diospyros natalensis*), haakdoring (*Acacia mellifera*), olien (*Olea africana*) en sandolien (*Dodonaea viscosa*). Afgesnyde latte is van sytakies en bas gestroop. Die skoongemaakte latte is dan vir die geboogde konstruksie voorberei deur dit in 'n geboë posisie tussen penne wat in die grond ingeslaan is, vas te klem en met gewigte vas te pak (in die buig gelê). 'n Ander metode was om die groen latte dadelik in 'n geboë posisie, ongeveer 30 cm diep en ongeveer 60 cm van mekaar in die grond te plant. Die latte is waar hulle bo kruis, met rouriem wat oornag in water gelê is, vasgebind. Die voltooide raamwerk is so gelaat om in die son in posisie te droog of 'n groot vuur is binne die raamwerk gemaak wat die latte feitlik onmiddellik gedroog het (MS WM Du Plessis 1981:1-2; Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:72-73).

Du Plessis teken verder aan dat matjies deur die vroue gemaak is om oor die raamwerk vasgemaak te word. Die matjies is gemaak van matjiesgoed (*Cyperus textilis*), waarvan die saadente afgesny is nadat dit afgekap is. Dit is gelaat om te droog totdat dit geelkleurig was. Dit is dan oornag in water geweek en volgens lengte gesorteer. Vir die vaswerk van die matjiesgoed (*steek van matjies*), is 'n els van hout, been of bamboes gebruik. Die els is vet gesmeer, skuins teen 'n swaar voorwerp geplaas en met die voet vasgetrap. Die middelste rygsel is eerste gemaak, waarna die dik ente om die beurt, een aan elke kant, ingeryg is. Sodra die els volgeryg was, is dit dwars gedraai om die gat groter te maak, waarna die naald (*deurtrekker*), wat ook van hout of been gemaak is, met veseldraad (*inrygtou*) deur- en styfgetrek is. Die ander rygsels is 'n handbreedte uitmekaar gewerk en die kante is afgewerk deur in elke hand 'n bondeltjie tou te hou wat dan beurtelings heen en weer oor twee tot vier biesies gekruis en styfgetrek is. Die breedte van die matjies het tussen 1,2 m en 1,5 m gewissel. Die lengte is gewoonlik deur die grootte van die hut bepaal. Die matjies is van onder na bo, dakpansgewys, oorgetrek sodat die boonste altyd oor die onderste gestee het, sodat reënwater maklik kon afloop. Die heel boonste matjie is in die middel bo-oor die raamwerk gebuig. Veseldraad is gebruik om die matjies mee vas te maak (MS WM Du Plessis 1981:1-2; Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:70-73).

Die natuurlike veseldraad wat in die konstruksie van 'n hut gebruik is, word deur Du Plessis aangeteken as die bas van stroopbos (*Struthiola ciliata*), doringboom (*Acacia Karoo*), windmakers-, bakkers-, of gonnabos (*Passerina filiformis*). Die doringboombas is voorberei deur dit in melk te kook, waarna dit gekou is tot afsonderlike vesels. Dit is dan verwerk tot 'n koord deur die vesels met die handpalm op die bobeen te rol. *Tougoed* is ook gemaak van matjiesgoed (*Cyperus textilis*). Terwyl die matjiesgoed nog groen was, is dit versigtig met 'n houtstompie op 'n ander houtoppervlakte gekneus. Die vesels is so van mekaar geskei, waarna dit in die son gedroog en in bondels gebind is. Voor dit gebruik kon word om die matte en latte aan mekaar vas te knoop, moes die *tougoed* 'n nag lank in water geweek word om meer elasties te raak (MS WM Du Plessis 1981:2).

Die hut is voltooi met die insit van die vloer van vasgestampte klei, gesmeer met beesmis. 'n Vuurgat kon in die middel van die vloer gemaak word, met slaapgate, gevul met *hotnotskooigoed* (*Helichrysum petiolatum*) en karosse aan weerskante (MS WM Du Plessis 1981:3) (sien figuur 18).



Figuur 18: Die oprig van Khoikhoi hutte (Hattersley 1973: teenoor p30)

Matjieshuise was baie geskik vir die pionier veral omdat dit lig en maklik was om te vervoer. Vir die bou van 'n matjieshuis is 'n hele aantal matjies, wat van matjiesgoed of biesies aanmekaar gesteek is, benodig (Van Niekerk 1975:21-22). Nadat die matjies gemaak is, is 'n klomp ronde latte gekap en met 'n knipmes bas-af gemaak. Daarna is die twee punte van die pale na mekaar oorgebuig, met rieme vasgemaak en vir 'n paar dae so gelaat. As die pale dan weer losgemaak is, was hulle geboë. Intussen is 'n ronde kleivloer gemaak waarin gebreekte miershope vir hardheid ingewerk is. Van die geboë latte is met rieme aanmekaar vasgemaak en daarna is matjies om die struktuur vasgebind. Die matjies is so geplaas dat die onderste deel daarvan effe met die boonste deel van die onderste matjie oorvleuel het. Water kon maklik afloop om te keer dat huise lek. Sodra die matjiesgoed nat geword het, het dit geswel en is waterdigtheid verder verhoog. Die deuropening is met 'n groterige mat bedek, wat as dit nodig was, opgerol en afgerol kon word (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:70-75; Van Niekerk 1975:22-23). Die grootte van die matjieshuis is deur die aantal gesinslede bepaal. As daar baie kinders was, is 'n tweede matjieshuis dikwels gebou. Die kookskerm is eenkant weg van die matjieshuis opgerig, waarskynlik as gevolg van die brandgevaar (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:75).

Hutkonstruksies was algemeen op sendingstasies. Na Georg Schmidt, sendeling van die Morawiese Broederkerk in 1737 op die buitepos *Zoetemelks Valleij* aangekom het, het hy met 'n tent as tydelike woning, vir hom 'n huis begin bou. Die pos se soldate en die Khoikhoi het hom gehelp om die hut van latte, met klei bedek onder 'n rietdak, te voltooi (Sleigh 1993:564). Hutte is na vestiging ook vir arbeider akkommodasie aangewend. Die konstruksiemetode van die hutte is nie sonder twyfel vasgestel nie en het waarskynlik die sogenaamde lat-en-klei voorkoms gehad.

Op reis in 1835 beskryf Moodie die Khoikhoi-hutte as gemaak van matjiesgoed wat met osrieme geheg is aan latte wat weer aan paalstutte, wat in die grond geplant is, vasgemaak is. Sommige van die hutte was ruweg oorgepleister met 'n mengsel van beesmis en klei om beter windweerstand te bied en is gedek met biesies (1835:95). Hierdie waarneming is moontlik 'n aanduiding van die Europese invloed op die hutkonstruksie van die Khoikhoi.

Aanvanklik het die Hemel-en-Aarde inrigting vir melaatses naby Hermanus bestaan uit hutte, maar in 1820 het die regering twee groot geboue laat oprig; die een was die woning van die superintendent en die ander moes as hospitaal dien (Stopforth 1974:153).

Die term *pondok* word gereeld in die konteks van 'n woning, of moontlik 'n soort skuiling, gebruik. In haar dagboekantekening in 1797 noem Joanna Duminy hulle huis op Kykoedie, 'n pondok (Franken 1938:121). Sy beskryf ook die woning van Jan Niemand op die plaas *Kykoedy Kloof* geleë op die *Souterivier*, as 'n *ellendige klein pondok*. Hulle het al 17 jaar op die plaas gewoon, waarvan 15 jaar in die *pondok*. Die woord kry betekenis met haar aantekening dat die Niemand's twee jaar tevore 'n voorhuis en een ander kamer, en toe pas 'n groot kombuis aangebou het. Die vrou van die huis het self die stene vir die bou van die *pondok* gemaak en ook met die bouwerk gehelp. Dié veeboer was die eienaar van 900 skape en die Duminy's se *pondok* kon dus ook 'n soortgelyke drievtrekwoning gewees het, wat gemeet aan Kaapse standaarde net as 'n pondok beskryf kon word (Franken 1938:123-124). Wat personeelverblyf by 'n groot telery in die Swellendam-omgewing kon wees, word deur Tomlinson as 'n *pondok* beskryf. Hy meld dat Reitz en Van Breda se vennootskap van 1817 hulle ongetwyfeld die vernaamste telers aan die Kaap gemaak het (MS DM Tomlinson 1942:23-24). Dié vennootskap het gewoonlik een keer per jaar, van Oktober tot Desember, vergader om instruksies vir die volgende jaar op te stel. Die instruksies van 30 Desember 1819 bevat spesifieke inligting oor veeboerdery en verwante boukonstruksies. Daar word verwys na verskeie veewagters wat elk 'n eie trop skape moes oppas. Elk het 'n kraal met sy eie pondok daarnaas gehad, sodat elkeen vir sy trop verantwoordelik gehou kon word. Die pondok self word ongelukkig nie beskryf nie en die visuele kenmerke en fisiese betekenis daarvan bly gevolglik vaag (MS DM Tomlinson 1942:24).

As gevolg van die tydelike aard van die hutkonstruksie en matjieshuis, kon geen oorblywende voorbeelde daarvan in Swellendam en omgewing opgeteken word nie.

3.3.6 Wonings van Swellendam en omgewing

In die middel van die 18de eeu was daar baie min boere wat nie hulle eie wonings gebou het nie. Die kappe, sowel as die rietdak, is deur die boer self gemaak uit materiaal wat in die omgewing beskikbaar was (Trollope 1878:107).

Die wonings van die koloniste op Swellendam word deur Mentzel beskryf as gebou van klip en gemessel met klei, maar hy meld dat die meerderheid wonings kleimure het en hy vergelyk dit met Duitsland se *Weller-werk* (1944:83). Daar kon geen verduideliking gevind word vir die begrip *Weller-werk* nie en dit is moontlik dat die vertaling uit die oorspronklike Duitse teks verwarrend is. Mentzel teken aan dat nie een woning glasvensters het nie, die vertrekke plafonloos is, die dakke op die vier mure rus en gedek is met biesies, riet of strooi (1944:83).

Robert Semple, 'n Amerikaanse reisiger uit Massachusetts, besoek die Kaap van 1798 tot 1803 en in 1801, onderweg na Plettenbergbaai, beskryf hy die Overberg breedvoerig (1968:193). In sy beskrywing van die wonings van boere, noem hy dat dit oor die algemeen kleimure op 'n ligte hout raamwerk gehad het. Naby die Kaap, waar die hout skaars was, is meer klei gebruik, maar soos hulle nader aan Plettenbergbaai gekom het, is hout meer geredelik gebruik. Die voordeur maak direk in 'n groot vertrek (kamer) oop wat oor die hele diepte van die huis strek. Hier het die familie ontbyt, middag- en aandete genuttig. Baie van die slawe en Khoikhoi het hier geslaap op matrasse en velle wat ingedra is. In die dag, in die een hoek van hierdie groot vertrek, het 'n klein tafeltjie gestaan waarlangs die huisvrou van die familie gesit het met haar voete op 'n stofie, wat in die winter met kole gevul is en in die somer nog 'n sitplek was. Op die tafel was gewoonlik 'n koper koffiekann, waaruit die hele dag óf koffie óf warm water vir tee geskink is (Bradlow 1968:193).

Semple se beskrywing, naamlik dat die huise van kleimure op 'n ligte houtraamwerk gebou is, laat die vermoede ontstaan dat sommige wonings tog op die Duitse (*flechtwerk*), Engelse (*wattle and daub*) en/óf Nederlandse (*vlechtwerk*) voorbeelde van muurbou gebaseer kon wees (sien figuur 19). Dié huise is opgerig deur eers 'n houtraamwerk te bou, wat dan met latvlegwerk tussen die paalraamwerk opgevul en verder met gooipleister ('n pleistermengsel van klei en strooi) diggemaak is.



Figuur 19: Detail van 'n Vlaamse skuur wat vlechtwerk toon (Voskuil 1979:66)

Die vloere van die Overberg-huise was van 'n droë beesmis- en kleimengsel. Bokant die dakkappe was die strooi- of gras- of rietdak met 'n paar groot balke wat as daksparre gedien het. Vanuit die groot vertrek of saal, was deure na drie of vier slaapkamers. Huise met twee verdiepings was nie algemeen nie, maar alle huise het buitegeboue vir slawe, en krale of ronde skermure (kleimure) vir vee gehad (Bradlow 1968:193-194).

Lichtenstein beskryf Du Pré se woning as ruim, met uitstekende buitegeboue, werkswinkels vir die slawe, stalle vir die vee, 'n groot tuin met 'n visdam in die middel voorsien van water uit die naburige *Krombekrivier* en 'n netjiese grasperk voor die huis. 'n Ander boer, Hilgard Müller, het 'n vertrek in sy huis gehad wat uitsluitlik vir kerkdienste gebruik is, en dit was met 'n orrel toegerus. Lichtenstein noem ook die huis van die weduwee *Terr-Blanche*, maar kom nie so ver om dit te beskryf nie – hy noem net dat sy in die distrik vir haar lekker kos bekend was (1956:122).

In sy reisaantekeninge in 1815 en 1816 oor die mense en omstandighede te Genadendal, teken eerwaarde Christian Latrobe van die Morawiese kerk, die huise, hutte en die huisbou-aktiwiteite aan. As agtergrond tot die boutradisie van die Swellendam-omgewing bied sy

beskrywing 'n verslag van wat algemene kennis en begrip van die boukuns, veral onder die inboorlinge, was (1969:65).

Latrobe meld dat die boere uit die omgewing, wanneer hulle op reis was, by Genadendal aangedoen het om hulle perde te laat rus. Hy besef dat Genadendal nie oor voldoende akkommodasie vir besoekers beskik nie en op sy aanmoediging word daar toe in lyn met die skool en die smidswinkel, 'n addisionele huis met drie kamers en 'n skrynwerkerswinkel gebou (1969:65). Nadat die Khoikhoi-gemeenskap oor die besluit ingelig is, het nie minder nie as 15 messelaars hulle dienste aangemeld. Daar was vinnig genoeg mense om riete te sny vir die dekwerk, ander om te help met die maak van songedroogde stene, en in 'n kort tydjie is die fondasie gelê volgens die ooreengekome plan. In sy waarneming van die huisbouproses, teken hy die eienskappe van die Khoikhoi baie treffend aan (Latrobe 1969:65-66).

Die dorpie bestaan uit 256 huisies en hutte met 1 276 inwoners. Die konstruksie van die wonings verskil. Die armste inwoners en nuwe intrekkers woon in hutte, gemaak van 'n paar regop pale waardeur riete en biesies of 'n soort dun bamboes gevleg is. Ander hutte het mure van ongebakte stene, of vlegwerk met kleipleister-bedekking – die sogenaamde paal-en-klei boumetode – gehad. Die deure en vensters was vierkantig, en die dakke goed gedek. Die huisies het as 'n reël slegs een venster gehad, waarvoor 'n skaapvelgordyn gehang het. Elke huis het sy eie tuin, geskei van die buurman s'n deur 'n lae heining of bossies, gehad (Latrobe 1969:67-68) (sien figuur 20 en 21).



Figuur 20: Hutte van die Khoikhoi op Genadendal (Burchell 1953:84)



Figuur 21: Genadendal c1845 na aanleiding van GF Angas (Hattersley 1973: teenoor p150)

In dieselfde tyd besoek Latrobe Suurbraak, waar hy net een ry hutte en die selfgebooue huis van die sendeling, vader Seidenfaden, aantref. Die Londense Sendinggenootskap was nie so vrygewig soos die Morawiërs nie, en ondersteuning uit Londen om 'n kerk te bou het ontbreek (Latrobe 1969:94).

Tydens Backhouse se besoek aan Suurbraak in 1838, noem hy dat die huisies van binne baie netjies afgewit is, met 'n dadoreëling van Franse grys. Dié kleurkombinasie het algemeen in die Suurbraak-omgewing voorgekom. Die mure van die huisies was van klei en die dakke met riet gedek. Min van die huisies het skoorstene gehad en vure is oor die algemeen in die middel van die vloer gemaak. Riete aan die binnekant van die huisies was swart van die rook – ook 'n aanduiding dat die huisies plafonloos was (1844:109-110).

Op sy reis aan die begin van die 19de eeu deur Suid-Afrika, wyk Moodie van die hoofroete af en reis al langs die Langeberge oor die Buffeljagsrivier, waar hy ongeveer elke myl of twee, netjiese afgewitte huise omring deur wingerde, koringlande en rye lemoenbome opmerk (1835:91-92).

Walton beskryf die eerste wonings in die buiteland as eenvoudige tweevertrekwonings met 'n klei of 'n lat- en paalkonstruksie oordek met 'n rietdak. Die wonings wat vandag in gemeenskappe soos Mamre, Suurbraak, die Tradouw-omgewing en Heidelberg voorkom, is vir Walton ongetwyfeld oorblyfsels van die vroeë Europese setlaars (1965:50) – veral die wolfent (skilddak) konstruksie, met spesifieke verwysing na die tipiese wolfent waarin die skoorsteen is. Om die skoorsteen te kon akkommodeer, het die dekgras effens hoër gekom as aan die ander kant. Die wonings het soms ook entgewels in plaas van wolfente, maar is wat ruimte betref, steeds 'n tweevertrek kleimuur huisie met 'n oop vuurherd en 'n uitstaanskoorsteen in die een gewelmuur. Ander voorbeelde kom veral rondom Heidelberg voor waar die mure laag en gebou is van klei, roustene of bakstene. Die deur is geleë in die entgewel langs die groot uitstaanskoorsteen. Binne verdeel 'n lae kleimuur die huisie in twee ruimtes met voor 'n kombuis en leefruimte en 'n slaapkamer aan die agterkant. Baie van die huisies, veral dié by Mamre en Suurbraak, het 'n solder met 'n toegangsdeur in die gewel, waar ander weer, soos afgelei van die Europese voorbeelde, 'n wolfneus solderkamervenster bokant die voordeur het (Walton 1965:50).

Baie naby aan hierdie woningboukuns in voorkoms, is die vroeë dorps huise van Swellendam, wat gekenmerk word deur wolfente en die wolfneus solderkamervensters. Walton vergelyk ook ander vestigingspatrone in die omgewing van Piketberg hiermee en beweer dat die reghoekige buitekamerwoning van roustene, met gewelente wat bo soos skoorstene lyk, kenmerkend is van hierdie periode van uitbreiding (1965:51). Die beste voorbeeld van Swellendam se volksboukuns is vir Walton ongetwyfeld die Drostdy (1965:51).

Na aanleiding van Gordon se skets van die drostdy in 1778-1779, was dit oorspronklik ook 'n T-plan woning met sy ingang in die middel van een van die vleuels. Later is 'n tweede vleuel aangebou om 'n H-plan te vorm met die verbindingsgedeelte van die H wat die voorhuis of *house-body* vorm, soos dit in Middeleeuse Engeland genoem is. Walton beweer dat die drostdy as 'n model vir die ander wonings in die streek gedien het en baseer sy stelling daarop dat daar in die streek 'n groter huistipe ontstaan het, wat 'n H-plan het en 'n ry klein skaapboudgeweltjies wat nie elders in Suid-Afrika gevind word nie. Dit bestaan uit 'n sentrale saal met aan elke kant 'n vleuel – in een is die kombuis en in die ander die slaap- en sitkamers. Hierdie plan stem ooreen met 'n plan wat in Engeland in die 15de, 16de en

17de eeu voorgekom het, wat ook 'n sentrale *saal* gehad het, met daarnaas 'n *house-body* met 'n mansvleuel en aan die ander kant 'n bottelary of kombuisvleuel (Walton 1965:51). Walton skryf hierdie plaaslike ontwikkeling toe aan moontlike Engelse vestiging en meld dat 'n paar plase in die Swellendam-omgewing hierdie styl aangeneem het, terwyl dit nie na ander streke soos Graaff-Reinet versprei het nie. Backhouse beskryf sommige van Swellendam se wonings in 1838 as opgerig in die Engelse styl, en ander in die Hollandse styl (Backhouse 1844:51), maar hy staaf ongelukkig nie sy bewering nie.

3.3.7 Pionierswonings

3.3.7.1 Kapstyl-, klei- en kliphuise

Kapstyl, klei en kliphuise is die drie woningtipes waarvan wel nog oorblyfsels in die Swellendam-streek aangetref is. Daarom word 'n volledige hoofstuk aan elkeen afgestaan, naamlik hoofstukke 4, 5 en 6.

3.3.7.2 Hartbeeshuise

Hartbeeshuise is opgerig as tydelike wonings tot daar 'n beter en meer permanente huis gebou kon word. Die hartbeeshuis het in die 18de eeu algemeen onder die veeboere in die Kaapkolonie voorgekom omdat die meeste veeboere selde lank op een plek gewoon het (Pretorius 1988:207).

Die oorsprong van die benaming *hartbeeshuis* kon nie met sekerheid vasgestel word nie. Bespiegelings lui dat dit afgelei is van die biesies waarmee die huise gedek is – dus hardbieshuis. Die HAT beskryf *hartbeeshuis* as 'n primitiewe woning bestaande in sy eenvoudigste vorm uit 'n vierkantige raamwerk van pale oordek met gras, strooi, riet of harde biesies (1984:361). Franco Frescura beskryf dit, soos afgelei uit Nederlands, as letterlik *huis gemaak van harde biesies (house made of hard reeds)* (1987:32). Hy meen dat dit 'n huisvorm is wat in Suid-Afrika tot met die draai van die 20ste eeu gebou is deur blanke setlaars sowel as die inheemse volke. Dit het bestaan uit 'n reeks aangepaste A-raam dakkappe wat direk op die grond geplaas is en gedek is met biesies. Hy gee egter dieselfde beskrywing vir 'n kapstylhuis en verwys na die Nederlandse oorsprong van die woord wat hy letterlik vertaal *house of steep trusses* (Frescura 1987:38).

Pretorius bevestig Frescura se verklaring van die woord, deur GS Nienaber aan te haal en noem dat die benaming ook van die Khoikhoiwoord, *harub*, wat biesies beteken, afkomstig kan wees (Pretorius 1988:207). Hierdie biesies is in die oprigting van die Khoikhoi se ronde hutte gebruik - dus harubbieshut. Dit het dus niks met die hartbees te make nie (1988:207).


Trefois beweer dat alhoewel dié boukonstruksies variasies toon, die hartbeeshuis net soos die kapstylhuis, sy ontstaan te danke het aan die oeroue Wes-Europese sparredak. By die hartbeeshuis is die veerkragtige spitsboë binne verbind met 'n hanebalk. Wanneer die konstruksie van albei boumetodes ontleed word is dit vir Trefois direk herleibaar na die oorsprong van die Nederlandse dakhuis, die Engelse driebeukige gebintstelsel (*cruck*) en die Nederduitse woonhuis (*wohnhutte*). Die boumetode is gebaseer op oorlewering en tradisies wat na die oeroue tye herlei kan word. By die krukgebintstelsel is die dakkappe, wat van die grond na die bopunt van die dak gaan, skuins en na binne gerig. Voorbeelde van hierdie dakkonstruksie kom voor in Normandië, Vlaandere en Nedersaksen, maar is ongetwyfeld tot volmaaktheid ontwikkel in Engeland (Trefois 1969:35-36).

Ook aan die Kaap het hierdie struktuur in die 17de eeu 'n eie tradisie gekry en word die boumetode deur Trefois beskou as een van die vroegste boumetodes wat aan die Kaap toegepas is. Dit is alleen sosiale en ekonomiese vooruitgang (in Europa) wat die boutegniese van vroeër in 'n groot mate uitgewis het. Die naam van die boumetode aanvaar hy as 'n verwysing na die biesies waarmee die huis gedek is. Weens 'n gebrek aan strooi en riet word vir die dek van die raamwerk (kappe) biesies gebruik, daarom het hartbees dieselfde betekenis as strooi- en rietbedekking (Trefois 1969:36-38).

Die skrywer van die boek *English Village homes and Country Buildings*, SR Jones, skryf in 1936 dat die vroeë Engelse kothuisies (*cottages*) wat geen mure gehad het nie, oordek is met geboë bome wat uit die grond verrys het om by die nok uit te kom in die vorm van 'n boog. Elke boog se twee dele is bymekaar gehou deur 'n dwarsbalk wat hoog geplaas moes word om meer binnerruimte te skep (Jones 1936:90). Op hierdie wyse is die krukgebintkonstruksie in die 13de eeu beoefen, waarna dit verder ontwikkel het en tot aan die einde van die 17de eeu gebruik is. Hiermee bevestig Jones dus Trefois se bewering dat die hartbeeshuiskonstruksie se oorsprong na die krukgebintkonstruksie herlei kan word.

Hierdie primitiewe konstruksie het van hier stap vir stap ontwikkel tot die viermuurwoning met onbeperkte moontlikhede (Jones 1936:91; West 1971:13-24).

Hierdie bewerings word verder bevestig deur Alan Gailey in sy navorsing oor die oorsprong van die Ierse woning. Hy het woningkonstruksies met kappare op lae mure op militêre kaarte (wat waarskynlik gemaak is om die ligging van bruikbare hout aan te toon) opgemerk. Dit is merkwaardig dat die kappare effens geboog geskets is. Hierdie skets bevestig die vermoede dat lae klipmure in die 1600's hout-ondersteunde dakke met hout- of lat vlegwerk bo-oor gehad het en dit word nou aangeteken dat kappare in werklikheid krukgebint was (Gailey 1984:24-25) (sien figuur 22). Hierdeur teken Gailey nog 'n ontwikkeling aan wat deur Jones in Engeland opgeteken is. Waar die kruk aanvanklik direk uit die grond gekom het, is dit nou op 'n lae muurtjie geplaas. Hierdie ontwikkeling het nie uit die Suid-Afrikaanse voorbeeld van die hartbeeshuis ontwikkel nie, maar uit die kapstylhuis.




Figuur 22: Ierse wonings c1600 met lae muurtjie en geboë kappe (Gailey 1987:25)

Buiten oorlewering is daar geen oorblyfsels van enige hartbeeshuise in die Swellendam-omgewing gekry nie. Uit die dagboekantekeninge van byvoorbeeld Louis Trichardt, wat

dateer uit die pioniersperiode, kan afgelei word hoe die wonings op Suid-Afrikaanse bodem gebou is. Die bouwerk is begin deur die mure af te tree en die vier hoeke deeglik te merk. 'n Voortjie is tussen die vier hoeke gemaak en gate is vir die vier hoekpale gegrawe. Tussen die hoekpale is ander dunner pale in die sykante ingeplant. Waar die deur moes kom, is twee pale sover as wat die deur wyd moes wees, van mekaar geplant. Die teenoorgestelde pale is vervolgens na mekaar oorgebuig en met rieme vasgemaak. Dwarslatte is nou oor die sye van die konstruksie vasgemaak en bo-oor die dwarslatte is biesies en gras gedek (Spoelstra 1924:67; Van Niekerk 1975:11-12). 'n Laag riete is dikwels oor die dwarslatte vasgebind en bo-oor die riete is dekgras en dekriete geplaas. Waar die pale bo aan mekaar vasgemaak is, is 'n dik hout in die lengte vasgebind, wat as nok kon dien.

Die hoogte van die huise is deur die lengte van die pale wat gebruik is bepaal, en die grootte van die huise het van die aantal gesinslede afgehang. Deur meer pale by die aanvanklike struktuur te plaas, kon die wonings groter gebou word en waar nodig, kon hulle ook in vertrekke verdeel word (Spoelstra 1924:67-69).

Backhouse se beskrywing van die hartbeeshuis dui daarop dat die mure van dié *hut* met regop sye dikwels dubbelmure was. Dit is nie duidelik wat hy hiermee bedoel nie, maar die afleiding kan gemaak word dat dit 'n poging kon wees om die mure digter en stewiger te maak. Die *hutte* is gewoonlik met riete gebou en soms met modder gepleister. Die strukture is in die vorm van dakke gebou, maar hulle laer kante is dikwels nader aan loodreg. Daar is binne hierdie woning vuur gemaak en om die rook te laat ontsnap het sommige openinge in die dakke gehad. Backhouse beskryf dié wonings as groter en ruimer as die inboorlinghutte (1844:357) (sien figuur 23).



In die Swellendam omgewing het waarskynlik die laaste oorblywende hartbeeshuisie vroeër op die plaas Eenzaamheid gestaan. Die huisie het drie vertrekke gehad, met die enigste deur in die sy-ent naas 'n vuurherd (M Muller 1993:onderhoud).

3.3.7.3 Sooihuise

Alhoewel die gebruik om met sooie te bou vroeër wyd verspreid voorgekom het in dele van Skotland en Ierland, is daar volgens Brunskill min bewyse van die gebruik van grassooie in die muurboukonstruksie van Engeland en Wallis. Mure was dik, onreëlmatig en het beskerming nodig gehad tensy die struktuur vir tydelike skuiling gebruik is (1987:51). Gailey bevestig dat alhoewel geskikte sooigrond geredelik beskikbaar is in Ierland, dit as 'n medium vir die armer klasse beskou is (Gailey 1984:46). Tog is daar heelwat aantekeninge gemaak oor die voorkoms van sooihuisikonstruksie in Ierland. Paklae word algemeen aan die bopunte van hierdie mure aangetref om sodoende die ruimte tussen die klip- of kleiwerk en die onderkant van die dak te seël. In Ierland was dit ook algemene gebruik om sooie onder dekgras te gebruik (Gailey 1984:46). Brunskill teken aan dat die sooimure soms met kliplae tussenin gebou is, soms is los klippe bo-op mure gesit om die dakhoute te ondersteun en mure is ook soms op die hoeke en muurlangs met houtpale versterk (Brunskill: 1987:50). Die sooistrukture wat moontlik in Nederland, Frankryk en Duitsland opgerig is, is nie ondersoek nie.

Verskeie soorte sooihuse het in die studiegebied, veral rondom Swellendam en Heidelberg, voorgekom (Geldenhuis 1984:52). Mis- sowel as grassooie is gebruik. Sooie is in die vorm van stene gespit en in die son gelaat om te droog. 'n Geskikte stuk grond is skoongemaak en die fondasie uitgegrawe. Die fondasie is met gladde plat rivierklippe, sogenaamde moulerklippe opgevol. Die vloer het bestaan uit fyn- en vasgetrapte rooimiershoop wat tot op fondasiehoogte gegooi is. Om die mure te vorm, is sooie laag vir laag op mekaar gepak en gelaat om vas te sak. 'n Volgende laag is gepak totdat die verlangde hoogte bereik is. Die gras aan die sooie het soms in mekaar vasgegroeï en 'n stewige konstruksie gevorm. Die mure is meestal ongepleister gelaat, maar soms is dit met klei of 'n mengsel van klei en mis gepleister. Tydens die bouproses is gate gelaat waar vensters en deure moes kom (Geldenhuis 1984:52-54).

JA de Coning, wat die grasdakhuse van die Oos-Kaap beskryf het, dien as goeie konteks vir die sooihuse wat eens in die Swellendam- en Heidelberg-omgewing voorgekom het. Hy noem dat in die Oos-Kaap die mure van die huise ook soms van sooie gebou is. So 'n sooi was ongeveer 15 cm breed en 'n bietjie langer as twee graafwydtes. Die sooie is met die graskant na onder op die muur geplaas. Soms is klippe al om die ander laag by die hoeke ingebou (1970:97-98).

Sooihuse het vroeër in die vlei-agtige omgewing van die Buffeljagsrivier voorgekom. Daar was ook 'n sooi waenhuis op die plaas Eenzaamheid (M Muller 1993:onderhoud).

3.3.8 Pionierswonings van die Transvaal

Omdat voorbeelde in die studiegebied min is en dit aanvaar kan word dat die vestigingspatrone van die binneland ontwikkel het uit die Kaapse tradisie, word beskrywings van strukture wat in die pioniertyd in die res van die land opgerig is en langer oorleef het, opsommend as verdere toeligting gegee.

Labuschagne, wat 'n studie van die blanke volksboukuns in die Transvaal tot 1900 gedoen het (1988:477), bevestig dat die gemiddelde Transvaler se woning vergelyk kan word met die eenvoudiger huise wat aan die Kaap en Oosgrens gebou is. Die wonings het nooit die

verfyning en estetika bereik as die boukuns van die deftiger plase in die Westelike Provinsie nie. Dit word toegeskryf aan die pioniersomstandighede wat woningbou 'n lae prioriteit gemaak het, asook aan die feit dat die Transvaler reeds in die gebiede waarvandaan hy getrek het, aan 'n eenvoudiger tipe woning gewoond was. Verder het die aard van die mense en die feit dat daar soms selfs onder gevestigde toestande nie 'n hoë premie op wonings geplaas is nie, daartoe bygedra dat steeds eenvoudige wonings opgerig is, al was die omstandighede gunstig vir die oprig van deftiger wonings (Labuschagne 1988:477).

Pretorius meld dat die veeboere in die 19de eeu stewige huise van klei- of klip met geweldakke gebou het (1986:36). Van die huise was klein, langwerpig en onaansienlik. Die meeste het grasdakke gehad, en mure van klei. 'n Aantal het baksteenmure gehad. In sommige van die huise was daar geen binnemure nie en net die plek waar die bed gestaan het, was met 'n gordyn afgeskort. Die Portugese priester, vader J de SR Montanha wat die Transvaal in die middel 19de eeu besoek het, skryf dat feitlik al die vensters na buite oopgemaak het, maar die deure na binne. Sommige van die armoedigste huisies het gate in plaas van vensters gehad, amper net groot genoeg vir duiwe om in en uit te vlieg. Dit het hom ook opgeval dat daar in sommige van die huisies tot drie of vier getroude pare en hulle kinders gewoon het. Dikwels was die slaapkamer van die hoof van die gesin deur 'n muur van die voorhuis geskei (Pretorius 1986:36).

Ds Frans Lion-Cachet het in sy bekende boek, *De worstelstrijd der Transvalers* 'n beskrywing van die lewenswyse van die Transvaalse pioniers gegee (Pretorius 1986:37). Dit blyk dat die meeste boere hulle eerste eenvoudige wonings self met die hulp van swart handlangers gebou het, terwyl 'n wamaker soms die deure en vensters gemaak het. Wanneer daar geskikte klei in die omgewing was, is die mure opgeklei: *nieuwe lagen klei worden op de reeds harde lagen geplaatst tot de mure hoog genoeg zijn voor het eenvoudige rieten of strooien dak* (Pretorius 1986:37). Dit is vir Pretorius opvallend dat sy beskrywing in 'n groot mate ooreenstem met dié van Burchell 'n halfeeu tevore (1986:37).

Dit bevestig ook Labuschagne se waarneming dat die boukuns wat deur veral die pioniers die binneland ingeneem is ongetwyfeld sy oorsprong, met inagneming van die Europese invloede, aan die Kaapse tradisies en tegnieke te danke het (1988:477). Cachet skryf dat

daar ook stewiger huise van *gebrande of rauwe* bakstene of van klip (in die Transvaal graniet of sandsteen) opgerig is (Pretorius 1986:37). Pretorius se vermoede dat daar selde van die plan van die gewone pionierswoning afgewyk is word deur Cachet se waarnemings bevestig. Hy het gevind dat die meeste wonings uit 'n *voorhuis* en een of meer slaapkamers bestaan het, geskei deur dun baksteenmure of soms slegs deur 'n gordyn. As daar 'n kombuis agter aangebou was, is dit deur middel van 'n muur van die woonhuis geskei. Die mure was laag, selde hoër as drie of vier meter bo die grond. Die dakbalke het uit ru bewerkte pale bestaan en was selde van gesaagde balke. Volgens Cachet was die dak met tamboekiegras of rogstrooi gedek. Slegs enkele wonings het plafonne gehad; plankvloere was te duur en is deur die rysmiere aangeval. Miershoopgrond en klei, wat gereeld met beesmis gesmeer is, is vir die vloere gebruik. Die huise was van binne en buite met klei gepleister; die binnemure was kalk of *witklei*, afgewit en selde geplak. Vensteropeninge is bedags met houtraampies, bespan met wit katoen, toegemaak en snags met luike. Soda glas beskikbaar was, is ruite ingesit (Pretorius 1986:37).

HOOFSTUK 4

KAPSTYLHUISE

4.1 Agtergrond


Die woordeboek beskryf die kapstylhuis as 'n eenvoudige pionierswoning met 'n gras- of rietbedekking oor 'n houtraamwerk, in die vorm van 'n saaldak wat op die grond staan (HAT 1984:525).

Trefois, bekende argitek en historikus van Vlaandere en die skrywer van *Oud Nederlandsche Argitektuur in Zuid-Afrika*, meen dat die oertegniese soos in dié skuilings toegepas, duidelik herkenbaar is. Trefois meld dat die Kaapse woningbou uit die kapstyl- en hartbeeshuis ontwikkel het. Veral van belang is die dakkonstruksie van hierdie wonings, wat albei beskryf word as reghoekige eenvertrekbouwerke van die langhuistipe (1969:34-39). Alhoewel albei variasies is, is hulle dakkonstruksie afgelei van die Wes-Europese sparpaardak, waarin twee sparre aan hul bopunte direk aan mekaar geheg is sonder die aanwesigheid van 'n nokbalk. Die pare het kappe gevorm, wat deur 'n hanebalk verbind word. In Noord-Nederland word hierdie dakhuis tot in die 19de eeu aangetref (Trefois:1969:34). Hieruit ontwikkel die kapstylhuis (met sy windlat en nokbalk), en die hartbeeshuis (met sy hanebalk en twee omgebuigde latte wat aan mekaar verbind is) (Trefois 1969:35).

Walton bevestig hierdie bewering van Trefois in 'n beskrywing van sparpaar-dakhuis (*paired-couple roof-houses*) in sy artikel *The South African Kapstylhuis and some European Counterparts* soos gepubliseer in die *Restorica* van Desember 1981. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dié huistipe 'n baie vroeë oorsprong en verspreiding in Europa gehad het en die ontwikkeling daar verbind kan word met die kapstylhuis in Suid-Afrika (Walton 1981:8).

In 'n artikel gepubliseer in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* in November 1999, beredeneer Hannes Raath, nagraadse student in Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, onder meer die oorsprong van die tydelike wonings van die eerste blanke nedersetters aan die Kaap. In sy poging om dié tydelike wonings te rekonstrueer aan die hand van geskrewe en beeldende bronne het die vorm en dakraamkonstruksie van soortgelyke wonings wat tot in die 20ste eeu voorgekom het, as analoog gedien (Raath 1999:112).

Raath slaag nie in dié artikel daarin om te bewys dat die konstruksiemetode van die eerste strukture wat aan die Kaap gebou is toegeskryf kan word aan die invloed van die driebeukige struktuur met 'n sekere gebintstelsel soos opgeteken in CF Trefois se werk *Ontwikkelingsgeskiedenis van onze landelike architectuur* nie. Hy beweeg weg van dié ontwikkelde dakkonstruksie en verwys na 'n moontlikheid dat die eerste strukture wat konstruksie betref, nog eenvoudiger as die kapstylstruktuur was. Dit beteken dat die tent of dakhuis na aanleiding van sy dakraamwerk (wat hoofsaaklik uit sparre en style saamgestel is), die vorm van 'n saal- of skilddak kan aanneem. Die konstruksie word gekenmerk deur die afwesigheid van 'n nokbalk, drakappe en kapplatte, met die dakbedekking wat direk op die kapstyle rus, en kan gevolglik as 'n *enkel* dakkonstruksie beskryf word. Die kappe is uit ligte balke saamgestel, wat op kort afstande uitmekaar geplaas is (Raath 1999:120) (sien figuur 24).




Figuur 24: 'n Illustrasie van 'n driebeukige struktuur met 'n gebintstelsel (Raath 1999:117)

Jan van Riebeeck se tentkonstruksie het bestaan uit dakkappe met net twee elemente: daksparre en planke. Daksparre of –style is paargewys deur 'n horisontale balk verbind, en word in Nederlands, Vlaams, Duits, Deens en Fries *hanebalk* of *kattebalk* en in Afrikaans *hanebalk* genoem. Van Riebeeck teken in sy dagboek aan dat die dakbeskot van die tentwoning bestaan het uit *rouwe plancken* wat direk teen die sparre of style aangebring is (Raath 1999:119-120).

By die kapstylhuis wat in die vorm van 'n saaldak is, word die woning deur 'n dakbeskot (houtbedekking) of windlat teen sterk wind verstewig. 'n Windlat is 'n lat wat aan die binnekant van die kappe diagonaal van die eerste kapstylvoet by die een entgewel (voorgewel) oor die kapstyle tot by die laaste kapstylkop by die ander entgewel (agtergewel) strek. Aan die ander sykant van die huis strek die tweede windlat van die kapstylvoet by die entgewel (agtergewel) diagonaal tot by die kapstylkop van die entgewel (voorgewel) (Raath 1999:119-120).

In sy trek die binneland in het die pionier die kapstylhuis verkies (Walton 1981:2). In sy eenvoudigste vorm is die kapstylhuis 'n reghoekige eenvertrekwoning in die vorm van 'n saaldak, bestaande uit 'n reeks kappe wat 'n rietdak dra en direk op die grond gebou is. Hierdie struktuur is waarskynlik deur die eerste setlaars aan die Kaap as tydelike huisvesting gebou. As bewys hiervan neem Walton die oudste illustrasie van 'n kapstylhuis, soos voorgestel op 'n skets van die strukture op Dasseneiland, gedateer 1656 (Walton 1981:2) (sien figuur 25). Hierdie struktuur is gebou in 1654 toe Jan van Riebeeck 'n hoeveelheid riete en hout vir die konstruksie van 'n skuur op dié eiland voorsien het.



Met die bou van Van Riebeeck se *plancken tent* is balke en planke gebruik wat uit Nederland vir die doel saamgebring is. Die dakkonstruksie het uit balke bestaan, en nie soos by die latere pioniershuise, uit pale nie. Die dakkonstruksie van 'n kapstylhuis was 6,096 m (20 vt) lank en het uit ses kappe bestaan, terwyl 'n huis wat 9,144 m (30 vt) lank was, uit agt tot nege kappe bestaan het. Die kappe was ongeveer 1,219 m (4 vt) uitmekaar (Raath 1999:121).

Francis Mason (1741-1805) Skotse plantversamelaar en reisiger, het tydens sy eerste besoek aan die Langkloof in 1773 die boere se huisies baie eenvoudig gevind, ten spyte daarvan dat hulle toe reeds groot troppe vee besit het (Ferreira 1999:44). Hy skryf hieroor: *The houses are very mean without walls, consisting only of poles stuck in the ground and meeting at the top and thatched over with reeds*. Ferreira meen hierdie beskrywing is *kennelik kapstylhuise* (1999:44).

Kapstylhuise is veral deur die vee- en latere trekboere gebou en word onder meer vandag steeds in die omgewing van Riversdal (Puntjie, Vermaaklikheid en St Sebastiaanbaai) en Heidelberg aangetref, waar geskikte tipes dekriet geredelik beskikbaar is.

Die tipiese pionierskapstylhuise van die Suid-Afrikaanse platteland is met ongeveer agt kappe, wat agtermekaar in die grond geplant is, gebou. Die twee balke wat vir 'n kap gebruik is, is met riempies en tappenne verbind en waar die balke gekruis het, het 'n mik gevorm (Van Niekerk 1975:5). Vir verdere versterking is die twee kapbalke met 'n hanebalk verbind. Die kappe is met 'n nokbalk wat in die mikke gepas het verbind. Dunner houtlatte is op die lengte van die kappe vasgemaak en bo-oor is dekriet en dekgras geplaas (Van Niekerk 1975:7). Die nok van die dak is met 'n mengsel van grond en beesmis waterdig gemaak en die miershoop vloer is met 'n mengsel van beesbloed en vet gesmeer. Die binneruimte is met behulp van gordyne in twee of drie vertrekke verdeel (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:41; Van Niekerk 1975:7). 'n Deur is in die entgewel aangebring en aan die ander kant 'n venster (Van Der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:41).

4.2 Swellendam en omgewing

Die beste voorbeelde van die Suid-Afrikaanse kapstyl-argitektuur kom in die omgewing van Heidelberg en Riversdal voor (Walton 1981:2). Vroeër het daar ook in die Albertinia-omgewing kapstylhuisies gestaan wat as skure, waenhuse en droogruimtes vir tabak gebruik is. Kleiner kapstylhuise in Vermaaklikheid is soms as bergruimtes gebruik. By Noetsie, 'n privaat strandplekkie geleë agter Potberg, is daar aan die einde van die 20ste eeu sewe kapstylhuise gebou (LL Tomlinson 2002:onderhoud) (sien figuur 26 en 27). Daar bestaan vandag in die Vermaaklikheid-omgewing en by Puntjie en St Sebastiaansbaai (*Basjan*), twee privaat vakansieplekkies geleë aan die Duiwehoksriviermonding, voorbeelde van die kapstylhuis. By Puntjie is daar ongeveer 70 huisies.




Figuur 26: Kapstylhuise op Noetsie (VB LT gd)



Figuur 27: Kapstylhuise op Noetsie (VB LT gd)

Die oorspronklike kapstylhuise op Puntjie het hul ontstaan te danke aan die gebruik van die boere om rivierlangs met bote na die Duiwehoksriviermond te vaar om vis te vang. Vir huisvesting is hierdie *tydelike* kapstylhuise opgerig. Dit is later as vakansiehuise benut en gebaseer op die oorspronklike styl, is daar mettertyd meer opgerig (Walton 1981:3) (sien figuur 28). Puntjie se eerste kapstylhuise, waarvan net 'n paar behoue gebly het, dateer uit c1896. Die boustyl van die huidige Puntjie-huis is vir die eerste keer van die einde van die 1930's tot die begin van die 1940's deur Lool (Lodewyk) de Jager van Vermaaklikheid

gebou (LL Tomlinson 2002:onderhoud). Daar word beweer dat Freek (oom Kaffertjie) de Jager verantwoordelik was vir die bou van die Puntjie-huise (FJ de Jager 1991:onderhoud).



Figuur 28: Kapstylhuise op Puntjie en in die voorgrond, 'n huis om in te kook in aanbou (Walton 1995:61)

Voorbeelde van volksboukuns in Denemarke toon interessante ooreenkomste met die kapstylhuis. Deense boere in die omgewing van *Nymindgab* (Wes-Jutland) het ook in die visvangseisoen na die see getrek. 'n Struktuur soortgelyk aan die kapstylhuis is as tydelike woning opgerig, maar is 'n hut genoem en is net in die seisoen bewoon (sien figuur 29). Aan die einde van die 19de eeu het dit in onbruik geraak toe visvang in Denemarke 'n voltydse beroep geword het en boere nie meer deelyds visgevang het nie (Michelsen 1973:199-200). Die boumateriaal wat vir die hutte gebruik is, het uit die omgewing gekom en die bouer kon die eenvoudige struktuur maklik self bou. Net soos die kapstylhuis bestaan die hut uit 'n paar kappe, gedek met gras uit die omgewing met aan die een gewelent (wat uit hout bestaan) 'n deuropening en 'n skoorsteen. Die skoorsteen is opgebou uit soorie en daar is op grondvlak by die ingang, aan die voet van die sooigeboude gewelskoorsteen, vuurgemaak. Aan die agterkant van die hut, teen die ander gewelent, was die slaapgedeelte. Die nok van die dak is gevorm uit soorie wat met houtpenne verstewig is (Michelsen 1973:199-201).



Figuur 29: Drie kapstyl-vissershuisies van Nymindagab, Wes-Jutland (Michelsen 1973:200)

4.3 Fondamente

Die kapstylhuis het nie 'n deurlopende fondament in die normale sin van die woord nie, maar elke individuele sparpaar-voet het 'n *klipfondament* gehad. Die kapstylstrukture op Puntjie, St Sebastiaanbaai, Noetsie en die skuurtjies in die Albertinia-omgewing het ooreenstemmende *fondamente*. 'n Gat is in die grond gegrawe waarin 'n plat klip geplaas is, waarop die voet van die balk gerus het (F Kleynhans 1991:onderhoud; LL Tomlinson 2002:onderhoud).

In Vermaaklikheid het 'n kapstylhuis ontwikkel waar die dakkonstruksie op 'n lae muurtjie geplaas is om meer ruimte in die struktuur toe te laat. Voordat die woning gebou is, is die gekose terrein skoon- en gereedgemaak deur die fondament daarop af te trek. Die lyne is daarna gesteeek volgens die beplande breedte en lengte van die mure (FJ de Jager 1991:onderhoud). Die muurbreedte het van bouwerk tot bouwerk gewissel, maar was gewoonlik tussen 400 mm en 600 mm. Die fondament is gegrawe tot by die eerste harde klipoppervlakte, wat in die klipperige Vermaaklikheid-omgewing nooit baie diep was nie.

4.4 Buitemure

In sy eenvoudigste vorm is die kapstylhuis 'n dak sonder mure. Die behoefte aan meer binneruimte is in 'n volgende stap bevredig deur óf 'n klip- óf 'n rousteenmuurtjie te bou, waarop die dak geplaas is. Hierdie tipe kapstylhuis – soos in die Heidelberg- en Vermaaklikheid-omgewing aangetref – hou vermoedelik verband met meer permanente vestiging. Die hoogte van hierdie mure het van 200 mm tot ongeveer 1 m gewissel.


Wanneer die kapstylhuis se dak tot teen die grond strek, is daar dikwels aan die binnekant van die dak 'n lae muurtjie van ongeveer 200 mm met rousteen gebou en gepleister met 'n kleimengsel of kalkpleister (sien figuur 30). Hierdie muurtjie het hoofsaaklik gedien as skeiding tussen die binneruimte en die weerelemente buite.



Figuur 30: Vermaaklikheid-kapstylhuis direk op die grond gebou (VB EB 1992)

Die dakkonstruksie is op die lae muurtjie geplaas nadat die ente van die kapbalke afgeskuins is. Wanneer klip uit die omgewing beskikbaar was (in die omgewing van Vermaaklikheid was dit sandsteen), is mure met onverwerkte klip en kleidagha as bindmateriaal gebou. Die bindmateriaal was in die meeste gevalle 'n mengsel van grond, klei, gruis en strooi wat in die onmiddellike omgewing van die bouwerk gevind is. Messelklei is ook gemaak van damgrond en sand, kalk en sand, en klei en sand (F Kleynhans 1991:onderhoud).

In die kapstylskuertjies in die Heidelberg-omgewing is die binneruimte vergroot deur die dakkonstruksie op sterk paalstutte wat aan die binnekant van die raamwerk deur stewige gevurkte stutte in plek gehou is, te plaas (sien figuur 31).



4.5 Gewels

'n Gewelspits is 'n vertikale driehoekige ent waar die skoorsteen deel van die een gewelent uitmaak. Die skoorsteen entgewel is vir Walton tiperend van gewels in die Swellendam-omgewing (1965:51).

Die entgewels van kapstylstrukture varieer na gelang van die funksie van die struktuur of die doel van die huis. Waar dit gebruik is as 'n waenhuis, is twee regop stutte, een aan elke kant van die hoofopening, in die grond geplant. Die openinge hiernaas is gevul met riet en biesies wat aan horisontale latte of dikker biesies vasgemaak is en die opening self is deur 'n rietskerm toegemaak wat aan die een regop stut vasgemaak is. Waar die ingang nouer moes wees, is slegs een stutpaal in die middel van die entgewel geplant. Hierdie stut en die entkapbalk dra die horisontale latte waaraan die gewelriete vasgemaak is. Die stut strek nie tot teen die bopunt van die gewelent nie, en ondersteun dus nie die dak nie (Walton 1981:4) (sien figuur 32).



Figuur 32: Entgewel-afwerking van kapstylskuur naby Albertinia (VB DM gd)

Entgewels het hul verskyning aan die sy-ente van kapstylhuise gemaak toe daar met die bou van lae muurtjies vir meer ruimte begin is. Entgewelmure is van dieselfde materiaal as die lae muurtjies (rukclip, klei of songedroogde stene) gebou. Voorbeelde van kapstylhuise met entgewels kom veral in die Vermaaklikheid-omgewing voor (sien figuur 33).



Figuur 33: Kapstylhuis op Vermaaklikheid (VB EB 1992)

Entgewels het dit moontlik gemaak om 'n vuurherd of kookplek binne die struktuur te hê. Die deuropening is van die middel na die een kant van die gewel verplaas, met die vuurherd hiernaas as deel van 'n groot uitgebreide skoorsteenskag (Walton 1981:4-5).

Soos vroeër genoem, is een van die sy-ente van die 1930-40's Puntjie-kapstylhuis gerond, met in die ander sy-ent 'n inspringende deuropening (muurwande is nie gerond nie, maar na binne omdat die deur nie gelyk met die ronding ingesit is nie). Op die plaas Duinerug in die Heidelberg-omgewing is 'n voorbeeld opgeteken wat dateer uit c1900 met die een sy-ent gerond en die ander gewelent gevorm met 'n skoorsteenskag en –deur (sien figuur 34 en 35).



Figuur 34: Duinerug-vooraansig met geronde kant en 6 ruit-venstertjie (VB EB 1992)



Figuur 35: Duinerug, entgewel met skoorsteenskag (VB EB 1992)

4.6 Dakkonstruksie

Byna elke kapstylhuis het individuele afmetings. Oor die algemeen wissel dit in breedte van 3,048 m tot 3,657 m, in lengte van 6,096 m tot 9,144 m, en in hoogte van 2,438 m tot 2,743m. Die dak wissel van ongeveer 56° tot 58° of meer (Raath 1999:121).

Die replika van 'n kapstylhuis wat by die Worcester Museum opgerig is, se konstruksie-aantekeninge (1981) deur die argitek Gawie Fagan lees soos volg: Die dakkappe en haneballe word met houtpenne gevoeg en die dakkappe staan op klippe. Dekriet word geplaas op spaansriet deklattjies *teen 230 mm senters* (middellyn), op dakkappe uit 100 mm tot 75 mm garinghoute (net hier en daar afgeplat) *teen 720 mm senters* (MS WM Fagan 1981 plan 2).

Die raamwerk van die Puntjie-kapstylhuis bestaan uit agt of meer pare kapballe wat bo (by die toppunt) geheg word deur 'n houtpen óf vasgebind is met matjiesgoed (*Cyperus textilis*). Die kapballe is met reëlmatige tussenpose langs mekaar gespaseer om 'n reghoekige vloeroppervlakte van ongeveer 7,5 m tot 5 m te dek. Elke kapbalkpaar is verbind met 'n hanebalk waar olienhoutpenne (*oleenhout* in die volksmond), gebruik is om die tap- en gatvoeg te bevestig (sien figuur 36). Oor hierdie kapballe word die dwarslatte (kaplatte) geheg waarop die dekmateriaal vasgewerk word met riempies, *biesietou*, bindtou of grastou.



Figuur 36: Kapstylhuis Vermaaklikheid, hegting van kappare met olienhout-pen (VB EB 1992)

Die Vermaaklikheid-huis het bestaan uit gemiddeld nege kapbalke en was ongeveer 2,13 m (7 vt) hoog (FJ de Jager 1992:onderhoud). Daar is dakke opgeteken wat uit agt tot nege kappare bestaan het. 'n Dun bamboes is soms as nokbalk gebruik. Latte van spaansriet (*Arundo donax*), 'n blinkgladde, sterk riet van 30 mm dik en tot 6 m lank, wat in welige bosse groei (HAT 1984:136; Cook 1973:111), is horisontaal aan die kapbalke met *biesietou* (*Cyperus textilis*) vasgebind. Die afstand wat die spaansriet uitmekaar gespaseer is, was van onder na bo soos volg: vanaf 76 mm, 102 mm, 152 mm en 254 mm (F Kleynhans 1991:onderhoud).

Daar is ook kappare en kaplatte gemaak uit hout wat in die omgewing beskikbaar was. In gebruik was inheemse houtsoorte soos olien- of doringhout, en later populier en garingboomsaad. Hieraan is die bondels dekriet soos bovermeld geheg. Dun gesnyde rou riempies is ook vir laasgenoemde doel gebruik en later is beide deur kommersiële tou vervang.

Daar is twee wyses opgeteken om 'n kap te vorm uit die verbinding van twee sparkoppe. Labuschagne het in die voormalige Transvaal opgeteken dat:

- sparkoppe van teenoorgestelde kapstyle meestal afgeskuins en teen mekaar geplaas is,
- óf in mekaar gevoeg is deur middel van 'n halfhoutsvoeg (*halved joint*) (Labuschagne 1988:268). By dié voeg word die sparkoppe van elk van die twee balke in die las, uitgesaag tot die helfte van die balk se breedte en dan teen mekaar geplaas, sodat die voeg dieselfde dikte as een van die balke het.

In beide gevalle word 'n gat van ongeveer 25,4 mm deur die sparkoppe geboor waardeur 'n harde houtpen (olienhout) met 'n effens groter deursnit as die gat, geslaan word. Die hanebalk word ook deur 'n pen en gat met die kapsparre verbind soos deur Jan van Riebeeck toegepas in die eerste tydelike wonings wat aan die Kaap gebou is (Raath 1999:121).

Die oorspronklike Puntjie-kapstylhuis, asook die Noetsie- en Albertinia-voorbeelde se sy-ente is afgewerk deur latte aan horisontaal ingeplante balke vas te maak, waaraan bondels riet vasgewerk is (sien figuur 37). Die deuropeninge het in beide ente voorgekom, of daar

was aan die een kant 'n deur en aan die ander sykant 'n venster of net een opening aan een van die sy-ente. Die sy-ente van die 1930-1940's Puntjie-kapstylhuis is aan die een ent gerond, met 'n inspringende deuropening (dieper in as wand) in die ander, waarin 'n stal-tipe deur geplaas is.



Figuur 37: Noetsie Kapstylhuis, toon sykant afwerking (VB LT gd)

Wanneer die voetstukke van die kappare deur 'n lae muurtjie ondersteun is, soos die voorbeelde op Vermaaklikheid en daar naby, is dit afgeskuins en sonder verdere versterking of ondersteuning direk op die muur geplaas (sien figuur 38).



Figuur 38: Kapstylhuis in die Vermaaklikheid-omgewing (VB EB 1992)

In die omgewing van Heidelberg, Riversdal en Albertinia het Walton in die vroeë tagtigerjare kapstylstrukture aangeteken wat as waenhuse en skure gedien het (Walton 1981:3-4) (sien figuur 39 en 40).

Die eenvoudige kapstylhuis, alhoewel dit volgens Walton baie stabiel en maklik boubaar was, het twee groot nadele gehad (Walton 1981:3). Die benutbare ruimte was tot 'n sentrale gedeelte beperk, en die voete van die kapbalke wat in die grond geplant is, het maklik verrot. Om dié nadeel te oorbrug, het party skuurbouers in die Heidelberg-omgewing die kapbalkvoetstukke vasgepen op die bopunte van sterk regop stutte. Alhoewel so meer ruimte verskaf is, was die kapbalk minder stabiel en moes dit deur hellende gevurkte stutte waarin die kapbalke gerus het, ondersteun word. Kapbalke is verder versterk deur houtpenne as wig daarin te slaan (Walton 1981:4).



Figuur 39: Kapstylskuur in die Albertinia-omgewing (VB DM gd)



Figuur 40: Kapstylskuur met stutte in die Albertinia-omgewing (VB DM gd)

4.6.1 Dakmateriaal

In die Vermaaklikheid-omgewing is *biesietou* (matjiesgoed) gebruik as heging- en bindmateriaal, nadat dit op 'n sekere manier voorberei is. Nadat die *biesietou* gepluk is, is dit met 'n touklopper (rondgemaakte, 45 cm lange houtstuk met 'n gefatsoeneerde handvat), geslaan tot vlas (FJ de Jager 1991:onderhoud). Die *biesietou* is klam gehou deur nat goiingsakke bo-oor te gooi, waarna dit onder 'n bossie gesit is om uitdroging te voorkom. Nog 'n metode om uitdroging te voorkom, was om die *biesietou* na behandeling,

in die waenhuis uit direkte sonlig te hang. Onderlatte en bo-latte, asook dekriet is met rou beesvel vasgemaak aan die dakbalke (MS WM Du Plessis 1981:1).

Die spaansriet waaraan die dekgoed geheg is, het in Vermaaklikheid meestal van 'n rietbos gekom wat vandag steeds bestaan. Soms is net een riet as daklat gebruik, maar in ander gevalle is twee of meer riete saam gebruik (F Kleynhans 1991:onderhoud). Garingbome (*Agave americana*) en bloekombome uit die omgewing is gebruik vir kapbalke (sien figuur 41). Na bewering moes 'n bloekombalk vir 'n jaar in water gelê word om dit van enige ongewenste kewers te vrywaar (FJ de Jager 1991:onderhoud). Soos opgeteken en geskets deur Burchell in 1811, is populierbome aan die voorkant van die Caledonse Bad aangeplant (1953:62,71). Die populierbalke is as onverwerkte kapbalke in die pionierswoning gebruik. Die stam is soms met die bas af gebruik.

Dwarslatte is in Albertinia, Puntjie en Noetsie van hout soos in die omgewing beskikbaar, gemaak. In die Noetsie-omgewing is byvoorbeeld garingbome, wat volop daar voorkom, gebruik (F Kleynhans 1991: onderhoud; LL Tomlinson 2002:onderhoud).



Figuur 41: Kappe en dakkonstruksie van Vermaaklikheid-kapstylhuis (VB EB 1992)

4.6.2 Dakbedekking

Hoewel Van Riebeeck nie spesifiek gemeld het watter soort bedekking oor die dakbeskot van die eerste Kaapse woning gebruik is nie, is die dakbeskot van onvoltooide wonings in die fort tydelik met 'n geteerde seil bedek, aangesien daar nie 'n vakman met die nodige vaardighede beskikbaar was nie (Raath 1999:123).

Volgens die Worcester Museum se rekords (1981) oor die kapstylhuis is die eerste huisies op Puntjie se dakke met papkuil gedek, wat ten minste een keer per jaar vervang moes word (MS WM Du Plessis 1981:3).

Voordat daar met die dekwerk begin is, is die afgesnyde dekriet in bondels van ongeveer 150 mm in deursnee – net genoeg om met een hand te hanteer – met matjiesgoed vasgemaak (FJ de Jager 1991:onderhoud; F Kleynhans 1991:onderhoud). Vir die dek van die dak is riete in die omgewing van die huis gekry. In die Riversdal-omgewing is daar twee benamings vir dekriet in die volksmond, wat na ontleding 'n beskrywing van twee verskillende spesies riet blyk te wees. Daar is van *mannetjiesriet* en *wyfieriet* gepraat. Eersgenoemde, 'n geharde riet wat in die Vermaaklikheid-omgewing in kliprante groei, word in die wintermaande (Mei tot Augustus) geoes. Dit is gehard genoeg vir dakdek en kan ongure weer vir tot 40 jaar trotseer. Wanneer die riet gedroog word, word dit skuins gelê teen die afgesnyde rietpol of bossies. Wyfieriet word in die somer (Desember tot Januarie) geoes en is 'n sagter riet, wat meer geskik is vir 'n droër klimaat. Dit kan tot 10 jaar in 'n warm omgewing soos Vermaaklikheid en omstreke hou en kom in die duineveld van Riversdal voor. Wanneer die riet gedroog word, moet dit plat gelê word. Sny- tot bindtyd is ongeveer 'n maand (FJ de Jager 1991:onderhoud; F Kleynhans 1991:onderhoud).

4.6.3 Dakdek

Dakdek benodig spesiale vaardighede en gereedskap. 'n Deknaald is van bamboes gemaak met 'n oog aan die een kant en was ongeveer 500 mm tot 600 mm lank en 30 mm breed. 'n Korter naald is naby mure gebruik. Die dekspaan, gemaak van 'n harde en taai hout, soos karee- en vroeër ook stinkhout, is gebruik om die vasgewerkte riet mee aan te dryf (egalige

verspreiding van die riete) om sodoende die regte helling op die dak te kry. Die voetspaan, 'n plat hout met 'n handvatsel aan die bokant, is gebruik om die voet van die dak (die onderpunte van die riet) gelyk te slaan. Al hierdie gereedskap moes self gemaak word, omdat dit nie in die handel beskikbaar was nie (F Kleynhans 1991:onderhoud). 'n Ondersoek ter plaatse in Albertinia, Riversdal en Elim het bevestig dat dié gebruik vandag steeds voortleef en dat gereedskap steeds nie in die handel beskikbaar is nie.

4.6.4 Nokafwerking

Die nokafwerking van die kapstylhuise in die Vermaaklikheid-omgewing, Puntjie en St Sebastiaanbaai is uniek (F Kleynhans 1991:onderhoud). Nadat die dak gedek is, is die nok afgewerk deur die vors (die plek waar die skuins vlakke van 'n dak bo saamkom) waterdig te maak met die aanbring van een of ander kleimengsel (later kalk, sement en sinkplaat) en ook deur 'n kenmerkende rietmetode. Bondels riet is snykant na bo eers aan die een kant van die dak vasgewerk in 'n laag van ongeveer 50 mm dik en ongeveer 1 m breed. Hierdie proses word aan die bo-punt van die ander sy herhaal. Van bo gesien word die riete styf teen mekaar vasgewerk en gelykgemaak, of aan die een kant word die riete bo-oor dié aan die ander kant geplaas om met die kant wat reeds afgewerk is 'n 90°-hoek te vorm. Dié rietnok was waterdig en is afgewerk deur die koppe van die riete aan albei kante gelyk te sny (Barnard 1992:61-62). Dié afronding word toegeskryf aan Lool (Lodewyk) de Jager (LL Tomlinson 2002:onderhoud) en is 'n voorbeeld van 'n individuele toevoeging wat tradisie geword het. Die De Jager-metode is ook toegepas met die rietpluime na onder, sonder om die pluime af te sny (LL Tomlinson 2002:onderhoud).



Figuur 42: Vermaaklikheid-Kapstylhuis se nok aan die binnekant van die dak (VB EB 1992)

4.7 Binnemure en afskortings

Inaggenome Van Riebeeck se gesin, was sy woning waarskynlik met een of meer afskortings in kamers verdeel. In die Nederlandse *plaggenhut*, 'n dakhuis waarvan bepaalde kenmerke met dié van die kapstylhuis ooreenstem, is die woning deur middel van 'n ingeboude *bedsteekast* (bed in 'n kas waarvan drie sye toegebou is) in twee afsonderlike ruimtes verdeel (Raath 1999:123). In die pionierskapstylhuise is die ruimteverdeling van dieselfde materiaal as die gewels gebou, of 'n gordyn wat net só hoog was dat 'n mens nie daaroor kon sien nie, is gebruik (Barnard 1992: 62). In Van Riebeeck se woning kon die binnemure uit 'n plankbeskot of seilgordyn bestaan het, afhangende van wat beskikbaar was (Raath 1999:123).

Die Puntjie-huis word binne deur 'n eenvoudige materiaalafskorting in twee ruimtes, 'n leef- en slaapkamer, verdeel (Walton 1981:3). Daar is ook na die voorste gedeelte as die eet- en saamkom- en die agterste gedeelte as die slaapplek verwys (LL Tomlinson 2002:onderhoud).

Die Vermaaklikheid-huis se binneruimte is ook in twee verdeel deur 'n eenvoudige materiaalafskorting óf 'n gepleisterde rousteenmuur, sonder fondament, wat nie tot teen die dak gestrek het nie. Hierdeur is die binneruimte in 'n woon- en leefruimte en 'n slaapvertrek verdeel. Enkele voorbeelde is aangeteken waar die skeiding tussen dié twee

ruimtes 'n enkel rousteenmuur wat tot teen die dak strek, of rietafskortings is. Die huise op Noetsie het vermoedelik geen skeiding gehad nie en was meestal enkelvertrekwonings.

4.8 Vloere

In Vermaaklikheid is die vloere van al die bouwerke van vasgetrapte klei, sonder enige byvoegings. Die vloere is vir beskerming soms met beesmis gesmeer - 'n proses wat elke Vrydag herhaal is en soms meer dikwels in die woon- en leefruimte. Kalwermis en die mis van beeste wat nie op stal gehou is nie, is as die beste mis vir dié taak beskou. Kapstylhuise wat op 'n sanderige terrein gebou is, kon nie die gebruiklike kleivloer kry nie. By Puntjie is vloere ingesit van aanmeakaargelapte streepsakke, wat met houtpenne in die sand vasgeslaan, of aan die kapvoete vasgebind is (K Geldenhuys 1992:onderhoud; F Kleynhans 1991:onderhoud). Seildoek was vir Van Riebeeck se woning beskikbaar, en kon as 'n soortgelyke vloerbedekking gedien het (Raath 1999:123).

Die Noetsie-huis se vloere is met los dekriet bedek wat jaarliks vervang of aangevul is (LL Tomlinson 2002:onderhoud).

4.9 Openinge

Gawie Fagan se konstruksie aantekening van die Worcester Museum se kapstylhuis meld die gebruik van Oregon-denne (Amerikaanse greinhout) vir die deur en luik, verkieslik ou hout. Die beplanking langs die deur moes uit 230 mm by 25 mm Oregon-denne (ook ou hout) gemaak word. Die deur en luik word met leer vasgespyker wat as skarnier dien. Fagan haal 'n mnr Sullivan van McGregor aan wat sê dat 'n bees se dik nekvel (kipleer genoem en ook vir skoensole gebruik) hiervoor geskik is (MS WM Fagan 1979 bouplan 2).

4.9.1 Deuropeninge

Raath beskryf die geklampte plankdeur ('n bo- en onderdeur of net 'n enkeldeur) in die Nederlandse woning as bestaande uit drie of meer vertikale planke wat aan die agterkant deur twee of drie horisontale planke (ook genoem klampe) vasgehou is. By die enkeldeur is die deuropervlakte deur drie horisontale planke verdeel, genoem die bo-, slot- en onderreling (Raath 1999:123). Die bo-en-onderdeur kombinasie het uit twee dele bestaan en elke deel het twee relings gehad.

In Vermaaklikheid en Puntjie was die deure eenvoudige ongeraamde plankdeure (*batten doors*), wat 'n enkel- of bo-en-onderdeur kon wees. Dié plankdeure het uit vier en meer vertikale planke bestaan wat aan die agterkant deur twee, drie of vier horisontale planke of klampe vasgehou is.

4.9.2 Vensters

Die grootte van die kapstylhuis is bepaal deur die grootte van die gesin wat daarin moes woon en gevolglik is die woning soms in twee of drie vertrekke verdeel, waarvan die voorhuis of woonruimte by die ingang geleë was, met die slaapruiimte daar agter (Barnard 1992:62). In dié geval was daar soms 'n tweede vensteropening in een van die dakskilde (*sykante*).

Die Puntjie-huis het 'n deuropening in die een sy-ent gehad en in die ander 'n klein houtomraamde vensteropening met 'n tweede opening in die een sy-gewel van die huis. Beide kon met houtluike toegemaak word (Walton 1981:3; Walton 1995:62).

Oor die algemeen is die vensters gemaak van dit wat in die omgewing of op die oomblik beskikbaar was of wat aangery kon word (K Geldenhuys 1992:onderhoud). Die meeste kapstylhuise op 'n lae muurtjie het hout swaairaamvensters met een of twee vertikale en twee of drie horisontale tussenstyle gehad.

4.9.2.1 Primitiewe vensters

Die oudste kapstylstrukture wat moontlik in die pioniertyd gebou is, bestaan lank reeds nie meer nie. Daar kon dus voorbeelde voorgekom het waar die vensteropening vergelyk sou kon word met die primitiewe vensteropening soos wat dit in Nederland voorgekom het. 'n Deurskynende vlies van 'n varkblaas, of geoliede perkament, papier, linne of iets dergeliks, is gebruik om die vensteropening mee af te sluit (Raath 1999:123). Olie het die bedekking in 'n mate deursigtig en reënbestand gemaak. Gesien in die lig van Geldenhuys se bewering, sou enigiets ook vir die toemaak van vensteropening in die studiegebied gebruik kon word (1992:onderhoud).

4.9.2.2 Luike

'n Vensteropening kon ook met 'n luik, of 'n luik bykomend tot bogenoemde metodes afgesluit word. In hierdie geval is nie net die wind uitgehou nie, maar ook die lig. 'n Luik in die gewel was gewoonlik 'n swaailuik, terwyl 'n luik in 'n dakskild na bo opgelig moes word (Raath 1999:124). Planke is ook gebruik om vensteropening toe te maak.

4.10 Kookskerms

Op Puntjie is buite die kapstylhuis gekook óf in 'n rietkookskerm óf in 'n kleiner kapstylhuis (Walton 1981:3). Die ligging van die woonhuis is met die toekant (vensterkant) na die see (rigting van die wind) geplaas, maar die kookhuis is parallel met die see gebou om 'n trek te voorkom en so die brandrisiko te verminder. 'n Sirkel bestaande uit takke is ook soms gemaak om as kookskerm te dien (K Geldenhuys 1992:onderhoud).

Die kapstylhuise op Puntjie het vroeër 'n gemeenskaplike buitebakoond gehad (FJ de Jager 1992:onderhoud). Op Vermaaklikheid is bakoonde aan die een kant van die kapstylhuis gebou. Jongmense het glo gereeld moles gemaak deur melktert hieruit te laat verdwyn (FJ de Jager 1991:onderhoud).

HOOFSTUK 5

KLEISTRUKTURE

5.1 Agtergrond

Om met grond te bou is 'n gebruik wat regdeur die eeue gefloreer het en dit het momentum gekry in tye van nood of wanneer daar gespaar moes word. Die tekort aan opgeleide mannekrag (in 1660 het 42 van die 74 vryburgers na Nederland teruggegaan) en die skaarste van natuurlike bronne aan die Kaap, het saamgespan om te veroorsaak dat rou grond 'n belangrike boumateriaal geword het. Hout was so skaars dat dit via Nederland vanaf Skandinawië ingevoer moes word totdat die bosse aan die Kaap gevind is (Gerneke 1992:40).

Die gebruik van grond as boumateriaal is deur Portugese koloniale bouers toegepas (soos byvoorbeeld die 17de-eeuse *pisé de terre* geboue in Brasilië). Die slawe van Portugese kolonies wat deur die Hollanders oorwin is, is na die Kaap gebring en die setlaars het met hulle in Portugees gekommunikeer. Die vakman slawe het hul ambag by die Portugese geleer wat die tegniek om massa mure te bou, geken en toegepas het (Gerneke 1992:40). Dit is 'n metode wat uit die Romeinse tyd dateer (McCann 1987:8; Gerneke 1992:40). Om die oorsprong van die gebruik van klei as boumateriaal te ondersoek moet daar dus verder as net by die Nederlandse invloed gesoek word.

In 'n artikel wat ondersoek instel na die gebruik van kleiblokke in die konstruksie van mure, gepubliseer in 1987 in die Britse publikasie *Vernacular Architecture*, beweer die skrywer John McCann dat ten spyte van betroubare bronne se beweringe daar geen bewyse is dat die gebruik van kleiblokke in die konstruksie van mure (*clay lump*) in Brittanje voor die 1790's voorgekom het nie (1987:1). In die studiegebied kom strukture voor wat met die kleiblokmetode opgerig is en na aanleiding van bogenoemde stelling sou dus afleidings gemaak kon word oor die oorsprong en oprigtingsdatum van hierdie strukture.

In sy artikel beredeneer McCann dat kleiblokke, ook genoem gestampde grond (*clay bat*), 'n spesiale vorm van klei muurvorming is wat veral in Engeland in die klei-agtige distrikte van Norfolk, Suffolk, Cambridgeshire en Essex voorkom (1987:1). Brunskill stem hiermee saam en noem dat die gebruik in Engeland nie algemeen voorgekom het nie (Brunskill 1987:50). Die muurbou wat gewoonlik elders in Engeland meer voorkom word deur McCann as monolities beskryf (gevorm as een massiewe geheel en stem moontlik ooreen met die Afrikaanse beskrywing *opgeklei*) (1987:1). In hierdie muurkonstruksie is die ondergrond gemeng met sand, kalk of fyn gruis van plaaslike bronne wat deeglik met water en strooi of ander groente vesels getrap is om 'n eweredige plastiese massa te vorm. Hierdie materiaal is vurk vir vurk op 'n reeds voorbereide ruwe klip- of puin fondasie gelê en met die voet in posisie gedruk. Die mees algemene tegniek was om 'n laag op te bou, so hoog as moontlik net voordat dit kan sak, en om dit dan te laat sodat dit droog en hard word voordat die volgende laag gelê word (McCann 1987:1). Brunskill het hierdie proses beskryf as die *stadige proses* (1987:50). Die *vinnige proses* is waar dunner lae klei gelê is en van mekaar geskei is met strooi (McCann 1987:1; Brunskill 1987:50-51). McCann noem verder dat in die streke waar die klei geneig was om vinnig te sak, die muur deur 'n vorm van bekisting opgebou is en die muur ook gelaat is om eers te droog voordat die volgende laag gelê is. Dit is hierdie proses waarna soms verkeerdelik verwys word as *pisé*. *Pisé* word beskryf as droë grond, sonder klei of strooi of ander vesels, wat hard vasgestamp is binne spesiaal ontwerpte bekisting wat besonder sterk was (McCann 1987:1).

Die kleiblok tegniek het weer van al die voorafgaande prosesse verskil in die sin dat klei-ondergrond, sonder toegevoegde minerale, met water en strooi gemeng is voordat dit getrap is. Die resultaat is in 'n houtvorm gegooi om reghoekige blokke te vorm. Die vorm is na 'n tydjie afgehaal en die blokke is op harde grond gelaat om te droog. Na 'n paar dae was die blokke ferm genoeg om op die kante gedraai te word om eweredig te droog. Die proses is herhaal om misvorming van die blokke te voorkom. Die blokke is dan onder dak opgestapel in 'n oop patroon en vir 'n paar weke gelaat om nog verder te droog. McCann vind verskeie vewysings wat bewys lewer dat hierdie tegniek veral vanaf 1792 bekend begin raak het (1987:3). Brunskill noem dat hierdie blokke net soos stene in lae gebind en gebou is alhoewel hulle baie groter as stene was (Brunskill 1987:51).

Die redes waarom die gebruik van kleiblokke rondom die middel van die 18de eeu in sekere dele van Brittanje so gewild geraak het, word soos volg deur McCann opgesom (1987:6):

- Die Kothuis-beweging het 'n belangstelling in lae koste muurkonstruksie met 'n aanvaarbare voorkoms gestimuleer.
- Die hoë koste van hout het 'n uitdaging gestel om ander boumateriaal te gebruik.
- Die belasting wat in 1784 op stene gehef is het as aansporing gedien om belastingvrye boumateriaal te gebruik.
- Tegnieese literatuur oor hoe om met ongebakke klei te werk was teen 1790 beskikbaar, en teen 1797 wydverspreid.
- Buitelandse (buite Brittanje) en klassieke invloede.
- Die landboukundige verbeteringe van die tyd het baie nuwe geboue geverg in 'n gebied waar ander boumateriaal duur was as gevolg van die vervoerkostes.

In 1772 publiseer Goiffon *L'Art du Maçon Piseur* waarin hy die *pisé* proses soos tradisioneel toegepas is in die Rhône vallei, beskryf. In 1790 is die idee om met klei te bou opgeneem deur die Fransman François Cointeraux wat sy lewe daaraan gewy het om die ongebrande klei boumetode te bevorder. Cointeraux se toewyding en skrywes was ook in die buiteland bekend. Sy gedetailleerde instruksies oor hoe om met klei te bou, *pisé*, is in Engels vertaal deur Henry Hollard en in 1797 in *Communications to the Board of Agriculture* gepubliseer. Hierdie vertaling van Hollard het wyd bekend geword en is in Engeland veral in die literatuur rondom kothuis- en landbou aangeleenthede te vind. Dit is Cointeraux wat beweer het dat die Romeine die *pisé* proses na Frankryk gebring het. In die tradisionele *pisé* boumetode, soos deur Goiffon in 1772 beskryf en deur Cointeraux in 1790, is die muur gevorm uit 'n blok klei (monolithies) deur halfdroë grond, sonder strooi of ander vesels, binne-in goed vasgemaakte bekisting te stamp met 'n resultaat soos nage- maakte klip. Al was dit net in teorie, is dit hierdie proses wat na aanleiding van Hollard se vertaling in Brittanje bekendheid verwerf het (McCann 1987:8-9).

In 1837 beskryf Richard Ford die algemene gebruik om met grond te bou: *The cob is now made use of both by Moors and Spaniards. We have seen it raising in Andalusia and Barbary, while it is the usual mode of building in the Cape of Good Hope, the other extremity of Africa* (1837:538).

Omdat hout aanvanklik skaars was aan die Kaap en die houtbosse in die omgewing van Swellendam in die 18de eeu al uitgeput was, moes klip en klei 'n groot rol in die konstruksie van bouwerke gespeel het. Die tegnieke hierrondom is nie alombekend nie en slegs die oorblyfsels van dié boumetode is vandag *dokumentêre* bewyse wat bestudeer kan word. In Swellendam en omgewing is mondelinge bronne karig en dokumentêre bewyse is net in die reisbekrywings te vinde. Die beskrywings van dieselfde boumetodes soos dit toegepas is in lande soos Nederland, Frankryk, Engeland en Ierland vorm dus 'n belangrike verwysingsraamwerk.

In Burchell se beskrywing van die wonings van die boere in die *Zondereinde Vallei* wat opgeteken is rondom 1812/1813, beskryf hy die huise van die veeboere as *miserable mudbuilt cottages* sonder plankvloere of plafonne (1953:85). Burchell sê dat die wonings van klei of *pisé de terre* gebou is en reeds vir baie jare al bestaan. Hy gee 'n volledige beskrywing van die oprig van kleimure. Die grond moes volgens Burchell baie goed gebreide grond wees en moes ook styf genoeg wees om in lae van ongeveer 'n 300 mm ('n voet) in dikte gepak te kon word sonder om vorm te verloor. In hierdie proses is geen vorm of bekisting gebruik nie, maar die klei word met 'n graaf op die muur in wording gesit en deur die proses te herhaal word die muur gaandeweg hoër - as dit nodig was selfs tot die hoogte van 'n tweede verdieping. Die dikte wat nodig is om dié gewig te dra, is net een helfte meer as wat vir 'n steenmuur van dieselfde hoogte nodig was. Hierdie metode om 'n muur te bou kan net in die droë seisoen van die jaar uitgevoer word en wanneer hierdie wonings afgewit is was dit vir Burchell moeilik om onderskeid te tref tussen 'n kleimuurkonstruksie en 'n gepleisterde steenkonstruksie (1953:87-88; Pearse 1956:125).

JWD Moodie beskryf aan die begin van die 19de eeu sy broer Benjamin se woning wat, alhoewel dit uit kleimure bestaan, byna 100 jaar oud is; dit beteken dat die huis dateer uit die eerste helfte van die 18de eeu. Moodie, wat waarskynlik onbewus was van die verskillende kleimuur-konstruksiemetodes en die oorsprong van die boumetode, het geglo dat dié boumetode 'n kenmerkende eienskap van die Kaap se boukuns was (1835:101).

Moodie gee 'n deeglike beskrywing van die woning en die boumetode. Hy skryf dat die grond waarop die woning staan ongelyk is, met die gevolg dat die agterste vleuel uit net

een verdieping bestaan het, terwyl die woning aan die voorkant hoog genoeg is om meer as een stoorkamer onder die hoofingang toe te laat. Die hoofingang is van die pad se kant met 'n stel trappe bereik. Aan die bopunt van die trappe, op die dieselfde hoogte as die voordeur was 'n *platform* of stoep met 'n bank aan elke kant. Volgens Moodie het die koloniste graag in die aand op die stoep gesit en hul pype gerook. 'n Groot *saal* het die kern van die huis gevorm. Van hier kon direk met die twee slaapkamers, een aan elke kant, gekommunikeer word. Die vloere van hierdie *saal* en die meeste van die slaapkamers, was van klei wat van tyd tot tyd met 'n mengsel van mis en water oorgewas is om die vorming van stof te voorkom (Moodie 1835:102).

Moodie sê dat wanneer die boumateriaal (klei) van die regte kwaliteit is, die struktuur duursamer is as daardie wat met stene gebou is. Om die bouproses te begin moet daar so na as moontlik aan die bouterrein 'n gat in die grond gemaak word. Die bo-grond moet eenkant gesit word en 'n sekere hoeveelheid grond word in die gat met water gemeng. Hierdie mengsel word dan goed deur beeste getrap totdat die regte digtheid (tekstuur) bereik is, dit wil sê, so styf as wat hul dit kan kry. Die klei word deur die beeste getrap tot die lug uitgepers is en dit glad en elasties is. Wanneer die fondasie van die woning uitgegrawe is (Moodie noem dat hulle nie normaalweg fondasies in hierdie droë landdele het nie) word groot vierkantige blokke bewerkte klei op die grond gelê op dieselfde manier as wat sooimure gebou word (hy beskryf ongelukkig nie hoe sooimure opgerig is nie). Wanneer die eerste laag reg rondom geplaas is en met 'n graaf gelyk gemaak is nadat daar eers seker gemaak is dat die grond droog genoeg is (Moodie beweer dat dit in die Kolonie baie gou is), word 'n tweede laag op dieselfde manier hier bo-op geplaas. Hierdie proses word herhaal totdat die muur 'n paar voet hoog is, en dan word die muur *gedress* (netjies gekap) en waterpas gemaak met 'n skerp graaf. Hierdie proses word volgehou totdat die hele muur voltooi is. Die dak word hierna gemaak en gedek deur opeenvolgende lae van biesies of riete aan die daksparre vas te werk. Hierdie is vir Moodie voldoende verduideliking van hoe eenvoudig dit is om 'n kleiwoning op te rig (1835:103-104).

Walton beskryf nog 'n metode om kleihuse te bou: klei is met strooi of beesmis gemeng en dan deur beeste getrap totdat die mengsel aan hulle hoewe vaskleef. Dan word dit op die leiklip voetstuk gegooi en tot 'n hoogte van effens meer as 305 mm ('n voet) opgebou, met 'n dikte van ongeveer 457 mm (agtien duim). Die eerste laag word gelaat om deeglik droog

te word voordat die volgende laag aangebring word (1955:14). Die muurdikte vir 'n opgekleide woning in die omgewing van Swellendam in die 18de eeu het, afhangend van die ouderdom van die gebou, gewissel van 500 mm tot 550 mm, 600 mm tot 700 mm en in die 19de eeu van 400 mm tot 460 mm.

In aansluiting by McCann, wat gemeld het dat die gebruik van klei in boukonstruksies in Engeland en elders (in die 19de eeu) redelik wyd gepubliseer is in veral landbouverwante publikasies, noem Gerneke dat op Suid-Afrikaanse bodem baie boere die tegniek om met klei te bou deur tradisie en oorlewering geken het. Dit is verder uitgebrei of aangeleer uit gepubliseerde materiaal in verskeie landboukundige tydskrifte wat in die 20ste eeu verwys na kleiboumetodes. So is die tegniek op groot skaal toegepas (Gerneke 1992:43). 'n Voorbeeld hiervan is 'n artikel wat in 1922 geskryf is deur 'n dosent van die Cedara Landboukundige Kollege. Deur middel van 'n reeks beskrywende sketse verduidelik Aird stap vir stap in sy artikel *pisé de terre* in die *Joernaal van die Departement van Landbou*, hoe die opbou van 'n muur deur die bekistingsproses van die fondasie tot eksterne en interne afronding, plaasvind. In 'n gewilde handboek vir boere word verduidelik hoe kleistene gemaak kan word van vleigrond gemeng met 'n bietjie sand (Gerneke 1992:43).

5.2 Swellendam en omgewing

Oor die algemeen het baie plase in Swellendam en omgewing relatief groot wonings en ook 'n paar buitegeboue, maar stylisties kan hul nie vergelyk word met die Kaapse en Bolandse voorbeelde nie. Ten spyte van die grootte van die wonings het hulle eenvoudig gebly. As gevolg van die vele aanbouings en veranderinge, is dit nie maklik om die wonings te dateer nie, veral omdat kenmerkende argitektoniese detail as gevolg van die eenvoud ontbreek.

Kleihuise was die eerste meer permanente strukture wat in Swellendam en omgewing opgerig is. Die gebruik van klei in die oorgrote meerderheid strukture in en om Swellendam, sou moontlik toegeskryf kan word aan 'n goeie kennis van die gebruik van klei om mure te bou, of aan die tekort aan beskikbare gereedskap om klip mee te verwerk. Die vaardighede om met klip te bou, kon ook ontbreek of daar was eenvoudig nie voldoende klip beskikbaar in die studiegebied nie. Wanneer mure gepleister is, is dit moeilik om te onderskei of die muur van klip, klei of stene gebou is. Dit is eers wanneer

die pleisterlaag verwyder word wat met sekerheid bepaal kan word wat 'n woning se muurkonstruksie is.

Die strukture is dikwels direk op die grond opgerig, maar afhangende van die beskikbare klipsoort, is voorbeelde opgeteken waar die fundamente *nabank* (leiklip), *ysterklip* (rivierklip) of *koffieklip* (sandsteen) is. Die mure is oor die algemeen opgebou met 'n mengsel van strooi en klei wat akkerbou en dus permanente vestiging bevestig.

Die algemene tekort aan hout het die gebruik daarvan in die informele pionierwoning hoofsaaklik tot die dakkonstruksie, vensters en deure beperk en in die formele wonings bykomend die vloere en plafonne. Die algemene afwesigheid van gebakte stene in die muurkonstruksie in beide formele en informele wonings is ook 'n aanduiding dat daar nie genoeg hout in die studiegebied beskikbaar was nie. Groot hoeveelhede hout is nodig om oonde te brand vir die maak van bakstene.

Die eerste wonings in die streek was almal opgerig as pionierstrukture wat moes voldoen aan die basiese behoefte aan 'n skuiling. Die wonings moes waarskynlik opgerig word sonder die hulp van messelaars, skrynwerkers, timmermans en grofsmede. Wat die hulp van arbeid betref, beweer Pretorius dat die tweede woning op die plaas Zeekoegat c1750 (Riversdal) deur slawe opgerig is (1997:91). Daar is dus met die hulp van slawe en waarskynlik ook Khoi, wonings en ander strukture opgerig.

Gesien teen die agtergrond dat Zeekoegat rondom die middel van die 18de eeu een van die toonaangewende boerderye in die omgewing was, en kontantvloei moontlik beter was as by ander boerderye, kon sekere "ingevoerde" vaardighede dalk bekostig word. Eenvoudige strukture, soos elders aan die Kaap en in die studiegebied, het sekere veranderinge ondergaan. Uit die bouvalle kan afgelei word dat veranderings aangebring is veral in venster-tipes en die aanbring van voorgewels en versierde entgewels aan reeds bestaande wonings (Voorgewelaanpassings: Hartebeeskraal c1792, Caledon; Nachtwacht c1855, Bredasdorp; Kliprivier c1833, Die Glen c1837 en Rotterdam c1794, Swellendam; Oude Muragie c1827, Heidelberg; Hooikraal c1800, Riversdal).

Die oorspronklike voorgewel van Zeekoegat se langhuis wat vandag 'n holbolgewel is, was waarskynlik 'n eenvoudiger wolfsneusgewel (Pretorius 1997:90), net soos die gewel van die U-plan huis wat ook in die vroeë 1800's op die werf gebou is. Op 'n foto wat verskyn het in *Die Huisgenoot* van Maart 1928 het die sykante van die U-plan woning halwe skilddakke (*half-hipped*). Pretorius ondersteun met die voorbeeld van die langhuis gewel Fransen en Cook se argument dat die sirkel wat op dié voorgewel verskyn 'n eienskap van die Swellendam omgewing se gewelboukuns is. Dit dateer in die meeste gevalle uit die 1830/40's (1997:91). Sodoende is 'n informele pionierstruktuur verander na formele patrisiër bouwerk in die streek.

Pretorius bevestig dat oordadige voorgewels nie 'n algemene gesig vir die laat 18de-eeuse boukuns van die buitelandse distrikte was nie. Hy noem dat opgeleide Maleier vakmanne gewoonlik nie hul kennis in die laat 18de eeu na hierdie distrikte geneem het nie (1997:90). Indien Zeekoegat se langhuis, soos deur Pretorius beweer, wel deur slawe gebou is, bly die vraag steeds wat die land van oorsprong van hierdie slawe was en hoe hulle hul boukennis opgedoen het.

Die veeboer moes die beste maak van die beskikbare arbeid en aangesien daar vroeër nie baie slawe op die plase was nie, veral nie op die informele veeboerplase nie, was die pioniers meestal aangewese op hul eie beperkte kennis en die van hul bure. Soos vroeër gemeld, kon die kennis van die poshouders op buiteposte van boubedrywighede ook 'n bydrae maak om die tradisies van die stamlande te laat voortleef. Op dieselfde wyse kon die vroegste inwoners van die streek se kennis rondom byvoorbeeld die aanwending van plaaslike plantmateriaal en die hegtingstegnieke wat hierrondom ontwikkel het, ook aangewend gewees het. Voorbeelde hiervan is die gebruik van matjiesgoed as hegtingsmateriaal en ook dieselfde aanwending van doringboombas.

In die dagboek van Johanna Duminy, 'n plaasvrou wat in 1797 op die plaas Bokrivier in die Swellendam-distrik gewoon het, word waardevolle inligting oor bouwerk verstrekk. Sy vertel onder meer van die boer se vrou wat die stene van haar huis self moes maak en ook moes help om die huis te bou. Dit het 'n merkwaardige sewentien jaar geneem om 'n eenvoudige huis met 'n kamer, voorhuis en kombuis te bou. Vir die oprig van die koringskuur op Bokrivier, die plaas van die Duminy's, is daar elke dag stelselmatig op die

fondament gebou terwyl 'n wa na die bos gegaan het om hulle balke te gaan haal (Franken 1938:182-184).

5.3 Fondamente

Volgens Brunskill word die lading van dakke en vloere deur die muur na die fondamente herlei (1987:34). Die woningmuur kon basies gebou word op geen fondament nie, dit wil sê direk op die grond, of op lae klip wat 'n klipfondament vorm. Laasgenoemde is klip wat onreëlmatig en direk op die grond geplaas is en die muur is hier bo-op verder opgerig.

In die 18de eeu het die fondamente van die mure aan die Kaap oor die algemeen bestaan uit 'n laag puinklip en klip wat direk op die bogrond geplaas is, of op die meeste 152 mm diep in die grond. Daar is voorbeelde opgeteken waar daar geen poging was om 'n fondament wat vog kan afweer te bou nie. Met die aankoms van die Britse modes het die onderste lae van 'n muur belangriker geword. Fondamente het nou meer algemeen voorgekom (Lewcock 1963:378).

Die fondamente van wonings in Swellendam en omgewing is ook direk op die grond opgerig, maar afhange van die beskikbare klipsoorte in die omgewing, is óf *nabank* (leiklip), *ysterklip* (rivierklip) óf *koffieklip* (sandsteen), in fondamente gebruik. Die klip wat in die fondamente gebruik is, is nie verwerk nie, maar eerder netjies gepak met puinklip en klei tussen in. Daar bestaan ook 'n vermoede dat klip later, vanaf die middel van die 19de eeu, as fondament gebruik is om as 'n soort vogweringslaag te dien (Rheenendal meul, Swellendam).

In Vermaaklikheid en omgewing is voorbeelde van versonke fondamente opgeteken. Hier is 'n fondament gegrawe tot by die eerste harde klipoppervlakte, wat gewoonlik nie baie diep was nie (FJ de Jager 1991:onderhoud).

Wanneer klipfondamente wel gebou is, is dit met klei as bindmiddel gebou nadat 'n geskikte terrein gereedgemaak is. Die fondament is op die gekose plek afgetrek waarna lyne gestee is volgens hoe breed en lank die mure gaan wees (FJ de Jager 1991:onderhoud). Afhange van die helling van die grond, kon hierdie fondament wissel van 'n paar sentimeter tot ongeveer 1m. Die hoogte van die fondament kan ook gekoppel

word aan die hoogte van die stoep wat gewoonlik aan die voorkant van die woning aangetref word. Die kleimengsel wat as pleistermateriaal en as bindmateriaal gebruik is, was gewoonlik dieselfde. Die mengsel bestaan hoofsaaklik uit klei en is op die bouterrein voorberei.



Figuur 43: Woning in Swellendam wat hoë stoep aandui (VB DM P173 gd)

Die meerderheid plaaswonings in die omgewing van Swellendam het 'n klipfondament gehad. Die fondament van Zanddrift is van 'n paar lae leiklip en klei. Die fundamente van die tweede woonhuis (langhuis) op die plaas Zeekoegat, opgerig c1750, bestaan uit ru-klip (puinmuur konstruksie). Uit fotomateriaal kan afgelei word dat die melkery-slawekwartiere-waenhuis- en stalle-eenheid, geen fundamente het nie.

Hoewel die meeste opgekleide mure waarskynlik fundamente gehad het, is daar wel ook enkele opgekleide mure sonder fundamente opgeteken. Dit is opmerlik dat daar dikwels geen onderskeid getref kan word tussen die grond waarop die muur gebou is en die muur self nie (Tarentaalsrivier) (sien figuur 44).



*Figuur 44: Woning op Tarentaalsrivier met geen skeiding tussen die muur en die grond
(VB EB 1992)*

5.4 Mure

5.4.1 Kleimure

Vir Brunskill het die muurboumetode van opgekleide mure sy eie uitdagings ten opsigte van oprigting en stabiliteit, en hy beweer dat dié konstruksiemetode in Brittanje uitgeken kan word aan klein openinge en lae, baie dik mure (1987:36).

Die heel vroegste mure in die omgewing van Swellendam was opgekleide mure. In Swellendam en omgewing is vermoedelik meestal die bekistingsmetode toegepas om met 'n kleimengsel die mure te vorm. In die studiegebied is daar nie oral organiese materiaal soos strooi, bees- en perdemis in opgekleide mure aangetref nie, en was dit meer die uitsondering as die reël. Daar is wel 'n verband aangetref tussen die grond in die onmiddellike omgewing van die bouwerk en die grond waarmee mure opgebou is.

Die opgekleide mure in Swellendam en omgewing is moontlik volgens een van twee metodes gebou. Met die eerste metode is die mure gevorm deur twee planke op hul sye neer te sit, en by die punte aan mekaar te bind ('n soort bekisting). Die planke moes ook met hellende paalstutte verder ondersteun word. Die afstand tussen die planke het die dikte van die mure bepaal. Klei is tussen die planke saamgepers en gelaat om droog te word. Die planke is hierna gelig, opgeskuif en 'n verdere laag klei is gegooi. Die grondmengsel wat gebruik is moes geduldig getrap word tot die lug uitgepers en dit glad en bewerkbaar gebrei is. Hierdie metode is ook deur die Drostdy Museum toegepas toe die plaaswoning Zanddrift, wat vroeër op Drew naby Bonnievale gestaan het, op Swellendam as deel van die museumkompleks heropgerig is.

Soos reeds gemeld, is daar deur reisigers na die streek 'n tweede metode opgeteken waarvoor geen vorm benodig is nie. Die klei is met 'n graaf direk op die grond, of waar aanwesig, op die klipfondament gegooi. Nadat die eerste laag gelaat is om te droog, is 'n tweede laag gegooi en is die proses herhaal totdat die muur die verlangde hoogte was. Wanneer die mure droër was, is die kante afgesteek of gelykgesteek.

Opgekleide mure is maklik herkenbaar aan die horisontale strepe wat aandui hoe die verskillende lae klei gevorm is (sien figuur 45). 'n Ander eienskap is natuurlik die afwesigheid van messelklei, en die verweringsmerke wat veral deur reën veroorsaak is. Dit is moeilik om tussen die genoemde twee metodes te onderskei en daar kon gevolglik nie by al die wonings onder bespreking aangedui word watter van die twee metodes toegepas is nie. By die "graafmetode" is die onderste gedeeltes van die mure vermoedelik breër en is die vorming van die muurlae om uiteindelik die muur te vorm, moontlik nie so eweredig soos met die "plankmetode" nie. Horisontale skeidings (lyne) in die klei wat aandui hoe die verskillende lae gevorm is, word soms afgewissel met oneweredig verspreide vertikale barste (krake).



Figuur 45: Waenhuismuur Warmwaterberg wat opgekleide muur toon, Barrydale-omgewing (VB EB 1992)

Wanneer daar in die studie verwys word na 'n opgekleide muur, is daar nie tegnies tussen die twee metodes onderskei nie. Daar kan wel met sekerheid beweer word dat die oprig van 'n kleimuur deur die bekistingmetode, waarskynlik meer algemeen voorgekom het. By albei prosesse is openinge in die mure gelaat waar die vensters en die deure moes kom. In sommige opgekleide mure is lateie aangebring, maar voorbeelde waar geen lateie voorgekom het nie, is ook aangeteken (Koesanie) (sien figuur 46).



Figuur 46: Detail van vensters en deur in woning op Koesanie wat geen latei toon, Swellendam (VB EB 1992)

Die mure van die Zeekoegat langhuis (ongeveer 600 mm in dikte) sowel as die 50 m lange slawekwartiere-melkery-waenhuis-, en stalle-eenheid (ongeveer 650 mm in dikte), is opgeklei. Teenaan die melkery aan die oostelike muur, staan 'n kraal met 'n paar ingange vanaf die melkery na die kraal. Die kraalmuur is ook opgeklei. Die melkery was die trots van Zeekoegat en is in 1803 deur dr Henry Lichtenstein, wat Kommissaris Generaal de Mist vergesel het, opgeteken. Lichtenstein teken aan dat daar 200 koeie hier gemelk is (Pretorius 1997:91, 93) wat 'n goeie idee gee van hoe groot die kraal moes gewees het.

Nadat die buite- en binnemure van 'n pioniershuis met 'n spesifieke kleimengsel gepleister is, is die muur met 'n kalkmengsel afgewit of indien daar nie kalk in die omgewing beskikbaar was nie, is dit so gelaat.

5.4.2 Steenmure

In die Ooste is stene reeds in die Middeleeue as muurmateriaal vir geboue gebruik. In die volksboukuns in Europa is stene eers in die 16de en 17de eeu begin gebruik. Gevormde stene het in die 18de eeu in Brittanje in gebruik gekom en teen die tweede helfte van die 19de eeu, was stene die algemene boumateriaal in Brittanje (Brunskill 1987:46).

Die huise van Nederland is vroeg reeds van stene gebou veral omdat klip nie beskikbaar was nie en die vaardigheid om met klip te kon werk dus ontbreek het (Pearse 1968:7). Die mees algemene boumateriaal wat aan die Kaap gebruik is, is stene wat tot laat in die 18de eeu in groot hoeveelhede uit Nederland ingevoer is. Hierdie stene is hoofsaaklik gebruik vir stoepe, trappe en plaveisel. Eksperimente om plaaslik vervaardigde stene te maak, het vroeg reeds begin, maar die tekort aan hout het die bakproses 'n stadige proses gemaak. Dit het soms tot drie maande geneem om genoeg hout bymekaar te maak vir die brand van 'n oond (Walton 1965:1). Die proses het geleidelik verbeter en verskeie oonde is opgerig. Stenemaak is in die vroeë 18de eeu beskou as 'n bedryf wat 'n goeie profyt kon oplewer (Walton 1965:1; Pearse 1968:21).

Volgens Fransen en Cook was daar van al die soorte stene wat beskikbaar was, net 'n paar aan die Kaap gebruik, naamlik songedroogde stene, sag gebrande stene en hard gebakte stene wat uit Nederland ingevoer is (1980:24). Die songedroogde steen (nie oondgebak), ook genoem kleisteen, rousteen of "groen" steen, is gemaak van goed voorbereide klei, gevorm, en in die son gelaat om te droog. Die sag gebrande steen, ook genoem die Kaapse steen, was van vroeg af tot in die laat 20ste eeu in gebruik. 'n Tekort aan hout het veroorsaak dat die stene teen 'n lae temperatuur gebak moes word. Die steen is pienkerig in kleur, nie baie hard nie en gewoonlik 'n bietjie breër en dunner as gewone stene. Dié stene moes vir beskerming afgepleister word. Die grootte van die stene het van plek tot plek en van tyd tot tyd gewissel. Hard gebakte stene is uit Nederland ingevoer, en is klompjes genoem, was klein en baie hard. Omdat die klompje, ook genoem Bataafse steen, baie hard is, is dit gewoonlik gebruik waar hulle 'n redelike weerstand moes bied, soos byvoorbeeld in stoepe en trappe (Fransen & Cook 1980:24).

Ná die Britse besetting is hard gebakte stene uit Engeland ingevoer. Dit is moontlik dat 'n relatief harde steen in die laat 18de en vroeë 19de eeu aan die Kaap gemaak is (Fransen & Cook 1980:24). Teen die eerste helfte van die 19de eeu het, soos wat die bakproses verbeter het en beter klei aan die Kaap gevind is, steengroottes kleiner begin word, met die gevolg dat mure dunner geword het. Die standaard dikte van mure in 1842 was 460 mm (Lewcock 1963:379).

5.4.2.1 Rousteen

Pearse meld dat baie van die vroeë wonings aan die Kaap gebou is van ongebakte stene (1968:22). Ongebakte stene (roustene) is in die algemeen gebruik vir die oprig van enkelmure in die platteland. Dit was 'n gebruik wat tot aan die einde van die 19de eeu aan die Kaap voortgeduur het (Lewcock 1963:379), en in Swellendam en omgewing tot in die 20ste eeu.

Naas opgekleide mure wat die meeste in die 18de en vroeë 19de eeu in die omgewing van Swellendam opgerig is, is die mure van die meeste wonings van roustene. In 'n opgekleide muur, veral waar fyner afwerking nodig was (rondom openinge en waar die gewel begin) is soms roustene gebruik (Koesanie, Swellendam; Warmwaterberg, Barrydale). In die Rûens (Nooitgedacht) en naby Swellendam (Appelsbos en Bruintjiesrivier) (sien figuur 47) is relatief groot stene in die muurkonstruksie gebruik. Dié stene kan amper vergelyk word met kleiblokke.



Figuur 47 : Bruintjiesrivier muurbou met groot stene (VB DM gd)

5.4.2.2 Baksteen

Mentzel beskryf die proses van stene maak aan die Kaap en gee hierdeur 'n aanduiding van hoe stene moontlik ook in die buiteland, hoewel op kleiner skaal, gemaak is. Eers moes daar by die Goewerneur aansoek gedoen word om 'n lisensie om 'n steen- of kalkoond te bou. Die kleigrond word dan opgegrawe en genoeg water by die grond gegooi. Perde word gebruik om die klei te trap tot 'n poeieragtige tekstuur. Wanneer die klei tot 'n pulp gemeng is, word dit met die hand geknie, in 'n kleihomp gevorm en in 'n vorm geplaas om die steen die regte fatsoen te gee. Nadat die roustene voldoende in die son gedroog het, is die proses in die steenoond voltooi. Al die werk is deur slawe gedoen. Die oonde het gewoonlik ses openinge gehad waarvan elk ongeveer 20 000 stene kon bak (Mentzel 1925:91).

Op die plase in die platteland is ook stene gemaak. Voor oestyd wanneer daar nie dringende werk is nie, moes die slawe stene vorm wat gebrand word wanneer daar genoeg hout bymekaar gemaak is (Trollope 1878:106). Trollope teken aan dat hy net voordat hy oor die Langeberge is, op 'n groep gekleurde arbeiders afgekom het wat onder die toesig van 'n wit man, besig was om stene te maak vir 'n gebou daar naby (Trollope 1878:153).

In die omgewing van Swellendam is die proses wat deur Mentzel beskryf word, op baie kleiner skaal toegepas. 'n Hele aantal plase het tot vandag toe die vorms waarmee klei in stene gevorm is (Nooitgedacht).

Omdat die meeste wonings wat vroeër in die streek voorgekom het, vandag nie meer bestaan nie en die wat wel bestaan tans bewoon word, kan daar nie met sekerheid vasgestel word watter datum gekoppel kan word aan die gebruik van gebakte stene nie. Daar was wel in dorpe soos Swellendam in die 19de eeu al steenoonde. Daar is ook waargeneem dat ou stene hergebruik is, maar weens die beperkinge hierbo genoem, kon daar nie vasgestel word wat die verspreiding en frekwensie van dié gebruik was nie.

In 'n restaurasieverslag oor sy bevindinge met die restouereer van Morgenzon, teken die argitek Gawie Fagan in 1984 aan dat die L-vorm huis oorspronklik met halfgebakte en roukleistene gebou is. Albei hierdie soorte stene met die afmetings 200 x 55 x 95 mm

dateer uit ongeveer 1777. Fagan het ook steengroottes van kleistene met die grootte van 240 x 70 x 115 mm in een van die vertrekke aangeteken. Die gebou is waarskynlik ná 'n brand in 1824 in 'n U-vorm verander, maar nou met groter gebakte kleistene met die afmetings 225 x 70 x 110 mm. Daar is in totaal vier steengroottes in die muurbou aangetref. Die hitte van 'n steenoond bepaal die kleur van die baksteen. Die kleur van die stene het Fagan as rooi aangeteken wat die hitte van die bakproses aandui (MS DM Fagan: 1984). Die baksteen is rooi as die hitte van die oond hoog was, en 'n ligter pienkrooi as die hitte laag was.

5.5 Pleister (messelmengsel)

Waterdigting het verskeie probleme veroorsaak en vir baie jare was daar 'n debat oor watter pleistermengsel die beste was, kalkdagha en kalkpleister, of kleidagha en kleipleister (Lewcock 1963:378). Skulp was veral in die buiteland, en nog meer in die binneland, baie moeilik om te kry, selfs so laat as 1820. Daar het twee metodes vir die finale afwerking van mure in die kolonie ontwikkel. Waar skulpkalk beskikbaar was, is dit as kalkpleister en kalkdagha vir alle soorte mure en puinkonstruksie fundamente gebruik. In ander gevalle is kleidagha in muurkonstruksies en fondasies gebruik. Om die kleipleisterlaag teen die weerselemente te beskerm, is dit met 'n kalkmengsel of 'n samestelling van lymerige mis en klewerige vet afgewerk (Lewcock 1963:378). Sommige huise was van binne en buite met 'n mengsel van klei en kalk *gesmeer*. Ook nadat die buite- en binnemure van 'n pioniershuis met klei gepleister is, is dit afgewit (Pretorius 1986:38) en met die afwesigheid van kalk, dus met 'n klei en mismengsel. In die groot plaaswonings van die Boland was die pleistering van die kombuismure dikwels van skulpkalk en sand, maar buite was dit klei (Cook 1973:20).

Volgens die rekords van die Drostyd Museum was daar in die streek basies twee maniere van pleister, naamlik om twee lae pleistering te gebruik of net een laag. Die laasgenoemde metode was meer algemeen (MS DM Cochrane:gd:gp).

Die twee lae pleistering het bestaan uit 'n basis laag van goed gebreide vars mis (van beeste wat in die oop veld loop) en klei, genoem mis-en-kleipleister. Hierdie laag moet rof aangesit wees sodat die volgende laag makliker hieraan kan vassit. Nadat die tweede laag, 'n kalkpleisterlaag, aangewend is, is die muur afgewit. Soms is die muur afgewit sonder

dat 'n laag pleister aangewend is, maar algemeen in gebruik was 'n enkel laag mis-en-kleipleister wat afgewit is (MS DM Cochrane gd:gp).

Sou daar nie voldoende mis vir die mis-en-kleipleister wees nie kan die resep aangepas word. Koringstrooi kan in die plek van mis gebruik word. Die koringstingels word in ongeveer 60 mm stukkies opgesny en in groot hoeveelhede tot die mengsel gevoeg. Die mengsel het bestaan uit een deel los grond, een deel veselagtige mis, en twee dele gewasde sand (medium grein). Die mengsel moet lank genoeg gewerk word om die strooi toe te laat om af te breek sodat die mengsel makliker aangewend kan word. As strooi nie nodig was nie, kon dit uitgelaat word. Na hierdie mengsel word verwys as sandpleister (MS DM Cochrane gd:gp).

Cochrane meld in uitgaande korrespondensie van die Drosty Museum die volgende resep vir ongebluste kalk: ongebluste kalk word met sout en roulynolie gemeng teen 2 kg sout, 1 sak ongebluste kalk (25 kg) en 1 bottel (4 L) roulynolie. Dit word saam met genoeg water in 'n drom gemeng en daagliks vir twee weke lank geroer. Daarna word dit met growwe wit sand gemeng. Cochrane gee dieselfde ongebluste kalkresep waarmee die mure gepleister kan word, met die verskil dat die vloeibaarheid van die mengsel soos dikkerige room moet wees.

Volgens die rekords van die Drostdy Museum beskryf mevrou Kotze in 1994 in korrespondensie hoe haar oupa kleipleister aangemaak het:

Swaar kleigrond en meng dit met droë, fyn beesmis. My oupa het altyd miershoopklei gebruik. Maak 'n slap mengsel met water en brei. Oupa het dit in 'n 44 gelling drom gesit en deur 'n donkie laat brei vir twee of drie dae, tot dit die regte digtheid bereik het. Klein hoeveelhede het hulle met die voete getrap, twee keer daagliks vir 'n week lank. Die hoop klei moet saans toegemaak word en soggens word weer water bygevoeg voor hulle begin brei. Hoe langer die klei gebrei word hoe meer elasties is dit en hoe beter werk dit.

(MS DM Kotze 1994:gp). Die donkie loop in die rondte om 'n drom en trek 'n meganisme wat die klei in die drom brei.

In die boekhouding van die NG Kerk op Swellendam vir die jaar 1840, kan gesien word waarop die fondse spandeer is en gevolglik kan afgelei word watter boumateriaal beskikbaar was en waarvoor dit aangewend is. Aan die uitgawe kant van dié jaar se rekening het die kerk die volgende aan bouaktiwiteite spandeer: vir 6 mud kalk f30, 10 vragte sand f13, 1 kalksif en verf van deure f40, 2 geelhoutplanke f10 en aan die lone vir die afpleister van die gebou f112 (Stopforth 1964:150).

Perde teel was 'n baie groot bedryf in die Swellendam omgewing. Die perd is hoofsaaklik gebruik vir vervoerdoeleindes, en van 1843 tot 1846 is perde gebruik vir die *Royal Mail Coach* (MS DM Tomlinson 1943:28-29). Daar is ook van 1848 tot 1903 jaarliks perderesies gehou. Die perdeboere het hul ook daarop toegelê om perde vir ry en vir die trek van karre en waens te teel. Die boere het ook die perde gebruik om koring mee te trap (MS DM Tomlinson 1943:29). Alhoewel donkies, muile en osse vir die doel aangewend is, bestaan daar 'n moontlikheid dat perde ook is vir die voorbereiding van klei gebruik is.

Waarskynlik as gevolg van die groot perdeplase waarvoor die omgewing rondom Swellendam vroeër bekend was, is daar in die mengsels wat gebruik is vir kleipleisterafwerking nie net beesmis waargeneem nie, maar ook perdemis. Ander mengsels het ingesluit klei en strooi (rog), soos byvoorbeeld vir die binnekant van die stalle by die drosty op Swellendam.

5.6 Afwit en verf

Aan die Kaap is strooiklei- (*cob*) of songedroogte kleisteen- (*adobe*) mure gebou en bedek met 'n dik laag kalkpleister wat verder teen vog beskerm is deur in die lente (net na elke reënseisoen) kalk aan die mure aan te bring (heel slordig). Vanaf 1653 is skulpe vanaf Robbeneiland gehaal om gebrand te word in die kalkoonde aan die Kaap (Gerneke 1992:40). Die drostyd op Swellendam, 'n landmerk in Swellendam, is op hierdie wyse gebou en in stand gehou.

Kalkbrand is 'n bedryf wat deur boere in die streek self bedryf is en is veral opgeteken op die plaas De Hoop met sy kalkbrandery en kalkoond (skulpe), en op Vermaaklikheid waar kalksteen gebrand is vir gebruik in die onmiddellike omgewing en selfs per ossewa sover

as Swellendam en Barrydale versprei is (FJ de Jager 1991:onderhoud). Daar was ook 'n kalkbrandery in Robertson waar kalksteen gebrand is (Walton 1965:29).

Nadat die buite- en binnemure van 'n pioniershuis met klei gepleister is, is dit afgewit. Dit het waarskynlik gou bekend geword as daar geskikte kalk in die omgewing te vinde was. Wanneer kalk nie beskikbaar was nie, is die mure met klei afgewerk (Pretorius 1986:38).

Volgens Cook was die mure van die vroegste wonings gepleister en met witkalk afgewit (1973:20). In buitedistrikte is witklei soms gebruik. Ná ongeveer 1800 is dikwels geel- of rooiklei vir binnemure bo vroeër se wit afwerking verkies. Dié metode is volgens Cook deur die Britte uit Indië ingevoer, waar tempering van die felle lig waarskynlik baie gewens was (1973:20).

Daar was dikwels in die omgewing waar die woning opgerig moes word verskillende kleure klei soos wit, rooibruin en geel beskikbaar. In die omgewing van Swellendam is ligter kleure veral in binneruimtes gebruik, en rooibruin en donkerder kleure is in die kombuis aangetref. Die klei is in water geweek en deeglik geroer, en dit was gewoonlik die vrou wat presies geweet het hoe vloeibaar die mengsel moes wees voor daar begin kon word om die mure met 'n lap of skaapvel te verf.

Die reisiger Latrobe besoek Genadendal in 1815 en 1816 en teken op 'n baie simpatieke wyse in sy reisbeskrywing die mense en lewensomstandighede rondom die sendinggemeenskap aan. Hy beskryf ook die kerkgeboue, wonings en hutte en merk op dat die kerk aan die buitekant geelkleurig afgewit is en aan die binnekant met 'n kalkerige materiaal wat in die omgewing gebruik is. Dit het 'n vreemde helderheid gehad het wat bygedra het tot die atmosfeer van vriendelikheid by die kerk. Hierdie kalk is gekry van 'n plek met die naam *Karts Revier* wat naby die kus geleë was (1969:63-64) en was dus moontlik deur die brand van skulpe verkry.

In die reeds genoemde restourasieverslag van Morgenzon teken Fagan aan dat die balke in een van die kamers met geel kalkklei afgewit is (MS DM Fagan 1984:3).

Dieselfde mevrou Kotze na wie vroeër verwys is, meld verder in korrespondensie hoe 'n mengsel van kalk aangemaak kan word:

2 x 25kg ongebluste kalk

6kg growwe sout

4kg uitgebraaide beesvet

Neem 'n ¾drom water en meng die bestanddele bietjie-vir-bietjie by. Roer tot alles gesmelt is. Gooi na 24 uur deur 'n sif en verdun tot dit die regte dikte is, deur water by te voeg. Die mure moet eers natgespuit word voordat die kalkmengsel aangeverf word.

(MS DM Kotze 1994:gp).

In 1984 het Cochrane nog 'n paar resepte opgeteken:

Vir die aanmaak van afwitkalk:

13kg ongebluste kalk (*unslaked lime*)

1kg harde vet (*tallow*)

1,5kg sout

10L water

Vir spierwit afwitkalk:

30g blousel in 'n aparte houer

Vir die meng van ander kleure:

30g oker

(MS DM Cochrane 1984:gp).

5.7 Dakke

Die dakke in die streek het oor die algemeen bestaan uit kappe met kapsparre en hanebalke wat aan die kappe vasgespyker of met 'n houtpen vasgetap is. Op hierdie raamwerk is die rietdak gedek. Die rietdak aan die Kaap waarvan die bouers van Swellendam en omgewing die navolgers was, moet volgens De Bosdari nie verwar word met die strooidak van Europa nie (1964:20). Die beste riet is vandag verkrygbaar by Albertinia, Riversdal en

Bredasdorp en is dit ook hier waar die vaardighede rondom die dek van 'n dak vandag steeds voortleef.

Baie van die wonings in die streek het saaldakke. Daar is min voorbeelde van skilddakwoningen opgeteken, terwyl wolfsdakke meer algemeen voorgekom het. Omdat baie van die strukture wat ondersoek is bouvalle is, kon daar nie oral met sekerheid vasgestel word hoe die dakkonstruksie gelyk het en watter dakmateriaal gebruik is nie. Dit was ook nie altyd moontlik om binne in al die dakke ondersoek in te stel na die dakkonstruksie nie en daar moes dikwels vanaf 'n leer analyses gemaak word. Platdakke het by uitsondering voorgekom en die enigste platdak plaaswoning wat opgeteken is, is die woning (bouval) op die plaas Tarentaal (c1870) geleë in die Rûens.

5.7.1 Skilddakke

Omdat die skilddak die minste bouwerk vereis kan dit as die eenvoudigste dak beskou word. Die dak word beskryf as 'n skuins driehoekige ent (*hipped end*). Daar is geen gewels aanwesig nie en dit het dieselfde vorm as 'n saaldak, maar waar die sygewels moes wees, word die rietdak skuins gekonstrueer.


In Europa kom hierdie dak algemeen by eenvoudige geboue voor en veral in winderige gebiede omdat dit beter weerstand teen wind het as 'n geweldak. Aan die Kaap is die skilddak minder algemeen gebruik as gewel- of saaldakke, maar is dit getrou aan die Europese tradisie, meestal op eenvoudige geboue toegepas (Labuschagne 1988:241). In die studiegebied het in Swellendam 'n paar skilddakke voorgekom. Daar is nie bestaande plaaswoningen met skilddakke aangetref nie. Die gebou wat rondom 1918 deur die polisie op Stormsvlei gebruik is, het 'n sinkplaat skilddak. Die ouderdom van die gebou kon nie met sekerheid vasgestel word nie, maar dateer vermoedelik uit die laat 19de eeu.

5.7.2 Wolfsdakke

Die wolfsdak word beskryf as 'n saaldak met wolwe-ente en 'n wolwe-ent word deur die woordeboek beskryf as 'n klein driehoekige gewel waarvan die boonste gedeelte ontbreek (HAT 1984:1368). Volgens Franssen en Cook stam die term wolfsdak, wolfent of wolwe-ent uit die Nederlandse woord *welven* en *gewelf*, wat *boog* beteken (1980:27). Labuschagne ontleed die konstruksie verder en verduidelik dat die wolfsdak nie 'n

volledige sygewel het nie en dat die sykant van die dak bestaan uit 'n wolwe-ent, 'n driehoekige dakskild van dekgras wat skuins van die nok af loop en die punt van die sygewel bedek. Die dekgras rus op die sygewel net soos dit aan die voor- en agterkant van die gebou op die muur rus (1988:244).

Die wolfsdak het algemeen voorgekom in Wes-Europa en Brittanje en is veral eie aan die Ijsselstreek in Nederland (Labuschagne 1988:244). Aan die Kaap was dit wyd verspreid (Fransen & Cook 1980:27) en veral kenmerkend van Swellendam en omgewing se wonings. Die drostdy op Swellendam is vir Walton die beste voorbeeld van die volksboukuns van die streek (1965:51). Dit sou dalk meer gepas wees om na die drostdy te verwys as 'n voorbeeld van die amptelike boukuns van die tyd. Die woning op Melkhoutboom (Grootvadersbos c1790) se wolfsdak en grondplan word deur Fransen & Cook voorgedhou as die voorbeeld waarop die drostdy op Swellendam gebaseer is (1980:367). Melkhoutboom het vier kenmerkende wolwe-ente en 'n H-plan (sien figuur 48).



Figuur 48: Melkhoutboom (Grootvadersbos c1790) met kenmerkende wolwe-ente (MS DM Tomlinson 1942 gp)

5.7.3 Dakkonstruksie

Die houtwerk van geboue sluit beide timmerwerk en skrynwerk in. Timmerwerk omvat konstruksiewerk wat permanent mag wees soos dakke, vloere, afskortings en lateie; of dit

kan van 'n tydelike aard wees. Skrynwerk sluit die uitmerk, voorbereiding en maak van houtwerk wat meesal gebruik word vir interne afrondingswerk. Dit behels die maak van deure, kosyne, vensters en hul rame, argitrawe, vloerlyste, trappe, paneelwerk, ensovoorts. Dié werk word merendeels in die werkwinkel verrig.

Die konstruksie van 'n dak is die belangrikste deel van 'n timmerman se werk en so ook vir die pionierbouer. Hout was vroeër die enigste materiaal wat vir die dakkonstruksie gebruik is. Die spanwydtes wat oordek kon word, was kortspanwydtes. Omdat daar vermoedelik nie soveel timmermanne in die pioniertyd in die Overberg was nie, was daar dalk nie die nodige kennis om breër spanwydtes op te rig nie. In die Nederlandse driebeukige struktuur met 'n gebintstelsel, en veral die krukgebintstelsel in Engeland wat deur die Engelse vakmanne vervolmaak is, het goeie vakmanskap dit moontlik gemaak dat spanwydtes vergroot kon word. Die konstruksie van 'n dak hang hoofsaaklik af van die plan en die argitektoniese styl van die gebou, die spanwydte en klimaatsomstandighede, en die bedekking wat gebruik gaan word.

Die staandakkonstruksie bestaan uit 'n reeks dakkappe wat op reëlmatige afstande uit mekaar gespaseer is. Die hanebalk is die eerste strukturele onderdeel van 'n kap wat doelbewus aangebring is om spanning van die kapbene weg te neem (Labuschagne 1988:262). Die term "hanebalk" kom algemeen in Nederland voor en dit staan ook as die *kattebalk* en *spantbalk* bekend (Labuschagne 1988:262) en *sporenhout* (Stichting historisch boerderij-onderzoek, Arnhem 1982:24,29). Die hanebalk is 'n horisontale balk wat ongeveer in die middel (en hoër) van die twee kapbene loop en hulle met mekaar verbind. 'n Konstruksie bestaande uit twee kapbene en 'n hanebalk, staan as 'n sparkap (*couple truss*) bekend. Hierdie kappe word regop gehou deur die daklatte en dakbedekking. Om die sparkap te stabiliseer en die drukking van die kap op die muur te versprei, is die kap dikwels aan 'n muurbalk bevestig, dit wil sê 'n horisontale balk wat aan die bokant van die muur loop en die dakkappe dra. Kappe is soms ook direk in die muur ingemessel (Labuschagne 1988:262-263) (Vermaaklikheid-omgewing, drostdy Swellendam).

'n Ontwikkeling van die sparkap is die sparbindkap (*close couple truss*), waar 'n bindbalk bygevoeg word om die twee onderste punte van die kapbene te verbind. Sparkappe en sparbindkappe het sedert die vroegste tye dwarsoor Wes-Europa en Brittanje voorgekom

en word vandag steeds in tradisionele boukuns aangetref. Soos die kap, het die bindbalk die teenoorgestelde mure aan mekaar verbind. Walton meld dat aan die Kaap die bindbalk, wat van muur tot muur strek, net onder die bokant van die muur geloop het en byna deur die hele breedte van die muur gestrek het. Die onderpunte van die kapbene rus op die punte van die bindbalk en die kap is verder met 'n hanebalk versterk (1986:22).

Alhoewel die resultaat 'n sparbindkap is, is dit gewoonlik nie as 'n volledige kap gekonstrueer en dan in posisie geplaas nie. Die bindbalk is eers ingesit en die dakkap is dan in posisie geplaas. In gevalle waar die sparbindkap volledig op die grond gemaak en dan in posisie geplaas is, gaan die punte van die bindbalk nie deur die breedte van die muur nie. Die bindbalk is net so lank soos die binnebreedte van die vertrek gemaak en met 'n ysterstaaf in die muur verbind wat deur die muur loop en buite met 'n ysterplaat of kruis vasgehou is; 'n metode wat reeds vroeg aan die Kaap gebruik is (Walton 1986:21).

Wat die pionierstrukture betref, is daar min of geen literatuurverwysings na die dakkonstruksies van Swellendam en omgewing se dakke nie. Vir ondersoekdoeleindes is die bestaande rietdakvoorbeelde ondersoek.

Oor die algemeen bestaan die dakke in die studiegebied uit 'n reeks kapbalke van bewerkte vierkantige en onbewerkte balke (gerond) wat aan die toppunt vasgepen is met 'n hout- of ysterpen (spyker) en met die dwarsbalke verbind is. Die sparbindkappe is op hulle beurt weer aan hul ente aan die kapbalke vasgepen. Die sparbindkappe het regdeur die studiegebied voorgekom. Oor die kapbalke is die latte geplaas, waarvan soms die onderstes van dun latte was en die boonstes van riet. Hulle is meestal deur middel van matjiesgoed (Koesanie, Vermaaklikheid-omgewing, Warmwaterberg en Sandrivier) en soms riempies (Vermaaklikheid-omgewing), aan die kapbalke geheg. Die riete is met matjiesgoed (Koesanie, Vermaaklikheid-omgewing, Warmwaterberg en Sandrivier) en soms met riempies aan die latte (Vermaaklikheid-omgewing) vasgewerk.

5.7.4 Dakbedekking

Om dakke te dek met 'n sekere plantmateriaal kom wêreldwyd voor en behels die bedekking van die dakkappe met 'n plantmateriaal wat op verskillende maniere daaraan bevestig kan word. Die eerste wonings aan die Kaap is gedek met biesies of strooi, maar

Kaapse dekriet (waterriet) wat in vleie voorkom, het gou die gewildste dekmateriaal geword (Fransen & Cook 1980:4; Lewcock 1975:506-507). Alhoewel riet die gewildste dekmateriaal aan die Kaap was, is op die platteland, waar dekriet moontlik nie beskikbaar was nie, strooi, matjiesgoed (Melkhoutrivier) en papkuil (Bruintjiesrivier) as dakbedekking gebruik. In Ierland was die gebruik van koring- en rogstrooi gewild (Gailey 1984:95) en rogstrooi is hier ter plaatse byvoorbeeld algemeen in die Noordwes-Kaap gebruik. Rogstrooi is 'n lang, skoon en taai soort strooi wat baie duursaam is (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:54) veral as dit soos vroeër gemeld, versigtig gedors word.

In Europa is die bindmateriaal gewoonlik self vervaardig. Strooitou en later draad was die materiaal waarmee dekgoed in Europa aan die dwarslatte vasgemaak is (Meiron-Jones 1982:63). Volgens Lewcock is daar aan die Kaap riem, teertou of draad gebruik (1975:514-515) en in die Noordweste was riem en later lyn die bindmateriaal (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:54).

Matjiesgoed was in Swellendam en omgewing die algemene bindmateriaal. Omdat nie al die dakke wat dateer uit die 18de eeu en selfs later tans nog die oorspronklike dekmateriaal op het nie, kan daar nie met sekerheid gesê word dat die bas van sekere boomsoorte nie ook meer geredelik as bindmateriaal gebruik is nie. Omdat daar in Swellendam en omgewing veral wat plantnaamgewing betref die Khoikhoi invloed sterk na vore kom, en die voorvoegsel *hotnots* soos byvoorbeeld in die woord *hotnotskooigoed* 'n aanduiding van dié invloed kan wees, was die gebruik van bas aan die beginjare van blanke vestiging dalk meer algemeen in gebruik. Frescura en Walton bevestig dat bastou van inheemse boomsoorte deur die inheemse bevolkingsgroepe vir dekwerk gebruik is (1981:49; 1956:18, 56, 137) van wie dit dus waarskynlik deur die blankes oorgeneem is.

Aan die buitekant van die dak is bo-oor die bondels dekgoed dun deklatte geplaas om die dekgoed stewig vas te hou. Aan die binnekant het die dekgoed op die dwarslatte gerus. Die bindmateriaal is oor die deklat, deur die dekgoed en om die dwarslat gewerk. Vir die dekproses moes daar dus een persoon buite op die dak wees en 'n ander aan die binnekant werk. Soos genoem, is 'n plat houtnaald met 'n oog gewoonlik gebruik. Die persoon op die dak steek die naald met die bindmateriaal bokant 'n dwarslat na binne en die persoon binne steek dit weer aan die onderkant van die dwarslat om die dwarslat na buite. Die

bindmateriaal is gewoonlik twee keer om die deklatte wat buite bo-oor die dekgoed strek, gedraai en om dit stewig vas te maak, geknoop (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:45; Cook 1982:104; FJ de Jager 1991:onderhoud; F Keinhans 1991:onderhoud).

Die buitedekker moes om veilig op die dak te werk vir hom steiers van hout maak waarop hy kon sit. In sommige gevalle kon die steierpaal twee lang penne aan die onderkant gehad het wat in die rietdak ingedruk is. 'n Leer, gewoonlik van bamboes, is op dieselfde wyse op die dak vasgesit om as steier te dien. Die riet word dan van onder na bo en van regs na links laag vir laag gedek (F Kleynhans 1991:onderhoud). Soos wat die dekgoed laag vir laag opgebou is, het die lae mekaar gevolglik oorvleuel sodat die deklatte en bindmateriaal deur die laag dekgoed verbloem is.

'n Dryfspaan is algemeen in Europa en Brittanje gebruik om die onderpunte van die bondels dekgoed oor mekaar te stoot en om sodoende die oppervlakte van die dekwerk gelyk te maak. Hierdie aksie moes plaasvind voordat die dekgoed stewig vasgetrek is. Soos beskryf by die dek van 'n kapstylhuis, was die dekspaan gewoonlik reghoekig met 'n handvatsel. Die handgemaakte, saagvormige (geriffelde) dekspaan word vandag steeds vir die dek van 'n rietdak gebruik.

Die Kaapse dekker het ook die riet of dekmateriaal met 'n dekspaan gelyk gemaak deur met die dekspaan die onderste riete teen die dak op te druk. Dié dekspaan was 'n reghoekige plankie met 'n steel wat aan die onderkant vlak gaatjies het (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:54; Lewcock 1975:514-515; Walton 1952:6). Die dekspaan is ook in die streek die voetspaan genoem; dit was plat met 'n handvatsel en is gebruik om die voet van die dak gelyk te slaan. Saam met die deknaald, dekspaan en dryfspaan is die enigste ander gereedskap wat deur die dekker gebruik is, 'n mes om die tou te sny (FJ de Jager 1991:onderhoud; F Kleynhans 1991:onderhoud).

In die Swellendam-omgewing is die dekspaan met gaatjies, sowel as die spaan waarvan die onderkant geriffel was, gebruik. Dit was gebruiklik om dakke gelyk te dek (sonder lae) (FJ de Jager 1991:onderhoud; F Kleynhans 1991:onderhoud).

‘n Spreilaag, ‘n gladde afrondingslaag bestaande uit dekmateriaal wat onder die dakbedekking teen die dakkappe geplaas is sodat die halms van die dekgoed nie na binne hang nie, is dikwels aangebring. Dié laag is gewoonlik gemaak deurdat handevol dekgoed se onderkante onder die bokant (halms) van ‘n pas gedekte laag ingedruk is sodat geen halms van binne die dak sigbaar is nie (Labuschagne 1988:292). Volgens Labuschagne kon daar nie dokumentasie oor die gebruik van spreilae aan die Kaap gevind word nie (1988:292), maar dit is bekend dat matjiesgoed in die Noordwes-Kaap onder die dekgoed geplaas is om ‘n spreilaag te vorm (Van der Waal-Braaksma & Ferreira 1986:54). Labuschagne het wel spreilae van fluitjiesriet in die Transvaal gevind (1986:293).

In die Swellendam-omgewing is dakke gedek met matjiesgoed, rogkoring, dekriet en papkuil. Oor die algemeen is daar nie met ‘n spreilaag gedek nie (aan die binnekant van die meeste dakke is onnet halms wat uithang), maar daar bestaan wel dakke waar die onderste deklaag uit papkuil bestaan en die boonste deklaag uit dekriet. Daar is ook dakke gevind waar die eerste deklaag uit matjiesgoed bestaan en die boonste laag uit dekriet. Hierdie gebruik kan moontlik toegeskryf word aan die gebruik om bo-oor die bestaande dakmateriaal ‘n nuwe laag op te sit, met die toevoeging van addisionele houtstukke plek-plek. Op dieselfde wyse is ‘n sinkdak ook soms bo-oor die bestaande dak geplaas. Die woning op Bruintjiesrivier (Swellendam) was opgeklei en gedek met papkuil en dekriet (MS DM Van Zyl 1981:gp).

In die geval waar daar ‘n entgewel is, is die dak teen die gewelrand dig gemaak deur ‘n mengsel van klei oor die dekriet en teen die gewelrand te smeer. Dit kan vergelyk word met die soortgelyke afwerking van die nok. Labuschagne meld dat hierdie gebruik ‘n Europese oorsprong het, waar klei by tradisionele strukture nie net langs die gewel nie, maar ook in ‘n strook op die dakrand gesmeer is (Labuschagne 1988:293). Kaapse dakke is ook teen die gewelrand in ‘n strook van ongeveer 300 mm breed met ‘n laag kalk bedek en afgewit (Walton 1952:6), ook ‘n soortgelyke afwerking as die nok.

‘n Rietdak lek die maklikste by die nok, daarom is daar volgens Labuschagne sedert die vroegste tye baie aandag aan die nokafwerking gegee. Die algemene metode is om eers dekgoed in ‘n bondel vas te maak en parallel met die nok bo-op die nok te plaas. Die laaste laag dekgoed word dan van weerskante gelyk met die nok afgesny en bedek dus die rol op

die nok. Hier bo-op word die nokbedekking aangebring (1988:293). Uit die bronne wat die Europese tradisionele boukuns beskryf kan die afleiding gemaak word dat elke bouer 'n eie beste metode, geskool in die tradisionele metode, en gebaseer op plaaslike omstandighede, gehad het, en daarom is dit moeilik om 'n algemene nokafwerking voor te hou.

Die nokke van die Kaapse huise is volgens Lewcock bedek met fyn stukkie steen en gepleister met kalk (1975:514-515). In Swellendam en omgewing is vroeër 'n mengsel van kalk aan die nok gesit, maar tydens hierdie ondersoek is net die hedendaagse mengsels van sement aangeteken. Nokke van sink het ook in die streek voorgekom en word dikwels in die latere geboue aangetref (20ste eeu).

5.8 Gewels

Die debat wat handel oor die ontstaan van die Kaapse gewel het lank gelede reeds begin en daar was oor die jare heelwat spekulasie oor die oorsprong van dié geweltradisie. Soos vroeër gemeld, kan die ontstaan van die boukuns wat in hierdie studie ontleed word nie toegeskryf word aan een besondere invloed nie, maar eerder 'n groot verskeidenheid invloede. Obholzer, Baraitser en Malherbe onderstreep hierdie siening met hul mening dat toe die eerste blankes van oral uit Europa hulle aan die Kaap gevestig het, daar in Europa reeds 'n omvangryke geweltradisie bestaan het. Om hierdie rede kan gewelbou aan die Kaap nie as 'n erfenis uit een land beskou word nie, maar eerder as 'n samestelling van invloede uit Nederland, Duitsland en hul buurlande (Onholzer ea 1985:62).

'n Volwaardige gewelboutradisie het mettertyd aan die Kaap ontwikkel en die voorgewel het groter hoogtes en eenvormigheid van styl bereik as in enige ander plek ter wêreld (Fransen & Cook 1980:247). Die entgewels aan die Kaap was ondergeskik aan die indrukwekkende voorgewel en het in belangrikheid afgeneem namate die voorgewel se gewildheid toegeneem het (Fransen & Cook 1980:16, 21).

Gewels het teen die middel van die 19de eeu hul gewildheid aan die Kaap begin verloor, en is later nie meer gebou nie (Lewcock 1975:511-513), veral toe die gebruik van sink 'n laer dakval meebring het (Fransen & Cook 1980:21).

Die hoogte van die mure en gevolglik die kleiner verhoudings van die muur en die dak, sou in die streek tesame met ekonomiese faktore, nie toelaat dat die voorgewel in die omgewing van Swellendam algemeen voorgekom het nie. Gekoppel aan ekonomiese vooruitgang in die eerste helfte van die 19de eeu is daar enkele bekende voorbeelde opgeteken waar voorgewels as 'n later toevoeging op plaaswonings voorgekom het (Zeekoegat voorgewel c1830). Daar bestaan 'n sterk vermoede dat die eenvoudige wolfneusgewel waarskynlik die voorloper was van die middelgewel.

Die skaal van die plaaswonings waar voorgewels aangebring is, verskil heelwat van die eenvoudiger pionierwoning. Dit blyk byvoorbeeld uit 'n vergelyking tussen die Kliprivier woning van c1830 aan die eenvoudige Klaaskaffersheuwel langhuis wat ook uit c1830 dateer. Dit beklemtoon die verskil tussen 'n pionierstruktuur en die meer formele struktuur. Alhoewel versierde entgewels voorgekom het en opgeteken is, is die meeste entgewels in Swellendam en omgewing hoofsaaklik die eenvoudige skoorsteen- (tuit) en spits- (reglynige) gewels. Regdeur die streek het ook holbol-entgewels voorgekom.

- *Skoorsteenentgewels.* Walton beskryf Rhenosterfontein as 'n tipiese voorbeeld van Swellendam se skoorsteenentgewel met 'n kenmerkende rietdak en solderkamervensters onder die wolfneusgewels (Walton 1965:51). Omdat die term skoorsteen verwarrend kan wees, verkies Labuschagne die verwysing tuitentgewel. By tuitentgewel wonings het die gewel se punt soms een sy van die vuurherd se skoorsteen gevorm of was die skoorsteen daarteen vasgebou. Omdat daar nie altyd 'n skoorsteen teen die gewel gebou is nie, kan hierdie term dus vir Labuschagne verwarring meebring, want skoorstene is ook teen ander tipes gewels gebou (1988:253). Vir hierdie studie word die term skoorsteenentgewel verkies omdat dit die styl van die entgewel beskryf en sou dit nodig wees om na die skoorsteen in die gewel te verwys sal die verskil uitgelig word.

Fransen & Cook verwys na die skoorsteenentgewel as die *early-straight type* en dui aan dat dit van Gotiese oorsprong is. Hierdie was die oudste tipes entgewels wat aan die Kaap voorgekom het en is tot aan die einde van die 18de eeu en in sommige gevalle selfs later daar gebou (1980:16). 'n Paar voorbeelde in Swellendam en

omgewing is Bruintjiesrivier se eerste woning, Swellendam; Appelsbos, Swellendam; en Zanddrift, Bonnievale.

- *Spitsentgewels*. Die gewelspits word beskryf as die vertikale driehoekige ent. Die spitsentgewel, waarna ook verwys word as die reglynige-entgewel, is een van die oudste gewelipes en kom sedert die Middeleeue in dorps huise in Nederland voor (Labuschagne 1988:255). Aan die Kaap was die spitsgewel hoofsaaklik 'n entgewel en volgens Fransen en Cook is hierdie gewel later opgerig as die skoorsteenentgewel of byvoorbeeld die trappiesentgewel en verwys hul na die *late-straight end-gable* (1980:4).

In die studiegebied het die spitsentgewel tot in die 20ste eeu voorgekom (Hermitage huisie). 'n Paar voorbeelde in Swellendam en omgewing is Bruintjiesrivier se tweede woning, Swellendam; Bontebokskloof, Suurbraak; Sandrivier en Diamant, Swellendam.

- *Holbolentgewels*. Die holbolentgewel se oorsprong gaan terug na die versierings wat teen die einde van die 16de eeu tydens die Renaissance in Nederland op gewels aangebring is. Dit is veral die Barok-holbolentgewel wat talle prototipes in Vlaandere, Nederland en Noordwes-Duitsland gehad het, wat tussen 1756 en 1791 hoogty gevier het aan die Kaap (Fransen & Cook 1980:6). Sommige entgewels het lank ná 1800, toe die voorgewel mode reeds verby was, holbol eienskappe vertoon (Fransen & Cook 1980:21). 'n Paar voorbeelde in Swellendam en omgewing is Zeekoegat, Riversdal; Kliprivier, Swellendam; en Doornrivier, Heidelberg.

Die eerste gewels aan die Kaap was volgens Lewcock ongepleister en het waarskynlik almal 'n rollaag gehad (1975:507), dit wil sê 'n laag stene wat dwars op die rand van die gewel gelê is om die steenverband reguit af te rond en die gewel te beskerm (Labuschagne 1988:251). In Swellendam en omgewing was gewels van ongebakte steen en die gewel was gewoonlik dunner as die muur. Daar is geen reëlmatige steengroottes aangeteken nie en die gewels is selde aan die binnekant gepleister.

5.9 Plafonne

Volgens Labuschagne is die plafon in die volksgebou funksioneel en sy tref hier onderskeid tussen die staandak en die platdak. By 'n platdak dra dit die dakbedekking terwyl dit by 'n staandak as soldervloer dien. Labuschagne vind dit moeilik om onderskeid te tref tussen 'n plafon en 'n vloer (van die solderruimte) van 'n staandak. In haar studie oor die blanke volksboukuns van die Transvaal het Labuschagne die plafon beskou as die horisontale oorspanning van die onderste vertrekke van 'n gebou, selfs al dien dit as 'n vloer vir die boonste ruimte (1988:304).

In die resolusies van die Politieke Raad meld Van Riebeeck dat die stalle wat vir die skape, trekbeeste en ander vee gebruik is, koringsolders gehad het (Boësen 1957:180). Cook bevestig dat in die solder, dit wil sê die ruimte onder die dak bokant die brandsolder, die jaar se voorraad droë kos soos uie, droë bone, rys; vrugte soos appels, mispels in strooi, kwepers, granate en kalbaspere; koffie; sakke koring en nog meer gebêre is (1973:20).

Hierdie gebruik is ook in die Swellendam distrik toegepas. Waar nie stalle teenwoordig was nie of waar dit onvoldoende was, het die woonhuis se solder gedien as stoorryimte vir koring en ook strooi (Uitvlugt, Rûens).

In die studiegebied het heelwat solders voorgekom wat as stoor- en/of slaapruimtes gebruik is. Dit is hierom gemakliker om na die plafon in Swellendam en omgewing te verwys as 'n vloer. Die meeste wonings het solders gehad en sou daar nie 'n plafon in een van die vertrekke wees nie, was dit gewoonlik bokant die kombuis (Doornboom c1750). Cook het waargeneem dat indien die soldertrap binne-in die huis was, dit uit die kombuis teen die binnemuur geloop het. Die opening na die solder is oop gelaat of van 'n luik voorsien (1973:12). 'n Kombinasie van plafonne het ook voorgekom, byvoorbeeld op Sandrivier, Barrydale, waar die kombuis 'n rietplafon en die ander vertrekke plankplafonne het. Plankplafonne, meestal geelhout, het regdeur die gebied voorgekom.

In die omgewing van Swellendam is die kombuisplafon dikwels afgeskeep in vergelyking met die plafonne van die ander vertrekke van die woning. Cook bevestig dat die kombuisplafon dikwels eenvoudiger en minder fyn afgewerk as die plafonne van die res

van die huis was (1973:12). Balke in die kombuis kon gedissel in plaas van geskaaf wees en sparretjies- en rietsolders kom ook voor. Balke kon ook gerond en onbewerk wees.

5.9.1 Plafonloos

Gebaseer op Labuschagne se waarnemings oor die blanke volksboukuns in die Transvaal, bestaan daar 'n sterk vermoede dat die eerste twee- en drievtrek huisies wat in die 18de eeu in die studiegebied gebou is, plafonloos was. As gevolg van 'n gebrek aan bestaande strukture is daar geen voorbeeld hiervan opgeteken nie. Sou 'n mens Walton se mening huldig dat die boukuns wat op die sendingstasies in die studiegebied soos byvoorbeeld Genadendal, Elim en Suurbraak gevind word, hul ontstaan waarskynlik herlei kan word na die blanke vestiging in die streek, is daar heelwat voorbeelde van plafonlose wonings in die streek (1995:74-87, 100-103).

Die dakkappe en -balke van pionierswoningen was oor die algemeen rond, dit wil sê ongesaag. By uitsondering is die bas van die kappe en balke verwyder om moontlik weens die afwesigheid van 'n plafon "skoon" te vertoon. Verskeie reisigers maak melding van allerlei huishoudelike artikels wat aan dié balke gehang het, soos velle, biltong en mielies. Swepe en planke is ook op die balke gebêre.

Waar daar geen plafon was nie, het planke wat op die dakbalke geplaas is dikwels as rakke gedien. Moodie meld dat sou 'n reisiger in 'n boer se huis na die dak opkyk, hy waarskynlik op die balke 'n doodskis sal sien rus (1835:154-155). Burchell bevestig dat allerlei huishoudelike artikels van die dakbalke afgehang het (1953:140). Die feit dat daar artikels van die dakbalke gehang kon word, is dus 'n aanduiding dat die wonings meestal plafonloos was.

5.9.2 Sparretjieplafonne

In sy studie van die solders in 'n sekere streek in Frankryk beskryf Marion-Jones 'n tipiese voorbeeld van 'n sparretjiesolder. Die bindbalke dra naby mekaar gespasioerde okkerneutlatte waarop 'n laag gestampte grond gelê is (1973:4).

Aan die Kaap het hierdie plafon ook as soldervloer voorgekom. Volgens Fransen & Cook het sparretjiesolders aan die Kaap in die gebied oos van Houwhoek voorgekom, alhoewel

'n voorbeeld in Constantia gevind is (1980:31). Veral in die omgewing van Swellendam was die kenmerkende sparretjiesplafonne (lang ronde latte) algemeen in gebruik. Dwarsoor die bindbalke is sparre van keurboom, boekenhout, geelhout of enige ander hout van sowat 40 tot 50 mm in deursnee gelê. Die bas is gewoonlik afgestroop en die sparre dig teen mekaar op die balke gelê, met 'n kleilaag bo-op. Enige dun, reguit latte kon hiervoor gebruik word. Die sparre is net soos die riete dwars bo-oor die bindbalke gelê en daaraan vasgespyker. Die plafon is gewoonlik aan die onderkant gewitwas en was heelwat sterker as 'n rietplafon.

Die plafon van die ou tronk van die drostdy op Swellendam bestaan uit keurboom- en boekenhoutsparre. Die oudste sparre is keurboom. Die konstruksie is opgerig op dieselfde beginsel as 'n rietsolder, met dun ontbaste jong boompies 40 tot 50 mm in deursnee, in die plek van riete.

5.9.3 Rietplafonne

Rietplafonne was algemeen by die vroegste huise aan die Kaap en volgens Pretorius het dit veral in die meer gevestigde streke voorgekom (1986:41).

Oor die bindbalke is dik riete dwars gelê, verkieslik spaansriet. Om die riete gelyk te hou, is dwarsriete of *lopers* tussen en parallel met die bindbalke gelê en met dun riempies of matjiesgoed aan die riete vasgemaak. In woonkamers is die dwarslatte volgens Fransen en Cook aan die bokant aangebring en die bindmateriaal afgesny sodra die riete droog is (1980:30). By buitegeboue kon die dwarslatte en bindmateriaal aangelos word. By dunner riet soos vleiriet is soms twee loopriete tussen elke paar balke geplaas. Die plafon is aan die onderkant gepoleer of vernis. Oor die rietlaag is 'n laag getrapte klei gesmeer, so dik as wat die plafon kon dra. Hierdie plafon het as soldervloer gediens en as die brandsolder bekend geword (Fransen & Cook 1980:30; Walton 1952:6, 1961:12). Omdat dié solder die ruimtes daaronder sou afsluit in die geval van 'n brand, het die term brandsolder ontstaan. Volgens Lewcock was die ontwikkelde brandsolder aan die Kaap gewoonlik ten minste 300 mm in dikte en gedra deur dik balke wat na aan mekaar gespasiëer is (1963:383).

In Swellendam en omgewing verskil die rietplafonne nie van die Kaapse voorbeelde nie en is daar net enkele variasies opgeteken. Riete is dig langs mekaar dwarsoor die bindbalke

gelê. Die riete word vasgemaak aan 'n loopriet wat aan die onderkant van die plafon in dieselfde rigting as die bindbalke (dus in die teenoorgestelde rigting as die riete) geplaas word. Bindmateriaal (matjiesgoed) word onder om die loopriet tussen elke balk geplaas.

Om die rietplafon stofdig te maak, die huis te isoleer, om brandgevaar te bekamp en om as stoorruimte te kon benut, is gewoonlik 'n laag klei op die riete gelê. Soms is die klei direk op die riete gesit, maar soms is ook eers 'n laag dekriet of sak bo-op die riete gelê met 'n lagie klei heel bo. Die kleilaag was nooit meer as ongeveer 20 mm dik nie. Soms is bo-op die dekriet of sak nog 'n dun kleilagie gelê en hier bo-op 'n ongebakke steenlaag met 'n lagie klei bo-op die steenlaag. Sodoende kon 'n mens waarskynlik met groter veiligheid op die soldervloer loop (Bo-Kleinrooivlakte en Sandrivier, Barrydale; Koesanie, Swellendam).

5.9.4 Houtplafonne

In Europa en Brittanje het plafonne van plank wat oor die bindbalke gelê is algemeen voorgekom veral in die huise van meer gegoede bewoners. Sou hout beskikbaar wees, was so 'n plafon eenvoudig om te maak en was die plafon dig en duursaam (Labuchagne 1988:312). Die Kaapse wonings het oor die algemeen plankplafonne gehad en dit is juis vandag een van die kenmerkende eienskappe van die Kaapse huise. In Swellendam en omgewing was breë geelhout plankvloere ook gewild en uiters geskik as soldervloere. 'n Luik is dikwels in die plankvloere gemaak en is daar voorbeelde aangeteken waar toegang tot die solder van binne die huis meestal deur die kombuis met die hulp van 'n trap verkry is. 'n Bamboesleer het soms ook hierdie doel gedien (FJ de Jager 1991:onderhoud).

Houtplafonne bestaande uit breë geelhoutplanke het gerus op grof afgewerkte (dissel- of treksaagmerke) geelhoutbindbalke waar die geelhoutplanke gewissel het van ongeveer 300 tot 350 mm in breedte (Doornboom, Heidelberg; Appelsbos, Voorhuis, en Diamant, Swellendam). Die planke was gewoonlik growwer aan die bokant. Geprofileerde geelhoutbindbalke is aangetref veral waar die woning later (19de eeu) vergroot is (Kliprivier, Die Glen en Appelsbos (c1780), Swellendam). Die planke, wat in die teenoorgestelde rigting as die bindbalke loop, is met handgesmede spykers aan die bokant van die bindbalke vasgeslaan.

Fagan teken in sy genoemde restourasieverslag aan dat die balke en plafonne van Morgenzon (Sekretaris se huis) regdeur van geelhout was. Hierdie is waarskynlik in 1825 deur H Schutte se broer Nicolaas saam met die toevoeging van geelhoutvloere gedoen (MS DM Fagan 1984:5,9).

In die omgewing van Swellendam is houtplafonne gewoonlik met olie behandel en het die invoer van Oregonen aan die einde van die 19de eeu in gewildheid toegeneem en so die gebruik van geelhout verminder.

5.9.5 Materiaalplafonne

Aan die Kaap by eenvoudige plattelandse wonings het plafonne van matwerk, linne of seil voorgekom (Lewcock 1975:515).

Pretorius ondersoek die gebruik van doekplafonne en meld dat vanaf die 1870's verskeie besoekers aan die Transvaal die voorkoms van doekplafonne opteken. Doekplafonne was waarskynlik van ongebleikte katoen, ook beskryf as *calico*, wat in die pioniersjare algemeen by smouse en handelaars te koop was. Volgens Labuschagne was 'n doekplafon 'n maklike tipe plafon om te maak, met die enigste nadeel dat die materiaal aangekoop moes word. Materiaal soos linne, katoen, seil en sak is gebruik (1988:311).

Die enigste oorblyfsels van 'n doekplafon in Swellendam en omgewing is opgeteken in die oudste gedeelte van die huidige woning op die plaas Diamant. In die oorspronklike tweevertrek plaashuisie wat nou deel uitmaak van die nuwe woning, is oorblyfsels van 'n doekplafon in die woonvertrek aangetref. Die tekstiel is met handgemaakte spykertjies aan die bokant van die bindbalke vasgespyker. Daar was ongelukkig te min bewyse om te kon vasstel waarvan die doekplafon gemaak is.

5.10 Vloere

Die eerste blankes aan die Kaap het kennis van Europese vloere gehad, en het hier te lande ook kennis gemaak met die vloere van die plaaslike bevolkingsgroepe. Die eerste vloere aan die Kaap was dus geskoei op die Europese tradisies. Die vloere was gemaak van stene, Bataafse teëls, klip van Robbeneiland, planke en klei (Fransen & Cook 1980:28, 31-32;

Lewcock 1957:509). Soos die ander elemente van die boukuns, sou die Europese kleivloer hier op die nuwe bodem sekere veranderinge ondergaan.

Omdat teëls nie in Swellendam en omgewing beskikbaar was nie, het geen vloere van teëls voorgekom nie. Die enigste vloer wat gemeld kan word, is die nagmaakte kalk en sand “teëlvloer” in die sitkamer van die drostdy op Swellendam. Vir die eerste bouers kon selfs die maak van stene en die kap van klip te veel moeite wees om aan die woning te spandeer. Klei was dus ‘n voldoende vloer. Houtvloere het later hoofsaaklik in dorps huise voorgekom en in sekere meer gevestigde boere se plaaswonings (net in sekere vertrekke soos in die voorhuis), maar selfs die mees gegoede eienaars se plaaswonings, gebou in die tradisionele boustyl, het kleivloere gehad. In die omgewing van Swellendam is daar enkele uitsonderings van plaaswonings wat nie eers kleivloere gehad het voordat dit later houtvloere gekry het nie (Kliprivier, Swellendam).

Rademeyer-De Kock, wat ‘n studie gedoen het oor die historiese nedersettingspatrone in die Westelike Overberg, teken aan dat sommige wonings ook vloere van kleistene gehad het (1993:184). In sy bevindinge met die restourasie van die sekretaris van die landdros se huis op Swellendam (Morgenzon), teken Fagan aan van watter materiaal die vloere van die buitegeboue vroeër gemaak was. Hy meld dat hy verskeie vloerafwerkings gekry het wat insluit, modder, miershoopgrond en selfs kalk (MS DM Fagan 1984:9).

5. 10.1 Grondvloere

Terwyl grondvloere ‘n baie lang Europese geskiedenis het, is dit ook eie aan die inheemse bevolkingsgroepe van Suidelike Afrika. Die hutte van die nomadiese inheemse Khoikhoi stamme het vloere van grond gehad. Dit is dus nie verbasend dat grondvloere by Kaapse huise algemeen voorgekom het nie en veral in eenvoudiger strukture (Walton 1952:6). Aan die Kaap het die lê van ‘n grondvloer kundigheid en ervaring vereis (Cook 1973:20).

Veral die gebruik van miershoopgrond kan ‘n metode wees wat van die inheemse bevolking verkry is (Labuschagne 1988:322). Sodra die mure dus van buite en binne afgewerk is, is die vloer ingesit. Die vloere het meestal bestaan uit goed vasgestampte miershoopgrond wat moontlik wekeliks met ‘n beesmismengsel in stand gehou is. Die beesmis is met water aangemaak en met die hand, ‘n lap of besem aan die vloer gesmeer.

Vir die insit van sommige grondvloere word die bodem ongeveer 25 mm uitgekap en dan word 'n laag klippe, gewoonlik omtrent 150 mm in deursnee, gelyk en vas daarop gelê. Die vloer word nou opgevul met verskeie lae klei-agtige grond. Elke laag word natgemaak, goed vasgestamp en toegelaat om droog te word voor die volgende laag gelê word. Die sukses van die vloer hang af van die tydsame en nougesette bewerking van elke laag, as dit nie deeglik vasgestamp word nie, bars die vloer later. Vir die boonste laag of lae is miershoop die beste. Waar die natuurlike bodem onder die huis te sanderig is, moet kleierige grond vir die vloer aangery word; daarenteen is skoon potklei ook nie geskik nie, maar moet dit met sand gemeng word (MS DM Cook gd:gp).

5. 10.2 Misvloere

Die kleivloer is dikwels verder behandel of afgewerk om dit harder en minder stowwerig te maak. Oor die algemeen is die misvloer dus 'n grondvloer wat met 'n lagie mis bedek is en waarin patrone gemaak kon word. Die misvloer is volgens Obholzer en andere, aan die Kaap van die inheemse bevolkingsgroepe oorgeneem of toon moontlik Oosterse invloed omdat die Singalese plattelanders dieselfde beesmismengsel op hul vloere smeer (1985:60). Die oorsprong van die misafwerking het dus nie 'n eenvoudige antwoord nie.

Volgens Walton is van die vloere van vroeë Kaapse wonings gereeld met beesmis gesmeer (1952:6). Fransen & Cook meld dat dié mis, buiten dat dit in sommige dele van die land met water gemeng is, ook met beesbloed aangemaak is. Die mengsel is gereeld aangesmeer en patrone, gewoonlik tradisionele blompatrone, is met die hand of besem in die mislagie gevorm (Cook 1973:20). Dit is opvallend vir Pretorius dat reisigers deur die bank van die misvloere melding gemaak het (1986:39).

Cook beskryf verder hoe 'n misvloer behandel is. Nadat die grondvloer afgewerk is en heeltemal droog was, word die vloer gesmeer met vars beesmis wat verdun is tot die tekstuur van room. Met alle klonte uitgevryf, gewoonlik met 'n lap of 'n stuk ou sak, word die mis op die vloer gesmeer. Voordat geweefde stof algemeen beskikbaar was, is waarskynlik 'n sagte velletjie gebruik, of selfs 'n fyn grasbossie. Dié mengsel is in ingewikkelde en dikwels sierlike blompatrone met wye swaaie van die smeerder se arm aangebring, en dit moes eers goed afdroog voor daarop geloop kon word. Vloere is nie op

gesette tye gesmeer nie, maar wanneer dit nodig was. Die smeer van vloere het 'n praktiese doel gedien. 'n Kaal grondvloer word baie gou stofgetrap, en die lymerigheid in die beesmis vorm 'n beskermende deklaag teen slytasie sowel as stof, veral by drumpels en voor die vuurherd (MS DM Cook gd:gp).

5. 10.3 Pitvloere


Geelperskebome is in die 17de eeu deur die eerste koloniste ingevoer en pitte was dus vroeg reeds beskikbaar (Cook 1973:20). Kaapse kleivloere is soms meer duursaam gemaak deur perskepitte naby aan mekaar in die modder te druk. Soos die pitte gelyk met die vloer afgetrap het, het die voorkoms verbeter en wanneer dit gepoleer is, het dit tot die afronding van die vertrek bygedra. Volgens Cook het die perskepitvloer 'n leeftyd van sowat dertig jaar (1973:20).

Walton meld in 1952 dat daar voorbeelde van dié vloere veral in kombuise voorgekom het (1952:6). Voorbeelde van perskepitvloere het in die omgewing van Swellendam en Vermaaklikheid tot in die laat 20ste eeu voorgekom (Bruintjiesrivier, Swellendam en Vermaaklikheid).

'n Mengsel van klei en mis word gemeng in 'n verhouding van ongeveer 2:1. Die mengsel word gemeng totdat die moontlikheid van bars uitgesluit is. 'n Laag word op die vloer met 'n messelaar se strykplank aangebring waarin perskepitte tot ongeveer die helfte van hul wydte in die mengsel ingelê word. Die pitte moet verkieslik in rye gelê word en nie ongeorden nie. Lae mis met die digtheid van room, word tussen die pitte as gidspleister aangebring. Na ongeveer ses maande word 'n laag aalwynsap oor die vloer aangebring (MS DM Cook gd:gp).

As kurator van die Drostdy Museum teken Cook in 1975 'n tweede metode aan. Sy noem dat dié tradisionele vloer gelê is op 'n basis van grond wat gestamp, geweek, getrap, opgestapel en vir 'n dag of twee gelaat is die hele proses is weer herhaal is totdat die klei gommerig is. Cook is van mening dat die kuns om met klei te kan werk 'n verlore tegniek is. Die laag waarin die pitte gelê word is na regte nie klei nie, maar bestaan uit gestampde en nat gemaakte miershoopgrond wat oor en oor gewerk is totdat dit elasties is.

Nie enige miershoop grond is vir dié vloer geskik nie, maar slegs *groen* miershoop (die grond van 'n aktiewe miershoop). 'n Laag van die miershoopgrond (ongeveer 50 mm dik) word eweredig strook-vir-strook versprei. Hierin word die perskepitte diep genoeg en in naby mekaar rye baie liggies gedruk. Om 'n gelyke vloeroppervlakte te kry is 'n plank oor die rye ferm neergedruk en is die perskepitte tot dieselfde diepte versink. Die pitte moet tot ongeveer in die middel van hulle dikte versink word, op hulle plat kante lê en verkieslik nie aan mekaar raak nie (sien figuur 49).



Figuur 49: *Illustrasie van hoe perskepitte afwisselend gelê word*

Omdat die insit van 'n perskepitvloer 'n groot werk was, is die voorhuis meestal uitgekies om op dié manier te versier (F Kleynhans 1991:onderhoud). Perskepitvloere het ook in kombuise voorgekom.

In Europa kom baie mooi keivloere (ronde spoelklip) voor. In die Lae Lande is die ronde spoelklippies in patrone in die kleivloer ingedruk. Keivloere kom ook in Brittanje voor en is daar sedert die Romeinse besetting gemaak (Labuschagne 1988:335). Labuschagne vergelyk die pitvloere aan die Kaap met die keivloere van die Europese wonings (1988:335) en noem dat die ooreenkomste opmerklik is.

Wat die vloere van stalle en waenhuse betref, is die algemene gebruik in die streek om ronde rivierspoelklippies (*keie*) in 'n goed gebreide kleimengsel, amper op dieselfde wyse as vir 'n perskepitvloer, in te lê (Voorhuis, Die Glen, Klaaskaffersheuwel en Koesanie) (sien figuur 50).



Figuur 50: Voorhuis (Swellendam) se waenhuisvloer met rivierspoelklippies in kleimengsel ingelê (keivloer) (VM DM OS gd)

5.10.4 Houtvloere

In Europa word die plankvloer aan 'n meer gegoede klas verbind. Plankvloere kom ook in die beter tipe huise aan die Kaap voor (Obholzer ea 1985:60) en in die 18de eeu was die gebruik van houtvloere en houtplafonne van geelhoutplanke algemeen (Obholzer ea 1985:196). Te oordeel na die tekort aan hout in Swellendam en omgewing is dit moontlik dat die meeste volksbouers nie die luukse van 'n plankvloer gehad het nie. Die meeste wonings het heelwat later plankvloere gekry en Oregonen is eers in die laat 19de eeu ingevoer. Veral in dorpe was plankvloere meer algemeen.

Oor die algemeen word plaaswoningen wat in onbruik raak se houtafwerking verwyder. Die waarde van geelhout en Oregonen het hierdie proses versnel. Dit het 'n negatiewe impak op die studiemateriaal gehad. As gevolg van sloping is die meeste wonings se geelhoutplankvloere verwyder en kon daar nie met sekerheid vasgestel word watter van die ou plaaswoningen plankvloere gehad het nie. Dit kan met redelike sekerheid beweer word dat die meeste wonings in die studiegebied keivloere gehad het wat moontlik later met geelhoutplanke bedek is en toe Oregonen beskikbaar geraak het, het houtvloere meer algemeen voorgekom.

5.11 Openinge

Die openinge wat by tradisionele boukuns voorkom, het verskillende funksies. Die belangrikste opening is die deuropening waardeur toegang tot die woning en die verskillende ruimtes verkry kan word. Vensteropening se funksie is om lig en lug in te laat. Binne die woning kan ander openinge soos muurkaste, soldervloeropening, vuurherde en kaggels voorkom. Vir die bouer met sy beperkte gereedskap en boumateriaal wat uit die omgewing kom, moes enige opening 'n bedreiging vir die muurkonstruksie se sterkte ingehou het.

Volgens Labuschagne bestaan daar in die volksboukuns 'n vaste patroon vir die plasing van hoofopening, naamlik die deure en vensters. Die plasing van die buitedeur, die belangrikste opening omdat dit toegang tot die woning verleen, het die plasing van die vensters beïnvloed (Labuschagne 1988:401). Alhoewel nie al die wonings in die studiegebied 'n toonbeeld van simmetrie is nie, is simmetrie volgens Labuschagne 'n inherente eienskap van die volksboukuns en 'n belangrike element in die Kaapse woning (1988:401). Dit beïnvloed ook die plasing van die openinge in die fasade, soos byvoorbeeld die voordeur in die middel met die vensters dieselfde afstande aan weerskante daarvan (Obholzer ea 1985:55).

In Swellendam en omgewing is ook aandag gegee aan veral die simmetrie van die fasade. Soos deur Labuschagne in die voormalige Transvaal opgeteken (1988:402), is die deur en vensters gewoonlik met hul bokante op een lyn geplaas en eweredig gespaseer (Westfield en Grootvadersbos, Heidelberg; Doornkraal, Riversdal). Voorbeelde van vensters wat nie in lyn is nie het ook voorgekom (Bontebokskloof, Bruintjiesrivier en Koesanie, Swellendam; Zanddrift, Bonnievale; Sandrivier, Barrydale). Afwykings in die basiese beginsels van simmetrie het gewoonlik aangedui dat die woning na die sykante vergroot is (Bruintjiesrivier, Swellendam; Zanddrift, Bonnievale) of dat die deure en vensters se funksies verander het (Zeekoegat, Riversdal), of dat venster- en deuropeninge vergroot en/of verklein is (Bruintjiesrivier en Koesanie, Swellendam).

By die meer goeie tipe huis het die patroon van 'n deur in die middel met een of twee vensters aan weerskante oor die algemeen voorgekom (Doornkraal en Zeekoegat,

Riversdal). By kleiner drievtrek wonings was die voordeur ook in die middel, met gewoonlik net een vensteropening aan elke kant (Appelsbos en Uitvlugt, Swellendam; Klaaskaffersheuwel, Rûens).

Omdat die meeste wonings in die studiegebied T-plan wonings is, is daar aan die agterkant van die wonings nie sprake van simmetrie nie. By langhuistipes was daar altyd 'n agterdeur op die punt waar die kombuis was, met soms geen, een of twee vensters in die agtermuur. Hiernaas was gewoonlik die staldeuropening of die waenhuisoning (Bo-Kleinrooivlakte).

Langs die Breederivier is 'n woning en buitegebou opgeteken waar die venster- en deuropeninge bo geboog is (Melkhoutbosch laat 18de eeu en Voorhuis se buitegebou, Swellendam) (sien figuur 51). Daar is ook twee nisse (muurkaste) elk met dieselfde Gotiese spitsvorm opgeteken (Nooitgedacht vroeg 19de eeu).



Figuur 51: Vensterkonstruksie Melkhoutbos (VB EB 1992)

Moontlik as gevolg van 'n algemene tekort aan timmermanne moes wamakers van die omgewing soms die deure en vensters van geboue vervaardig (Labuschagne 1988:403) en moes die volksbouer dus dikwels self die houtwerk in 'n pionierwoning behartig. Om hierdie rede is daar vir Labuschagne 'n duidelike verskil tussen die eenvoudige openinge

van die kleiner, primitiewe huise en die afwerking van die openinge van deftiger wonings (1988:403). Dié verskille is in die Swellendam en omgewing ook opgemerk.

5.11.1 Deuropeninge

Die deuropening gee toegang tot 'n gebou, woning of beskutting. Soos genoem is die deuropening dus die belangrikste opening in 'n bouwerk en is gewoonlik reghoekig. Volgens Brunskill is daar in volksgeboue 'n verband tussen die grootte van deuropeninge en die grootte van die mens. Oor die algemeen varieer die grootte en vorm van 'n deur nie baie nie (1987:125). Die vroeë Engelse houtdeure was van swaar planke wat aan die agterkant geklamp was en sonder 'n deurraam in die opening gehang is. Die deurkonstruksie het later ligter geword en die deur is aan 'n raam gehang (Brunskill 1987:125).

Volgens Labuschagne word houtdeure dikwels van 'n aantal vertikale planke wat aan mekaar bevestig is, gemaak. Daar bestaan twee tipes plankdeure (*batten doors*), naamlik ongeraam en geraam. Albei die tipes kan 'n enkele deur of 'n bo-en-onderdeur wees. Die eenvoudige ongeraamde deur is die geklampte deur (*ledged door*), gemaak van 'n aantal vertikale planke wat aan die agterkant deur twee of drie horisontale planke, ook genoem klampe, vasgehou word. Verwant hieraan is die geklampte en verspande deur (*ledged and braced door*) wat twee skuins spanstukke tussen die horisontale klampe het ('n deur wat agter soos 'n Z lyk). Die geraamde plankdeur is 'n stewiger deur omdat dit 'n stewige raam rondom die deur het. Die geraamde plankdeur kan 'n geraamde en geklampte deur (*framed and ledged*) wees wat bestaan uit 'n bo-reling, slotreling en onderreling net soos die geklampte deur, maar hierdie relings voeg in 'n slagstyl aan die slotkant en 'n skarnierstyl aan die kant waar die deur hang, om 'n stewige raam te vorm (Labuschagne 1988:406-407).

Soos in Europa is die paneeldeur in die deftiger woning aan die Kaap aangetref terwyl die plankdeur deur die volksbouer gebruik is. Plankdeure het hoofsaaklik op die platteland en as kombuisdeur voortbestaan terwyl binnedeure paneeldeure was (Fransen & Cook 1980:23-24, 26).

Aan die Kaap het paneeldeure wat in die 17de eeu in Europa gewild geword het, voorgekom as bo-en-onderdeure en veral as binnedeure (Labuschagne 1988:413). Binnedeure was volgens Fransen en Cook in die 18de-eeuse Kaapse huis byna altyd enkelpaneeldeure met kussingpaneel van geelhout en rame van djati of stinkhout (1980:26). Dié paneel kon plat kussingpaneel of verhewe kussingpaneel wees. Die paneel is 'n dun plank binne 'n swaarder raam (Fransen & Cook 1980:29). In die studiegebied het kussingpaneel veral by die formele wonings voorgekom, maar ook enkeles by eenvoudige wonings sonder voorgewels (Appelsbos, Swellendam). Die bo-en-onderdeur was in Swellendam en omgewing ook gewild as voordeur. Dit het in paneel- sowel as plankvorm voorgekom (Obholzer ea 1985:52). Die deure was van breë planke wat deur twee of drie horisontale klampe met handgemaakte spykers geheg is of 'n omraamde paneel bo-en-onderdeur.

Wat die eenvoudiger informele binnedeure betref, was hulle nie oral aanwesig nie en was die buitedeur belangriker. In die pionierswoning is selde binnedeure aangetref. Daar het gewoonlik 'n gordyn in die deuropeninge gehang. In die studiegebied word dit bevestig deur die afwesigheid van kosyne en in die plek daarvan eenvoudige sparretjies lateie bo deuropeninge aangebring (Vermaaklikheid-omgewing, Tarentaal en Tarentaalsrivier, Rûens).

'n Latei is die drabalk bo 'n venster of deur. Waar die Europese buitedeuropeninge gewoonlik aan die bokant gerond was, was hulle volgens Obholzer en ander aan die Kaap plat met hout- of kliplateie bo-oor, waarskynlik omdat goeie stene om 'n boog te bou nie beskikbaar was nie (1985:52). Soos vroeër gemeld, het die woning en buitegebou wat opgeteken is op Melkhoutbosch se voordeur- en vensteropeninge die genoemde ronding bo. Die openinge vergelyk met die venster en deuropeninge van die Oefeningshuis op Swellendam. Die konstruksiemetode vorm boë van ongebakte steen met leiklip wiggies tussenin.

'n Kosyn is 'n raamwerk bestaande uit twee style met 'n bo- en onderdrempe, waarin 'n deur of venster vasgesit word (HAT 1984:611). Dokumentasie oor die Kaapse deurkosyn is baie skaars, maar uit illustrasies kan afgelei word dat die deurposte met 'n pen-en-gatvoeg in die deurkosynkop geheg is (Obholzer ea 1985:119, 131). In Swellendam en

omgewing is hierdie waarneming bevestig (Voorhuis, Swellendam; Appelsbos, Swellendam, Zanddrift, Swellendam). Aan die Kaap het houtargitrawe net by die voordeure van die deftigste 18de-eeuse huise voorgekom (Obholzer ea 1985:162), maar was algemeen by binnedeure (Obholzer ea 1985:66).

Die deurkosyne in Swellendam en omgewing was oor die algemeen eenvoudig en geprofileerde voorbeelde het selfs in eenvoudige strukture voorgekom (Appelsbos, Swellendam).

5.11.2 Vensters

Naas die deur is die venster die belangrikste opening in die huis. Die eenvoudige huis het soms net 'n vierkantige gat vir 'n vensteropening gehad en die eerste huisies op Genadendal het geen vensters gehad nie. Die vensters van deftiger en meer formele huise het meer aandag geniet en vensters was feitlik deurgaans van geelhout, en so ook vensterbanke. Net soos deurkosyne, is vensterkosyne ook gelyk met die buite-oppervlak van die muur ingesit.

5.11.2.1 Primitiewe vensters

Tydens sy reis deur die Roggeveld het Burchell gevind dat in die huisie van veldkornet Snyman daar net een klein venstertjie was wat bedek was met 'n raam bespan met wit doek (1953:169).

Europese vensteropeninge is voor die gebruik van glas dikwels van 'n houtkosyn voorsien waarin vertikale tussenstyle van hout voorkom. Die style was gewoonlik vierkantig, maar is diamantvormig in die vensterbank en latei geplaas (Labuschagne 1988:422). In Swellendam en omgewing is hierdie gebruik regdeur in stalle en buitegeboue toegepas, maar hulle is dun reghoekige style wat nie diamantvormig in die vensterbank en latei geplaas is nie. Vensteropeninge is dikwels net 'n vierkant in die muur.

By eenvoudige wonings is daar nie onnodige aandag aan vensteropeninge gegee nie en veral in opgekleide mure is vensteropeninge gelaat met geen latei nie en is eenvoudige vensterkosyne net so in die openinge geplaas. Wat die vensteropeninge van die buitegeboue in die streek betref, het hulle die minimum aandag gekry.



Figuur 52: Suurbraak-huisie met geen vensteropening nie (VB DM OS gd)

5.11.2.2 Vensterkosyne

Die vorm van die kosyn bepaal die vorm van die venster. Aan die Kaap was vensterkosyne van wonings altyd van hout gemaak en was die reghoekige vorm gebruiklik (Labuschagne 1988:437). Ongelukkig is daar nie detaïldokumentasie oor die vervaardiging van vensterkosyne aan die Kaap beskikbaar nie (Labuschagne 1988:437) en is professor GE Pearse se boek wat die 18de-eeuse formele argitektuur in Suid-Afrika opteken een van die min bronne oor hierdie onderwerp.

In die Swellendam-omgewing het vierkantige, reghoekige en langwerpige vensters voorgekom. 'n Houtlatei is meestal saam met 'n vensterkosyn gebruik. Die houtlatei is gewoonlik so breed soos die muur, terwyl die vensterkosyn, omdat die mure in die algemeen baie dik was, heelwat smaller is. Vensterkosyne is meestal goed afgewerk en daar kom nie baie dissel afgewerkte kosyne voor nie (Appelsbos en Voorhuis, Swellendam; Uitvlugt, Rûens). By deftiger wonings is goed geskaafde vensterkosyne aangeteken (Rotterdam, Kliprivier en die Glen, Swellendam).

Die vensterkosyn bestaan uit twee vertikale style, met twee horisontale gedeeltes bo en onder. Die horisontale gedeeltes steek gewoonlik 'n ent verby die vertikale style om ore te

vorm. Die funksie van die ore is om die kosyn stewig in die muur te kan bevestig. By deftiger huise is hierdie ore nie gewoonlik sigbaar nie, maar by eenvoudiger wonings in die Swellendam-omgewing wel (Tarentaalsrivier, Rûens; Sandrivier, Barrydale).

5.11.2.3 Glasvensters

Die gebruik van glas om vensteropeninge te sluit, word regdeur die eeue as die beste metode beskou. Glas was net vir die rykes bekostigbaar, terwyl die eenvoudiger huise veral die op die platteland, deur eenvoudige en goedkoop metodes dig gemaak moes word.

Volgens Fransen & Cook kan ruitvensters basies in twee tipes verdeel word, naamlik die swaai- en skuifraamvensters (1980:33). Albei venstertipes het beweegbare houtrame waarin die glas bevestig is en wat in 'n buitenste vaste kosyn beweeg. By die swaairaamvenster laat sy-skarniere die raam swaai en by die skuifvenster skuif die raam op en af - daarom die term skuifraamvenster. Albei tipes het in Europa voorgekom en sou later aan die Kaap gebruik word (Fransen & Cook 1980:33). Die vroeë Kaapse vensters was swaairame wat na binne oopgemaak het, met luik wat na buite oopmaak. Gedurende die eerste helfte van die 18de eeu maak die skuifraamvenster sy verskyning en teen 1750 het die swaairame in Kaapstad die botoon gevoer. Op die platteland sou die swaairaam langer voortbestaan (Fransen & Cook 1980:33).

Hoewel die skuifraamvenster die swaairaamvenster begin verdring het, het die meeste Kaapse plaaswoningen in die 19de eeu steeds hulle oorspronklike swaairaamvensters gehad. Volgens Obholzer en ander dui die swaairaam dus nie noodwendig op 'n datum nie, maar ook op 'n styl. Die venster is 'n eenvoudiger venster as die skuifraam (1985:54). In die streek het swaairaamvensters soos bo beskryf voorgekom (Bontebokskloof, Suurbraak; Zanddrift, Bonnievale; Appelsbos, Swellendam).



Figuur 53: Bontebokskloof (Suurbraak) se swaairaamvensters (MS DM Tomlinson 1942)

In die Swellendam-omgewing het die vroeëre wonings meestal swaairaamvensters (sien figuur 53) (Zanddrift, Bonnievale; Appelsbos, Drostdy en Koesanie, Swellendam; Bontebokskloof Suurbraak; Sandrivier, Barrydale), enkelrame met by eenvoudiger wonings wisselende getalle vensterruitjies. Geen standaard-ruitverdeling kom voor nie. Die meeste vensters het na binne oopgemaak (Zanddrift, Bonnievale; Appelsbos, Swellendam; Drostdy en Koesanie, Swellendam), maar voorbeelde waar die venster na buite oopmaak, het ook voorgekom. Die meeste plaaswoningen, en veral die ouer wonings in die streek, het afgeskuinsde dagwange (*reveal*) waardeur meer lig in die kamerruimtes ingelaat is (Zanddrift, Bonnievale; Appelsbos, Swellendam; Drostdy, Swellendam; Sandrivier, Barrydale; Uitvlugt, Rûens). Sou die venster 'n luik gehad het, het dit gewoonlik aan die buitekant gesit en na buite oopgemaak, terwyl die venster na binne oopgemaak het (Zanddrift, Bonnievale; Drostdy, Swellendam).

Soos wat die produksie van glas later verbeter het, het ruite al hoe groter geword en teen 1850 het massavervaardigde glas in groter groottes beskikbaar geraak (Lewcock 1975:527). Teen 1900 het elk van die twee skuiframe net twee ruite gehad (Fransen & Cook 1980:33). Alhoewel glas tot laat in die 19de eeu na Suid-Afrika ingevoer is, het glas in die 19de eeu al hoe vryliker beskikbaar geraak (Lewcock 1975:515, 526).

Veral in die dorpe het baie wonings in die Victoriaanse periode voorafvervaardigde skuifraamvensters gekry met luike aan die buitekant. Dit het ook op die plaaswoningen voorgekom (sien figuur 54).



Figuur 54: Doornkraal (Riversdal) se skuifraamvensters (MS SAEHA Fagan 1975)

5.11.2.4 Vensterbanke

‘n Vensterbank het ‘n bydrae tot die skoonheid van die volksboukuns gemaak. Soos bo gemeld, het die afgeskuinste dagwange meer lig in ‘n kamerruimte ingelaat en terselfdertyd meer benutbare ruimte in die muur geskep. Die meeste plaas- en dorpswoningen wat dateer uit die 18de en 19de eeu, buiten sommige van die wonings in die Rûens, het in die voorkamer breë geelhoutplanke wat die vensterbanke afrond.

Met inagnemenig van elke individuele bouwerk se muurdikte, was die vensterbank oorspronklik (18de eeu) ongeveer 51 mm (2 duim) dik, met ‘n lys aan die buiterand wat ongeveer 25 mm (1duim) of 38 mm (1½ duim) na binne uitgesteek het. By die hoeke het die lys die lyn van die vensterbank terug tot teen die muur gevolg. Teen die einde van die 18de eeu, waarskynlik toe geelhout begin skaars raak het, is die hele vensterbank dikwels nie meer solied gemaak nie. Die blad was nou ongeveer 25 mm dik, met net die voorste rand, sover as wat dit sigbaar was, van dubbele dikte (Appelsbos, Kliprivier, Morgenzon, Die Glen).


5.11.2.5 Luike

Die gebruik om vensteropeninge met houtluike te sluit, is nie vreemd aan die vroeë Europese huise nie en is ook aan die Kaap by die vroegste geboue gebruik (Fransen & Cook 1980:31; Walton 1952:7). Alhoewel glasvensters by latere Kaapse geboue gebruik is, het luike steeds voorgekom. Die Kaapse luik was van soliede plank en het in geklampte sowel as geraamde vorm voorgekom en in geval van die geraamde vorm, gewoonlik met kussingpaneel (Fransen & Cook 1980:31).

Die vensterluike in die omgewing van Swellendam het meestal na buite oopgemaak en kom voor by swaairaamvensters. Die eenvoudigste luike was geklampte plankluike en soos aan die Kaap het deftiger wonings houtluike gehad wat uit een soliede plank bestaan het. Hierdie luike het na buite oopgemaak (Drosty, Swellendam; Zanddrift, Bonnievale). Skuifraamvensters het luike aan die binnekant (Appelsbos, Swellendam; Doornkraal, Riversdal).

5.11.2.6 Dakvensters

Die dakvenster gee lig aan die solderruimte. In die Swellendam-omgewing kan die dakvenster verskillende vorme aanneem. Hier kom veral die dakoogvenster (*eyebrow dormer window*) voor wat, sou dit bo die voordeur wees, sou dit in 'n skaapboudgewel (*leg-o-mutton gable*) ingebou wees. In Nederlands word dit 'n *kattegat* genoem (Trefois 1969:41). Die wolfneus-dakvenster het gewoonlik 'n langwerpige opening en is in die meeste gevalle 'n smal venstertjie. Die woning op Rhenosterfontein is deur Walton as die beste voorbeeld van die gebruik van soldervensters beskou (1965:51) (sien figuur 55). Die drostdy op Swellendam en die meeste wonings in dié dorp, het voorbeelde van dakoogvensters.



Figuur 55: Rhenosterfontein, Swellendam, afgebreek c1938 (Walton 1965:figuur32)

5.12 Muurkaste

Die muurkas word beskryf as 'n gedeeltelike opening in die muur, wat beteken dat die muur waar die muurkas voorkom, dunner is. Soos met die ander houtafwerkings in wonings, het ook die muurkas 'n Europese agtergrond (Labuschagne 1988:440).

Aan die Kaap het die muurkas volgens Obholzer en ander, die spesialiste oor die Suid-Afrikaanse muurkas, ontwikkel tot wat beskou kan word as die beste en mees individuele produk van die Kaapse houtwerktradisie (1985:55). Nêrens anders ter wêreld het die muurkas die verfyning en belangrikheid bereik soos aan die Kaap nie. Volgens hulle bestaan daar 'n direkte skakel tussen die Kaapse en Franse ingeboude muurkas en is daar ook 'n ooreenkoms tussen die Kaapse en die eenvoudiger Duitse tipe muurkas.

In teenstelling met dorps huise op Stellenbosch en in Kaapstad waar hul selde voorgekom het, het die muurkas 'n belangrike rol in die Kaapse plaaswoning gespeel (Obholzer ea 1985:51, 356) en ook regdeur die studiegebied. Veral in laat 18de-eeuse plaaswoningen het muurkaste en later soms kaggels die fokuspunt gevorm. In die 19de eeu is die muurkas in baie gevalle deur los meubels vervang, alhoewel die deurtipe muurkas steeds gewild was en kleiner, eenvoudiger muurkaste steeds ingebou is (Obholzer ea 1985:177).

By die pionierstruktuur het 'n eenvoudiger muurkas voorgekom, wat bestaan het uit slegs 'n opening in die muur met een of meer rakke daarin.

Fagan spoor in sy restourasie van Morgenzon twee boogvormige muuropeninge in die noordelike vleuel van die huis op (MS DM Fagan 1984:9). Dieselfde vorm muuropeninge is in die plaaswoning op Nooitgedacht aangetref met 'n houtrakkie wat die ruimte in twee verdeel. Gemeet aan Labuschagne se definisie van 'n muurkas (1988:446) sou hierdie voorbeelde as 'n nistipe muurkas beskryf kon word, maar hier met dié verskil dat daar wel rakplanke teenwoordig is.

Die mees imposante muurkaste is in die plaaswoning van Zanddrift (Bonnievale, heropgerig Drostdy Museum Swellendam) aangetref. Die twee identiese muurkaste word aangetref in die voorhuis waar dit simmetries langs die deur geplaas is. Die muurkaste het gevormde kroonlyste met paneeldeure wat vir die periode ongewoon is.

5.13 Toebehore

Die eerste blanke nedersetters aan die Kaap het agtergrondkennis van smeerwerk gehad en het gekom uit 'n Europese tradisie waar toebehore van yster gemaak is. Soms was skarniere, deurtoebehore en slotte stylgewys identies aan die Europese voorbeelde. Dit is moontlik dat meer ingewikkelde slotte en knippe asook gegote toebehore na die Kaap ingevoer is of deur immigrante vakmanne gemaak is. Die eenvoudige duimpieskarniere, skuifgrendels en sleutelplate kon deur enige grofsmid gemaak word (Obholzer ea 1985:359).

Verder die binneland in was toebehore baie eenvoudiger as aan die Kaap. Die verskeidenheid style in die handgesmede toebehore in Swellendam en omgewing is 'n aanduiding dat daar 'n paar vakmanne in die omgewing bedrywig was. Ook is daar 'n paar werwe waar 'n smidswinkel deel van die werfopset was (Voorhuis en Koesanie, Swellendam; Warmwaterberg, Barrydale). Omdat Swellendam bekend was vir sy wamakersbedryf moes daar 'n paar grofsmede in die dorp, en ook op die veeposte werkzaam gewees het. Hierdie vakmanne tesame met die meeste boere se kennis van smidswerk moes 'n invloed op die vervaardiging van toebehore gehad het.

'n Dekoratiwe element van die voordeur, en onontbeerlik, is die skarniere (tongskarniere). Tongskarniere bestaan uit 'n langwerpige band wat aan die een kant o-vormig omgebuig is

en om 'n skarnierhaak draai wat in die deurkosyn bevestig is. Die Kaapse skarnier is volgens die Nederlandse voorbeelde gemaak (Obholzer 1985:156, 359).

Hulle was swaarder, langer en feitlik onslytbare replikas van die luikskarniere. Hulle punte was meestal kunstiger afgewerk. Die duimpies was van dieselfde ontwerp, maar veel dikker en sterker, en byna sonder uitsondering deur 'n sierlike geboë stertstuk gestut. Al die boute en klinknaels se koppe het aan die buitekant gesit en aan die binnekant is die moere van die boute, of die omgeklinkte punte van die klinknael, te sien (MS DM Cook gd:gp).

Vroeë Kaapse luike en swaairame het op 'n skarnierhaak (regop spil of duimpie) gedraai. In die Swellendam-omgewing was die *duimpieskarnier* die mees algemene skarnierhaak en die *tongskarnier* die mees algemene deur- en luikskarnier. Die luike is met 'n lui knip toegemaak. Op vensterrame is hoekskarniere vasgemaak wat in 'n vensterskarnierhaak gepas het (sien figuur 56 tot 61).




Figuur 56: Deurskarnierhaak (duimpie) soos dit voorkom op die deure van Zanddrift (VB DM 1983/1/2263:gd)



Figuur 57: Deurskarnier (tongskarnier) soos dit voorkom op die deure van Zanddrift
(VB DM 1983/1/2270:gd)




Figuur 58: Vensterskarnierhaak (duimpie) soos dit voorkom op die vensters van Zanddrift
(VB DM 1983/1/22582:gd)



Figuur 59: Vensterraam hoekskarnier soos dit voorkom op die vensters van Zanddrift (VB DM 1983/1/2262: gd)



Figuur 60: Luiskarnier (tongkarnier) soos dit voorkom op die luike van Zanddrift (VB DM 1983/1/2274:gd)



Figuur 61: Luikknip soos dit voorkom op die luike van Zanddrift (VB DM 1983/1/2255:gd)

Verskeie meganismes is deur die eeue heen deur die mens ontwikkel om die afsluiting van sy woning se openinge dig te maak en te beveilig. Een daarvan is die slot, 'n sluitbare toestel met 'n verwyderbare sleutel (Labuschagne 1988:454).

'n Belangrike dekoratiewe onderdeel van die formele dorps huis se voordeur was sy groot oplêslot (*rim lock*). Dit was dikwels met geelkoperplaat oorgetrek, en dit is in posisie gehou deur vier stewige boute wat met die kop na buite, dwarsdeur die slot en die houtwerk gegaan het. Aan die binnekant is die boute vasgetrek deur vierkantige moere, versier met ingevylde kepies al om die rand. Die buite- en binnesleutelgate van hierdie slotte was dikwels nie in lyn met mekaar nie. Die sleutel was van staal (MS DM Cook gd:gp).

Die ou slotte was ook groot: ongeveer 165 mm (6½ duim) van kant tot kant, en 140 mm (5½ duim) van bo tot onder aan die smal kant en tot 216 mm (8½ duim) aan die breë kant; in baie gevalle was hul selfs nog groter. Daar word gewoonlik aanvaar dat hierdie slotte uit Nederland ingevoer is, maar kon moontlik ook aan die Kaap gemaak gewees het. Aan albei kante het die slotte hefboomhandvatsels (MS DM Cook gd:gp).

Grendels, 'n skuiwer waarmee 'n opening, gewoonlik van binne, gesluit kan word, het vanaf die Kaap na Swellendam versprei. Die grendels aan die Kaap was van metaal en bestaan basies uit 'n skuifbare gedeelte (grendel) wat op 'n plaat gemonteer is. Die grendel skuif in 'n knip wat aan die kosyn gemonteer is. Kaapse grendels is aangepas om by die massa van die deur of luik te pas (Obholzer ea 1985:360).

Ook werwels kom algemeen by eenvoudige boukuns wêreldwyd voor. 'n Werwel is 'n blokkie hout wat in die middel met 'n skroef of spyker aan die kosyn bevestig is en dan met 'n draaibeweging oor die deur, venster of luik skuif. Dit is ook in die Kaapse geboue gebruik (Obholzer ea 1985:359). In die buiteland was die houtwerwel in algemene gebruik vir deure sowel as vir swaairame. Ysterknippe is soms aan vensters gesien, maar in doeltreffendheid, lae koste en stewigheid was hulle volgens Cook nie die gelyke van die ouer werwel nie. Enige soort taai hout is vir die werwels gebruik, met voorkeur aan stinkhout (MS DM Cook gd:gp). Ook in die Swellendam-omgewing is die werwel gebruik om deure, vensters, boligte en muurkasdeure toe te maak.

5.14 Vuurherde

Die voorganger van die vuurherd is die oop vuurmaakplek wat bloot 'n plek op die grond kon wees waar gewoonlik vuur gemaak is met die rook wat deur 'n opening in die dak moes ontsnap (Gailey 1984:112-113). Gailey meld dat die vuur aanvanklik in die middel van die huis was en dat daar geen skoorsteen was nie. Mettertyd het die vuur 'n skoorsteen gekry en het die vuurherd se ontwikkeling begin. Die vuurherd het ontwikkel om 'n meer ingeslote struktuur te kry waarby die vuur op 'n platvorm gelig en aan weerskante met muurtjies ingesluit is. Hierdie proses het eeue geneem om te ontplooi (Gailey 1984:113).

Aan die Kaap het die groot vuurherd of es gewoonlik een hele muur in beslag geneem. Die vloer van die es het die vorm van 'n opgeboude verhoog van wisselende hoogtes aangeneem (Pretorius 1986:42). Die vuurherd en skoorsteen is as beveiliging so gebou dat dat die vlamme nie aan die dak kon raak nie. Dit het aanleiding gegee tot die skoorsteenvorm wat by die gewelmuur verbystek (Pretorius 1986:42).

Twee duidelik onderskeibare tipes kom aan die Kaap voor, naamlik die binnetipe en die buitetipe. Die binnetipe word hoofsaaklik by groter wonings aangetref, terwyl die buitetipe by kleiner wonings voorgekom het (Cook 1973:20). Volgens Labuschagne het die binnetipe 'n voorganger oor byna die hele Europa en Brittanje, terwyl die buitetipe se ekwivalent in Brittanje voorkom (1988:368).

Labuschagne beweer dat by albei herde die gewelmuur as stut vir die skoorsteen gebruik word, maar by die buitetipe is die skoorsteen aan die buitekant van die gewel en by die binnetipe is die skoorsteen en herdbors of herdkap (die breë gedeelte bokant die herdbalk) aan die binnekant van die gewel (1988:368-369). Die skoorsteenkap het by die binneherd deur die plafon tot in die solder opgehoop, vasgebou aan die binnekant van die gewel. Dit het trapsgewyse smaller na bo geword, maar het eers vlak onder die dak tot werklike skoorsteen afmetings vernou (Cook 1973:26).

Volgens Mary Cook, kenner van die Kaapse boukuns en veral die Kaapse kombuis, was die voorste muur en symure van die Kaapse herdvloer, herdplaatvorm of vuurstraat, van klip, sagte baksteen of rousteen gebou (1973:26). Die ruimte daaragter is gevul met klei, of klei op 'n onderlaag van klip. Die herd is soos die res van die kombuis bo, voor en teen die agtermuur afgewit. Die herdvloer was gewoonlik 720 tot 760 mm hoog, nie soos die gerestoureerde herde wat vloere van net 380 tot 460 mm het nie (Cook 1973:26). Soms is 'n bergruimte vir hout onder die herdvloer gelaat (Cook 1973:29).

Die herdbalk is 'n prominente kenmerk van die Kaapse kombuis en ook van die Swellendam-omgewing. In groot Kaapse kombuise by binne-herde het dit oor die hele breedte van die vertrek gestrek. Dit was 2 m bokant die vloer ingebou, hoog genoeg vir die kok om onder te staan. 'n Geelhoutbalk is gewoonlik gebruik, dikwels met 'n kraallys soos dié van die plafonbalke. Dit dra die skoorsteenkap, die breë, omgekeerde tregtervormige onderste en voorste deel van die skoorsteen. Buite was die skoorsteen gepleister en afgewit, en van binne net gepleister (Cook 1973:26). Voorbeelde hiervan is opgeteken by Zanddrift (Bonnievale), die drostdy (Swellendam), Doornboom (Heidelberg) en Doornkraal.

Die kleiner Kaapse huise het 'n buitetipe herd gehad wat deur Cook beskryf word as 'n "gat-in-die-muur"-vuurherd (1973:29). Die herd was net ongeveer 1,2 m breed en aan die binnemuur oorspan deur 'n kort balk wat gewoonlik nie so hoog soos die balk by die groter huis was nie. Die skoorsteen het hier aan die binnekant van die gewel opgehoop. Die herd het dus in 'n uitgebreide nis ingepas wat in werklikheid die voet van die skoorsteen en altyd van klip was. So 'n herd het dikwels 'n ruitjie in die sy of agterkant gehad wat lig op

die kospotte gegooi het (Cook 1973:29). Voorbeelde wat in die streek opgeteken is, is by Bruintjiesrivier, Swellendam; Vermaaklikheid-omgewing; Sandrivier, Barrydale.

5.15 Bakoonde

In Europa en Brittanje is gewelfde strukture universeel vir bakoonde gebruik en kom die Europese en Britse oonde basies ooreen met die bakoond soos dit in Suid-Afrika aangetref word. 'n Oond kan 'n binneoond wees met sy opening in 'n vertrek wat gewoonlik in die herd is, of 'n oond kan 'n buiteoond wees wat beteken dat die oond buite eenkant staan met die opening in die buitelug (Labuschagne 1988:378).

Volgens Cook is die oond by 'n binne-herd aan die een kant van die herd geplaas en was dit van 1 tot 2 m diep (1973:33). Dit was gewoonlik in lyn met die voorkant van die herdvloer, maar het soms dwars gestaan en by die agtermuur van die huis uitgebult. Waar die oond in lyn met die voorkant van die herdvloer was, is die voorkant van die herdvloer naas die oond soms effens uitgehol om makliker toegang tot die oonddeur te gee. Die vloer van die oond was 150 mm hoër as die herdoppervlak (Cook 1973:33). Die dak van die Kaapse oond was gewelf, buite gepleister en binne ongepleister gelaat, en soms afgewit (Cook 1973:33). Voorbeelde in Swellendam-omgewing waar die oond in lyn met die voorkant van die herdvloer was is die Drostdy (Swellendam) en Doornkraal (Riversdal).

By kleiner wonings met 'n buitetype herd het die oond nie in lyn met die voorkant van die herdvloer geloop nie, maar is dit gewoonlik aan die agterkant van die kombuis langs die skoorsteen uitgebou en binne het die deur langs die vuurherd oopgemaak (Cook 1973:33). (Sandrivier en Warmwaterberg, Barrydale; Bruintjiesrivier, Swellendam).

By heel klein huisies was die oond buite, maar naby die huis. Hierdie bakoonde het nie deure gehad nie en is soms met 'n plaat wat met klei rondom toegesmeer is, gesluit (Labuschagne 1988:381). Volgens Cook is hierdie opening oorspronklik, nadat die brode ingesit is, vinnig en ruweg met stene toegebou en met klei oorgepleister (1973:33). 'n Plat klip wat rondom toegepleister is sou ook vir dieselfde doel gebruik kon word. Op Warmwaterberg in die Barrydale-omgewing is 'n bakoond opgeteken.

Volgens Cook is die gietyster deure wat algemeen by bakoonde voorkom saam met hul rame uit Swede ingevoer, waarskynlik via Nederland (1973:33). Die deure was sowat 350 tot 500 mm breed en 300 tot 350 mm hoog, met 'n effens geboë bokant, twee skarniere aan die een kant en 'n knip aan die ander kant (Cook 1973:33).

5.16 Kaggels

Die inbou van kaggels in voorhuise en kamers was vreemd aan die Nederlandse boere. In JWD Moodie se beskrywing van sy broer se woning, noem hy dat sy broer tot die grootste verbasing van sy bure, in sy voorhuis 'n kaggel ingebou het, 'n gedagte wat heeltemal vreemd was vir die Nederlandse boere wat eerder verkies het om vroeg te gaan slaap (1835:102, 103). Kaggels is 'n latere toevoeging en het regdeur die studiegebied voorgekom (Doornkraal aangebring c1850, Riversdal; Drostdy Swellendam, Kliprivier, Swellendam).

HOOFSTUK 6

KLIPSTRUKTURE

6.1 Agtergrond

Klip is sedert die vroegste tye beide in bewerkte en onbewerkte vorm vir bouwerk benut. Tydens die Middeleeue is dit veral vir kastele, kerke en huise van die adelstand gebruik. Alhoewel daar in sommige dele van Brittanje eers in die 17de eeu volksgeboue van klip gebou is, is dit reeds teen die 12de en 13de eeu in Eurpoa in volksgeboue gebruik (Labuschagne 1989:193).

Volgens Roberts, 'n kenner van veral volkshandwerk (*folk crafts*), is die gebruik van klip as boumateriaal algemeen in Europese boukuns (1972:246). Alan Gailey, 'n kenner van Ierse volksboukuns en outeur van die eerste studie wat dié tradisionele wonings opteken, skryf dat klip die mees algemene muurboumateriaal in Ierland is (1984:46). In Suid-Afrika is dit veral in droë dele gebruik waar klip uit die onmiddellike omgewing sonder enige bindmiddel (dagha) in kraalmure gepak is.

Klip is reeds 'n jaar ná Van Riebeeck se intrek by sy tweede vesting gebruik (Labuschagne 1989:193), toe klip vir die bou van die kasteel in 1666 van Seinheuwel en Robbeneiland verkry is (Pearse: 1968:21). FC Dominicus, skrywer van *Het huiselik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner*, beweer dat daar in 1691 ongeveer 50 tot 60 huise aan die Kaap was wat van *steen* (klip) uit die *steengroeve* daar naby gebou is (1919:11).

Aan die begin van die 19de eeu is huise aan die Kaap selde net uit klip gebou. Omdat die verwerking van klip baie arbeidsintensief was, is die gebruik daarvan hoofsaaklik tot die fundamente en laer mure beperk, waar dit in die muurafwerking onbedek gelaat is. Die boonste gedeeltes van mure het soms uit gebakte, maar meestal uit roustene bestaan (Pearse 1968:21). Onverwerkte klip is soms buite die Kaap vir die mure van wonings en buitegeboue gebruik (Pearse: 1968:21; Lewcock 1975:513-514).

Labuschagne wys op die onderskeid tussen bouwerk van gewone mense en dié van geskoolde vakmanne (1987:194). Bouwerke met ongelyke klipmesselwerk word meestal in die tradisionele boukuns gevind. In die afwesigheid van vakmanne het elke kliptipe tot 'n kenmerkende voorkoms gelei. Volksgeboue is in die algemeen van onbewerkte (ru) of van ru-bewerkte klip gebou.

Grond is die enigste muurafwerking uit die moontlike beskikbare materiaal van klip, stene en grond, wat 'n egalige muuropervlakte vertoon. Die ander muurmateriale maak op die vaardigheid van die bouer staat om elke individuele klip of steen presies in die geheel te plaas. Die soort klip of steen en die kwaliteit daarvan beïnvloed die stabiliteit van die mure (Brunskill 1987:34).

6.2 Swellendam en omgewing

Verskillende gemeenskappe word deur verskillende huisvorms gekenmerk, byvoorbeeld reghoeke, vierkante of sirkels. Geometriese vorme bevorder simmetrie, maar dié vorme word ook beïnvloed deur die roumateriaal en die mates wat die bouer in die konstruksie van die struktuur gebruik het (Rademeyer-De Kock 1993:183-84).

Buiten hierdie kulturele invloede op die voorkoms van 'n huis, speel ekonomiese oorwegings ook 'n rol. Gevolglik is die woonhuis op 'n veeposwerf (waar 'n klipkraal gewoonlik aangetref is) eenvoudig en van lae status. Dit was selde meer as een vertrek diep, met klein deur- en vensteropeninge en 'n kleivloer. Oppervlakte wissel tussen 62 m² en 123 m² en is 'n aanduiding van hoe min kapitaal vereis is vir die uitleg van 'n veeposwerf (Rademeyer-De Kock 1993:184).

In die Westelike Overberg (Rademeyer-De Kock 1993:191) en in die Swellendam-omgewing is daar hoofsaaklik met klip op veeposte gebou. 'n Voorbeeld van so 'n veeposwerf is op Perdefontein, in die Barrydale-omgewing, aangetref. Klipstrukture is ook by Port Beaufort in die Vermaaklikheid- en De Hoop in die Potberg-omgewing opgerig. Omdat dit tydrowend was om roustene vir al die strukture op die werf te maak, is dit soms net in die bou van wonings gebruik, met die krale van klip. Die eienaar moes dus oor genoeg arbeid, tyd en kapitaal beskik om dit te kon vermag (Rademeyer-De Kock

1993:191). 'n Voorbeeld van 'n veeposwerf soos bo genoem is aangetref in die Barrydale-omgewing op die veepos Perdefontein.

Daar kan nie met sekerheid gesê word dat algemene kennis van boubeginsels, of 'n sekere vaardigheidsvlak benodig is voordat daar met klip gebou kon word nie. Die pionier se kennis van die gebruik van klip as boumateriaal is onbekend, omdat die "boutegniese" wat aangeteken is, beskryf is sonder 'n beoordeling van die vaardigheid of kennisveld van die bouer. Die tegniek om klippe te *dresseer* (bewerk) kom veral in dié dele van die studiegebied voor waar bokkeveldskalie (Rûens en Barrydale-omgewing) en kalksteen (Vermaaklikheid-omgewing) aangetref word.

Omdat daar min oorblyfsels van wonings met klipmure in die studiegebied is, word die gebied se klipstrukture aan die hand van enkele voorbeelde bespreek: Appelsbos (Swellendam), Kraaiheuwel (Rûens), Klaaskaffersheuwel (Rûens), Melkhoutbos (Rûens), Barry en Neefs Winkel en buitegebou (Malgas), Kruithuis (Malgas), Melkhoutrivier (naby Infanta), Perdefontein (Barrydale), Bo-Kleinrooivlakte (Barrydale) en kraal- en landerymure in die Swellendam-omgewing.

6.3 Fondamente

Die wêreldwye gebruik van klipfondamente in volksgeboue is as Europese tradisie aan die Kaap voortgesit, waar dit ook algemeen in die onderste gedeeltes van mure gebruik is (Lewcock 1975:513). Die fondament is 'n gebou se belangrikste onderdeel en die voetstuk waarop die hele gebou rus. 'n Klipfondament verhoed dat grondwater in die mure opstyg, wat veral by kleimure nadelige gevolge kon hê (Labuschagne 1993:143).

Die grootste klippe is in die onderkante van die mure gebruik en klippe was soms so groot dat dit skaars deur een persoon opgelig kon word (Brunskill 1987:37) (sien figuur 62). Klip is ook in kombinasie met ander boumateriale in fondamente gebruik. In die studiegebied is klip meestal gebruik. Dit is direk op die grond gepak om 'n soort voetstuk te vorm. Die gebruik om die fondament tot 'n entjie bo die grond te verhoog, is van vroeg af aan die Kaap toegepas (Lewcock 1975:514) en het ook in die Swellendam-omgewing voorgekom.

Brunskill vermoed dat fundamente in Brittanje ook bo die grond verhoog is en dat hierdie fundamente dalk oorspronklik as 'n soort voetstuk vir huise met klei- of houtmure gedien het. Fundamente kon ook 'n paar geboue se rekonstruksie oorleef het (1987:37).



***Figuur 62:** Woning op Melkhoutrivier met die grootste klippe aan die onderkant van die muur (VB EB 1991)*

In die Swellendam-omgewing is dié klipgedeelte soms tot so hoog as 2 m. Klipmure is dikwels tot op dakrandhoogte gebou met gewels van rousteen (sien figuur 63). Weens die gebruik van ruklip is baie wonings se mure afgepleister om die ongelyke oppervlaktes te verberg, en is dit moeilik om vas te stel waar en tot hoe hoog met klip gebou is.



Figuur 63: *Albertinia-huisie met klipmuur en rousteengewel* (VB DM OS gd)

Fondamente in die streek was redelik vlak – van 250 mm tot 300 mm diep. Oor die algemeen kan gesê word dat klipstrukture in die Swellendam-omgewing nie fondamente gehad het nie. Mure is direk op die grond gebou en waar klip in fondamente gebruik is, was die grond waarop gebou is gewoonlik klipperig, soos by Perdefontein en Kraaiheuwel.

6.4 Mure

Klip is gewoonlik in die nabye omgewing van die struktuur wat gebou moes word, uitgehaal. Klipontginningsmetodes het min verander sedert die vroegste tye en sedimentêre klip word steeds met pikke, stawe en wêe uitgehaal soos eeue gelede (Labuschagne 1988:196).

Volgens Brunskill kan onreëlmatige klipmure bestaan uit onbewerkte veld- (*undressed field stone*), breekvlak- (*quarry faced stone*) en reguit gesnyde klip (*straight cut stone*) (Brunskill 1987:38). Na aanleiding van dié klassifikasie, kan die klipmure in die Swellendam-omgewing onreëlmatige klipmure genoem word. 'n Sekere mate van bewerking het algemeen in die Swellendam-omgewing voorgekom. Dit was nie om die klip se vorm te verander deur dit byvoorbeeld in 'n vierkant te bewerk nie, maar net om die wigvermoë te verbeter.

'n Klipmuur se vorm is afhanklik van die die klip wat gebruik word (Brunskill 1987:38). Die verskillende klipvorme in die studiegebied maak klip 'n veelsydige boustof in dié gebied. Die klipbouwerke wat in die Swellendam-omgewing bestudeer is, bestaan uit klip wat bewerk of onbewerk, afgeplat of bolvormig was.

6.4.1 Muurkonstruksie


Waar kalk beskikbaar was, is dit as bindmateriaal in klipmuurkonstruksies gebruik. Klipmure van wonings en krale, is algemeen met kleidagha gebou, maar in die droër dele van die studiegebied, is sonder dagha (droog) gebou. Reën het mettertyd sommige kraalmure se klei weggespoel en kom dit nou soos droë mure voor. Droë klipmure dui op 'n redelike mate van kundigheid in die gebruik van gereedskap, soos 'n klipbyl en in die die Vermaaklikheid-omgewing 'n stompgemaakte houtbyl en swaar hamer (FJ de Jager 1991:onderhoud). Klip is dikwels ook op plase gebruik vir die bou van landery- en kraalmure, alhoewel die geboue op die plaas nie noodwendig van klip was nie (Appelsbos, Bo-Kleinrooivlakte en Melkhoutbos).

Net soos steenmure, word klipmure eers by die hoeke opgebou en met 'n skietlood gelyk gemeet. Die spasie tussenin word dan gebou met behulp van 'n lyn wat van die een hoek na die ander gespan is (Labuschagne 1993:196).

By die bou van 'n klipmuur is die muur dwars (oor die breedte) asook in die lengte gevoeg. Die dwarsvoeg is verkry deur klippe wat oor die helfte van die muur strek langs mekaar te plaas, asook klippe wat die hele breedte van die muur beslaan het. Die lengtevoeg is deur die plasing van langerige klippe van verskillende breedtes in die lengte van die muur verkry. Die beste klippe is uitgesoek vir die hoeke, openinge, lateie, ensovoorts. Hierdie klippe het nie noodwendig uit die onmiddellike omgewing van die bouwerk gekom nie, en is soms van ver aangery. Hoekklippe is in hul lengte alternatiewelik in die rigting van die twee sye van die hoek gelê om sodoende goed in elke muur te voeg (Brunskill 1987:37-38; Labuschagne 1988:196).

Die binnekante van die mure was gewoonlik gepak van los afvalklippe. Voeë was, afhangend van die klip se vorm, meestal horisontaal. Verskeie klipsoorte kon in 'n muur gebruik word (Bo-Kleinrooivlakte).

In Brunskill se beskrywing van klipmuurbou in Brittanje, klassifiseer hy mure volgens die gebruikte klipvorm (a-d), die lae waarin die klip gepak is (e-h), hoe die hoeke gemaak is (i-j), hoe die klippe gevoeg is (k-m) en hoe die mure gepleister is (n-o) (1987:38-39) (sien figuur 64).



Figuur 64: Brunskill se sketse van klipmure (a-o) (Brunskill 1987:39)

6.4.1.1 Klipvorm (a-d)

Elke klipsoort het 'n eiesoortige voorkoms en gee die klipmuur 'n kenmerkende afwerking. Die klipsoorte wat algemeen in die studiegebied voorkom, is koffieklip ('n soort sandsteen: rooikleurig; verskillende vorms, meestal veelhoekig) (sien figuur 65), kalksteen (steen wat baie kalk bevat: gelerig; verskillende vorms, meestal veelhoekig), leiklip (ook bokkeveldskalie, wat in die Swellendam-omgewing *na-bank* genoem word: blou; veelhoekig, meestal dun leie) en rivierklip (ook ysterklip: vaalbruin; meestal gerond).



Figuur 65: Koffieklipmure van die Klaaskaffersheuwel-langhuis in die Rûens (VB EB 1991)

6.4.1.2 Gelaagde klipwerk (e-h)

Informele bouwerk is gewoonlik van onreëlmatige ruklip gebou. Die eenvoudigste vorm van ruklipbou is met ongelaagde ruklip. Groter klippe is plat neergesit en met kleiner klippies gewig. Groot klippe word gewoonlik op die hoeke gebruik met kleiner klippe, ruweg in verband daarmee, in die res van die muur.

In die Swellendam-omgewing, afhangend van die behandeling van die klip, kan daar verwys word na ongelaagde ru-klip (*randum rubble*), gelaagde ru-klip (*coursed rubble*) en

stapelklipwerk (*dry rubble*). Hierdie metodes is regdeur die studiegebied aangetref met ongelaagde ru-klip op Kraaiheuwel; gelaagde ru-klip op Perdefontein en gestapelde klipwerk in die Vermaaklikheid-omgewing (sien figuur 66).



Figuur 66: Kraalmuur van stapelklippe, Vermaaklikheid (VB EB 1991)

6.4.1.3 Buitehoeke (i-j)

Volgens Brunskill is die hoeke van 'n klipmuur gewoonlik deur 'n geskoolde vakman gebou met die res deur 'n minder geskoolde persoon. Die hoekklippe is gewoonlik groter en beter afgewerk as die res van muur (1987:39). Om stabiliteit te verbeter, is ru-weg gedresseerde klippe in die Swellendam-omgewing gewoonlik op die hoeke gebruik. Voorbeelde is veral in die Rûens gevind by Perdefontein, Klaaskaffersheuwel en Kraaiheuwel (sien figuur 67) en by Perdefontein in die Barrydale-omgewing. Daar is selde bewys gevind van klipbewerking wat op die toepassing van 'n boubeginsel dui. Waar dit wel gevind is, was dit duidelik die werk van 'n ongeskoolde vakman.



Figuur 67: Kraaiheuvel-woning met groot hoekklippe (VB EB 1991)

6.4.1.4 Voegstryking (messelwerk) (k-m)

Ongelyke klippe het breë voë wat oorspronklik met klei- en later met kalkmesselwerk gevoeg is. In Brittanje is klein klippies soms in hierdie voë gedruk. Waar die strykvoeg nie met messelklei beskerm is nie, het reën die voë oopgespoel en dit soos 'n droë voeg laat vertoon.

In die studiegebied is gemesselde ru-klip (*rubble in mortar*) algemeen gebruik met voorbeelde op Perdefontein, Bo-Kleinrooivlakte en Klaaskaffersheuwel. Stapelklipwerk (*dry set rubble*) is tot kraalmure beperk, soos gevind in die Vermaaklikheid-omgewing. Sandsteen is meestal vir stapelklipwerk gebruik (sien figuur 68).



Figuur 68: Kraalmuur, Vermaaklikheid (VB EB 1991)

6.4.1.5 Pleister (beraping) (n-o)

Klei- of kalkpleister het die muur teen weerselemente beskerm, en ook swak gehalte klip versterk, of die ongelyke muuroppervlakte verbloem (Brunskill 1987:39) (sien figuur 69 en 70).



Figuur 69: Kruithuis-klipmuur in Malgas (VB EB 1991)



Figuur 70: Klipmuur van Barry en Neefs Winkel in Malgas (VB EB 1991)

6.5 Dakke

Byna al die geboue in die Swellendam-omgewing wat uitsluitlik in klip opgerig is, se dakke bestaan nie meer nie, soos die Appelsbos-huis, die meule op Swellendam; die Perdefontein-huis en die Bo-Kleinrooivlakte-skuur. Die Kraaiheuwel-huis se dak is met sink vervang. Uit oorblyfsels van die dakkonstruksies van die Melkhoutrivier-huis en die buitegebou by Barry en Neefs se Winkel (sien figuur 71), word afgelei dat die moontlikheid groot is dat die dakke van klipstrukture nie verskil het van die dakke van kleimuurstrukture nie.



Figuur 71: Kappe in die klip-balkvulling van die buitegebou van die Barry en Neefs Winkel, Malgas (VB EB 1991)

Daar het waarskynlik meer platdakke by klipmuurgeboue voorgekom, veral in die Barrydale-omgewing. Die Perdefontein-huis het 'n paar latere toevoegings gekry, waarvan een 'n vertrek aan die voorkant (noordelike kant) was. Hierdie vertrek het vroeër saam met die waenhuis-en-stalle-eenheid 'n platdak gehad.

6.5.1 Skilddakke

Die *wolfshuis* (ook genoem 'n wolwehok) wat op die plaas Rhenosterfontein in die tyd van Dirk Gysbert van Reenen gebou is, is van gemesselde ru-klip met 'n skilddak. Alhoewel die boumateriaal en die daktipe nie betwyfel word nie, word die funksie van die struktuur bevraagteken. Die *wolfshuis* is 'n groot struktuur (een vertrek met 'n deur, venster en dak) en daar word bespiegel of die struktuur vroeër inderdaad 'n *wolfshuis* was (op die onderstaande foto (sien figuur 72) aangedui as 'n "wolfstelletjie").



Figuur 72: Wolfshuis (“wolfstelletjie”) op die plaas Rhenosterfontein (VB DM F175)

6.5.2 Wolfsdakke

In ruil vir die gebruik van skure op Port Beaufort was Barry in omstreeks 1838 vir die herstel en instandhouding daarvan verantwoordelik *by putting a thatch called a Wolwe-end facing the sea and otherwise to do such necessary repairs as may be required to prevent the delapidation of said store* (Stopforth 1976:55). Die skuur se mure was gebou van sandsteen (gemesselde ru-klip), die muurboumetode algemeen in gebruik in die Port Beaufort-omgewing.

Die Kraaiheuwel-huis het voorheen ook 'n wolfsdak met 'n wolfneus oor die voorgewel en wolfente gehad. Die oorspronklike dak is later met 'n sinkdak vervang. Die Barry en Neefs Winkel se buitegebou het 'n rietdak met wolfneusgewel (sien figuur 73).



Figuur 73: Wolfneusgewelkonstruksie in die buitegebou van die Barry en Neefs Winkel, Malgas (VB EB 1991)

6.5.3 Dakmateriaal, dakbedekking en dakkonstruksie

Die dakkonstruksie van die klipmuurwoning was dieselfde kappaar konstruksie as dié van die kleimuurwoning. Die tegnieke wat gebruik is in die maak van 'n dak, is universeel ongeag die muurboumetode wat toegepas is. Volgens die oorblyfsels van die houtkappe, houtlatte en houtbalke op Perdefontein, Kraaiheuwel en die buitegebou van die Barry en Neefs Winkel, was dit rond en onafgewerk. Die dakbedekking van die Melkhoutivier-huis is die enigste dak in die studiegebied wat met matjiesgoed gedek was.

6.6 Gewels

Die Perdefontein-huis het vroeër moontlik 'n staandak met skoorsteen- of spitsentgewels gehad, afgelei uit die oorblyfsels van die huis. Van die ander strukture is daar geen bewyse van gewels oor nie (sien figuur 74).



Figuur 74: Oorblyfsel van gewel op die veepos Perdefontein, Barrydale (VB MD 1981)

6.7 Plafonne

Die Barry en Neefs Winkel se buitegebou is die enigste gebou in die studiegebied waar 'n plafon gevind is. Dit is van breë geelhoutplanke en die drabalke van geprofileerde geelhoutbalke (sien figuur 75).



Figuur 75: Plafon van die buitegebou van die Barry en Neefs Winkel, Malgas (VB EB 1991)

6.8 Vloere

Soos vroeër gemeld, het grondvloere algemeen in Kaapse wonings voorgekom, veral in eenvoudiger strukture (Walton 1952:6). In die klipwonings wat in die studiegebied opgeteken is, kon geen oorblyfsels van houtvloere gevind word nie. Inaggenome die feit dat daar geen verskil in die hantering van die dakkonstruksie van 'n klipstruktuur teenoor dié van 'n kleistruktuur was nie, is dit waarskynlik dat daar ook geen verskil in die vloere was nie.

6.9 Openinge

Die openinge in die klipstrukture is oor die algemeen net so groot soos dié van die kleistrukture. Daar is geen verskil in die gebruik van kosyne en lateie nie en kliplateie kom ook by kleistrukture en houtlateie ook by klipstrukture voor en andersom.

Die klipstruktuur se deuropening en deur verskil ook nie van die kleistrukture s'n nie. Die deuropening is dié bouwerk se belangrikste opening omdat daar oor die algemeen min openinge in 'n klipstruktuur is. Die bo-en-onderdeur kombinasie kom as beide die voor- en agterdeur in die Kraaiheuwel-woning voor.

Omdat openinge in 'n muur die struktuur kon verswak, moes die volksbouer sover moontlik aanpas. Vensteropeninge kon byvoorbeeld kleiner gemaak word en daar is dikwels net een opening in 'n muur aangebring. Die veeposwoning, soos op Perdefontein, was 'n nederige woning met baie kleiner en nouer vensteropeninge as by kleistrukture van dieselfde eenvoud (sien figuur 76).



Figuur 76: Vensteropeninge op Perdefontein, Barrydale (VB MD 1980)

6.10 Muurkaste

Die muurkassie op Perdefontein het leiklipplateie gehad en is in twee gedeel deur 'n leiklipprakkie (sien figuur 77).



Figuur 77: Muurkassie in die muur van die voorhuis (suidelike kant) Perdefontein, Barrydale (VB EB 1991)

6.11 Stoepe en trappe

Fondamente uit lae gemesselde klip (koffieklip in die Swellendam-omgewing; leiklip in die Rûens en Barrydale-omgewing en kalkklip van Bredasdorp tot Vermaaklikheid) is gewoonlik aan die voorkant van die huis verleng om 'n stoepe of trap te vorm. Wonings met

geen fondamente het ook aan die voorkant 'n lae stoep gehad. Stoepe of trappe is sonder uitsondering van klip uit die omgewing gebou.

By die klipwoning is die stoep en trap meestal apart van die huis gebou en die klip wat in die stoep gebruik is, is nie aaneen met die klip in die muur gelê nie. Klipstoepe voor kleimuurwonings het op Doornkraal en Doornboom in die Riversdal-omgewing, Bontebokskloof by Suurbraak en Koesanie in die Rûens voorgekom, by opgekleide mure (Warmwaterberg by Barrydale), sowel as rousteenmure (Vryheid in die Rûens en Zeekoegat by Heidelberg) (sien figuur 78). Die diepte en die hoogte van die stoepe het regdeur die gebied gewissel en is bepaal deur die bouer se voorkeure en die helling van die grond. Oor die algemeen is stoepe met plat, groot en sagte leiklippe geplavei (dekklip).



*Figuur 78: Hoë klipstoep voor die ou woning op die plaas Vryheid, Rûens c1920
(VB DM 1983/1/859)*

6.12 Ander klipmuurstrukture

6.12.1 Kraalmure

Kraalmure is meestal uit klip gebou in die studiegebied. In die Swellendam-omgewing en Rûens is leiklip meestal gebruik, soos gevind op Koesanie en Tarentaalsrivier (in die

Rûens, naby Malgas). Die Koesanie-kraalmuur was 'n gelaagde ru-klipmuur waarop twee rye groot leiklipblokke naas mekaar geplaas en opgevul is met klei (sien figuur 79). Die vierkantige kraal bestaan uit twee gedeeltes, 'n groot kraal met 'n kleiner kraaltjie in sy een hoek. Beide toon dieselfde muurbou. Die ru-gelaagde kraalmuur op Tarentaalsrivier is gerond, met groot plat leiklippe om sy onderkant gepak (sien figuur 80). Dié gebruik kom algemeen in die studiegebied voor.



Figuur 79: Muurbou van Koesanie-klipkraal (VB EB 1991)



Figuur 80: Muurbou van Tarentaalsrivier-klipkraal (VB EB 1991)

Op Vermaaklikheid, waar daar vroeër baie perde en beeste was, is die meeste kraalmure van kalkagtige sandsteen, gekap uit die kliprandte, gebou. Die krale is gewoonlik op enige plek weg van die woning gebou (FJ de Jager 1992:onderhoud).

Op Perdefontein vorm 'n woning, twee krale en aangrensend hieraan, 'n stalle-en-waenhuis eenheid, 'n veeposstelselwerf. Die twee krale van 30 m x 20 m en 30 m x 15 m weerspieël die omvang van die veepos. Die kraalmure is van leiklip (gelaagde ru-klip met horisontale voeë) wat netjies opmekaar gemessel is met kleidagha. Die messelklei bestaan uit klei, organiese materiaal (gras) en gruis uit die omgewing. Dit wil voorkom asof daar vir die bou van die kraalmure ru-bewerking van die klip was (sien figuur 81). Leiklip kom algemeen in die omgewing voor.



Figuur 81: Perdefontein-kraalmuur (VB MD 1980)

6.12.2 Veepos, stalle-en-waenhuis

Die stalle-en-waenhuis eenheid op Perdefontein is gebou op 'n klipfondament wat ongeveer 400 mm bo die grond uitsteek. Die muur is opgeklei met waar die dak op die mure sou rus, gemesselde leikliplae wat die bopunt van die muur vorm. Die mure is ongeveer 750 mm breed, wat byna dieselfde breedte as die mure van die woonhuis is (sien figuur 82).



Figuur 82: Perdefontein stalle-en-waenhuis (VB EB 1991)

6.12.3 Graanskuur (silo)

Die graanplaas Bo-Kleinrooivlakte, waar die nie-standhoudende Blouboslaagterivier voor die werf verbyloop, het 'n ronde skuur (silo) wat uniek in die studiegebied is.

Die grootte van die skuur is 'n aanduiding van die omvang van die boerdery-aktiwiteite, asook die vaardigheid van die bouer (sien figuur 83). Die dubbelverdieping skuur is opgerig van ongelaagde en bewerkte leiklipblokke wat met 'n kleimengsel gebind is. Die skuur het twee deuropeninge, wat onderskeidelik toegang tot die grondvloer en die solder gee (sien figuur 84). Die balke waarop die soldervloer rus, bestaan uit tien onverwerkte balke (moontlik bloekom), waarvan vier se deursnee 400 mm oorskry. Die deursnee van die skuur is ongeveer 15 m en van die trapvloer hiernaas, 18 m. Die trapvloer se omranding bestaan uit plat leiklip wat met die breedste gedeelte van die klip na onder in die grond geplant is. Daar is geen opening in die sirkel nie.



Figuur 83: Graanskuur op die plaas Bo-Kleinrooivlakte (VB MD 1981)



Figuur 84: Deuropening van die Bo-Kleinrooivlakte-skuur (VB MD 1981)

HOOFSTUK 7

ANDER STRUKTURE

7.1 Algemene inleiding

Die werf (area rondom die opstal) is die kern waarom 'n plaas se aktiwiteite georganiseer word. Dit is dié punt waar die eienaar woon, waarheen alle produkte gebring word vir verspreiding aan markte en ook waarvandaan arbeiders, voorrade en implemente vir spesifieke take op die plaas gestuur word. Die werf omsluit 'n area waarin aktiwiteitsverwante strukture saam met die opstal voorkom (Van der Merwe 1983:32; Rademeyer-De Kock 1993:39).

Die doeltreffende bedryf van die boerderyaktiwiteite is bestuur vanuit die opstal en is bepaal deur mikroklimaat, ligging, bodemgesteldheid, plantegroei, watervoorsiening, verkeersweë, plaasoppervlakte, tegnologie en historiese oorwegings (Van der Merwe 1938:32).

7.2 Ligging en werfuitleg

'n Werf bevat geboue vir spesifieke plaasaktiwiteite, asook geboue waarin die eienaar en werkers gewoon het, soos 'n opstal, jonkershuis of slawelosie. In die geval van 'n wynboerdery is 'n opstal, kelder, stookketels, slawelosie, waenhuis, perdestalle, afdakke en moontlik ook hoenderhokke en 'n kraal of kamp, te verwagte (Rademeyer-De Kock 1993:40). In die geval van 'n gemengde boerdery kon 'n opstal, waenhuis, skuur (vir berging van produkte), perdestalle, koei-/melkstal, kraal, smidswinkel, meul, trap-/kafvloer, varkhok, kalwerhok, skeerhok (Rademeyer-De Kock 1993:40) en later kampe en dipgange op die werf verwag word. Rademeyer-De Kock het soortgelyke werwe in die westelike Overberg aangetref. In die Swellendam-omgewing het daar heelwat kombinasiestrukture voorgekom, soos veral stalle-en-waenhuis-kombinasies en die woning-en-stalle-en-waenhuis-kombinasies.

Volgens Rademeyer-De Kock is die voorkoms en ligging van die werf die resultaat van 'n komplekse interaksie tussen tegnologie, ekonomie, topografie en kultuur (1993:41).

Werwe aan die Kaap en op die Kaapse platteland, soos by Stellenbosch, het ook soms 'n slawewoning en slaweklok (skeepsklok) gehad, wat onder meer in geval van gevaar geluid is om byvoorbeeld die bure te waarsku (Dominicus 1919:40). Die slaweklok word veral op Bolandse plaaswerwe aangetref. In die Swellendam-omgewing is geen slaweklokke opgeteken nie. Die leeftoestande van die slawe aan die Kaap het baie gewissel. Op die groter plase is daar spesiale slawekwartiere voorsien, soos op die uitgebreide plaas van Martin Melck. Elk van sy 200 slawe het 'n afsonderlike baksteengebou gehad om in te slaap. Dit was buitengewoon, en die meeste *slawehuisse*, soos hulle in die plaasinventarisie beskryf is, was volgens Giliomee & Elphick rudimentêre vertrekke waar al die slawe saam geleef en op houtbanke geslaap het (1990:148). Op kleiner plase was daar geen spesiale slawekwartiere nie, en hulle het in kombuise of skure, op solders of in die somer ook buite geslaap. Slaweveewagters het dikwels by die vee in die krale geslaap (Giliomee & Elphick 1990:148), en in die Swellendam-omgewing het die plaas Zeekoegat (Riversdal) 'n gekombineerde gebou wat bestaan het uit 'n slawelosie, koeistalle en waenhuis, alles onder een baie lang dak.

Die Kaapse werfuitleg op die platteland in die 18de eeu word deur Dominicus vergelyk met die *hollandse boerderijen*. Hy merk byvoorbeeld op dat koringhope net soos die begin 19de-eeuse Hollandse voorbeelde lyk. Tot 1706 is hierdie koringhope onbedek gelaat, maar die hoë reënval het die boere genoodsaak om die koringhope van dakke te voorsien (Dominicus 1919:39).

Van die 18de eeu tot die middel van die 19de eeu kom die Overberg-werwe, deur Rademeyer-De Kock veeposstelselwerwe genoem, armoedig voor (1993:181). Die beeld van dié werwe het die indruk van 'n kapitaaltekort geskep en is daarom as van lae status en ontwikkeling beskou. Dié waarneming is misleidend omdat werwe deel kon vorm van 'n groter plaas. Dit is, soos in die pionierstyd die geval was, bloot 'n werk- en leefruimte wat uit 'n aantal lae koste en eenvoudige strukture soos krale en woonhuise bestaan. Veeposstelsels kon ewe maklik aan 'n welgestelde Bolandse boer as aan 'n kapitaalarm pionier behoort het (Rademeyer-De Kock 1993:181). Die Duminys se plase Bokkerivier (Riviersonderend) en Kykoedie (Bredasdorp) in die laat 18de eeu en begin 19de eeu, is voorbeelde van eersgenoemde uit die Swellendam-omgewing. Die plase was nie François

Duminy se hoofinkomstebron nie en die een is vir gemengde boerdery en die ander vir weiding (veeplaas) gebruik.

Uit Johanna Duminy se dagboekantekeninge kan afgelei word dat die Duminys se gemengde boerdery op Kykoedie 'n redelike groot tuin gehad het. Voor die huis was 'n roostuin en aan die agterkant 'n baie groot, goed versorgde groentetuin waarin onder andere aartappels en vrugtebome gegroei het (Franken 1938:127). Op besoek aan 'n Khoikhoi-kraal in Noordhoek, beskryf sy die tuin van Ocker, een van die kraal se inwoners, as 'n goedversorgde groentetuin waarin vrugtebome gegroei en spanspek, waatlemoen, pampoen en uie verbou is (Franken 1938:129).

In die omgewing van Riversdal het die Zeekoegat-werf aanvanklik net uit 'n eerste woning (c1735), geleë aan die oewers van die Korinterivier ('n sytak van die Vetrivier), bestaan. Nadat hierdie woning in 'n vloed weggespoel het, is 'n tweede woning – 'n langhuis (front suid) – 'n paar honderd meter hoër op teen die rivier gebou (c1750). Die bouval van die eerste woning is as varkhokke gebruik. In dieselfde tyd (vroeë 1800's) is 'n derde woning, 'n U-plan woning (front ook suid), skuins agter die langhuis opgerig. Aan die agterkant van die langhuis was vroeër 'n 50 m lange melkstal, met direk daarnaas (suidelike kant) 'n enorme kraal. Hier naby was ook die slawekwartiere, waenhuis en stalle-eenheid (Pretorius 1997:90-96).

'n Skildery wat dateer uit 1794 van landdros Antonie Faure se plaas Rotterdam by Swellendam, toon byna 50 jaar later 'n redelik *ontwikkelde* werf aan (sien figuur 85). Die geboue daarop is getuigenis van die eienaar se vooruitgang en welvaart. Alhoewel daar hier nie sprake is van 'n *pionierskompleks* nie, is dit 'n goeie voorbeeld van die formele of ontwikkelde werf as kontrasterende verwysingsraamwerk waarteen die eenvoudiger werwe van die *sukkelende* pionier gemeet kan word (Pretorius 1997:84).



'n Goeie beskrywing van 'n informele pionierswerf, nie te ver van Rotterdam nie, verskyn bykans 70 jaar later as 'n advertensie in die *Overbergsche Courant* van Woensdag, 22 Januarie 1862: *Zeker Aandeel in de eeuwigdurende Erfpacht Plaats genaamd Kinko, waarop staat een goed gebouwd en gerieflijk Woonhuis, met Stallen en andere Buitengebouwen, allen in goede order, en wel bekend als eene extra Schaap-, Weide- en Zaaiplaats en vol op water gedurende de droogste maanden (Overbergsche Courant: 22/01/1862).*

Oorblyfsels van ringmure en terrasse (waarop groente verbou is) is op verskeie werwe – veral langs die Breederivier en sy kleiner rivierlope – aangetref. De Wet noem hierdie groentetuine oewertuine en vermeld dat die oewerboere ná die Barry-bankrotskap steeds met hul tuinbou voortgegaan het (De Wet 1954:84). Daar word dus vermoed dat daar al aan die einde van die 18de eeu langs die Breederivier 'n paar oewertuine was. Langs die Breederivier (op Melkhoutbos en Solderskraal) is soortgelyke terrasse, wat vroeër moontlik ook groentetuine was en uit die rivier natgedra is, gevind.

'n Beknopte opsomming van enkele werwe in die studiegebied bied 'n aanduiding van waarmee geboer is, en wat op die werwe voorgekom het:

- **Appelsbos** (c1747 tot c1780): wonings (x2), landerye, stalle-en-waenhuis (x2), trapvloer en watermeule.
- **Avontuur** (c1750 tot c1798) (Stormsvlei): wonings (x2), stalle-en-waenhuis, smitswinkel en winkel.
- **Bokrivier** (c1797 tot c1818): woning, tuin, koringskuur, trapvloer, graanlande, wynkelder, wingerde, boord, vermoedelik 'n stookketel (het perskebrandewyn gemaak), groentetuin en vrugteboord (Franken 1938:141).
- **Bo-Kleinrooivlakte** (c1880): woning-hoendernesopening-stalle-waenhuis, kraal, graanskuur (silo) en trapvloer.
- **Bontbokskloof** (c1830): woning, groot dubbelverdieping platdak skuur-perdestal (moontlik perdestalle gekombineer met graan- en hooiskuur). In 1816 het W Proctor en landdros PS Buisinne hier met stoetperde geboer (Tomlinson 1943:1).
- **Bruintjiesrivier** (c1740 tot 1745): wonings (x2) en kraal
- **Die Glen** (c1820): woning, stalle, watermeule en meulhuis.
- **Koesanie** (c1799 tot c1840): werf 1: woning, woning-stalle-waenhuis, huisdam, trapvloer; werf 2: woning, kraal en grofsmidsvuurherd.
- **Melkhoutbos** (c1780 tot c1840): werf 1: woning, stalle-waenhuis-hoendernesopening, varkhokke en kraal; werf 2: woning, stalle en terrastuin.
- **Perdefontein** (c1840 tot c1860): woning, huisdam, stalle-waenhuis-kraal.
- **Sandrivier** (c1790 tot 1820): woning, stalle-waenhuis en kraal.
- **Voorhuis**: woning, stalle-waenhuis, houtskooloond en kraal.
- **Warmwaterberg** (c1810 tot c1825): wonings (2+1), waenhuis, stookketel, buitebakoond, grofsmidswinkel, kraal en later 'n skooltjie.
- **Zeekoegat** (c1735 tot c1836): woning (3), woning-stalle-skuur (1), slawekwartier-melkery-waenhuis en kraal.

7.3 Kombinasie strukture

Uit bogenoemde opsomming kan 'n paar struktuurpatrone in die gebruike van buitegeboue afgelei word. Voorbeelde sluit stalle-en-waenhuis-kombinasies in, waarvan voorbeelde op Avontuur (Stormsvlei, c1750 tot c1798), Appelsbos (Swellendam, c1747 tot c1780) en Sandrivier (Barrydale, c1790 tot 1820) gekry is.

7.4 Skure

Mentzel beskryf die skure van binnelandse boere as waenhuise (*waggon houses*) of 'n skuur met vier mure en 'n dak waarin die boer strooi geberg het om met mis te meng (die gebruik daarvan word nie aangedui nie), om die wa-gereedskap te berg, en waarin die skape gejaag is om hul droog en warm te hou wanneer dit nat of koud buite was (Mentzel 1944:106).

'n Foto van die plaaswoning op Bontebokskloof, toon 'n tweeverdiepingskuur agter die T-plan woning (sien figuur 86). Dit lyk asof die onderste verdieping klipmure het, wat amper soos 'n groot voetstuk vertoon. Dié gedeelte is gepleister en vertoon wit, soos die woonhuis, en was moontlik afgewit. Dit was ook gebruiklik in die streek om veral klipmure van wonings te pleister. Die tweede verdieping is van ongepleisterde roustene gebou. Die muur wat op die foto sigbaar is, toon twee openinge bokant mekaar, in die middel van die muur. Daar is geen aanduiding van deure nie. Uit die foto word afgelei dat toegang tot die boonste verdieping met 'n bamboesleer met agt sporte verkry is.



Figuur 86: Bontebokskloof woning en skuur (MS DM Tomlinson 1942)

7.5 Meulens

LL Tomlinson, handelaar en voorsitter van die Swellendam Kamer van Koophandel in 1942, noem in sy ongepubliseerde manuskrip *Die Distrik Swellendam. Historiese plase, wildsoorte, bees-, skaap- en perdeboerderye* dat daar in c1734 'n oorslagwatermeul op Jan

Harmansgat (vandag Jan Harmsgat) opgerig is. In 1942 was die meul se bouval en ou watersloot nog sigbaar (MS DM Tomlinson 1942:7). Op Marthinus Botha se plaas naby Grootvadersbos was 'n meul aangedryf deur 'n konstante stroom water (Moodie 1835:153).

Die Rheenendal meul net buite Swellendam, is geleë op die pad na Ashton. Die meul dateer uit die laat 19de eeu en is in 1990 deur die Swellendam Trust, 'n plaaslike bewaringsliggaam, gerestoureer. Uit die Hermitiet se rivier (Kliprivier) kom 'n meulsloot (wat vandag steeds loop), en vroeër nóg 'n meul bedien het. Dié meul, vandag bekend as *The Old Mill Restaurant*, is geleë in die onderdorp.

Daar is oorblyfsels van 'n paar meules in die Swellendam-omgewing aangetref. Appelsbos se meul is met 'n grondmuurwatersloot uit die Appelsbosrivier bedien. Die sloot is langs en om die meul met 'n groot stewige klipmuur uitgevoer. Dié klip is ook vir die bou van die meul gebruik. Alhoewel dit heelwat kleiner was, kan dié onderslagmeul se meganisme waarskynlik vergelyk word met dié van die meul wat vandag op die ambagswerf van Drostdy Museumkompleks tentoongestel word. Op die westelike oewer van die Buffeljagsdam is die klipbouval van 'n meul gevind.

Volgens De Wet is die ou voor op die plaas Kliprivier tussen 1869 en 1899 gebou, toe FW Reitz die eienaar was (1953:108). Die plaas het sy eie leivoor uit die rivier gehad, wat via 'n meul geloop het en vroeër as die meulsloot bekend was. Die Kliprivier-meul, waarvan vandag nog net 'n murasie oor is, was die tweede meul op die Kliprivier (De Wet 1935:108). Dit is geleë op die mees suidelike deel van die plaas. Die Drostdy Museum het 'n foto van die oorspronklike meule.

In Swellendam het die dorps huis Malta ook 'n meul gehad. Dit was 'n oorslagmeul, wat meganies doeltreffender as 'n onderslagmeul is. Hierdie meul was skynbaar nie baie lank in gebruik nie, want Malta is in 1802 met eiendomsreg uitgegee aan die 71-jarige mev. Wotky, weduwee van die Drostdy se bode waarna die meulbedryf na die onderdorp verskuif het, waar die watertoevoer moontlik sterker was (Drostdy Museum Jaarverslag 1972 :4).

7.6 Trapvloere

Verskeie interessante trapvloeromrandings en trapvloere van verskillende groottes is in die studiegebied opgeteken. Trapvloere is sedert die vroegste tye, veral aan die Kaap, gebruik en die trapproses is deur reisigers opgeteken.

Afgelei van die trapvloer se ronde voorkoms, meld Dominicus in sy werfbeskrywing dat daar by die boerdery ook 'n soort *kraal* was, waarin koring gedors is (1919:39). Dit is gebou deur die grond op 'n bepaalde plek gelyk te maak, met een laag van 'n mengsel van beesmis en gekapte strooi bedek, waarna dit gelaat is om hard te word. Dié dorsvloer is omhein met doringstruik, waarbinne perde op die uitgespreide koring losgelaat is. Slawe het op die dorsvloer die perde met lang swepe aangejaag (Dominicus 1919:39).

Moodie beskryf die verloop van die trapproses volledig. Hy vergelyk dié proses, waarmee koring van kaf geskei is, met 'n Bybelse beskrywing soos dit in Palestina gevolg is (1835:117). 'n Groot sirkel van ongeveer 15 tot 20 treë (ongeveer 15 tot 20 m) in deursnee, word op 'n verhewe gedeelte naby die huis gemaak. Pale word in die omtrek geplant waaraan sterk dwarshoute vasgebind is. Die grond binne die sirkel is versigtig waterpas en gelyk gemaak. Dit is dan met 'n mengsel van vars beesmis en water gesmeer om die stof onder beheer te bring. Sodra die trapvloer droog was, kon daar met die trapproses begin word (Moodie 1835:118).

In die Duminy-dagboeke word 'n trapvloer wat voorberei moes word vir die dors van rogkoring vermeld. Die gesnyde koring en gars is na die huis aangery, waar dit in 'n mied gepak is, omdat die koringskuur nog in aanbou was. Die trapvloer is herstel met sparre wat in 'n bos in die kloof gesny is (Franken 1938:127,141). Dit was waarskynlik soortgelyke pale wat Moodie in 1835 beskryf het.

Die algemene omrandingsmetode in die Swellendam-omgewing was om klip wat op die terrein beskikbaar was om die trapvloer in die grond te plant. Leiklip is op Bo-Kleinrooivlakte, koffieklip op Appelsbos en sandsteen op Vermaaklikheid gebruik.

Op Vermaaklikheid het elkeen vroeër sy eie dorsvloer gehad, wat op die hoogste moontlike punt gebou is om sodoende nader aan die wind te wees. Die oppervlakte is hier met 'n

mengsel van klei, grond, strooi en beesmis gesmeer. Om 'n té harde oppervlakte waarop die koring stukkend getrap is te voorkom, is die trapvloer laaste met beesmis gesmeer (FJ De Jager 1991:onderhoud).

7.7 Hoederneste

In die Swellendam-omgewing was hoederneste soms deel van 'n bestaande struktuur. Voorbeelde is regdeur die gebied opgeteken. Op Bo-Kleinrooivlakte, Bruintjiesrivier en Melkhoutbos was die hoederneste in 'n woonhuismuur. Op Bo-Kleinrooivlakte was die hoederneste in die noordelike muur van die langhuiseenheid, wat uit 'n woning, waenhuis en stalle bestaan het (sien figuur 87 en 88).



Figuur 87: Bo-Kleinrooivlakte: hoederneste in langhuismuur (VB EB 1992).



Figuur 88: Bo-Kleinrooivlakte: detail van hoederneste (VB EB 1992).

Daar is ook voorbeelde van hoederneste in buitegeboue gevind. Op Melkhoutbos is die hoederneste in die muur van die waenhuis-en-stalle eenheid. In die omgewing van Vermaaklikheid is 'n losstaande hoedernesmuur van ongeveer 1 m hoog, opgeteken. Die neste is in die boonste kwart van die gepleisterde en afgewitte muurtjie. Onder die neste was 'n houtpaal waarop die hoenders kon sit (sien figuur 89).



Figuur 89: Hoederneste in die Vermaaklikheid-omgewing (VB EB 1992).

7.8 Heinings en krale

Volgens Backhouse was die bewerkte landerye teen die Caledon-kant van die Hottentots-Hollandberge in die middel van die 19de eeu klein en sonder heinings (1844:193).

Die aalwynplant is veral geskik vir heinings en kom redelik algemeen in die streek voor. Die *Aloe Ferox*, *Liliaceae* is gebruik vir die omheining van krale en die sap van dié aalwyn is tussen Augustus en September geoes (Wallace 1896:92). Die Amerikaanse aalwyn, *Agave americana*, is nie 'n ware aalwyn nie, maar kom ook in die Karoo-streke voor en is veral geskik om in rye as heinings te plant (Wallace 1896:92). Die plant se groeimetode en doringagtigheid – veral as dit in 'n dubbelry geplant is – was moeilik deurdringbaar vir vee en het uitstekende beskutting teen wind gebied. Die enigste nadeel van dié soort heining was dat die plant na 'n paar jaar gevrek het, wat openinge in die heining gelaat het (Wallace 1896:92-93). Aalwynkrale is ook soms as beskerming om turksvyaanplantings, wat as veevoer benut is, geplant (MS Crous 1992:onderhoud). Die saaddraende stam is, wanneer gedroog, as 'n tydelike heiningpaal gebruik (Wallace 1896:93). In die Swellendam-omgewing is aalwynkrale oral gevind en gebruik as skaapkrale (sien figuur

90). Die grootte van dié sirkelvormige krale se deursnee het tussen 15 m en 30 m gewissel en 'n algemene standaard kon nie vasgestel word nie. Die plaas Koesanie het reg rondom die werf, 'n area van ongeveer 200 m x 150 m, 'n garingboom werf-omheining gehad (sien giguur 91).



Figuur 90: Oorblyfsels van die plaas Bruintjiesrivier se aalwynkraal (VB DM F43a gd).



Figuur 91: Oorblyfsels van die plaas Koesanie, se garingboom werf-omheining (VB EB 1992).

Wallace beweer dat die kweper waarskynlik die mees algemene vrugteboom in die Kaapkolonie was net voor die draai van die 19de eeu. Die plant is uiters geskik vir tuinheinings en het terselfdertyd 'n goeie oes vrugte gelewer (1896:193). Die granaat (*Punica granatum*) is ook geskik vir heinings, maar is fyn en deurdringbaar in vergelyking met 'n kweperheining (Wallace 1896:193).

Wallace meen, alhoewel hy die redes daarvoor verstaan, dat merinoboerdery belemmer is deur saamtrooping bedags en saamhokking in 'n kraal snags. Dit was eintlik volstruisboerdery teen die middel en laat 19de eeu wat die belang van heinings bevorder het (1896:336). Wallace beskryf die mees algemene heining in die tweede helfte van die 19de eeu as 'n heining gemaak van vyf tot sewe drade (die boonste een meestal hakiesdraad), ondersteun deur standaard houtpale van 4,57 m tot 7,62 m uitmekaar en die draad aanmeekaargebind deur 'n enkel-, of nog beter, dubbeldraad rygwerk elke 1,52 m tot 1,83 m. Die hout is soms deurboor met 'n awegaar waardeur die draad dan gestee is (Wallace 1896:336).

Wallace sê dat nieshout in die 19de eeu die mees populêre houtsoort vir heiningpale was (1896:336). Dié hout se weerstand teen insekte is aansienlik verbeter deur die pas gekapte pale vir 6 maande in 'n dam te laat dryf. Die houtsweet is so opgelos, wat die vloei van houtsappe beperk het, wat die hout harder gemaak het sodat dit 'n groter weerstand teen insekte gehad het (Wallace 1896:336). Hierdie gebruik is bevestig deur inwoners van Vermaaklikheid wat byvoorbeeld garingpale vir lang periodes in water gelaat het (FJ de Jager 1991:onderhoud).

In gebiede waar hout nie algemeen beskikbaar was nie en té duur was om te koop, is heinings van klei gemaak. Die klei *spanpale* was 1,83 m hoog, 1,52 m breed en 610 mm diep. Hierdie pale is elke 12 m opgerig. Die drade is eenvoudig op die regte hoogte ingelê in goed gebreide klei, wat opmekaar gestapel is. Heinings is soms net van klei gemaak en het dan soos 'n muur vertoon. Daar is nie bestaande voorbeelde van kleipale in die Swellendam-omgewing aangetref nie. In die omgewing van Barrydale is soortgelyke planne met lang plat leiklipstutte gemaak waar die draad om die leiklip, wat in die grond geplant is, vasgedraai is. Kraalheinings is soms ook van doringboomtakke gemaak. Nuwe takke moes gereeld bygevoeg word om die digtheid te behou (Wallace 1896:336-337).

In 'n verduideliking van die skade wat 'n muishond onder pluimvee en 'n ystervark in 'n groentetuin kon aanrig, skryf Moodie dat dié diere deur die digste heinings kon breek en selfs 'n *grondontuining* kon deurdring om by pampoene, spanspekke, aartappels en Indiese koring (mielies) uit te kom (1835:259).

Moodie het die Kaapse hantering van melkkoeie, soos in die eerste helfte van die 19de eeu, vreemd gevind in vergelyking met gebruike in Engeland, sy land van herkoms. 'n Reghoekige omheining van sterk pale wat in die grond geplant is, met 'n kraaltjie aan die een kant om die kalwers in af te sonder, is gebou. Voordat die beeste saans na die kraal kon kom, is die kalwers in die kraaltjie gedryf. Omdat die vee nooit toegemaak is nie, was hulle redelik wild en dit kon 'n groot probleem wees om 'n jong koei in die kraal vas te maak (1835:132-136). Hierdie probleem bied 'n moontlike verklaring vir die kleiner eenhede wat binne stalmure op Koesanie en Perdefontein aangetref is.

Volgens Rademeyer-De Kock, wat in 1993 'n argeologiese ondersoek van historiese nedersettingspatrone in die Westelike Overberg onderneem het, was groot krale arbeidsintensief om te bou. Dit wissel in oppervlakte tussen 587 m² en 746 m². Die oppervlakte van die kraal is bepaal deur die hoeveelheid vee wat daarin gehuisves moes word (1993:182). Voordat die wolbedryf op dreef gekom het, was veeteelt en graanverbouing duidelik die hoofkomponente van die landelike ekonomie in die Overberg (Buirski 1952:84).

Krale in die Swellendam-omgewing, soos op Sandrivier, Perdefontein, Melkhoutbos, Koesanie en Zeekoegat, is netjies en stewig gebou van hoofsaaklik ongepleisterde klip en roustene. Die kraalmuur van die plaas Kykoedie is aan die einde van die 18de eeu en begin 19de eeu gebou van sparre wat naby die plaas uit 'n bos in die kloof gekap is (Franken 1938:141). Kraalmure in Vermaaklikheid is oor die algemeen gebou van sandsteen, maar takkrale is ook gemaak van geelbostakke wat om 'n driedraad-draadheining gevleg is. Die takkraal was baie warmer as klipmuurkrale (FJ De Jager 1991:onderhoud).

In 'n artikel in *Die Huisgenoot* van 7 Oktober 1927 oor die gedenktekens van Swellendam, meld John Muir die ou kleimure op Rotterdam. Dié opgekleide kleimure het in 1927 die landerye en werf nog hier en daar begrens, net soos by Zeekoegat (1927:27).

7.9 Wolfshuis

Alhoewel die veeboere hoë kraalmure gebou het en die skaapwagters in 'n hut binne of net buite die kraalmuur geslaap het, het roofdiere steeds groot verliese veroorsaak (Walton 1989:135).

Die lastigste onder die roofdiere was die Kaapse wolf. Hierdie benaming verwys na die hiëna waarvan daar twee spesies in die Kaapkolonie voorgekom het. *Hyena crocuta* (bergwolf) het meer algemeen voorkom as die *Hyena villosa* (strandwolf). Wanneer hul natuurlike voedselbron skaars was, het die hiënas jag gemaak op die vee van pioniers en inheemse volke (Backhouse 1844:102).

As teenreaksie het die boere *wolfshuise* opgerig, wat volgens Walton regdeur die land uit klip gebou was, met 'n lae ingang (1989:135).

Moodie beskryf ook 'n minder permanente vanghok, wat algemeen van hout gemaak is. Sterk stokke is in die grond geplant en bo bymekaar gebind. Hierdie struktuur het altyd een of twee deure aan die ente gehad, wat deur middel van 'n stelarm geval het sodra die dier die aas wat in die middel gehang het, gegryp het. Volgens Moodie het die deur aan elke kant die dier vertrouwe gegee om die konstruksie binne te gaan (1835:252).

Op die plaas Brakfontein 'n paar kilometer wes van Kraaiheuwel, is 'n bousel in 'n kliprand uitgekap wat moontlik 'n *wolfshuis* was (sien figuur 92).



Figuur 92: Wolfshuis op die plaas Brakfontein in die Rûens (VB EB 1992)

HOOFSTUK 8

EVALUERING

Die ondersoek na die oorblywende volksboukundige strukture in die Swellendam-omgewing het aan die lig gebring dat daar net van drie tipes volksboukundige wonings, naamlik die kapstylhuis, die kleihuis en die kliphuis, voorbeelde oorgebly het. Sommige van die informante het verwys na sooi- en hartbeeshuisies wat ook vroeër daar voorgekom het (M Muller 1993:onderhoud), maar geen bewyse daarvoor is gevind nie. Indien die verloop van die ontwikkeling van volksboukuns aan die Kaap sowel as die geografie en plantegroei van die streek in aanmerking geneem word, is dit heel waarskynlik dat dit wel van die vroegste strukture is wat opgerig is. Geldenhuys beweer trouens dat sooihuise inderdaad in die omgewing van Heidelberg en Albertinia voorgekom het, en hy het in 1984 selfs enkele bestaande voorbeelde verder oos van die studiegebied (in die Tsitsikamma) gevind (Geldenhuys 1984:52-55).

Die relatief klein aantal volksboukundige strukture wat wel in die omgewing aangetref word, kan verklaar word deur die geskiedenis van die streek in ag te neem. Die Khoikhoi het die streek 250 jaar en langer gelede bewoon en het as stamme heeltemal uitgesterf in die loop van die 18de en vroeg 19de eeu. Van hulle wonings, wat ook baie tydelik van aard was, is niks oor nie. Die veeboerpioniers het hulle sedert die begin van die 18de eeu in die streek gevestig, wat dit een van die heel oudste streke in Suid-Afrika maak wat deur blanke setlaars bewoon is. In die plek van die tydelike strukture soos sooi-, hartbees- en matjieshuise wat weens die aanslae van die natuurelemente eenvoudig verdwyn het, het die ietwat meer permanente strukture gekom. Wanneer laasgenoemde strukture uitgedien geraak het omdat dit óf te klein óf te bouvallig geword het, óf omdat die eienaar wou skuif, is dit sonder aandag gelaat en het stelselmatig agteruit gegaan. Van bewaring was daar in die 18de en 19de eeu nog geen sprake nie.

Dit het duidelik uit die ondersoek geblyk dat die belangrikste boumateriaal in die omgewing klei, klip en riete of biesies was. Dit is dan ook op vindingryke wyse deur die pioniers aangewend. Van die beste bewyse hiervan is strukture op Tarentaalsrivier (sien figuur 44), Perdefontein (sien figure 76 & 77) en Vermaaklikheid (sien figuur 30) onderskeidelik.

Die wonings van die Swellendam-omgewing is die resultaat van oorgeërfde Europese en Kaapse tradisies, met unieke eienskappe wat die gevolg is van plaaslike omstandighede en materiale asook die invloed van die inheemse bevolking. Tipiese kenmerke wat as eie aan die omgewing beskryf kan word, is die afwesigheid van fondamente, die halwe skilddak met platterige wolfent en die dakoogvensters.

Grondplanne van die verskillende tipes wonings verskil en volg hoofsaaklik die ou Kaapse planne na. Daar is by eenvoudige grondplanne gehou en die T-plan was die algemeenste. Die kombinasiegeboue soos woning-hoendernesopeningestalle-waenhuis (Bo-Kleinrooivlakte) en slawekartiere-melkery-waenhuis (Zeekoegat), is kenmerkend van die Swellendam-omgewing. 'n Opvallende kenmerk van hierdie streek is ook die voorkoms van die langhuiskonstruksie.

Die gevolgtrekkings wat gemaak kon word ten opsigte van die boumateriaal, grondplanne, konstruksiemetodes en ander detail van die verskillende tipes strukture, is in elke hoofstuk afsonderlik behandel. 'n Oorkoepelende afleiding wat gemaak kan word, is dat die ontplooiing van die geskiedenis van die veeboer met gepaardgaande grondtoekenningstelsels, die aanraking met die inheemse bevolking, die buiteposstelsel van die VOC, die ontoeganklikheid van die area, die afgeleëheid van die gebied ten opsigte van die Kaap, die plantegroei en klimaat, alles onteenseglik die ontwikkeling van die volksboukuns beïnvloed het.

Die waarde van kultuurhistoriese navorsing lê op vele terreine. Nie al hierdie terreine is noodwendig van akademiese belang nie, maar dit kan steeds 'n waardevolle bydrae tot die samelewing maak. Vir enige gemeenskap vandag, op die platteland sowel as in stedelike gebiede, is die terrein van die ekonomie sekerlik van die heel belangrikste. Die wyse waarop kultuurgeskiedenis met die ekonomiese welvaart van 'n streek verbind kan word, is baie dikwels deur middel van toerisme. Omdat argitektuur, soos in die inleiding vermeld is, van die

sigbaarste materiële kultuurprodukte van 'n gemeenskap is, is dit gewoonlik ook 'n onderwerp van groot belang vir die toeris, hetsy plaaslik of buitelands. 'n Akademiese studie van die volksboukunde van 'n streek is die beginpunt van die ketting wat uiteindelik tot die ekonomiese voordeel van die streek kan lei. Die bevindinge van hierdie en soortgelyke studies kan aangewend word om 'n interessante roete vir die toeris daar te stel met genoeg agtergrond-inligting oor die herkoms, boumateriale en ander invloede om die belangstelling te prikkel. Dit behoort dan ook verdere ondersoek na ander aspekte van die kultuurgeskiedenis van die streek te stimuleer.

Brunskill beweer dat wanneer 'n navorser betrokke raak by sy studieveld, in volksboukunde waarskynlik meer as in 'n ander studieonderwerp, daar voortdurend die versoeking is om ander fasette van die kultuurgeskiedenis soos die dialek, ambagte, genealogie, ensovoorts verder te ondersoek. Daar is egter meer as genoeg fasette in die boukuns om 'n studie daarop te konsentreer (1987:214). In die loop van hierdie ondersoek is die waarheid van Brunskill se uitspraak ondervind. Dit is nodig om na ander aspekte van die kultuurgeskiedenis te kyk, omdat een faset nooit na behore in isolasie bestudeer kan word nie, maar die fokuspunt moet die gekose studieveld, in hierdie geval die volksboukuns van 'n afgebakende streek, bly.

Van die verskeidenheid subterreine van die argitektuur wat in Suid-Afrika aangetref word, is die immergewilde Kaaps-Hollandse boukuns sekerlik die meeste gefotografeer en beskryf. In die jongste tyd word die volksboukuns van die swart volkere by uitstek geëksploiteer deur die toerismebedryf, waarskynlik omdat dit vir die toeris ietwat misterieus en daarom opwindend is, en in baie gevalle ook kleurvol en esteties mooi vertoon. Daarteenoor kom die volksboukuns van die blanke pioniers moontlik saai en oninteressant voor. Dit maak die uitdaging om hierdie aspek van die kultuur sinvol en winsgewend in die toerismebedryf aan te wend, soveel groter.

Daarom is dit uiters belangrik dat diepgaande akademiese studies oor die volksboukuns aangepak word. Om die waarde van hierdie studie in perspektief te plaas, is dit nodig om te kyk wat reeds in hierdie studieveld gedoen is. Tot op datum is die werk van James Walton wat oor 'n baie wye front die volksboukuns in Suid-Afrika aanspreek, ongetwyfeld die belangrikste

wat op hierdie terrein gedoen is. Daarbenewens is dit feitlik net die werk van Labuschagne oor die blanke volksboukuns in die Transvaal wat gespesialiseerd na die volksboukunde kyk en die verhandeling van Raath wat in 2002 voltooi is en gevolglik nie as bron vir hierdie studie geraadpleeg kon word nie.

Die Volksboukundige Vereniging van Suid-Afrika (VASSA) doen waardevolle werk wat die dokumentasie van individuele strukture betref, maar hulle doel is uit die aard van die saak nie om volledige akademiese studies te loods nie. Dit maak hierdie studie, wat 'n relatief klein geografiese area in diepte ondersoek, van groot belang vir die terrein van die volksboukunde in Suid-Afrika.

BRONNELYS**AFKORTINGS**

DM	Drostdy Museum
HAT	Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal
MS	Manuskripte
PV	Privaatversamelings
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
US	Universiteit van Stellenbosch
VB	Visuele bronne
VB DM	Visuele bronne Drostdy Museum
VB DM OS	Visuele bronne Drostdy Museum Ongeklassifiseerde skyfies
VB EB	Visuele bronne Eureka Barnard - versameling
VB MD	Visuele bronne Molly de Villiers - versameling
VB MS	Visuele bronne Mathys Swart - versameling
VB LT	Visuele bronne Lindenberg Tomlinson - versameling
WM	Worcester Museum

LITERATUUR

Alcock, NW	1973	<i>A catalogue of cruch buildings</i> , Londen.
Alheit, WA	1948	<i>Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Swellendam: een-en-'n-halfwe eeu van genade, 1798-1948</i> , NG Kerkpers: Woodstock.

- Appel, A 1966 *Die geskiedenis van houtvoorsiening aan die Kaap, 1652-1795*, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Appel, A 1977 Ontginning van die Kaapse Bosse 1652-1795 (*Historia*, 22, September).
- Backhouse, J 1844 *A narrative of a visit to the Mauritius, and South Africa*, Hamilton and Adams: Londen.
- Barnard, E 1986 *'n Kultuurhistoriese beeld van Gansbaai en omgewing*, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Barnard, E 1992 *Die volksboukuns van Swellendam en omgewing* (*Die kultuurhistorikus*, 7 (2), Oktober).
- Barrow, J 1968 *An account of travels into the interior of Southern Africa in the Years 1797 and 1798* (2 vols, reprint), Johnson Reprint Company Ltd: Londen.
- Blommaert, W en JA Wiid 1937 *Die joernaal van Dirk Gysbert van Reenen 1803*, Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Böeseke, AJ (red) 1957-1962 *Resolusies van die Politieke Raad. Suid-Afrikaanse Argiefstukke Kaap no. 1-10*. Kantoor van die Hoofargivaris: Kaapstad.
- Botha, CG 1970 *Social life in the Cape colony* (2nd edition), C Struik: Kaapstad.
- Bowyer, J 1980 *Vernacular building conservation*, The Architecture Press: Londen.
- Bradlow, R 1968 *Robert Semple's walks and sketches at the Cape of Good Hope*, AA Balkema: Kaapstad.

- Bredekamp, HC 1982 *Van veeverskaffers tot veewagters: 'n Historiese ondersoek na betrekkinge tussen die Khoikhoi en Europeërs aan die Kaap, 1662-1679*, Instituut vir Historiese Navorsing: Bellville.
- Bredenkamp, IS 1988 *Aletta Amelia Tomlinson - haar lewe en werk in Swellendam*, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat).
- Brunskill, RW 1987 *Illustrated handbook of vernacular architecture* (derde hersiene uitgawe), Faber and Faber: Londen.
- Buchanan, T 1983 *Photographic historic buildings for the record*, Her Majesty's Stationery Office: Londen.
- Buirski, AP 1952 *The Barrys and the Overberg* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Burchell, WJ 1953 *Travels in the interior of Southern Africa* (2 vols), Batchworth Press: Londen.
- Burrows, EH 1952 *Overberg Outspan: A cronicle of people and places in the South Western Districts of the Cape*, Maskew Miller: Kaapstad.
- Burrows, EH 1954 *The Moodies of Melsetter*, AA Balkema: Kaapstad.
- Burrows, EH 1988 *Overberg origins: The English-speaking Swellendam families*, Swellendam Trust: Swellendam.

- Campbell, J 1822 *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Londen Missionary Vereniging: being a narrative of a second journey in the interior of that country*, Francis Westley: Londen.
- Cook, MA 1973 *Die Kaapse kombuis: 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, Stellenbosch Museum: Stellenbosch.
- De Bosdari, C 1971 *Cape Dutch Houses and Farms*, AA Balkema: Kaapstad.
- De Coning, JA 1970 Die grasdakhuis van ou Kapaailand (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 26 (6), April).
- De Mist, AU 1954 *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, AA Balkema: Kaapstad.
- De Wet, EJ 1953 *Geografiese oorsig van die waterbronne van die distrik Swellendam* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Denyer, S 1978 *African traditional architecture: an historical and geographical perspective*, Heinemann: Londen.
- Dominicus, FC 1919 *Het huiselik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner*, Marthinus Nijhoff: 'S-Gravenhage.
- Dreyer, A 1899 *Geschiedenis van die gemeente Swellendam*, Townshend, Taylor en Snashall: Kaapstad.
- Fagan, GT en GE 1974 *Kerkstraat in 't Land van Waveren*, Tulbagh Restourasiekomitee: Kaapstad.

- Ferreira, OJO 1999 Die plaas Eenzaamheid as voorbeeld van vroeë vestiging en volksboukuns in die Langkloof (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 13(1), Mei).
- Fisher, RC en S le Roux 1989 *Die Afrikaanse woning*: herdrukke uit *Die boerevrou*, Unibook: Hammanskraal.
- Forbes, VS 1965 *Pioneer travellers of South Africa*, AA Balkema: Kaapstad.
- Ford, R 1837 On Cob Walls & c (*Quarterly Review*, LVII).
- Fowler, P 1983 *Farms in England prehistoric to present*, Her Majesty's Stationery Office: Londen.
- Franken, JLM 1938 *Duminy-Dagboeke*, Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Fransen, H & MA Cook 1965 *The old Houses of the Cape*, AA Balkema: Kaapstad.
- Fransen, H & MA Cook 1980 *The old buildings of the Cape*, AA Balkema: Kaapstad.
- Frescura, F 1987 *A glossary of Southern African architectural terms*, The Archetype Press: Port Elizabeth.
- Gailey, A 1984 *Rural houses of the north of Ireland*, John Donald Publishers Ltd.: Edinburgh.
- Geldentuys, HA 1984 Sooihuise (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, September).
- Gerneke, G 1992 The return to earth (*Architecture South Africa*, Julie en Augustus).
- Giliomee, H & R Elphick (reds) 1990 *'n Samelewing in wording, 1652-1840*, Maskew Miller Longman: Kaapstad.
- Hams, R 1978 *Discovering timber-framed buildings*, Shire Publications: Aylesbury.

- Hartdegan, P 1988 *Our building heritage, An illustrated history*, Ryall's Publishing Company/National Development Fund for the Building Industry: Halfway House.
- Hattersley, AF 1973 *An illustrated social history of South Africa*, AA Balkema: Kaapstad.
- Herbert, G 1978 *Pioneers of prefabrication. The British contribution in the nineteenth century*, John Hopkins University Press: Londen.
- Howison, J 1834 *European colonies, in various parts of the world, viewed in their social, moral, and physical condition* (vol 1) Richard Bently: Londen.
- Hutton, B 1986 *Recording standing buildings*, University of Sheffield: Sheffield.
- Jones, SR 1936 *English village homes and country buildings*, Londen.
- Koenen, MJ & J Endepols (reds) 1973 *Verklarende handwoordeboek der Nederlandse taal* (26ste druk, Wolter-Noordhoff: Groningen.
- Kruger, DW (red) 1973 *Geskiedenis van Suid-Afrika* (2de uitgawe), Nasou: Goodwood.
- Labuschagne, E 1988 *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou* (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).

- Latrobe, CI 1969 *Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816 with some account of the missionary settlements of the united brethren near the Cape of Good Hope*, Negro Universities Press: New York.
- Le Roux, HJ 1945 *Die toestand, verspreiding en verbrokkeling van die Hottentotstamme in Suid-Afrika, 1652-1713* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Lewcock, R 1963 *Early nineteenth century architecture in South Africa: a study of the interaction of two cultures 1795-1837*, AA Balkema: Kaapstad.
- Lewcock, R 1975 Architecture, in *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* (vol 1), Nasou: Kaapstad.
- Lichtenstein, H 1928 *Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806* (vol I), Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Lichtenstein, H 1930 *Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806* (vol II), Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Malan, J 1981 *Rytuie van weleer*, JL van Schaik (Edms) Bpk: Pretoria.
- McCann, J 1987 Is clay lump a traditional building material? (*Vernacular Architecture*, 18).
- McDowall, RW 1974 Records and retrieval (*Vernacular Architecture*, 5)
- Megaw, JVS 1988 Archaeology without politics? Some European experiences (*Australian Archaeology*, 26, Junie).

- Meirion-Jones, G 1973 Settlement and vernacular architecture in Brittany (*Vernacular Architecture*, 4).
- Meirion-Jones, G 1985 The vernacular architecture of France: an assessment (*Vernacular Architecture*, 17).
- Mentzel, OF 1944 *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Michelsen, P 1973 *Frilands Museet. The Danish Museum Village at Sorgenfri: a history of an open-air museum and its old buildings*, The National Museum of Denmark: Copenhagen.
- Moodie, JWD 1835 *Ten years in South Africa* (vol I), Richard Bentley: Londen.
- Mossop, EE 1931 *Journals of the expeditions of Olof Bergh (1682 and 1683) and the Ensign Isaq Schrijver (1689)*, Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Muller, CFJ (red) 1975 *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Academia: Pretoria.
- Nienaber, PJ 1986 *Pioniershuise van die Vrystaat*, Stigting NALN: Bloemfontein.
- Obholzer AM, M Baraitser & WD Malherbe 1985 *The Cape house and its interior: an inquiry into the sources of Cape architecture and a survey of early built-in domestic woodwork*, Stellenbosch Museum: Stellenbosch.
- Odendal, FF (hoofred) 1984 *HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (2de hersiene uitgawe, 4de druk), Perskor: Johannesburg.
- Osborne, AL 1967 *The country life pocket guide to English domestic architecture*, Country Life: Londen.

- Pearse, GE 1956 *The Cape of Good Hope 1652-1833. An account of its buildings and the life of its people*, JL van Schaik Ltd: Pretoria.
- Pretorius, A 1997 *Our threatened heritage*, André Pretorius: Kaapstad.
- Pretorius, JC (red) 1986 *Tydgenootlike getuienis oor pionierswonings in Suid-Afrika voor en na die Groot Trek*, Scripta Africana: Melville.
- Pretorius, JC (red) 1988 *Op Trek. Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*, Scripta Africana: Melville.
- Prins, EJ 1979 *Aspekte van die geskiedenis van die westelike Overberg in die agtiende en vroeë negentiende eeue* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van van Suid-Afrika).
- Raath, H 1999 Tydelike wonings van die eerste blanke nedersetters aan die Kaap (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 13(2) November).
- Rademeyer-De Kock, C 1993 *'n Argeologiese ondersoek van historiese nedersettings-patrone in die Westelike Overberg* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Roberts, WE 1972 Folk architecture (in RM Dorson (red): *Folklore and folklife*: Chicago).
- Robinson, AML (red) 1974 *The letters of Lady Anne Barnard to Henry Dundas: from the Cape and elsewhere/1793-1803 together with her journal of a tour into the interior and certain other letters*, AA Balkema: Kaapstad.

- Rothmann, A & J Warner 1983 *Overberg*, Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij: Kaapstad.
- Schapera, I 1930 *The Khoisan peoples of South Africa: Bushmen and Hottentots*, Routledge and Keagan Paul: Londen.
- Schoeman, K 1985 *Vrystaatse erfenis. Bouwerke en geboue in die 19de eeu*, Human en Rousseau: Kaapstad.
- Simons, PB 1987 *Cape Dutch houses; a concise guide*, Struik: Kaapstad.
- Sleigh, D 1993 *Die Buiteposte*, HAUM Uitgewers: Pretoria.
- Smit, JJ 1974 *Die paaie, passe en rivieroorgange in Suid-Kaapland 1806-1858* (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria).
- Smith, CA 1966 *Common names of South African plants*. Botanical survey memoir No. 35, Staatsdrukker: Pretoria.
- Smith, L 1985 *Investigating old buildings*, Batsford Academic and Educational: Londen.
- Sparmann, A 1975 *A voyage to the Cape of Good Hope, 1772-1776* (vol I), Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Sparmann, A 1977 *A voyage to the Cape of Good Hope, 1772-1776* (vol II), Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Spoelstra, B 1924 *Ons Volkslewe*, JL van Schaik: Pretoria.
- Stopforth, JA 1974 *Swellendam en sy distrik gedurende die siviele kommissarisskap van Harry Rivers 1828 – 1841* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad).

- Theal, GM 1964 *History of South Africa before 1795* (vol IV), C Struik: Kaapstad.
- Thompson, G 1968 *Travels and adventures in Southern Africa* (parts 2 & 3), Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Thunberg, CP 1986 *Travels at the Cape of Good Hope 1772-1775*, Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
- Trefois C, W Punt & J Ploeger 1968 *Ons Kaapse gewels*, Stigting Simon van der Stel: Pretoria.
- Trefois C, W Punt & J Ploeger 1969 *Oudnederlandse argitektuur in Zuid-Afrika*, Frans Meyers-Trefois: Melle.
- Trollope, A 1878 *South Africa* (2 vols), Chapman and Hall: Londen.
- Van der Merwe, PJ 1938 *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842*, Nasionale Pers: Kaapstad.
- Van der Waal, GM 1981 Enkele riglyn-voorstelle vir die identifisering en lysing van betekenisvolle elemente in die menslike omgewing (*Restorica*, 10, Desember).
- Van der Waal-Braaksma, G & OJO Ferreira 1986 *Die Noordweste. Die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*, Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde: Johannesburg.
- Van Niekerk, AAJ 1975 *Herneuter*, Tafelberg-Uitgewers Bpk: Kaapstad.
- Voskuil, JJ 1979 *Van vlechtwerk tot baksteen*, Arnhem: Stichting Historisch Boerdery-onderzoek.
- Wallace, R 1896 *Farming industries of Cape Colony*, JC Juta and Co: Kaapstad.

- Walton, J 1987 Early Cape lime-kilns (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunstgeskiedenis*, 1(1)).
- Walton, J 1952 *Homesteads and villages of South Africa*, JL Van Schaik Ltd: Pretoria.
- Walton, J 1965 *Homesteads and villages of South Africa* (tweede uitgawe), JL van Schaik Ltd: Pretoria.
- Walton, J 1981 The South African kapstylhuis and some European counterparts (*Restorica*, 10, December).
- Walton, J 1989 *Old Cape farmsteads*, Human and Rousseau: Kaapstad.
- Walton, J 1995 *Cape Cottages*, Intaka: Kaapstad.
- West, T 1971 *The timber-frame house in England*, David and Charles: Newton Abbot, Devon.
- Whiting Spilhaus, M 1966 *South Africa in the making 1652-1806*, Juta: Kaapstad.

KOERANTE EN TYDSKRIFTE

- Architecture in South Africa* 1991, Julie en Augustus
- Australian Archaeology* 26/06/1988
- Historia* 22/09/1977
- Huisgenoot* 1928, Maart
- Quarterly Review* 1837, LVII
- Restorica* 10/12/1981
- Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunstgeskiedenis* 1987, 1(1)

- Suid-Afrikaanse Tydskrif* 1999, 13(1)
vir Kultuurgeskiedenis
- Suid-Afrikaanse Tydskrif* 1999, 13(2)
vir Kultuurgeskiedenis
- Tydskrif vir Volkskunde* 1970, 26 (6) April
en Volkstaal
- Tydskrif vir Volkskunde* September 1984
en Volkstaal
- Vernacular Architecture* 1973/(4)
- Vernacular Architecture* 1974/(5)
- Vernacular Architecture* 1985/(16)
- Vernacular Architecture* 1987/(17)
- Vernacular Architecture* 1987/(18)

MANUSKRIPTE

Drostdy Museum

- Cochrane, C 1975-1984:gp *Cochrane dokumente*
- Cook, MA gd:gp *Cook dokumente*
- Fagan, G 1984 *Morgenzon verslag*
- Fourie, J gd *Swellendam, 1798-1824*
- Kotze 1994:gp *Kleipleistermengsel*
- Tomlinson, LL 1942 *Die distrik Swellendam*
- Van Zyl 1981:gp *Brief aan museum*
- Walton, J 1985 *Buildings on the Overberg Test Range
 Bredasdorp (ongepubliseerde voorlopige
 verslag)*

1983/1/2255

1983/1/2258

1983/1/2262

1983/1/2263

1983/1/2270

1983/1/2274

1983/87/1

Ongeklassifiseerde skyfies*Kapstylskuur naby Albertinia*

gd

Kapstylskuur in die Albertinia omgewing

gd

Voorhuis

gd

Eureka Barnard – versameling

Gehuisves te St Saviourstraat, Oudtshoorn

Molly de Villiers – versameling

Gehuisves te Kinbraehof, Tamboerskloof, Kaapstad

Mathys Swart – versameling

Gehuisves te Koesanie, Buffeljags, Swellendam

Lindenberg Tomlinson – versameling

Gehuisves te Kloofstraat, Swellendam

MONDELINGE BRONNE

(ouderdomme soos ten tye van onderhoud)

Crous, MS (mev)

1991

Vermaaklikheid, Riversdal, huisvrou, 74 jaar

De Jager, FJ

1991

Vermaaklikheid, Riversdal, boer en bouer, 78
jaar (oorlede)

De Jager, R (mev)	1991	Vermaaklikheid, Riversdal, huisvrou, 65 jaar
Geldenhuis, K	1992	Vermaaklikheid, Riversdal, boer, 76 jaar (oorlede)
Kleynhans, F	1991	Swartheuwel, Riversdal, boer, 38 jaar
Muller, M	1993	Swellendam, afgetrede boer, 55 jaar
Tomlinson, LL	2002	Swellendam, afgetrede sakeman, 73 jaar

BYLAE A

Verklarende woordelys

Afdeling A: Boukuns

Die woordelys bestaan uit die belangrikste terminologie wat in die tesis gebruik word. Terme wat algemeen bekend is, is nie van 'n verklaring voorsien nie, maar slegs van 'n Engelse ekwivalent. Vir sommige terme kon geen Engelse weergawe gevind word nie.

abba-vuurherd	Aanbousel wat teen 'n buitemuur leun (HAT 1984:15). Skoorsteenskag wat by die gewelmuur uitstaan (Walton 1995:124).
afdak	<i>lean-to</i> . Gebou met 'n skuins aflopende dak teen die muur van 'n ander gebou aangebring, gewoonlik oop aan een of meer kante (HAT 1984:20).
afgewit/afwit	<i>limewashed/whitewash</i>
afwerk	<i>dress</i> . voltooi, klaarmaak (HAT 1984:34).
afwerking	<i>dressing</i>
awegaar	<i>auger</i> . 'n Boor wat gevorm is soos 'n kurktrekker of handboor gebruik om gate in hout te boor (Frescura 1988:4).
bakoond	Oond waarin gebak word (HAT 1984:63). 'n Gewelfde oond wat aan die endmuur van 'n huis uitsteek. Die bakoond kan ook los van die woning staan (Walton 1995:124).
balk	<i>beam, joist, rafter</i> . Lang reghoekige of ronde stuk hout gebruik in bouwerk byvoorbeeld, plafonne en vloere (HAT 1984:64).
bewerkte klip	<i>dressed stone</i> . Klip wat deur daaraan te werk 'n verandering ondergaan (HAT 1984:91).
bindbalk	<i>tie beam</i> . Horisontale balk wat die basis van 'n kap vorm en van muur tot muur strek (HAT 1984:93).

bindtou	thatching twine. Tou wat vir vasmaak en heg gebruik word (HAT 1984:93).
binneruimte/interieur	interior. Ruimte binne-in die huis, kamer, vertrek.
bint	(sien dakbint) swaer, gesaagde balk
bo-en-onderdeur	Dutch door, stable door
bolig	fanlight
boukundig/ argitektonies	architectural
bouorde	architectural order
boustyl	building style
brandsolder	fire-proof ceiling. ‘n Laag klei of songedroogde stene wat op die plafonplanke, spaansriet of sparretjies van wonings met rietdakke gelê word. Dit het ten tye van ‘n brand die verspreiding van die vuur beperk (Fransen & Cook 1980:24).
buitegebou	outbuilding. Gebou wat los staan van die hoofgebou: Die melkkamer is in die buitegebou (HAT 1984:121).
buitekamer	‘n Kamer wat los van die huis staan en slegs ‘n buitedeur het (HAT 1984:121).
dagha	mortar. Messelklei, bouklei. Messelmengsel van sand, sement, kalk (HAT 1984:134).
dagwang	reveal: door and window opening. Die afgeskuinsde mure langs die venster en deuropeninge vir die inlaat van meer lig.
dak	roof. Boonste dekkende raamwerk van ‘n gebou; ook wel die laag dekmateriaal wat op die raamwerk rus (HAT 1984:134).
dakbalk	roof beam
dakbedekking	roofing
dakbint/gebint	roof tie. ‘n Samestelling van balke, ook gebinte en bint genoem (Koenen & Endepols 1973:320).
dakkap	principal, roof truss
dakkonstruksie	roof construction
daklat	roof batten. Dunnerige horisontale hout wat strek van van balk tot balk en help om die dakbedekking te dra. Bundels dekriet word met tou hieraan vasgemaak (Frescura 1988:7).
dakspaar/kapspar/spanrib	rafter, roofing rafter

dakoogvenster/ wolfneussolder- venster	<i>eyebrow dormer window, leg of mutton</i> . Dakvenster, maar wat nie skerp hoeke met die dak vorm nie (Frescura 1988:29).
daksparpunte	<i>rafter ends</i>
dakvors	Horisontale lyn op die nok van 'n dak; nokbalk (HAT 1984:135).
dekgras/dekriet	<i>thatch</i>
dekgrasmatwerk	<i>matting</i> . Die gebruik van gras of rietmatwerk om 'n tydelike woning te bou, byvoorbeeld Khoi-hutte (Frescura 1987:46).
dekgrastou	<i>thatching twine</i>
dekkersbalk	<i>thatching stirrup, thatching horse</i> (Walton 1995:124).
dekkersnaald	<i>thatching needle</i>
deklaag	<i>coping</i>
dekspaan/dekspan	<i>leggatt, leggett or thatching paddle</i> (Frescura 1988:24, Walton 1995:124).
dissel	<i>adze, carpenters adze</i> . Byl met 'n vlak of hol blad onder andere gebruik deur kuipers en wamakers (HAT 1984:159). 'n Soort platkopbyl met die snykant reghoekig met die steel. Gebruik om ronde hout vierkantig te kap, byvoorbeeld vir balke. Vandaar, disselgekapte balke (Cook 1973:110).
duimpie	Die spil of pen in 'n kosyn waarom 'n duimpieskarnier draai (Cook 1973:111).
elumboogskarnier	Skarnier wat reghoekig (haaks) gesmee is en waarvan die een arm om 'n duimpie draai (Cook 1973:111).
end/ent	<i>end</i> . Punt waar iets ophou; einde; verste mees afgeleë deel; punt; teenoor begin: Die end van die pad, riem, tou (HAT 1984:202).
entaansig	<i>end elevation, end view</i>
entgewel	<i>end gable</i> . Soms ook end (HAT 1984:205).
faam	'n Meting vir 'n bundel matjiesgoed wat in een hand gehou kan word (Walton 1995:124).

gewel	gable. Boonste driehoekige gedeelte van 'n muur, ingesluit tussen twee hellende en mekaar snydende dakvlakke (HAT 1984:286).
gewelent	gable end
gewelf	vault. Boog- of koepelvormige oordekking van 'n begrensde ruimte: die gewelf van die bakoond. Van 'n gewelf voorsien; in die vorm van 'n gewelf: Gewelfde plafonne, gange, tunnels. Geboë soos 'n gewelf (HAT 1984:286).
geweltjie	gabled (Frescura 1988:31).
gooipleister	Pleistering wat teen die muur aangegooi word.
halfhoutsvoeg	halved joint.
hanebalk	collar beam. Horisontale balk wat die bene van sommige dakkappe op ongeveer die helfte van hul hoogte verbind: <i>Die hanebalk word so genoem omdat in die oud-Saksiese boerehuis die hoenders daarop geslaap het</i> (HAT 1984:356). In werklikheid is die meeste hanebalke hoër as die middel van die dakkappe geplaas.
herd	hearth
jong hout	sapling (Frescura 1987:37).
kalk	lime
kalkklip	limestone
kap	truss. Raamwerk van hout waarop die boonste bedekking van die dak rus (HAT 1984:521).
kaplat	purlin
kappaar (sien sparpaar)	Twee-twee kappe. Kappe in pare langs mekaar.
kapspar/dakspar	rafter (Frescura 1987:38).
kapstyl	Kap van 'n dak; kapbeen (HAT 1984:525).
kapstylhuis	A-frame house. Outydse, eenvoudige boerewoning wat bestaan het uit 'n gras- of rietbedekking oor 'n houtraamwerk, en die vorm gehad het van 'n saaldak wat op die grond staan (HAT 1984:525).
klipmesselwerk	masonry. Klip en die tegniek om met klip te bou (Frescura 1987:45).

kopsteen	Steen met die kleinste vlak vorentoe (HAT 1984:606).
kortspar	jack rafter
kosyn	frame. ‘n Kosyn is ‘n raamwerk bestaande uit twee style met ‘n bo- en onderdrempel, waarin ‘n deur of venster vasgesit word (HAT 1984:611).
kruk	‘n Dwarsstuk wat aan die boonste deek van ‘n voorwerp.
kuilsaag	pit saw. Kraansaag (HAT 1984:624).
kussingpanele	raised panel. Dekoratiewe houtpaneel met ‘n verhewe plat vlak in die middel. Soms is die rande afgeskuins (Cook 1973:111).
laag	masonry course
lat	batten, lath
latei	lintel. Draagbalk bo ‘n venster of deur (HAT 1984:641).
leiblad	slab of slate. Plat, breë deel van leiklip (HAT 1984:96).
lei(klip)	slate. Donkergrys gesteente in plaatvorm (HAT 1984:645).
luik	shutter
lys	moulding
muurkas	wall cupboard. Kassie wat in ‘n muur gebou is (HAT 1984:718).
nok	apex. Boonste rand van ‘n dak; vors (HAT 1984:737).
nokbalk	ridge pole, purlin or piece.
nokbondel	dolly or roll
nokdekking	ridge capping
noklaag	brow course
nokstuk	saddle piece
oker	ochre. Gelerige klei met ysteroksiede vermeng (HAT 1984:746).
opstal	homestead. Vaste woning op ‘n plaas (Giliomee en Elphick 1990:585).
paal	pole, post
paal-en-kleihuis	wattle and daub hut

paneel	panel. Reghoekige, omlyste, verhewe of versonke plat vlak in 'n beskot, muur, deur, meubelstuk: <i>Panele van 'n deur. Houtpaneel</i> (HAT 1984:818).
plafon	ceiling. Bekleding van 'n solder wat die drabalke onsigbaar maak: 'n Plafon van geelhout (HAT 1984:838).
plank	board, plank. Plat, reghoekige stuk hout uit 'n boomstam gesaag: <i>Planke vir 'n vloer</i> (HAT 1984:839).
plankdeur	batten door
plank-en-klamp	'n Tipe deur of luik wat nie uit panele bestaan wat in 'n raam pas nie, maar uit planke wat agter met een of twee klampe vasgemaak is (Fransen & Cook 1980:24).
plavei	pave. Met harde oppervlak bedek (HAT 1984:841).
pleister	plaster. Mengsel van klei en beesmis, kalk en sand; en water, gebruik om mure te bestryk sodat 'n gelykoppervlakte verkry is, of om die mure teen die weerselemente te beskerm.
pleisteraar	plasterer. Werkman wat mure, ensovoorts afpleister (HAT 1984:842).
rousteen	air-dried brick, clay brick, green brick, raw brick, sun-dried brick, unburnt brick
rousteenklei	adobe clay
ru	coarse, rough
rugelaagde ruklip	random rubble built to course
ruklip	rubble. (gemesselde ruklip, <i>rubble in mortar</i>). Growwe klippers, onbewerkte klip: 'n Muur van ru-klip (HAT 1984:923).
saagkuil	saw pit. Gat waaroor 'n stomp gelê word om gesaag te word met 'n groot treksaag, deur twee persone van wie die een in die kuil staan terwyl die ander bo-op die stomp staan: <i>Geelhout stompe oor 'n saagkuil in balke opsaag</i> (HAT 1984:929).
saaldak	double pitched roof, gable roof, ridge roof, saddle roof. Staandak met twee skuins syvlakke aan die ente afgesluit deur gewels (HAT 1984:930).

sinkplaat	corrugated iron sheeting. Sinkplaat as dakbedekking, na Suid-Afrika ingevoer vanaf die laat 1840's (Frescura 1988:21).
skarnier	hinge. Toestel om twee voorwerpe draaibaar te verbind met 'n pen waaromheen hulle draai (HAT 1993:928).
skilddak	hipped roof. Dak bestaande uit vier skilde of skuins vlakke (HAT 1984:983).
skoorsteen	chimney stack. Koker waardeur rook 'n gebou verlaat (HAT 1984:988).
skoorsteenkap	chimney hood. Dekstuk bo 'n skoorsteen (HAT 1984:988).
skoorsteenskag	chimney shaft
skuifraam	hanging sash, sliding sash. Venster wat op en af skuif in 'n gegroefde kosyn. Die skuifraam word gebalanseer deur gewigte binne die vensterkosyn wat die beweging vergemaklik (Cook 1973:111).
skuiwergat/steiergat	wall pocket. Gat in die muur waarin die steierbalk met sy punte steek of gesteeek het. Swaels het in die ou steiergate neste gemaak. Gat in die kraalmuur waardeur mis na buite gewerk word (HAT 1984:996,1071).
skuur	barn. Pakhuis, bêreplek (HAT 1984:997).
solder	loft. Ruimte tussen die plafon en die dak, as bergplek gebruik: solderdeur, -venster, -leer, -trap, -deur, -vloer (HAT 1984:1026).
solderkamervenster	dormer, dormer window
sooiblokkonstruksie	sod brick construction
spaandak	shingle roof. Dak met spane gedek; plankiesdak: <i>Die huis het 'n spaandak</i> (HAT 1984:1035).
spanbalk	straining beam. Horisontale balk tussen die bopunte van die hangstyle in 'n houtdak wat nie 'n middelstyl het nie, om te verhoed dat hulle binnewaarts gedruk word (HAT 1984:1036).

spar	<i>dropper, fence; spar</i>). Ongeskaafde, ronde daklat: <i>Dakspar</i> . Afleier van hout of yster: 'n <i>Draadheining met drie sparre(tjies) tussen elke twee pale</i> (HAT 1984:1037).
sparbint	<i>angle beam</i>
sparbintdak	<i>close couple roof</i>
sparbintkap	Die sparbintkap bestaan uit 'n paar kapbene, 'n hanebalk en 'n bindbalk (Walton 1986:22).
sparbintpaar	<i>close couple</i>
sarpaar	<i>couple</i>
sarpaardak	<i>couple roof</i>
sponning	<i>rebate</i> . Die groef in 'n raam of kosyn waarin die deur of venster pas wanneer dit toegemaak word (Cook 1973:112).
spreilaag	<i>spray layer</i>
stapelklipvulling	<i>dry stone filling</i> .
stapelklipwerk	<i>dry masonry, dry rubble</i> . Aantal voorwerpe min of meer reëlmatig opmekaargepak; hoop: 'n <i>Stapel klippe</i> (HAT 1984:1065).
steier	<i>scaffold</i> . Tydelike konstruksie, gewoonlik van pale en plank, later soms ysterpype, teen huise wat gebou of herstel word, aangebring vir werkers om op te staan; messelsteier; (bou) stellasië (HAT 1984:1070).
struktuur	<i>structure</i> . Die bouwerk as 'n geheel.
sy	Eniggen van die lyne (of vlakke) wat 'n meetkundige figuur begrens; grenslyn: <i>Die sye van 'n driehoek. Die sye van 'n dak</i> . Eniggen van die oppervlakte van 'n voorwerp wat nie die bokant en die onderkant is nie: 'n <i>Doos het 'n bokant, 'n onderkant en vier sye</i> (HAT 1984:1123). 'n <i>Dak het vier sye</i> .
syaansig	Gesig van die kant af: <i>Die syaansig van 'n gebou teken</i> (HAT 1984:1123).
swaaираamvenster	<i>casement window</i> . Venster wat na binne of buite op skarniere oopswaai (HAT 1984:1115, Cook 1973:112).
tapgat	<i>mortice</i>
tappen	<i>tenon</i>

tapvoeg	<i>mortice and tenon joint</i>
tongskarnier	<i>strap hinge</i> . Skarnier wat met 'n lang tong aan die deur vas kom (Cook 1973:112).
vors	<i>ridge, roof ridge</i> . Waar die twee kante van 'n staandak bo bymekaar kom (Cook 1973:112). Plek waar die skuins vlakke van 'n dak bo saamkom; nok; boonste dakrand (HAT 1984:1319).
waenhuis	<i>wagonhouse, coach-house</i>
wang	<i>jamb</i>
werf	<i>yard</i> . Oop of omheinde grond rondom 'n woning, veral die onmiddellike omgewing van die woning: <i>Diere wat op die werf loop. Plaaswerf</i> (HAT 1984:1357).
wolfdak/wolwedak	Ook wolfdak. Saaldak met wolwe-ent(e) (HAT 1984:1368).
wolfent/wolwe-ent	<i>hipped end</i> . Klein driehoekige dakskild bo 'n driehoekige gewel waarvan die boonste gedeelte ontbreek. wolwe-entdak (HAT 1984:1368). Konstruksie waarin die endmuur van 'n huis nie tot 'n gewel uitloop nie, maar 'n endjie onderkant die top dwars afgesny is, sodat die punt van die staandak noodwendig in 'n skuins afgeplatte vlak moet afkom. Die naam kom uit Nederland en hou verband met <i>gewelf</i> (Cook 1973:112).
wolfentgeweldak	<i>jerkin-head roof/half-hipped roof</i>
wolfshuis/wolwehok	Kliphok met lokval en valdeur om "wolwe" te vang (HAT 1984:1368).
wolweneus/wolfneus	<i>wolf nose</i> . (Walton 1995:127).
ysterklip	<i>ironstone</i>
Z-plankdeur	<i>ledged and braced batten door, ledged and braced door</i>

Engelse terme is aangehaal uit die *Bouwoordeboek* saamgestel deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1990:245-464).

Afdeling B: Algemeen

buitepos	In die konteks van die Kaapse skeepsdiensstasie, kan <i>buitepos</i> gedefinieer word as ‘n bemande, gedentraliseerde hulpdienspos onder bestuur van die Kaapse Politieke Raad, wat buite die Tafelvallei bedryf is om skeepsdiens op die VOC se handelsroete te bevorder (Sleigh 1993: voorwoord).
burgher/burger	Sien <i>vrijburgher</i> (Giliomee & Elphick 1990:584).
burgerraad	Raad saamgestel uit burgers, sommige deur burgers gekies en sommige deur die regering aangewys (Giliomee & Elphick 1990:584).
drost	Gesagsgebied van ‘n landdros; ook sy amptelike woning (Giliomee & Elphick 1990:584).
fiskaal	Staatsaanklaer (Giliomee & Elphick 1990:584).
grensgebied	Dit is ‘n gebied wat nie formeel afgebaken of beskryf is nie, maar wat ontstaan het in die proses van onderwerping deur die VOC en die Kaapse regering, waarbinne die VOC se ekonomiese aktiwiteite van landboukundige, algemene verversings-, kommersiële en militêre aard plaasgevind het. Kommissaris HA van Reede het in 1685 die Kaapse regering gewaarsku om die kolonie as ‘n grensgebied (<i>een frontier</i>) te beskou en hulle beleid en optrede daarvolgens te reël, met selfvoorsiening in alle opsigte as die primêre oogmerk (Sleigh 1993: voorwoord).
heemraad	(meervoud <i>heemraden</i>). Lid van die groep <i>heemraden</i> wat die landdros in die administrasie van ‘n distrik bystaan (Giliomee & Elphick 1990:584).
Heren XVII/Here XVII	Die “sewentien here”; die sentrale direksie van die Kompanjie (Giliomee & Elphick 1990:584).
knecht/kneg	Man, gewoonlik wit, wat deur iemand anders in diens geneem is, gewoonlik as toesighouer (Giliomee & Elphick 1990:584).

kommando	‘n Berede gevegseenheid wat aanvanklik uit burgers en soldate bestaan het, maar teen die laat 18de eeu deur burgers oorheers is. Gebruik om die kolonie te beskerm en inheemse gemeenskappe aan te val en hul vee buit te maak (Giliomee & Elphick 1990:585).
kraal	‘n Nedersetting, gewoonlik sirkelvormig, van Khoikhoi hutte; ‘n omheinde plek vir vee (Giliomee & Elphick 1990:585).
landdrost/landros	Hoof-administrateur en magistraat van ‘n distrik (Giliomee & Elphick 1990:585).
leningplaats/plaas	Grond wat deur die regering uitgehuur is vir gebruik (Giliomee & Elphick 1990:585).
milisie	Krygsmag bestaande uit gedeeltelik opgeleide burgers wat dus nie tot die beroepsmagte behoort nie (HAT 1994: 665).
opgaaf	Sensusopname van vryburgers, vryswartes en hul besittings vir belastingdoeleindes (Giliomee & Elphick 1990:585).
plaas	Grond en verbetering sluit in vaste bates (wonings, ensovoorts) en die vee (Hollandse periode)
plaats	plek (Hollandse periode)
plakkaat	Proklamasie deur die wet afdwing (Giliomee & Elphick 1990:585).
platteland	Landelike dele; gedurende die 17de en 18de eeu die hele binneland van die kolonie buite die grense van Kaapstad (Giliomee & Elphick 1990:585).
poshouer	Die hoof van die buitepos en is in die 18de eeu gewoonlik <i>baas</i> genoem (Sleigh 1993: voorwoord).
posvolk	Die personeel van die buiteposte was die <i>posvolk</i> (Sleigh 1993: voorwoord).
poshuis	Die woonhuis van die poshouer is genoem die <i>poshuis</i> (Sleigh 1993: voorwoord).
request/rekwes	Petisie aan die Raad vir burgerregte, manumissie, monopolieregte, ensovoorts (Giliomee & Elphick 1990:585).

sekunde	Tweede in bevel onder die goewerneur of kommandeur; later luitenant-goewerneur of ondergoewerneur (Giliomee & Elphick 1990:585).
slachtersbrief/slagters	Brief wat deur slagters of hul werknemers gegee is, in plaas van kontant, vir vee wat in die binneland gekoop is; die briewe moes in Kaapstad ingeruil word vir kontant (Giliomee & Elphick 1990:585).
transport	Kontrak van oordrag (Giliomee & Elphick 1990:585).
trekboer	semi-nomadiese veeboer (Giliomee & Elphick 1990:585).
VOC	<i>Verenigde Oost-Indische Compagnie</i> (Giliomee & Elphick 1990:585).
volk	Groep mense wat deur eenheid van taal en historiese ontwikkeling 'n duidelike besef van samehorigheid besit: ' <i>n volk is 'n kulturele eenheid</i> (HAT 1984:1301).
vrijburger/vryburger	Iemand wat nie in diens van die Kompanjie is nie en vry is om grond te besit of te huur, sekere ambagte te beoefen en sekere ampte te beklee (Giliomee & Elphick 1990:585).
volkshuis	(<i>volkslosie, volkskagie</i>). As 'n getroude poshouer en sy gesin in die poshuis gewoon het, het die posvolk apart in die <i>volkshuis</i> gewoon (Sleigh 1993: voorwoord).
woonplaas	Plaas waarop gewoon word; teenoor saai-, veeplaas (HAT 1984:1369).

BYLAE B

OPSOMMING VAN PLAASSTRUKTURE IN DIE SWELLENDAM-OMGEWING						
PLAASNAAM	LIGGING	BOUDATUM	WERF	TIPE	NOTAS	
Appelsbos	Langs Appelsbosrivier	1	1	1	1	1
		2	2	2	2	2
		3	3	3	3	3
		4	4	4	4	4
		5	5	5	5	5
		6	6	6	6	6
Avontuur	Stormsvlei naby Riviersonderend	1	1	1	1	1
		2	2	2	2	2
Barry en Neefs Winkel en buitegebou	Malgas	1	1	1	1	1
		2	2	2	2	2

Bokrivier	Naby Riviersonderend en Ziekenhuis	Middel tot laat 18de eeu	<ol style="list-style-type: none"> 1 Woning 2 Koringskuur 3 Wynkelder 4 Groentetuin en vrugteboord 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Onbekend 2 Onbeken 3 Onbekend 4 Bestaan nie meer nie 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Gesloop 2 Gesloop 3 Gesloop 4 Bestaan nie meer nie
Bo-Kleinrooivlakte	Barrydale	19de eeu	<ol style="list-style-type: none"> 1 Langhuis 2 Silo 3 Trapvloer 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Rousteenmuur op klipfondament 2 Klip 3 Leiklipomranding 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Bouval 2 Bouval 3 Rand in goeie toestand
Bontbokskloof	Ronde plaas by Suurbraak, geleë <i>aan de Klip-heuvel</i>	c1830	<ol style="list-style-type: none"> 1 T-plan woning 2 Tweeverdieping-skuur 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Kleimure op klipfondament met klipstoep en rietdak 2 Moontlik klei en klip 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Gesloop 2 Gesloop
Bruintjiesrivier	Ronde plaas buite Swellendam	<ol style="list-style-type: none"> 1 c1740 2 c1745 	<ol style="list-style-type: none"> 1 T-plan woning 2 T-plan verander in skuur 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Opgekleide muur en rietdak 2 Opgekleide muur en rietdak met hoender-neste in buitemuur 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Gesloop 2 Gesloop

Diamant (Rheeheuvel)	Ronde plaas in die Rûens	18de eeu	Tweevertrekwoning (replika van woning op Uitvlugt met enkele veranderings aan die deure en vensters)	Opgekleide mure	Deel van latere woning
Die Glen	Swellendam	1 Voor 1821 2 c1840	1 T-plan woning 2 Verander woning na H-plan 3 Stalle 4 Watermeule 5 Meulhuis	1 Onbekend 2 Klei en klip, ronde klipstoep bygevoeg 3 Klei en klip 4 Onbekend	Meeste strukture bestaan nog
Doornboom (Fouriehuis)	Ronde plaas in die Heidelberg-omgewing	Middel 18de eeu	T-plan woning	Opgekleide kleiblokke	Bouval
Doornkraal	Riversdal-omgewing	Middel 18de eeu	T-plan woning	Geelhoutvloere, -plafonne en -balkes, twee perskepitvloere	Bestaan
Duinerug	Heidelberg-omgewing	c1910	Kapstylwoning	Geronde punt en groot skoorsteenskag in entgewel	Bestaan
Eenzaamheid	Buffeljagsdam	Onbekend	1 Hartbeeshuis 2 Woning	1 Paal- en-latstruktuur 2 Sooie	Bestaan nie meer nie
Hermitage huisie	Hermitage, Swellendam	Laat 19de eeu	Tweevertrekhuise	Kleimure met vertikale pale	Bestaan

Klaaskaffersheuvel	Rûens, langs die hoofpad vanaf Swellendam na Bredasdorp	<ol style="list-style-type: none"> 1 c1830 2 c1840 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Langhuis 2 Viervertrek 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Koffieklip en rousesteenmuur (48 cm) 2 Rousesteenmuur op klip-fondament 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Bouval 2 Bouval
Kinkoe	Ronde plaas by Buffeljags, naby Koesanie in die Rûens	19de eeu	T-plan woning	Onbekend	Bestaan
Kliprivier	Ronde plaas buite Swellendam	<ol style="list-style-type: none"> 1 Voor 1816 2 c1830 3 c1870 	<ol style="list-style-type: none"> 1 T-plan en twee ander geboue 2 H-plan en een lang buitegebou 3 Watermeul 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Onbekend 2 Onbekend 3 Onbekend 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Gesloop 2 Bestaan 3 Gesloop
Kluitjieskraal	Langs Breederivier buite Swellendam	18de eeu	T-plan woning	Opgelei op klip- en kleifondament (54 cm tot 60 cm)	Gesloop

Koesanie	By Buffeljags, naby Kinkoe in die Rûens	18de eeu	<ol style="list-style-type: none"> 1 Eerste woning 2 Tweede woning 3 Langhuis 4 Garingboomheining 5 Huisdam 6 Trapvloer 7 Kraal 8 Smidswinkel 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Opgeklei 2 Opgekleide ongebakte stene 3 Opgekleide gebakte en ongebakte stene 4 Garingboom 5 Klipwand 6 Leiklip 7 Klip 8 Rousteen en klip 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Gesloop 2 Afgebrand 3 Bestaan 4 Gedeeltelik 5 Gedeeltelik 6 Bestaan 7 Bouval 8 bouval
Kraaiheuwel	Bredasdorp-omgewing in die Rûens	<ol style="list-style-type: none"> 1 c19 de eeu 2 c1864 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Langhuis 2 Viervertrekwoning 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Bouval gemengde bou 2 Kliphuis 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Bouval 2 In onbruik
Krombeksrivier	Ronde plaas naby Heidelberg op die westelike oewer van die Krombeksrivier	Opgerig c1803 met bykomende houtwerk c1840	H-plan, van die mees ontwikkelde fase in 19 de eeu	Onbekend	Bestaan
Kruithuis	Malgas	Onbekend	Eenvertrekstruktuur	Klip	Bouval

Kykoedie (Duminy verwysing <i>Kaykoedie</i>)	Aan die Keikoedie rivier, naby Bredasdorp in die Rûens	1 Laat 18de eeu 2 Laat 18de eeu 3 c1840 4 Laat 18de eeu	1 Pondok 2 Krale 3 T-plan woning 4 Trapvloer	1 Onbekend 2 Klip 3 Kleimure van 40 cm tot 55 cm dik met rietdak 4 Kliprand	1 Gesloop 2 Bestaan 3 Bestaan 4 Bestaan
Leeuwkraal (deel van Lindeshof)	Naby Riviersonder-end en Lindeshof	c1800 met vensters c1850	T-plan woning	Onbekend	Gesloop, huidige eienaar het foto's
Lismore (Koestersvlei)	Naby Suurbraak, langs Buffeljagsrivier	Begin 19de eeu met bykomende houtwerk c1840	1 T-plan woning 2 Buitegebou	1 Opgeklei, klip en ongebakte stene 2 Opgeklei, klip en ongebakte stene	1 Bestaan 2 Bestaan
Melkhouboom (Grootvadersbos)	Tussen Suurbraak en Heidelberg	c1790 1818 aangekoop deur B Moodie	Woning met twee vleuels wat H-plan vorm met voordeur tussen die vleuels en 'n lang buitegebou	Opgeklei	Bestaan

Melkhoudbosch	Buite Swellendam langs die Breederivier in die Rûens	<ol style="list-style-type: none"> 1 Laat 18de eeu 2 c1780 tot c1840 	<p>Werf 1:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1 Tweevleuelwoning deur gang verbind 2 Groot kraal en buitegebou met hoenderhokke in buitemuur 3 Varkhok <p>Werf 2:</p> <ol style="list-style-type: none"> 4 Tweede woning 5 Oewertuin 	<p>Werf 1:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1 Drie tipes rousteen 2 Klip 3 Klip <p>Wef 2:</p> <ol style="list-style-type: none"> 4 Opgeklei, roustene en klip 5 Klipmuur 	Al die strukture is bouvalle
Melkhoutrivier	Langs Breederivier oppad na Infanta	19de eeu	T-plan woning	<p>Klip en rousteenmure op klipfondament met matjiesgoeddak. Besonder groot klippe in fondament</p>	Bouval
Nooitgedacht	Rûens	Vroeg 19de eeu	<ol style="list-style-type: none"> 1 Tweevleuelwoning verbind deur oordakte gang 2 Kraal 	<ol style="list-style-type: none"> 1 Songedroogde kleistene 2 Opgeklei 	Bestaan
Perdefontein	Barrydale-omgewing	19de eeu	<ol style="list-style-type: none"> 1 L-plan woning 2 Waenhuus-en-stal 3 Kraal 	Alle strukture van klip gebou	Bouval

Ponthuis	Buite Swellendam, langs die Breederivier	19de eeu	1 Viervertrekwoning 2 Bakoond	1 Klip 2 Uitstaan, klipgewelf	1 Bouval 2 Bouval
Railtonhuises	Swellendam	Onbekend	Eenvertrekhuus	Klip- en kleimure met rietdak	Bestaan
Rhenosterfontein	Ronde plaas in Heidelberg-omgewing by Port Beaufort	Laat 18de eeu	Voorheen, woning, stalle, wolwehuis, ensovoorts	Meestal, klip	Bestaan nie meer nie
Rotterdam	Swellendam	c1794	T-plan woning	Opgelei, roustene	Bestaan
Sandrivier	Ronde plaas in Barrydale-omgewing	Laat 18de eeu	1 T-plan woning 2 Kraal	1 Opgeleide klip- en rousteenmure van 60 cm tot 75 cm dik 2 Klip	Bouval
Solderskraal (<i>Up the Creek</i>)	Buite Swellendam, langs die Breederivier in die Rûens	Laat 18de eeu	T-plan	Klip-fondament met opgeleide, roustene	Bestaan
Slangrivier (Meerlust)	Port Beaufort (naby Rhenosterfontein)	c1795	1 Tweevleuelwoning wat soos H-plan vertoon 2 Twee buitegeboue	1 Klei, maar houtwerk c1840 2 Klei en klip	Bestaan
Tarentaal	In die Rûens naby Spitskop	c1870	Tweevlakkige vloer, vier vertrek	Roustene op klip-fondament met plat dak	Bouval
Tarentaalsrivier	In die Rûens buite Swellendam	19de eeu	1 Drievertrekwoning 2 Vier ruimtes, soos by Koesanie	1 Opgeleide mure sonder fondament 2 Opgeleide mure	Bestaan

Tweefontein	Veepos in Barrydale-omgewing	Onbekend	Tweevertrekwoning	Klip en klei	Bouval
Uitvlugt	Rûens	1 c1837 2 c1848	1 Drievertrekwoning 2 Langhuis, later in T-plan 3 Kraal	1 Opgekleide muur (53 cm tot 55cm) op klipfondament 2 Leiklip fondament, opgeklei tot sekere hoogte met rouseenmure van 56 cm tot 66 cm dik 3 Klip.	Bestaan
Vermaaklikheid	Nedersetting in die Vermaaklikheid-omgewing	19de en 20ste eeu	Meestal een- en tweevertrekwonings	Variasies van die kapstylhuis en ander	Bestaan
Vryheid	Rûens	Laat 19de eeu	1 Drievertrekwoning, later langhuis, later T-plan 2 Huisdam 3 Latere woning	T-plan rousteen	T-plan bestaan nog as stalle
Voorhuis	Ronde plaas buite Swellendam	c1745	1 T-plan 2 Waenhuis-en-stalle 3 Houtskooloond	1 Opgeklei 2 Opgeklei, rousteen en klip 3 Ongebakte steen op klipfondament	Bestaan

Warmwaterberg	Barrydale-omgewing	1 c1810 2 c1810 3 c1825	1 T-plan woning 2 Waenhuis en stalle direk teenaan en in lyn met 1 3 T-plan woning	Alle strukture opgeklei	Bestaan
Weegskaal (Mopama)	Langs Breederivier	18de eeu	T-plan woning	Opgeklei, klip- en rouseenmure	In gebruik
Zanddrift	Bonnievale omgewing	c1757	T-plan	Opgeklei	Heropgerig by Drostdy Museumkompleks
Zeekoegat	Riversdal, langs die Vetrivier	1 c1735 2 c1750 (voorgewel c1830-1840) 3 c1836	1 Drievertrek woning 2 Langhuis 3 Besonder lang buitegebou betaande uit slawekwartiere, melkery, waenhuis en stalle 4 Kraalmuur 5 U-plan woning	1 Onbekend 2 Ruklip (puinmuur konstruksie), klei en ongebakte stene 3 Opgeklei 4 Opgeklei 5 Onbekend	1 Weggespoel 2 Bestaan 3 Gesloop 4 Gesloop 5 Bestaan